

**VROEë MOEDER-KIND KOMMUNIKASIE
INTERAKSIE IN LAE
SOSIO-EKONOMIESE FAMILIES**

deur

JOHANNA MARIA BOTHA

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

M. Kommunikasiepatologie

in die Departement Kommunikasiepatologie,

Fakulteit Geesteswetenskappe,

Universiteit van Pretoria

Oktober 2000

DANKBETUIGINGS

- *My Enigste God en Here, my Sterkte en Vriend wat in onmeetlike Liefde en Genade my die Krag van 'n arend skenk*
- My ouers en Christi vir onderskraging en gebed
- Proff. Brenda Louw en René Hugo vir uitnemende leiding en aanmoediging
- Marleen Human vir die betroubaarheidsbeoordeling van video-opnames
- Anna-Mart van Wyk vir die taalversorging van my studie
- Jessica Reeds for the editing of the Summary
- My familie en vriende vir ondersteuning en belangstelling

OPSOMMING

- TITEL** : Vroeë moeder-kind kommunikasie interaksie
in lae sosio-ekonomiese families
- NAAM** : JM Botha
- STUDIE LEIER** : Prof. B. Louw
- MEDELEIER** : Prof. S.R. Hugo
- DEPARTEMENT** : Kommunikasiepatologie, Universiteit van
Pretoria
- GRAAD** : M.Kommunikasiepatologie

Die doel van dié studie is om die verbale en nie-verbale kommunikasie gedrag, wat moeders vanuit lae sosio-ekonomiese omstandighede teenoor hul nege maande oue babas gebruik, te beskryf. Ten einde aan die doel te beantwoord, is 'n literatuurstudie en empiriese studie onderneem.

Die literatuurstudie verskaf 'n oorsig van moeder-kind kommunikasie interaksie as basis van taalverwerwing. Die verwantskap tussen die aard van interaksie en die sosiaal-interaktiewe konteks waarin moeders met 'n lae opvoedingspeil en inkomste hulle plaaslik bevind, is beklemtoon. Hierdie verwantskap voorsien 'n raamwerk waarbinne die waargenome interaksie patrone toepaslik geïnterpreteer kan word. Daar is ook verwys na die problematiek wat die Kleurlinggemeenskap as minderheidsgroep in Suid-Afrika tipeer, ter ondersteuning van die belang van konteks sensitiewe interpretering van data.



Die navorsingsmetodiek het, met behulp van drie gevallestudies van moeders met hul pre-verbale kinders, kwalitatiewe beskrywende data jeens moeder-kind kommunikasie interaksie verskaf. 'n Data-insamelingsprotokol is op grond van die literatuur en bestaande evaluasie materiaal saamgestel, om agtergrondsinsigting van die proefpersone in te win asook insig aangaande moeders se kommunikasie gedrag te ontwikkel. Hierdie insigting is bekom deur middel van onderhoude en video-waarnemings van spelinteraksies en versorgingsaktiwiteite, wat op die data-insamelingsprotokol vasgelê is.

Die resultate van hierdie studie het onvoldoende interaksionele vaardighede by proefpersoon moeders aangedui. 'n Gebrek aan responsiewe gedrag op hul babas se vokale gedrag en ongemakseine sowel as beperkte verbale stimulasie, blyk daartoe aanleiding te gee dat voorlopers van taalvaardighede nie genoegsaam by dié pre-verbale kinders gefasiliteer word nie. Daar is verder bevind dat moeders se persepsies aangaande vroeë verbale stimulasie, spel en gesamentlike boeklees betreklik eng voorkom, wat waarskynlik verband hou met beperkte kennis weens lae opvoedingspeil en gebrekkige blootstelling aan spraak-taalterapeutiese oudiologiese dienste in hulle gemeenskap. Gevolglik is die bewusmaking en lewering van vroeë kommunikasie intervensie dienste in Eersterus en soortgelyke lae sosio-ekonomiese gemeenskappe noodsaaklik. Die bekendstelling van Kommunikasiepatologie en motivering vir vroeë kommunikasieintervensie behoort ook professionele persone vanuit mediese en opvoedkundige beroepe sowel as beleidsbepalers op distriks en nasionale vlak, in te sluit.

Die implikasies voortspruitend was van teoretiese en kliniese aard. Die kliniese implikasies het aanpassings in die struktuur van diensverskaffing, asook inhoud van familiegebaseerde tuisprogramme tydens vroeë kommunikasie intervensie in die gemeenskap, voorgestel. Die verkreeë insigting word as waardevol vir vroeë intervensie terapeute betrokke by families van lae sosio-ekonomiese omstandighede, beskou, aangesien spraak-taalterapeutiese en oudiologiese dienslewering, deur die gebruik van sodanige konteks toepaslike data, bevoordeel kan word. Hierbenewens is voorstelle vir verdere navorsing, om databasisse rondom moeder-kind kommunikasie interaksie in lae

sosio-ekonomiese gemeenskappe uit te brei en kommunikasie agterstande te voorkom of te verminder, aan die hand gedoen.

SLEUTELWOORDE: Vroeë kommunikasie intervensie, moeder-kind kommunikasie interaksie, taalverwerwing, responsiwiteit, sosio- ekonomiese status.

SUMMARY

- TITLE** : Early mother-infant communication interaction
in families with low socioeconomic status
- NAME** : JM Botha
- SUPERVISOR** : Prof. B. Louw
- CO-SUPERVISOR** : Prof. S.R. Hugo
- DEPARTMENT** : Communication Pathology, University of
Pretoria
- DEGREE** : M.Communication Pathology

The aim of this study is to describe the verbal and non-verbal communicative behaviour of mothers with low socioeconomic status towards their nine month-old babies. In order to achieve this aim a literature review, as well as an empirical study, was undertaken.

The literature review provides an overview through which mother-infant communication interaction can be viewed as the key element in language acquisition. The relationship between the nature of the interaction and the specific socio-interactive context within which mothers with low levels of income and education find themselves is emphasised. This relationship provides a framework for the appropriate interpretation of observed patterns of interaction. To support contextually sensitive interpretation of data reference is also made to the problems typical to a minority group in South Africa, such as the colored community.

Qualitative descriptive data regarding mother-infant communication interaction was obtained through research methodology, by means of three case studies of mothers with their pre-verbal children. In order to collect background information on participants and to develop insight into their communicative behaviour, a data collection protocol was compiled based on a literature review and on existing evaluation material. The information was obtained through interviews and video recordings of play and caregiving interaction based in this data collection protocol.

The results of this study indicate that mothers demonstrate insufficient interaction skills. Limited Response to their infants' vocal and discomfort cues as well as limited verbal stimulation of infants appears to contribute to the fact that language skill precursors are not facilitated sufficiently appropriately in these pre-verbal children. Furthermore, it is apparent that mothers' perceptions with regard to early verbal stimulation, play and joint book-reading are fairly limited. These findings may be as a result of insufficient knowledge due to low levels of education as well as limited exposure to speech-language therapy and audiological services in their community. Thus, the development of public awareness and the provision of early communication intervention services in Eersterus and similar low socioeconomic communities are essential. The introduction of Communication Pathology and motivation for early communication intervention has to include medical and educational professionals as well as policy makers on a district and national level.

The resulting implications are theoretical and clinical in nature. The clinical implications recommend that adaptations be made to the structure of service delivery, especially regarding the content of family-centred home programmes in this community. The data obtained may be viewed as valuable by early intervention therapists working in families with low socioeconomic status, since a database which is contextually appropriate may benefit speech-language therapy and audiological services. Future research topics are proposed in order to further develop databases on mother-infant communication interaction in low socio-economic communities and in order to prevent or reduce communication deficits.

KEY WORDS: Early communication intervention, mother-infant communication interaction, language acquisition, responsitivity, socioeconomic status.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1:

Moeder-kind kommunikasie interaksie in die konteks van vroeë intervensie in Suid-Afrika

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling en rasionaal	3
1.3	Voorgestelde probleemoplossing	8
1.4	Terminologie	11
1.5	Hoofstukuitleg	13
1.6	Gevolgtrekking	14
1.7	Opsomming	15

HOOFSTUK 2:

Die aard van en konteks waarin vroeë moeder-kind kommunikasie interaksie in lae sosio-ekonomiese families geskied

2.1	Inleiding	16
2.2	Moeder-kind interaksie as kern van kommunikasie ontwikkeling by die pre-verbale kind	19
2.2.1	Die konteks waarin moeder-kind kommunikasie interaksie plaasvind	20
2.2.2	Die kommunikasie ontwikkeling van die pre-verbale kind	22
2.2.3	Die komponente van moeder-kind interaksie wat taalverwerwing ondersteun	24

2.3	Responsiwiteit tydens moeder-kind kommunikasie interaksie-	26
2.3.1	Die definiëring van responsiewe gedrag	26
2.3.2	Die waarde wat aan responsiewe gedrag tydens moeder-kind kommunikasie interaksie geheg word	28
2.3.3	Die aard van verbale en nie-verbale responsiewe gedrag	29
2.3.4	Direktiwiteit teenoor responsiwiteit tydens moeder-kind kommunikasie interaksie	31
2.4	Sosio-ekonomiese status as omgewingsrisiko vir moeder-kind kommunikasie interaksie	33
2.4.1	Sosio-ekonomiese deprivasie en bepaalde kenmerke van die versorger	35
2.4.1.1	Opvoedingspeil van die versorger	35
2.4.1.2	Ouderdom en getroude status van die moeder	37
2.4.2	Eksterne faktore: lae inkomste en moeder-kind kommunikasie interaksie	39
2.5	Die Kleurlinggemeenskap en moeder-kind kommunikasie interaksie	41
2.5.1	Die sosio-ekonomiese problematiek van die Kleurling-gemeenskap te Eersterus	41
2.6	Gevolgtrekking	43
2.7	Opsomming	43

HOOFSTUK 3:

Navorsingsmetodologie van moeder-kind kommunikasie interaksie

3.1	Inleiding	45
3.2	Doelstellings	
3.2.1	Subdoelstelling 1: Om die kommunikasie gedrag van moeders te beskryf	47
3.2.2	Subdoelstelling 2: Om die persepsies van moeders te beskryf	48



3.3	Navorsingsontwerp	49
3.4	Proefpersone	
3.4.1	Kriteria vir seleksie van proefpersone	
3.4.1.1	Moeders	51
3.4.1.2	Kinders	53
3.4.2	Seleksie prosedure	56
3.4.3	Beskrywing van proefpersone	
3.4.3.1	Moeders	57
3.4.3.2	Kinders	60
3.4.3.3	Sosio-ekonomiese omstandighede	62
3.5	Voorstudie	
3.5.1	Doelstellings	64
3.5.2	Proefpersone	65
3.5.3	Apparaat en Materiaal	67
3.5.4	Data-insamelingsprosedure	69
3.5.5	Resultate en Aanbeveling	71
3.6	Hoofstudie	
3.6.1	Apparaat	73
3.6.2	Materiaal	74
3.6.3	Data-insamelingsprosedure	88
3.6.4	Data-optekening	89
3.7	Betroubaarheid	89
3.8	Data analise en data verwerking	90
3.9	Formaat van data-insamelingsprotokol	92
3.10	Gevolgtrekking	93
3.11	Opsomming	93

HOOFSTUK 4:

Resultate en bespreking van moeder-kind kommunikasie interaksie in 'n lae sosio-ekonomiese konteks

4.1	Inleiding	94
4.2	Resultate	96
4.2.1	Moeders se kommunikasie gedrag teenoor hulle babas	
4.2.1.1	Frekwensie en aard van moeders se uitinge tydens versorgings- aktiwiteite en semi-gestruktureerde spel	
1	Frekwensie van moeders se uitinge tydens versorgings- aktiwiteite	97
2	Frekwensie van moeders se uitinge tydens semi- gestruktureerde spel: eie speelgoed	99
3	Frekwensie van moeders se uitinge tydens semi- gestruktureerde spel: verskafde speelgoed	101
4.2.1.2	Verhouding tussen die frekwensie van moeders se uitinge en inisiërings van hul pre-verbale kinders	104
4.2.1.3	Moeders se verbale en nie-verbale responsiewe gedrag gerig aan hul pre-verbale kinders	
1.	Fassilitering van kommunikasie interaksie	106
2.	Moeders se wyse van stimulasie	121
3.	Responsiwiteit op babas se vokale gedrag	129
4.	Responsiwiteit op babas se ongemakseine	135
4.2.2	Moeders se persepsie en voorkoms van interaksie met hul babas	
4.2.2.1	Moeders se persepsie van taalverwerwing	139
4.2.2.2	Vorm en inhoud van kommunikasie interaksie soos deur moeders aangedui	141
4.2.2.3	Belang en aard van spel interaksie soos deur moeders voorgehou	143
4.2.2.4	Voorkoms en persepsie van gesamentlike boeklees aktiwiteite	147

4.2.2.5	Moeders se genot tydens interaksie	150
4.3	Gevolgtrekking	152
4.4	Opsomming	153

HOOFSTUK 5:

Vroeë kommunikasie intervensie binne die konteks van lae sosio-ekonomiese families: Gevolgtrekkings

5.1	Inleiding	154
5.2	Teoretiese implikasies van bevindinge	156
5.4	Kliniese implikasies	162
5.3	Kritiese evaluering van navorsingstudie	167
5.5	Navorsingsimplikasies	170
5.6	Gevolgtrekking	172
5.7	Slot	173
5.8	Opsomming	174

LITERATUURLYS

BYLAE	A	188
	B	196
	C	197
	D	198

LYS VAN TABELLE

TABEL	BLADSY
3.1 Beskrywing van moeders as proefpersone tydens moeder-kind interaksie	58
3.2 Beskrywing van kinders as proefpersone tydens moeder-kind interaksie	60
3.3 Beskrywing van proefpersone se sosio-ekonomiese omstandighede	62
3.4 Beskrywing van die moeder as voorstudie proefpersoon tydens moeder-kind interaksie	65
3.5 Beskrywing van die kind as voorstudie proefpersoon tydens moeder-kind interaksie	66
3.6 Beskrywing van voorstudie proefpersone se sosio-ekonomiese omstandighede	67
3.7 Apparaat en Materiaal	68
3.8 Bevindings en aanpassings uit voorstudie	71
3.9 Bronverwysings, motivering van keuse en beskrywing van data-insamelingsprotokol	76
3.10 Beskrywing van die onderhoud	80
3.11 Beskrywing van die interaksieprofiel en responsiewe gedrag	84
3.12 Data-analise van inligting verkry met behulp van data-insamelings	91
4.1 Frekwensie van moeders en babas se uitinge tydens spel met eie speelgoed	100
4.2 Frekwensie van moeders en babas se uitinge tydens spel met verskafde speelgoed	102
4.3 Fasilitering van kommunikasie interaksie: Nie-verbaal	107
4.4 Beurtnaam: Verbaal en Nie-verbaal	112
4.5 Fasilitering van kommunikasie interaksie: Verbaal	116
4.6 Moeders se wyse van stimulasie: Nie-verbaal	121

4.7	Moeders se wyse van stimulasie: Verbaal	126
4.8	Moeders se reaksies op babas se vokaliserings: Nie-verbaal	129
4.9	Moeders se reaksies op babas se vokalserings: Verbaal	132
4.10	Moeders se reaksies op babas se ongemakseine: Nie-verbaal Verbaal	137
4.11	Vorm en inhoud van kommunikasie interaksie na die mening van moeders	142
4.12	Aard van spelinteraksie na die mening van moeders	144
4.13	Kenmerke van gesamentlike boeklees na die mening van moeders	148
4.14	Genot van interaksie waargeneem by moeders	151

LYS VAN FIGURE

FIGUUR	BLADSY
2.1 Moeder-kind interaksie in lae sosio-ekonomiese families	19
2.2 Responsiwiteit: Bydraende faktore, aard en inhoud	27
4.1 Volgordelike uitleg van die analise en interpretering van data aan die hand van die subdoelstellings	95
4.2 Frekwensie van moeders se uitinge tydens versorgingsaktiwiteite	97

LYS VAN BYLAES

BYLAAG	BLADSY
A. Data-insamelingsprotokol	188
B. Informele bepaling van sosio-ekonomiese klas (uit RGN: Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing SED Vraelys, van den Berg, 1991)	196
C. Developmental Assessment Schema (Anderson, Nelson & Flower, 1978)	197
D. Frekwensietellings en persentasies van proefpersone	198

HOOFSTUK 1

Moeder-kind kommunikasie interaksie in die konteks van vroeë intervensie in Suid-Afrika

DOEL

Die doel van hoofstuk een is om moeder-kind kommunikasie interaksie binne die konteks van plaaslike dienslewering in vroeë kommunikasie intervensie te beskryf, waaruit die probleemstelling sal voortspruit. Die rasional van die navorsingstudie word in die lig van die behoeftes wat onder die Kleurlinggemeenskap as unieke minderheidsgroep asook in die literatuur geïdentifiseer is, uiteengesit. Die beoogde doel en waarde van die studie, 'n hoofstukuitleg en relevante terminologie in die studie gebruik, word ook voorgehou.

1.1 Inleiding

Kommunikasie afwykings of agterstande word beskou as die mees algemene simptome van ontwikkelingsafwykings in kinders jonger as drie jaar (Rossetti, 1996). In Suid-Afrika word die persentasie kinders onder die ouderdom van vier jaar beraam op 13 % of 5 miljoen van die geskatte 38 miljoen inwoners (Moodley, 1999). Dié beduidende persentasie jong kinders, waarvan ongeveer 10% risiko's vir kommunikasie agterstande kan vertoon, kan akademiese mislukking ervaar indien hulle nie deur vroeë kommunikasie intervensie aangespreek word nie (MacDonald & Carrol, 1994; Fewell, Casal, Glick, Wheeden & Spiker, 1996). Skolastiese agterstande kan ook tot sosiale en maatskaplike problematiek aanleiding gee (Fewell et al., 1996).

Vroeë kommunikasie intervensie word beskryf as die evaluering en behandeling van kinders, onder driejarige ouderdom wat afwykings, agterstande of risiko's vir afwykende taal, spraak of

orale motoriese gedrag vertoon (Rossetti, 1996). Die behandeling van jong kindes en hulle gesinne stel die versterking van positiewe interaksiepatrone by versorgers ten doel om sodoende agterstande in taalontwikkeling te voorkom of te verminder (Ramey & Ramey, 1998). Intervensie programme teiken die interaksiepatrone van versorgers, aangesien kinders hulle taalsisteem op die basis van die linguistiese inligting wat hulle van hulle versorgers ontvang, konstrueer (Kastan, 1999).

Die sosiale interaksie tussen moeder en kind geniet wye erkenning in die literatuur as basis vir die verwerwing van taal asook geletterdheid (Conti-Ramsden, 1990; Miguel, 1995; Leyendecker, Lamb, Schölmerich & Fricke, 1997). Inaggenome van die verband wat die literatuur tussen die vroeë ervarings van die pre-linguistiese kind en sy of haar kommunikasie ontwikkeling tref, kan enige faktor wat die kind se interaksie met sy omgewing belemmer, 'n agterstand of afwyking in die verwerwing van ouderdomstoepaslike kommunikasie vaardighede impliseer (Rossetti, 1996). Indien moeder-kind interaksie, wat die kern van taalverwerwing vorm, nie fasiliterend is nie, hou dit beperkinge in vir die ontwikkeling van kognitiewe, sosiale en linguistiese vaardighede (Rossetti, 1996). Fasiliterende interaksionele gedrag wat tydens vroeë kommunikasie intervensie aangemoedig word, behels ondermeer die uitbreiding van responsiwiteit van die moeder of versorger tydens kommunikasie interaksie (Manolson, 1992; Haney & Klein, 1993; MacDonald & Carrol, 1994; Fewell et al., 1996). Die versorger, spesifiek die moeder, se responsiwiteit behoort tydens die evaluering van moeder-kind kommunikasie interaksie deeglik omskryf te word. Die rasionaal van sodanige sorgvuldige bestudering van responsiwiteit is daarin geleë dat dit kognitiewe en linguistiese ontwikkeling ondersteun terwyl dit ook 'n positiewe emosionele konteks tydens kommunikasie interaksie skep (Raack, 1989; Richman, Miller & Levine, 1992). Die versterking en uitbreiding van versorgers se responsiewe interaksiepatrone behoort, na die mening van Rossetti (1996), as 'n toepaslike doelstelling geteiken word om die jong kind se interaksionele en kommunikasie vaardighede te fasiliteer.

Benewens die ontwikkelingsvoordele wat vroeë kommunikasie intervensie vir die jong kind met kommunikasie afwykings of agterstande inhou, impliseer vroeë identifisering ook finansiële voordele. Kommunikasie intervensie gerig op jong kinders voor driejarige ouderdom, word as meer koste-effektief beskou as remediërende intervensie op skoolgaande ouderdom (Rossetti,

1996). Die effek van sodanige spraak-taalterapeutiese en oudiologiese dienste kring ook wyer, selfs op gemeenskaps- en nasionale vlak. Dit blyk dus duidelik dat versorger stimulasieprogramme die vertrekpunt behoort te wees wanneer 'n bevolking se gesondheid en welstand, veral in laer sosio-ekonomiese omgewings, aangespreek wil word.

Alhoewel die waarde en relevansie van vroeë kommunikasie intervensie vir die ontwikkelende kind en sy omgewing, deur plaaslike literatuur ondersteun word, blyk vroeë kommunikasie intervensie dienslewering in Suid-Afrika grootliks beperk te wees. Vervolgens word die unieke behoeftes in Suid-Afrika as motivering vir die studie voorgedra, terwyl relevante vraagstukke en uitdagings wat in die weg van effektiewe dienslewering staan, ook bespreek word. Die spesifieke uitdagings wat tydens die literatuurstudie en navorsingsproses geïdentifiseer is, is ingesluit ten einde spraak-taalterapeutiese oudioloë daarvan bewus te maak en om sodoende die verskaffing van vroeë kommunikasie intervensie dienste meer effektief en verantwoordbaar te laat geskied.

1.2 Probleemstelling en rasionaal

Die verbale omgewing waaraan 'n pre-linguistiese kind blootgestel word, bepaal in 'n meerdere of mindere mate die kwaliteit en tempo waarteen taalverwerwing sal geskied (Hoff-Ginsberg, 1991; Ramey & Ramey, 1998). Verskeie navorsingstudies het bevind dat babas en kleuters vanuit 'n lae sosio-ekonomiese agtergrond aan minder responsiewe interaksies, uitinge van toegeneëtheid asook minder stimulerende speelgoed en ervaringe blootgestel word, wat 'n traë tempo van kommunikasie ontwikkeling tot gevolg het (Hess, Dohrman & Huneck, 1997; Oren & Ruhl, 1997). Jong kinders uit families van 'n laer sosio-ekonomiese status, met verwysing na lae opvoedingspeil en inkomste, vertoon omgewingsrisiko's wat die ontwikkeling van ouderdomstoepaslike kommunikasie vaardighede kan beperk (Leyendecker et al., 1997; Lequerica, 1997).

In die ontwikkelde en ontwikkelende konteks wat Suid-Afrika kenmerk, bevind kinders hulle dikwels in problematiese politiese, sosiale, ekonomiese en omgewingstoestande wat risiko's vir ontwikkelingsafwykings kan verhoog. Die betreklike groot aantal kinders wat risiko's vertoon, kan na die mening van Kritzinger, Louw en Hugo (1995), aan die unieke multikulturele,

multilinguistiese en ontwikkelende konteks wat plaaslik voorkom, toegeskryf word. Kommerwekkend, bevind Nzimande (1996 in Moodley, 1999) dat 61% van kinders plaaslik in armoede leef terwyl 80 % van swart kinders met afwykings in ekstreme lae ekonomiese toestande opgroei. Buitendag (1997) toon dat 'n vermeerdering van kinders met omgewingsrisiko's wat dienste benodig, verwag kan word soos wat die ekonomie verswak en werkloosheid toeneem. Ter ondersteuning van hierdie vermoede, dui Lequerica (1997) aan dat 'n groter insidensie van ontwikkelings-, gedrags- en opvoedkundige agterstande onder jong kinders wat ekonomies minder goed daaraan toe is, voorkom.

Dit is nie alleenlik die invloed wat ekonomiese deprivasie op vroeë kommunikasie ontwikkeling kan uitoefen wat in aanmerking geneem word nie, maar 'n lae opvoedingspeil by versorgers word eweneens as potensieël belemmerend beskou. Studies toon aan dat die moeder se vlak van geskooldheid geassosieer word met gebrekkige stimulasie en kennis om toepaslik met kinders in interaksie te tree, wat die waarskynlikheid vir kommunikasie agterstande verhoog (Richman et al., 1992; Harnish, Dodge & Valente, 1995). Die problematiek verbonde aan die lae opvoedingspeil van versorgers, naamlik dat dit positief korreleer met laat identifikasie van agterstande by jong kinders, is ook plaaslik relevant (Rossetti, 1996; Lequerica, 1997). Bykomend word die vroeë identifikasie van kinders met risiko's vir kommunikasie agterstande beperk deurdat ekonomies gedepriveerde groepe in 'n mindere mate instaat is om mediese en paramediese hulp te bekostig. Dié gemeenskappe het verder ook beperkte toegang tot identifiseringsprosedures, aangesien sodanige hulpdienste dikwels nie beskikbaar is nie, veral in nie-stedelike gebiede.

Buiten die toenemende getal kinders wat onderhewig is aan omgewingsrisiko's vir kommunikasie agterstande en wat deur 'n beperkte aantal spraak-taalterapeute en oudioloë hanteer moet word, is dié populasie meerendeels multi-linguisties en multi-kultureel. 'n Groot aantal kinders is afkomstig uit lae sosio-ekonomiese omgewings, wat vroeë intervensie terapeute noodsaak om die inhoud en formaat van dienslewering aan te pas. Vanweë die aard van die geografiese verspreiding van diverse kulture, onbereikte gemeenskappe en minderheidsgroepe sowel as sosiale en politiese faktore, heers daar onkunde jeens vroeë kommunikasie dienslewering. Oningeligtheid onder beide die publiek en ander professionele persone kan, na die

mening van die navorser, tesame met genoemde onopgeloste vraagstukke, stremmend inwerk op primêre en sekondêre voorkoming. Sonder effektiewe voorkomingsprosedures is die moontlikheid sterk dat die populasie wat kommunikasie afwykings vertoon, vermeerder (Folie & Richey, 1990; Wolfram, 1993).

Dit wil voorkom asof dienslewering aan babas en kleuters wat 'n risiko vir kommunikasie afwykings vertoon, tans deur verskeie faktore eiesoortig aan Suid-Afrika beperk word. Aspekte inherent aan die profesie spraak-taal terapie en oudiologie, is ook as struikelblokke in die weg van effektiewe dienslewering geïdentifiseer.

Die aantal gekwalifiseerde spraak-taalterapeute oudioloë werksaam in Suid-Afrika word tans op ongeveer 1260 geskat (Moodley, 1999). Die statistiese beraming van 13 % of 5 miljoen jong kinders wat kommunikasie agterstande kan vertoon, dui aan dat die verhouding tussen terapeute en die vroeë intervensie populasie buitensporig groot is (Moodley, 1999). Die aanname word ook gemaak dat die aantal spraak-taalterapeute oudioloë wat aktief betrokke is in die terrein van vroeë kommunikasie intervensie, betreklik min is. Benewens hierdie tekort aan terapeute, wek hulle geografiese verspreiding, naamlik verhoogde voorkoms in groot sentra met min of geen terapeute in kleiner en meer afgeleë dorpe, kommer, aangesien dit die beskikbaarheid van dienste aan die publiek affekteer. Een van die mees betekenisvolle implikasies sal verhoogde werkslading vir vroeë intervensie terapeute wees. Eweneens blyk dit vanuit die literatuur dat die problematiek op die gebied van vroeë intervensie meestal na die gebrek aan beskikbare professionele dienste terugherlei kan word (Folie & Richey, 1990; McWilliam, Young & Harville, 1996).

Daar bestaan tans ook 'n leemte betreffende geskikte evaluasie en intervensie materiaal wat van toepassing is op die kultuur, lewenswyse en opvoedingspeil van Suid-Afrika se diverse populasie (Van Kleeck, 1992). 'n Gebrek aan verantwoordbare intervensie programme lewer, na die mening van die navorser, 'n betekenisvolle bydrae tot ontoereikende dienslewering. Van Kleeck (1992) verwys daarna dat intervensie programme soos "*It takes two to talk*" (Manolson, 1992) teoreties begrond is, maar dat dit nie effektief op alle families toegepas kan word nie, aangesien dit soms in teenstelling is die onderskeie kulture se persepsies aangaande interaksies.

Die gemeenskapsgebaseerde model van dienslewering word plaaslik voorgestel as 'n suksesvolle strategie om vroeë intervensie dienste in Suid-Afrika uit te brei, aangesien die nasionale gesondheidssisteem na distriksvlak en primêre gesondheidsorg fasiliteite oorgeskakel het wat toeganklikheid bevorder (Fair & Louw, 1999). Ten spyte van die ondersteuning wat 'n gemeenskapsgebaseerde model van dienslewering vanuit plaaslike en internasionale literatuur geniet (Tuomi, 1994; Van Kleeck, 1992; Rossetti, 1996), word vermoed dat die implementering daarvan plaaslik steeds beperk is. Hierdie leemte hou waarskynlik verband met onvoldoende kennis en vaardighede by spraak-taalterapeute oudioloë om gemeenskappe se behoeftes effektief te identifiseer en verantwoordbaar te hanteer. Plaaslike studies benadruk die behoefte aan diensverskaffing aan ondervoorsiene gemeenskappe deur middel van gemeenskapsgebaseerde klinieke deur die Primêre Gesondheidsorg daargestel (Van der Merwe, 1999). Die model van dienslewering soos tradisioneel tydens voorgraadse opleiding voorgelê, blyk egter, aldus Moodley (1999), onvoldoende te wees om die meerderheid gemeenskappe en minderheidsgroepe van hulp te wees. Verbandhoudende faktore kan waarskynlik gebrekkige befondsing, beskikbaarstelling van bronne asook beperkte samewerking tussen professionele persone insluit. Pickering, McAllister, Hagler, Whitehill, Penn, Robertson en McCready (1998) wys daarop dat plaaslike beleidsrigtings rakende persone met afwykings en risiko's vir afwykings, ten spyte van gratis gesondheidsorg aan kinders onder sesjarige ouderdom, prakties in gebreke bly. Tot op hede bestaan geen wetgewing wat vroeë intervensie verpligtend maak, of 'n beleid wat mediese en paramediese dienste en opvoedkundige professionele persone se dienste saamsnoer om dienste in spanverband bekostigbaar te lewer nie.

Die eis van beskikbare en toeganklike dienslewering kan gedeeltelik realiseer indien 'n ondersteuningsnetwerk van professionele persone teenwoordig is. Huidiglik blyk samewerking tussen professionele persone egter ongekoördineerd te wees. Die gebrek aan 'n sistematiese wyse waarop identifisering en verwysings plaasvind kom as betekenisvolle beperking voor, aldus Moodley (1999). Plaaslike studies dui aan dat verwysings vanaf mediese personeel soos 'n klinieksuster of dokter wat met die jong baba in aanraking kom, dikwels onbevredigend is (Moodley, 1999). Die belang en omvang van spraak-taalterapeutiese en oudiologiese dienste word dus onderskat weens onkunde aangaande kommunikasie afwykings en intervensie (Uys &

Hugo, 1997). Die onderliggende oorsaak van hierdie onkunde onder professionele persone sowel as die publiek, blyk onder andere swak bekendstelling van spraak-taalterapeut oudioloë se beroepsfunksies te wees. Bykomend tot die verantwoordelikheid van bemerking ten einde onkunde die hoof te bied, word daar ook 'n eis aan terapeute gestel om hulle eie kennisbasisse aangaande vroeë kommunikasie intervensie oor alle kontekste en populasies heen, te verbreed. Dit kan alleenlik tot uitvoering kom deur toegespitste navorsing op eie bodem.

Die bestudering van vroeë versorger-kind interaksie word in alle hoë risiko populasies aangemoedig aangesien jong kinders wat dienste benodig, nie in 'n homogene groep sorteer nie (Harnish et al., 1995). Meer spesifiek, word intensiewe navorsingstudies aanbeveel in 'n poging om begrip te ontwikkel rondom die verhouding tussen die versorger se interaksionele vaardighede en die jong kind se kommunikasie ontwikkeling. Sodanige navorsingstudies wat plaaslik uitgevoer word sal insiggewend wees omrede die kwalitatiewe beskrywing van vroeë versorger-kind interaksies in laer sosio-ekonomiese gemeenskappe, volgens Cleaver, (1994) grootliks in gebreke gebly het. Terapeute werkzaam op die gebied van vroeë kommunikasie intervensie in Suid-Afrika, sal derhalwe by sodanige studies baat kan vind deur insig te verkry in die ontwikkeling en aanpassing van opleidingsprogramme wat moeders en of versorgers se interaksionele vaardighede aanspreek.

Die behoefte aan kontekstuele navorsing rondom die vroeë intervensie populasie en dienslewering, in Suid-Afrika, is egter ook wêreldwyd teenwoordig. Voortdurende navorsingstudies behoort van wesenlike belang geag word om dienslewering te beoordeel en aan te pas. Plaaslike navorsingstudies kan die vraagstukke egter slegs gedeeltelik aanspreek, terwyl beleidsverandering op streeks en nasionale vlak 'n wesenlike sleutelrol vervul. Ramey en Ramey (1998) verwys hierna deur aan te toon dat die onderliggende problematiek verbonde aan vroeë intervensie enersyds 'n politiese komponent het weens 'n gebrek aan 'n saamgestelde beleid om kinders wat dienste benodig, van hulp te voorsien, terwyl die befondsing en toewyding van professionele persone om relevante gemeenskapsgesentreerde navorsingstudies uit te voer, andersyds effektiewe dienslewering benadeel.

Vanuit die probleemstelling blyk dit dat vroeë identifiseringsprosedures, asook toepaslike intervensie programme vir babas en jong kinders in die gemeenskap, tot dusver nie genoegsaam bewerkstellig is nie. Daar is verwys na die eiesoortige kulturele, sosiale en ekonomiese kontekste wat bydraend tot oningeligtheid en die ontoeganklikheid van dienste kan wees. Leemtes betreffende spraak-taalterapeute oudioloë, die sisteem waarvolgens dienslewering verskaf word, die toepaslikheid van evaluerings- en intervensie materiaal asook gebrekkige kennis rakende die aspekte, is ook uitgelig as moontlike aspekte wat bekostigbare, beskikbare en toepaslike diensverskaffing strem.

In 'n poging om van hierdie faktore aan te spreek en databasisse binne vroeë kommunikasie interaksie uit te brei, is 'n behoefte aan die beskrywing van vroeë moeder-kind kommunikasie interaksie in families van lae sosio-ekonomiese status geïdentifiseer. Die voorgestelde oplossing vir genoemde problematiek sal vervolgens aangebied word.

1.3 Voorgestelde oplossing

Die uitbreiding van die spraak-taalterapeut oudioloog se kennis, vaardighede en hulpbronne word toenemend meer dringend, ten einde verantwoordbare dienslewering aan alle individue met kommunikasie afwykings in Suid-Afrika te verseker. Vroeë kommunikasie intervensie behoort veral, soos uit die probleemstelling blyk, op minderheidsgroepe en persone wat ekonomies gedepriveer is, te fokus. Relevante en resente inligting rakende moeder-kind kommunikasie interaksie in gemeenskappe waar inkomste en opvoedingspeil laag is, kan die samestelling en implementering van sosio-kulturele sensitiewe intervensie programme, gerig is op die fasilitering van normale kommunikasie vaardighede, moontlik maak. *In 'n poging om aan dié doel te beantwoord, is moeder-kind kommunikasie interaksie in Eersterus, 'n lae sosio-ekonomiese woonbuurt, ondersoek.*

Die motivering vir die bestudering van moeder-kind kommunikasie interaksie sal eerstens in meer besonderhede voorgehou word, waarna die rede vir die seleksie van 'n lae sosio-ekonomiese teikenpopulasie soos die Eersterus Kleurlinggemeenskap uiteengesit sal word.

Die vroeë versorger-kind kommunikasie interaksie, met spesifieke verwysing na die konteks van spel en versorgingsaktiwiteite, vorm die basis waarvandaan toetreding tot interaksie en kommunikasie met ander geskied (Kastan, 1999). Aangesien taalverwerwing die interaksiestyl van veral die moeder reflekteer, is dit essensieel dat die aard van haar verbale en nie-verbale gedrag ondersoek word. Sodoende kan negatiewe gedragpatrone in die moeder of dan primêre versorger se bepaalde sosio-ekonomiese omgewing geïdentifiseer word, wat dan deur aangepaste opleidingsprogramme aangespreek word. Alhoewel verskeie aspekte, in isolasie of in kombinasie met mekaar, tot agterstande in kommunikasie ontwikkeling aanleiding kan gee, word veral twee komponente deur navorsers benadruk, naamlik swak ouerskapfasiliteringstegnieke en omgewingsdeprivasie (Spencer, 1993; Keltner, Finn & Shearer, 1995; Hess et al., 1997).

Die versorgers en babas wat as *proefpersone* vir hierdie studie geselekteer is, bevind hulle in 'n sogenaamde gedepriweerde omgewing wat deur laer sosio-ekonomiese toestande gekenmerk word en derhalwe 'n risiko vir kommunikasie ontwikkeling kan inhou. Die ondersoek na die interaksie styl van moeders met hul babas wat in hierdie omgewing opgroei, is dus gevolglik geregverdig en noodsaaklik. 'n Beskrywende studie van moeder-kind kommunikasie interaksie behoort egter, indien gestreef word na geldigheid en betroubaarheid van resultate, alleenlik in die proefpersone se natuurlike tuisomgewing geskied (Kastan, 1999).

Alhoewel die spraak-taalterapeut audioloog die inligting aangaande die besondere moeder-kind kommunikasie interaksiepatroon kan aanwend om die versorger se stimulasie en responsiewe vaardighede te verhoog, is dit noodsaaklik om die fisiese en sosiale omgewing van die familie allereers te bestudeer. Dié aanbeveling word ook deur Oren en Ruhl (1997) ondersteun om die belang van navorsingstudies *in die tuisomgewing* te benadruk. Afleidings betreffende interaktiewe spel kan byvoorbeeld slegs toegespits en relevant wees indien die kommunikasie gedrag, die kontekstuele waarnemings rakende die kind en sy familie se lewensomstandighede, akkuraat weerspieël. Ten spyte daarvan dat professionele persone werksaam in vroeë intervensie, die waarneming van interaksies binne die kind se natuurlike omgewing noodsaaklik ag, is daar betreklik min navorsers wat moeder-kind kommunikasie interaksies in twee en meer funksionele kontekste tuis ondersoek (Leyendecker et al., 1997). Juis om hierdie rede is besluit om ten minste twee kontekste, naamlik vrye spel en versorgingsaktiwiteite tuis, as vertrekpunt te neem.

Inaggenome daarvan dat die mikro-kosmos van die onmiddellike omgewing beïnvloed word deur makro-kosmos van die breë sosio-ekonomiese gemeenskap is die beskrywing van die omgewing waarin interaksie plaasvind belangrik alvorens besluitneming rakende vroeë kommunikasieintervensie geskied. Gevolglik word die keuse van die Eersterus spraakgemeenskap wat vir die doel van die studie geteiken is, gemotiveer.

Die Eersterus woongebied, naby Pretoria, word as 'n ekonomies minder goeie gebied beskou met swak sosio-ekonomiese toestande weens werkloosheid en 'n lae gemiddelde inkomste per maand (Van der Merwe, 1999). Hierdie gemeenskap is tradisioneel ook ondervoorsien van mediese en veral para-mediese dienste, en beskik tans oor een mediese kliniek, waar een permanente dokter, 'n tweede roterende dokter asook tien susters werksaam is (Van der Merwe, 1999). Ten tyde van hierdie studie is spraak-taalterapeutiese of oudiologiese dienste nie op permanente basis in Eersterus gelewer nie. Die afwesigheid van spraak-taalterapeute en oudioloë en meer spesifiek vroeë kommunikasieintervensie ten einde voorkomend op te tree, kon gedeeltelik bygedra het tot die betreklik groot hoeveelheid kinders met kommunikasieagterstande, wat in die Eersterus gemeenskap waargeneem word (Buitendag, 1997).

In gemeenskappe soos Eersterus word 'n gebrek aan inligting ten opsigte van die voorkoms van risikofaktore asook die identifisering van hoë-risiko babas en risikofaktore opgemerk aldus Van der Merwe (1999). Daar is byvoorbeeld bevind dat 59 % van voorskoolse kinders in Eersterus met risikofaktore vir taalontwikkelingsafwykings, nie ouderdomstoepaslike boekleesvaardighede vertoon nie (Pieterse, 1998). Dié resultate is in verband gebring met onvoldoende kennis van versorgers aangaande gesamentlike boekleesaktiwiteite asook ouderdomstoepaslike leesstof. Hierbenewens dui Buitendag (1997) aan dat die voorkoms van spraak, taal en gehoorprobleme, in vergelyking met kinders uit die middelklas en hoofstroom kultuur, hoër is onder skoolgaande kinders woonagtig in Eersterus.

In aggenome daarvan dat moeder-kind interaksie die basis van kommunikasieontwikkeling vorm, tesame met die hoë insidensie van jong kinders wat risikofaktore asook spraak- en taalafwykings in die Eersterus gemeenskap vertoon, blyk navorsing gerig op moeder-kind

kommunikasie interaksiepatrone, relevant te wees. Soos reeds aangedui, word negatiewe moeder-kind interaksiepatrone, veral in die teenwoordigheid van omgewingsrisikofaktore, met latere kommunikasie en akademiese agterstande geassosieer. Die bestudering van sodanige interaksiestyle is dus betekenisvol vir die uitbreiding van vroeë kommunikasie intervensie dienste in hierdie en ander soortgelyke gemeenskappe.

Die keuse van 'n beskrywende studie van moeder-kind kommunikasie interaksie sowel as die spesifieke teikengroep en omgewing is aan die hand van die probleemstelling gemotiveer en as probleemoplossing voorgedra. Die *navorsingsvraag* wat uit die voorgestelde oplossing voortspuit en tydens die studie sistematies beantwoord sal word, kan as volg omskryf word:

Wat is die kwaliteite van moeders se kommunikasie gedrag met preverbale kinders vanuit lae sosio-ekonomiese families in Eersterus?

Ten einde dié vraag kwalitatief te beantwoord, het hierdie studie die beskrywing van die verbale en nie-verbale kommunikasie gedrag wat moeders uit lae sosio-ekonomiese omstandighede teenoor hul nege maande oue babas gebruik, ten doel. Die waarnemings ten tyde van spelinteraksies en versorgingsaktiwiteite, word beskryf na aanleiding van die fasilitering van kommunikasie interaksie, stimulasie asook responsiwiteit op die baba se vokaliseringe en ongemaakte in die vorm van 'n gevallestudie, ten einde insig in die unieke interaksiepatrone van moeders te ontwikkel.

1.4 Terminologie

VROEë KOMMUNIKASIE INTERVENSIE:

Vroeë kommunikasie intervensie word beskryf as die evaluering en behandeling van families en hul kinders onder driejarige ouderdom wat afwykings, agterstande of risiko's vir afwykende kommunikasie, taal, spraak of orale motoriese gedrag vertoon (ASHA, 1989).

MOEDER-KIND KOMMUNIKASIE INTERAKSIE:

Hierdie term verwys na die diadiese konteks waartydens moeders en hulle babas of kinders op verbale en nie-verbale wyse boodskappe wedersyds oordra (Haney & Klein, 1993)

TAALVERWERWING:

Die proses waartydens babas en jong pre-verbale kinders in die konteks van versorgings-aktiwiteite en spelinteraksies, hul versorgers se kommunikasie gedrag benut om kommunikasie vaardighede te ontwikkel (Miguel, 1995; Leyendecker et al., 1997; Hess et al., 1997)

INTERAKSIONELE ROETINE:

Dit verwys na enige situasionele konteks waartydens kinders aan 'n linguistiese omgewing blootgestel word wat hoogs voorspelbaar en konsekwent is en wat die proses van spraakontvangs, ontvangs en betekenisontwikkeling vergemaklik (Harkness, 1990).

OMGEWINGSRISIKO:

Dié begrip word beskryf as die teenwoordigheid van faktore soos armoede, lae opvoedingspeil en tienerswangerskap wat 'n baba se vermoë om met sy wêreld in interaksie te tree, kan belemmer en daardeur 'n groter as normale kans vir kommunikasie-, kognitiewe-, emosionele- of ontwikkelings agterstand, daarstel (Rossetti, 1996).

SOSIO-EKONOMIESE STATUS:

Sosio-ekonomiese status word gedefinieer na aanleiding van bepaalde veranderlikes wat by persone geïdentifiseer kan word, soos inkomste, beroepstatus, opvoedingspeil, lewensmiddels, tuisomgewing en eiendomsbesit (Van den Berg, 1991; Buitendag, 1997).

OPVOEDINGSPEIL:

Opvoedingspeil dui op die hoogste sekondêre of tersiêre kwalifikasie waaroor 'n persoon beskik. In die konteks van hierdie studie verwys dit na die hoogste skoolstanderd wat die proefpersone geslaag het.

RESPONSAFHANKLIKE GEDRAG:

Hierdie term verwys na die wyse waarop versorgers intensionaliteit aan hul baba se voorafgaande vokale gedrag koppel deur onmiddellik en toepaslik daarop te reageer (MacDonald & Carrol, 1994).

1.5 Hoofstukuitleg

HOOFSTUK 1:

In Hoofstuk een word moeder-kind kommunikasie interaksie binne die konteks van plaaslike dienslewering in vroeë kommunikasie intervensie beskryf, waaruit die probleemstelling voorgehou word. Die rasionaal van die navorsingstudie word in die lig van die behoeftes onder dié Kleurlinggemeenskap as unieke minderheidsgroep van laer sosio-ekonomiese status, sowel as die noodsaaklikheid van uitgebreide kennis, soos in die literatuur geïdentifiseer, uitgestip.

HOOFSTUK 2:

Die doel van Hoofstuk twee is om moeder-kind kommunikasie interaksie as basis van taalverwerwing te omskryf en die verwantskap met die sosiaal-interaktiewe konteks waarin families van lae sosio-ekonomiese status hulle bevind, aan te dui alvorens resultate geïnterpreteer word.

HOOFSTUK 3:

Hoofstuk drie verskaf 'n uiteensetting van die navorsingsmetodiek wat gevolg is tydens die beskrywing van die kommunikasie interaksie tussen die *proefpersoon* moeders en hulle pre-verbale kinders afkomstig uit hul lae sosio-ekonomiese omstandighede in Eersterus.

HOOFSTUK 4:

Hoofstuk vier het ten doel die uitleg van die bevindings rakende die moeder-kind kommunikasie interaksie waargeneem by die *proefpersoon* moeders en hulle pre-verbale kinders. Die resultate word as 'n beskrywende gevallestudie aangebied en kontekstueel geïnterpreteer in 'n poging om 'n databasis vir vroeë intervensie professionele persone wat met lae sosio-ekonomiese families saamwerk, te ontwikkel.

HOOFSTUK 5:

Hoofstuk vyf beskryf die kliniese en teoretiese implikasies van die verkreeë resultate rakende die kommunikasie gedrag wat die *proefpersoon* moeders teenoor hulle pre-verbale kinders gebruik, waarvandaan aanbevelings en voorgestelde aanpassings betreffende die inhoud, proses en model van plaaslike dienslewering gemaak is. Bykomend is die behoefte en areas van toekomstige navorsing aangedui ten einde vroeë kommunikasie intervensie diensverskaffing in lae sosio-ekonomiese gemeenskappe uit te brei.

1.6 Gevolgtrekking

Die voorafgaande probleemstelling is aanduidend daarvan dat daar, weens faktore kenmerkend aan lae sosio-ekonomiese woongebiede, 'n dringende behoefte aan uitgebreide kennis aangaande die moeder-kind interaksiepatrone van sodanige families, bestaan. Die ekonomiese, politiese en sosiale klimaat waarin Suid-Afrika in die verlede en in 'n groot mate tans verkeer, onderhou die problematiek van ontoeganklike, ontoepaslike, dikwels duur vroeë intervensie dienslewering. Hierdie probleemstelling het as agtergrond gedien om die relevante en resente problematiek vanuit die lae sosio-ekonomiese minderheidsgroep Kleurlinge in die Eersterus gemeenskap, in perspektief te beskou. Soos die probleemoplossing voorstel, word 'n kwalitatiewe beskrywende ondersoek in die vorm van gevallestudies beoog ten einde insig en vaardighede van die spraak- taalterapeut oudioloog werksaam met families met 'n lae sosio-ekonomiese status en

omgewingsrisiko's vir kommunikasie afwykings, te verbreed. Inligting aangaande die wyse waarop hierdie moeders kommunikasie vaardighede by hulle pre-verbale kinders fasiliteer, behoort nie alleenlik meer verantwoordbare aanpassings betreffende die inhoud en aanbieding van opleidingsprogramme moontlik te maak nie, maar ook die bewustheid van risikofaktore onder die publiek en ander professionele persone te verhoog.

1.7 Opsomming

Die spraak-taalterapeut audioloog kom te staan voor talle uitdagings, maar ook toenemende druk om effektiewe vroeë kommunikasie intervensie aan die populasie in Suid-Afrika as geheel te lewer. Die ontwikkeling van strategieë om genoemde struikelblokke te oorbrug is eweneens 'n relevante dog dringende vraagstuk wat aangespreek behoort te word. Die uitbreiding en verspreiding van kennis en begrip staan egter sentraal tot die strategiese beplanning om dienste toepaslik en verantwoordbaar te verskaf. Vroeë kommunikasie intervensie beweeg meerendeels in sy kinderskoene. Die gevolgtrekking waartoe Pienaar (1966: 6010) destyds gekom het, dui aan wat die ingesteldheid van spraak-taalterapeute audioloë teenoor bestaande leemtes behoort te wees:

“.. We realize the vastness of the field still lying; the great task ahead of us to cater to the needs of the whole population of South Africa and through South Africa for the for the whole of the awakening South Africa. “

HOOFSTUK 2

Die aard van en konteks waarin vroeë moeder-kind kommunikasie interaksie in lae sosio-ekonomiese families geskied

DOEL

Die doel van hoofstuk twee is om ener syds moeder-kind kommunikasie interaksie, wat die basis van taalverwerwing vorm, te omskryf en om andersyds 'n indruk van die sosiaal- interaktiewe konteks waarin families van lae sosio-ekonomiese status hulle bevind, te verskaf. Die verwantskap tussen die onderskeie omgewings en interne faktore wat die interaksiestyl van versorgers kan affekteer, word uitgelig ten einde begrip vir dié wisselwerking te ontwikkel alvorens die resultate geïnterpreteer word.

2.1 Inleiding

Effektiewe kommunikasie word beskryf as die hoeksteen van die meeste ontwikkelingsareas. Hierdie stelling vind bevestiging in studies wat aandui dat die agterstand wat by 'n jong kind se taal- en spraakverwerwing waargeneem word, latere sosiale, kognitiewe, akademiese en selfs beroepsprestasie, in 'n mindere of meerdere mate, nadelig sal beïnvloed (Smith, Landry, Swank, Baldwin, Denson & Wilden, 1996; Hess et al., 1997). Wanneer dit in aanmerking geneem word dat babas en jong kinders se kommunikasie vaardighede in die verloop van versorgingsaktiwiteite en spelinteraksies met versorgers ontwikkel (Miguel, 1995; Oren & Ruhl, 1997), kan die konteks waarin moeder-kind kommunikasie interaksie plaasvind, as die mees optimale omgewing vir die bevordering van kommunikasie ontwikkeling beskou word. Sou die verwerwing van kommunikasie vaardighede egter problematies wees, ontstaan daar 'n dringende behoefte om dié kommunikasie interaksie te herstel of te handhaaf ten einde ander ontwikkelingsafwykings te voorkom of te verminder. Die beskrywing van die moeder of versorger se interaksiepatrone is die eerste stap in die fasilitering van kommunikasie

ontwikkeling en plaas moeder-kind kommunikasie interaksie dus in die sleutelposisie tydens vroeë kommunikasie intervensie.

Ten spyte van navorsingsbevindings wat die positiewe impak van vroeë kommunikasie intervensie op kommunikasie en ander ontwikkelingsdomeine ondersteun, word kinders in Suid-Afrika met kommunikasie afwykings of risiko's daarvoor, nie betyds geïdentifiseer nie (Fair & Louw, 1999). Die rede wat vir hierdie leemte in plaaslike dienslewering aangevoer word, is nie simplisties nie. Die swak sosio-ekonomiese agtergrond van families asook gebrekkige bewustheid rakende spraak-taalterapeutiese en oudiologiese dienste, kan verhoed dat kinders aktief by vroeë kommunikasie dienslewering ingeskakel word (Guralnick, 1997). Dit wil voorkom asof hierdie stelling ook plaaslik van toepassing is, en in besonder op die teikengroep wat vir hierdie studie geselekteer is.

Versorgers met 'n lae opvoedingspeil asook minimale inkomste per huisgesin word algemeen in 'n minderheidsgroep soos die Eersterus Kleurlinggemeenskap aangetref (Buitendag, 1997). Die voorkoms van kommunikasie afwykings en agterstande wat meer prevalent is onder kinders vanuit sodanige omstandighede, noodsaak spraak-taalterapeutiese en oudiologiese dienslewering (Buitendag, 1997). Persone behoorend tot 'n minderheidsgroep en laer sosio-ekonomiese omgewings, beskik, in 'n meerdere mate, oor beperkte bewustheid asook toeganklikheid van spraak-taalterapeutiese en oudiologiese dienste.

Die tekort aan spraak-taalterapeutiese en oudiologiese wat in gemeenskappe soos hierdie werksaam is, dra by tot die diskrepansie wat tussen behoefte en die beskikbaarheid van bronne bestaan. Buitendag (1997) toon dat laat of geen identifisering en verwysings van voorskoolse kinders met spraak-, taal- en gehoorprobleme verband hou, terwyl skoolgereedheid en gevolglik skolastiese funksionering daardeur negatief beïnvloed sal kan word. Die vroeë identifisering van risikofaktore vir kommunikasie agterstande, veral omgewingsrisiko's wat moeder-kind kommunikasie interaksie binne die eerste lewensjaar kan benadeel, is dus van kardinale belang ten einde primêre en sekondêre voorkoming van taalafwykings en agterstande in die hand te werk.

Vroeë identifikasie van kommunikasie afwykings of agterstande word as die eerste en belangrikste stap in vroeë kommunikasie intervensie beskou weens die betekenisvolle impak wat dit op die effektiwiteit van behandeling kan uitoefen (Rossetti, 1996, Gurnalnick, 1997). Benewens strukturele, politiese, ekonomiese en geografiese struikelblokke asook leemtes in die huidige dienslewingsmodel van spraak-taal terapie en audiologie plaaslik waargeneem (Kritzinger, Louw & Hugo, 1995), word vroeë identifisering onder andere beperk deur onkunde rakende die populasie en prosesse van vroeë kommunikasie intervensie.

In 'n poging om kennis en insig aangaande moeder-kind kommunikasie interaksie in die teenwoordigheid van omgewings risikofaktore te ontwikkel en indirek die identifiseringsouderdom van kinders met kommunikasie agterstande te verhoog, word die vroeë interaksie patrone van moeders onder die soeklig geplaas. Die bestudering van moeder-kind kommunikasie interaksie vir beide evaluering en navorsingsdoeleindes blyk eweneens van wesenlike belang te wees om nie-fasiliterende interaksiestyle so vroeg moontlik te bepaal, asook om insig rondom die unieke faktore wat hierdie versorgers se kommunikasie styl affekteer, te ontwikkel. Die verkreeë inligting kan aangewend word om, onder andere, kommunikasie agterstande by kinders vanuit lae sosio-ekonomiese omgewings deur middel van opleidingsprogramme, te voorkom of te verminder.

Hierdie hoofstuk stel ten doel die breedvoeringe bespreking van die aard van en konteks waarin normale moeder-kind kommunikasie interaksie geskied, sodat dit as raamwerk vir kommunikasie afwykings of agterstande weens ontoereikende interaksie patrone van versorgers, kan dien. Lae sosio-ekonomiese toestande as omgewingskonteks waarin die moeder-kind kommunikasie interaksie plaasvind, word derhalwe volledig omskryf sodat moontlike risikofaktore vir kommunikasie afwykings of agterstande duideliker blyk. Die onderskeie komponente van bespreking word vervolgens skematies in Figuur 2.1 voorgestel.




FIG: 2.1 MOEDER-KIND INTERAKSIE IN LAE SOSIO-EKONOMIESE FAMILIES

2.2 Moeder-kind interaksie as kern van kommunikasie ontwikkeling by die pre-verbale kind

Literatuur in die laat tagtiger jare het begin om die sosiaal interaksionele beskouing, waarvolgens

kommunikasie vaardighede by kinders in die teenwoordigheid van vroeë versorger interaksies ontwikkel, te ondersteun (Klein & Briggs, 1987). Taalverwerwing reflekteer egter nie alleenlik die sosiaal interaktiewe konteks nie, maar ook die eienskappe van die kind en die betrokke interaksiestyl van die versorger. Ten einde die onderskeie komponente wat betrokke is by die pre-verbale kind se taalverwerwing binne perspektief te beskou, word die volgende breedvoerig bespreek: eerstens, die invloed van die konteks waarbinne moeder-kind interaksie plaasvind, gevolg deur 'n beskrywing van die pre-linguistiese kind, waarna lig gewerp sal word op die aspekte van die moeder-kind interaksie wat linguistiese ontwikkeling onderhou. Een spesifieke aspek van moeder-kind kommunikasie interaksie wat die vermoë om 'n jong kind se kommunikasie vaardighede te fasiliteer, by name responsiwiteit, word benadruk. Gevolglik word die voorkoms en aard van responsiewe gedrag ook in verband gebring met die omgewings risikofaktore wat by proefpersone geïdentifiseer is, om sodoende die *moeders se verbale en nie-verbale kommunikasie gedrag binne konteks te verstaan*.

2.2.1 Die konteks waarin moeder-kind interaksie plaasvind

Die aard van die daaglikse interaksie tussen versorgers en hulle kinders is van belang vir diegene wat begrip wil ontwikkel van die vroeë ontwikkeling van konvensionele kommunikasie (Seeff & Bortz, 1994). Die spesifieke funksionele konteks soos versorging, voeding of spel, is byvoorbeeld bepalend van die hoeveelheid verbale uitinge wat voorkom (Leyendecker et al., 1997). Wedersydse betrokkenheid tussen kommunikasie vennote is, aldus Leyendecker et al (1997), hoër tydens spel en sosiale interaksie as tydens voeding. In teenstelling hiermee toon Smith et al (1996) aan dat moeders meer tyd aan verbale interaksie tydens alledaagse roetine aktiwiteite spandeer. Gesprekke wat gedurende versorgingsaktiwiteite geskied, is dus nie noodwendig van minder waarde vir taalontwikkeling as gesprekke tydens minder doelgerigte interaksies soos spel, nie, omrede verskillende taalondersteunende eienskappe in die onderskeie kontekste voorkom (Hoff-Ginsberg, 1991). Die insluiting van twee verskillende konteks-spesifieke interaksies tydens hierdie studie, blyk relevant te wees aangesien dit die interaksiepatrone van die kind se linguistiese omgewing tipeer, en daardeur opleidingsprogramme meer effektief maak om kommunikasie ontwikkeling by die kind aan te

moedig. Derhalwe word die kontekstuele faktore van spel, voeding, bad en aantrek, wat kenmerkend van die interaksie tussen versorgers en hulle pre-verbale kinders is, voorgehou.

Die mees algemene roetine aktiwiteite wat die konteks van taalverwerwing vorm, en ook tydens hierdie navorsingstudie bestudeer is, was spel en voeding. 'n Roetine aktiwiteit word beskou as enige konteks waartydens kinders aan 'n linguistiese omgewing blootgestel word wat hoogs voorspelbaar en konsekwent is en wat die proses van spraakontvangs, analise en betekenisontwikkeling vergemaklik (Schieffelin & Ochs, 1986; Harkness, 1990). Die waarde van dié roetines is daarin geleë dat die jong kind geleentheid kry om kommunikasie vaardighede deur nabootsing te 'oefen' terwyl sy of haar pogings opgevolg word met onmiddellike versterking van die ouer of versorger. Dit is dan ook logies dat die eerste woorde wat 'n baba leer, dié is wat met sy daaglikse roetines verband hou, aangesien hy leer om woorde te verstaan wat hy die meeste hoor en met sekere gebeurtenisse, geleenthede of mense assosieer. Sodanige roetines kan bykomend ook binding fasiliteer veral wanneer die sosio-afektiewe komponent van interaksie, soos 'n aanvaardende houding en positiewe kommentaar, gunstig is (Raack, 1989).

Spel is 'n uitnemende voorbeeld van 'n vroeë interaksionele roetine wat, weens die unieke aard daarvan, 'n optimale konteks vir taalverwerwing daarstel, aldus Capone Oren & Nesworth (1995). Roetinespeletjies omvat meeste van die kenmerkendste aspekte van interaksie soos gesamentlike fokus van aandag, beurtnaam, wedersydse responsiewe gedrag en interpretering van intensionaliteit wat krities is vir die aanleer van taal. Dit is dan ook geen wonder dat spel voorgestel word as die toepaslikste en mees verkose konteks vir die fasilitering van moeder-kind interaksie nie (Fewell et al., 1996). Die kwaliteit van spel word egter beïnvloed deur die frekwensie asook inhoud van die moeder se kommunikatiewe gedrag. Miguel (1995) bevind dat aspekte soos 'n hoë mate van direkte verbalisering en uitermatig gekontroleerde beurtnaam strategieë, weerspieëlend is van die moeder of versorger se gemoedstoestand en die kind se spontaniteit tydens spel kan beperk. Die positiewe impak wat spel op die ontwikkelende kind, veral tydens die eerste lewensjaar, kan uitoefen, strek verder as net die vorming van kommunikasie vaardighede.

11567647x
b15098412

Vroeë sosiale interaktiewe spel word, behalwe vir die ontwikkeling van kommunikasie, ook geassosieer met die emosionele en sosiale ontwikkeling van babas (Oren & Ruhl, 1997). Studies het verder aangetoon dat 'n baba se vlak van spelontwikkeling verwant is aan sy of haar kognitiewe en taalvermoë (Capone et al., 1995). Die kognitiewe vereistes wat aan 'n pre-linguistiese kind gestel word wanneer hy of sy in spel met speelgoed betrokke is, is aldus Smith et al (1996), meer omvattend as tydens versorgingsaktiwiteite. Twee spelinteraksies, met en sonder bekende speelgoed, is derhalwe geselekteer as konteks waarbinne moeder-kind kommunikasie interaksie bestudeer is. Hierbenewens is versorgingsaktiwiteite van die proefpersoon moeder se eie keuse ook beskryf.

Gedurende versorgingsroetines soos voeding en doekomruil, ontlok versorgers bewustelik en onbewustelik response van hul babas soos ondermeer glimlagte en vokaliserings (Hess et al., 1997). Dié outeurs wys ook daarop dat, buiten die vokale en nie-vokale gedrag van die baba wat op natuurlike wyse tydens versorgingsaktiwiteite ontlok word, hierdie konteks ook woordeskatontwikkeling aanmoedig.

Alhoewel die pre-verbale kind tydens bogenoemde interaksies met die versorger meerendeels responsief reageer en in 'n mindere mate inisieër (Leyendecker, 1997), speel hy of sy tog 'n deelnemende rol as kommunikasie vennoot. Die verwagte kommunikasie vaardighede van jong kinders word vervolgens onder die soeklig geplaas om hul bydrae tot en onttrekking van stimulasie wat die versorger tydens die interaksie proses verskaf, in perspektief te beskou.

2.2.2 Die kommunikasie ontwikkeling van die pre-verbale kind

Pre-verbale kommunikasie baan die weg vir latere simboliese verteenwoordiging en linguistiese interaksie (Schieffelin & Ochs, 1986; Proctor, 1989). Hierdie kommunikasie vaardighede vorm 'n basis wat nodig is die ontwikkeling van konsepte, wat deur die gebruik van ekspressiewe taal verteenwoordig sal word teen die einde van die eerste jaar. Miguel (1995) toon aan dat ouers of versorgers reeds vanaf geboorte geneig is om betekenis te heg aan babas se nie-verbale gedrag en vokaliserings, wat opsigself 'n gespreksraamwerk daarstel wat as betekenisvol en kommunikatief van aard geïnterpreteer kan word. Tydens die tweede helfte van sy eerste jaar,

gebruik die jong kind die taal van sy versorger om betekenis uit sy omgewing te onttrek (Louw, 1990). Dié proses vind geleidelik plaas deurdat 'n kind leer om ook gesigsuitdrukings, intonasie patrone en nie-verbale leidrade te interpreteer en met die gesproke woord te verbind (Hess et al., 1997). Die produksie van woorde, of gebrek daaraan, kan egter nie as kriteria gebruik word om kommunikasie agterstande te diagnoseer nie, aangesien die voorlopers van kommunikasie, wat nodig is om konsepte en woorde te ontwikkel, dan nie in aanmerking geneem word nie (Van der Merwe, 1999). Tydens die eerste 12 maande is daar 'n vinnige toename in ontwikkeling oor alle domeine wat kommunikasie ontwikkeling kan ondersteun, en dit vir 'n baba op die ouderdom van nege maande moontlik maak om betekenis uit sosiale interaksies te onttrek (Fewell & Vadasy, 1983).

Die nege maande oue baba se growwe en fyn motoriese ontwikkeling is, volgens Louw (1990), van hulp in die verkenning van sy of haar omgewing wat dan sy of haar belangstelling vestig op die stimulasie wat die versorger aanbied. Volgens ontwikkelingskale (Developmental Assessment Schema, 1978) kan die baba sonder ondersteuning sit, kruip en oorrol, terwyl daar meer beheer is oor polsbewegings en die duim-vooringreep om na objekte uit te reik, asook speelgoed te manipuleer deur dit te skud, druk of slaan. Die baba se nie-verbale betrokkenheid by spelinteraksies neem toe deurdat hy sal poog om aksies na te boots en na afwesige objekte te soek, waarvan laasgenoemde die gevolg is van kognitiewe ryping wat plaasvind (Fewell & Vadasy, 1983). Dié kognitiewe ontwikkeling gee aanleiding tot die vaslegging van objekpermanensie sowel as die oorsaak-gevolg verhouding wat die verwerwing van taal steun.

Met verwysing na reseptiewe taalvaardighede, toon navorsing aan dat die baba van agt tot nege maande ondermeer begrip van eenvoudige verbale versoeke demonstreer en volgehoue aandag van ongeveer een minuut aan prente en objekte skenk (Rossetti, 1996). Die verwagte ekspressiewe taalvaardighede is dat die baba aandag verkry deur te skree of te vokaliseer terwyl dupliserende konsonant-vokaal babbelpatrone waargeneem word (Proctor, 1989). Babas van dié ouderdom poog om twee tot drie klanke en herhalende twee lettergreep kombinasies na te boots. Nabootsing van die baba se babbelpatrone word juis ook tydens hierdie studie ondersoek om 'n aanduiding van die moeder se responsiwiteit op haar baba te verkry. Alhoewel ware woorde min by nege maand oue babas voorkom, word ritme en intonasie van spraak wel nageboots. Alvorens

die eerste woorde by 'n baba kan voorkom, behoort sy of haar kognitiewe, motoriese en sosiaal affektiewe vaardighede asook voorlopers van kommunikasie, wat tydens interaksie met die versorger aangeleer word, toepaslik te ontwikkel (Rossetti, 1996). Nie-verbale kommunikasie gedrag wat hiertydens voorkom, is intensioneel van aard en behels onder andere responsiewe glimlag, frons, wys met vinger, kopskud en knik (Louw, 1990; Schieffelin & Ochs, 1986; Fewell & Vadasy, 1983).

Die motivering vir tekening van pre-verbale kinders van nege maande is dus tweeledig: Eerstens blyk dié ouderdomsgroep die vermoëns te vertoon om in wedersydse kommunikasie interaksie te tree wat bestudering van responsiewe gedrag van die moeder vergemaklik. Tweedens kan die insluiting as relevant beskou word omrede die invloed van moeders se interaksiepatrone op voorloper kommunikasie vaardighede duideliker by pre-verbale kinders kan blyk. Gevolglik kan die verkreeë inligting moontlik 'n verhoogde bewustheid van vroeër identifisering van kommunikasie vaardighede, voor die einde van eerste lewensjaar, veral by ouers, versorgers en professionele persone, in die hand werk. Die derde bepalende faktor in die taalverweringsproses, by name die aard van die versorger se kindgerigte spraak, sien as volg daarna uit:

2.2.3 Die komponente van moeder-kind interaksie wat taalontwikkeling ondersteun

Die aard van die verbale stimulasie waaraan babas en jong kinders tydens interaksie met hulle moeders of versorgers blootgestel word, word positief met die ontwikkeling van pre-verbale kommunikasie vaardighede geassosieer (Oren en Ruhl, 1997). Alhoewel die ontwikkelende kind baie vanuit die raamwerk van moeder-kind interaksie leer, voer Schieffelin en Ochs (1986) aan dat daar beperkinge is betreffende die mate waartoe die verbale omgewing van versorgers, fasiliterend tot die bemeestering van linguistiese vorms by jong kinders is. Na die mening van verskeie outeurs (MacDonald & Carrol, 1994; Fewell et al.; Rossetti, 1996) presteer kinders van moeders wat minder verbaal stimulerende kommunikasie gedrag toon, swakker op ontwikkeling skale. Die hoeveelheid kindgerigte spraak wat universeel voorkom varieer grootliks na gelang van die kulturele en sosio-ekonomiese dimensie waarin die interaksiepaar hulle bevind (Bernicot, Comeau & Feider, 1993). Die erkende verhouding wat daar bestaan tussen die verbale gedrag van moeders vanuit lae sosio-ekonomiese omgewings en die ontwikkeling van

kommunikasie vaardighede by babas en jong kinders hou, relevante implikasies vir hierdie studie in. Dit is egter nie net die frekwensie van spraak aan kinders gerig wat kommunikasie ontwikkeling fasiliteer nie, maar ook die taalinhoud en -vorm waaraan kinders blootgestel word.

Die vorm en inhoud van versorgers se spraak in gesprek met hul kinders, is afhanklik van 'n komplekse interaksie van biologiese, linguistiese en kulturele faktore (Fernald & Morikawa, 1993) en verrig 'n betekenisvolle funksie met betrekking tot sosialisering, binding en linguistiese ontwikkeling. Meer spesifiek word aangetoon dat dié unieke spraakmodel wat aan jong kinders voorgehou word, 'n bepaalde konteks vorm waarbinne fokus van aandag en begripsvermoë met beskikbare verbale stimulasie ooreenstem (Toda, Fogel & Kawai, 1990). Alhoewel die aanpassing van gesprekstyl 'n universele tendens is, het verskeie studies bevind dat hierdie modifiserings die spesifieke kultuur se beskouings aangaande die gesprek status van die kind, asook die moeder se persepsies van haar kind reflekteer (Cole & St. Clair-Stokes, 1984; Fernald & Morikawa, 1993; Miguel, 1995). Dit impliseer dat veralgemenings na aanleiding van 'n Westerse moeder-kind kommunikasie gesprekstyl, nie sondermeer in 'n diverse kulturele en linguistiese konteks soos plaaslik ondervind word, gemaak kan word nie. Die nie-verbale kommunikasie gedrag wat moeders openbaar, speel eweneens 'n onlosmaaklike rol in die taalverwerwingsproses.

Nie-linguistiese kommunikasie tydens kindgerigte spraak vertoon veral kulturele variasies met betrekking tot liggaamshouding, proksemie, gesigsuitdrukking, asook paralinguistiese leidrade soos intonasie, spraakspoed en pouserings (Toda et al., 1990). Die literatuur is dit eens dat die waarde van nie-verbale kommunikasie gedrag hoofsaaklik geleë is in die toespitsing en handhawing van aandag, oordrag van affek asook die ondersteuning van spraakpersepsie en taalbegrip (Spencer & Gutfreund, 1990; Rossetti, 1996; Salmon et al., 1998). Beide verbale en nie-verbale gedrag van moeders kan egter kommunikatief fasiliterend of beperkend van aard wees.

'n Uitstaande komponent wat kommunikasie interaksie tussen versorgers en hulle babas kenmerk en wat deur Haney en Klein (1993) aangewys word as een van die mees bepalendste faktore wat 'n invloed op die verwerwing van taalverwante vaardighede uitoefen, is responsiwiteit. Die aard

van responsiwiteit sowel as die wedersydse verhouding wat tussen 'n moeder se responsiewe gedrag, haar kind se interaksionele vaardighede en die direkte en indirekte omgewing waargeneem word, word skematies aan die hand van Figuur 3.2 verduidelik. Die rasionaal vir die fokus wat op die responsiewe gedrag van versorgers uit ekonomies minder gegoede omstandighede geplaas word, is tweeledig. Eerstens word responsiwiteit, weens die verwantskap met kindertaalontwikkeling, as 'n onontbeerlike komponent in die ondersoek na en fasilitering van moeder-kind kommunikasie tydens vroeë kommunikasie intervensie, beskou (Klein & Briggs, 1987; Spencer & Gutfreund). Hierbenewens word die voorkoms en aard daarvan onder versorgers met laer sosio-ekonomiese status, as meer beperkend en soms as direktief aangedui (Hoff-Ginsberg, 1991; Seeff & Bortz, 1994) Vervolgens sal die konsep van *responsiwiteit* na aanleiding van die definisie, aard en waarde beskryf word, waarna die verwantskap tussen responsiewe gedrag en die versorger se sosio-ekonomiese status voorgehou sal word.

2.3 Responsiwiteit tydens moeder-kind kommunikasie interaksie

Die mate waartoe versorgers respons-afhanklik op die vokale en nie-vokale gedrag van hul babas of jong kinders regeer, geniet wydverspreide aandag in vroeë intervensie literatuur weens die ontwikkelingsvoordele wat dit vir veral die pre-verbale kind inhou (Broerse & Elias, 1994; Miguel, 1995; Fewel et al., 1996). Responsiwiteit word dus, oor alle risiko-populasies heen, as vertrekpunt van vroeë kommunikasie intervensie benadruk.

2.3.1 Die definiëring van responsiewe gedrag

Responsiwiteit verwys na aaneenlopende diskoers waartydens 'n verhouding tussen die proporsionele inhoud van versorgers se spraak en die onmiddellike voorafgaande vokale en nie-vokale uitinge van die kind, waargeneem word (Cole & St. Clair-Stokes, 1984; Fewell et al., 1996). 'n Ouer of versorgers tree, volgens Miguel (1995), responsief op wanneer sy sensitief is om haar baba se seine waar te neem, korrek te interpreteer en daarop te reageer deur ontwikkelingstoepaslike stimulasie te verskaf. Afgesien daarvan dat die literatuur onderskeie elemente van responsiewe gedrag beklemtoon in 'n poging om dit te definieer, bestaan daar ooreenstemming rakende die waarde van responsiewe gedrag by moeders. Beide klinici en




FIG 1: RESPONSIWITEIT: BYDRAENDE FAKTORE, AARD EN INHOUD
(Saamgestel uit: Hoff-Ginsberg, 1991, Miguel, 1995, Smith, et al., 1996)

navorsers betrokke by vroeë intervensie, beskou responsiewe gedrag nie alleen as essensiële komponent in die ontwikkeling van kommunikasie, kognitiewe en sosio-emosionele vaardighede by jong kinders nie, maar ook as 'n aanduider van die kwaliteit van moeder-kind kommunikasie (Haney & Klein, 1993; MacDonald & Carrol, 1994; Fewell et al, 1996).

2.3.2 Die waarde wat aan responsiewe gedrag tydens moeder-kind interaksie geheg word

Die ontwikkeling van kommunikasie vaardighede by pre-verbale babas en jong kinders, spesifiek verwysende na die spoed van linguistiese verwerwing, word deur verskeie outeurs positief geassosieer met die mate waartoe moeders of versorgers hulle kommunikasie baseer op die gedrag wat hulle kinders openbaar, (Spencer & Gutfreund, 1990; Smith et al., 1996; Oren & Ruhl, 1997). Die interpretering van 'n baba se gedrag as intensioneel is, na die mening van Miguel (1995), van waarde aangesien die kind onder andere beurtname strukture aanleer terwyl verwantskappe tussen gedrag en semanties toepaslike kommunikasie gevorm word. Spraak wat semanties toepaslik is, is nie net betekenisvol vir taalaanleer nie, maar dra ook by tot die ontwikkeling van 'n bewustheid van sy of haar omgewing. Alhoewel navorsers relatief ooreenstemmende perspektiewe aangaande die veronderstelde waarde van responsiwiteit handhaaf, blyk sienings betreffende die waarde vir kinders van spesifieke ouderdom, te verskil. Blake (1983) gaan van die uitgangspunt uit dat intensionele responsiewe gedrag moontlik net fasiliterend van aard is tydens die vroeë fases van taalontwikkeling wanneer kinders se reseptiewe vaardighede beperk is en nuwe en komplekse linguistiese strukture nie geproseseer kan word nie.

'n Bykomende voordeel van responsiewe gedrag tydens moeder-kind kommunikasie interaksie is 'n hegte emosionele binding wat sosiale vaardighede aanmoedig (Raack, 1989; Fewell et al., 1996). Responsiwiteit word ook aangedui as voorspeller van kognitiewe vaardighede (Richman et al., 1992). Ten spyte daarvan dat responsiwiteit, as betekenisvolle aspek van moeder-kind kommunikasie interaksie aangedui word, sal die teendeel van die effek van minder responsiewe of direkte gedrag ook implikasies vir taalverwerwing inhou.

Alvorens afleidings aangaande moeders se responsiewe gedrag, die kwaliteit van interaksie of die mate waartoe ontwikkeling plaasvind, gemaak kan word, behoort die omvang van moeders se

ingesteldheid op hul baba se seine in ag geneem te word. Spraak-taalterapeute oudioloë behoort derhalwe teen stereotipe en oorvereenvoudigde gevolgtrekkings aangaande moeders se responsiewe gedrag te waak deur die aard van verbale sowel as nie-verbale gedrag volledig te omskryf tydens evaluering van moeder-kind kommunikasie interaksie (Van Kleeck, 1992). Wanneer die potensiële ontwikkelingsvoordele van responsiwiteit in aanmerking geneem word, vorm dié gedragsvorm 'n integrale deel van vroeë kommunikasie intervensie. Die insluiting van die moeders se responsiewe gedrag wat hulle teenoor pre-verbale babas van nege maande vertoon, blyk dus relevant te wees.

2.3.3 Die aard van verbale en nie-verbale responsiewe gedrag

Moeders beskik oor 'n natuurlike vermoë om hulle gedrag en gesprekstyl aan te pas in 'n poging om vir die ontwikkelingsvermoë van hul jong kinders te kompenseer (Fernald & Morikawa, 1993). Sodanige modifierings betrek die vorm, inhoud asook diskoersstruktuur van hulle gesprekke. Alhoewel individuele interaksiestyle merkwaardig tussen kultuurgroepe en spraakgemeenskappe verskil, verskaf die literatuur 'n aanduiding van bepaalde gedragseienskappe wat kenmerkend is van die responsiewe gedrag wat versorgers teenoor hulle kinders openbaar.

Die responsiewe gedrag wat versorgers tydens die strukturering van diadiese interaksie vertoon is beide verbaal en nie-verbaal. Verbale responsiewe gedrag word deur Broerse en Elias (1994) verdeel in twee kategorieë, naamlik inligtinggewende en nie-inligtinggewende uitinge. Tydens die navorsingstudie onderneem, is alle responsiewe uitinge wat *proefpersoon* moeders op hul babas se gedrag, openbaar het, aangeteken. Responsiewe gedrag behels onder andere nabootsing van die baba se vokaliserings, respons in die vorm van 'n 'antwoord' sowel as herhaling en uitbreiding van die vokaliserings, babbelpatrone of woorde (Spencer & Gutfreund, 1990; Hoff-Ginsberg, 1991). Nie-verbale responsiwiteit word ondermeer oorgedra deur oogkontak, aanraking, glimlag, geanimeerde gesigsuitdrukking en/of die onderbreking van 'n aktiwiteit of verbalisering (Miguel, 1995).

Moeders kan egter ook gesamentlik op verbale en nie-verbale wyses sensitiwiteit teenoor hulle babas demonstreer, deur gebruik te maak van interaktiewe strategieë soos die gesamentlike fokus

op aktiwiteit of objek, die behouding van die baba se aandag en belangstelling asook handhawing van gespreksonderwerp (Smith et al., 1996). Hierdie outeur wys ook daarop dat ondersoek na die gedragsvorm 'volg en behouding van 'n baba se belangstellingsveld' belangrik is, aangesien 'n vergelyking tussen die voorkoms daarvan en kindertaalverwerwing getref kan word. Navorsing toon dat, wanneer moeders dikwels hul babas se aandag gedurende spel en alledaagse aktiwiteite behou, dit positief geassosieer word met hoër vlakke van ontwikkeling betreffende kognisie, ekspressiewe en reseptiewe taal (Smith et al., 1996). Gevolglik sal dit van waarde wees om hierdie responsiewe interaksie strategieë gedurende die beskrywing van moeder-kind kommunikasie interaksie in te sluit sodat dit, indien van toepassing, gefasiliteer kan word ter ondersteuning van kommunikasie vaardighede.

Responsiwiteit word egter beskou as 'n wedersydse proses tussen die kommunikasie venote (Spencer & Gutfreund, 1990). Die spesifieke aard van moeders se responsiewe gedrag sowel as die funksie wat dit vervul soos om te stimuleer, te troos of gespreksonderwerp te handhaaf, is afhanklik van die gedrag wat hul babas of jong kinders openbaar.

Die natuurlike intersubjektiewe hipotese stel dit dat die gedrag van babas hul moeders se daaropvolgende optrede oor die verloop van tyd sal beïnvloed (Brinker, Baxter & Butler, 1994). Daar word dus van die veronderstelling uitgegaan dat moeders meer sensitief en responsief sal wees indien hulle babas inisieër en responsief is op die kommunikasie wat aan hulle gerig word. In teenstelling, sal moeders waarskynlik progressief minder sensitief optree wanneer hul babas self gebrekkige responsiwiteit vertoon. In hierdie opsig meld talle outeurs dat die moeder-kind interaksie nadelig deur die beperkte responsiewe gedrag van jong kinders geraak word (Conti Ramsden & Dykins, 1991, Moseley, 1990; Caissie & Cole, 1993). Die gevolg van sodanige beperkte betrokkenheid van 'n baba of jong kind weens ondermeer biologiese risikofaktore, gehoorgestremdheid of 'n taalontwikkelingsagterstand, kan daartoe aanleiding gee dat moeders dominansie of beheer oor die interaksie verhoog (Spencer en Gutfreund, 1990). Die voorkoms van beide geïnisieerde en responsiewe vokale gedrag van die pre-verbale kind, vorm dus 'n onlosmaaklike deel van die ondersoek na moeders se responsiwiteit. Direktiwiteit in moeders se kommunikasie gedrag word, is tradisioneel beskou as 'n negatiewe interaksionele styl wat, ontwikkelende kommunikasie vaardighede kan strem. Direktiwiteit kan egter ook van waarde

wees vir die pre-verbale kind gedurende sy of haar taalverwerwingsperiode, soos vervolgens aangetoon sal word.

2.3.4 Direktiwiteit teenoor responsiwiteit tydens moeder-kind kommunikasie interaksie

Die meerderheid literatuur en navorsingstudies in die verlede het aangedui dat 'n responsiewe interaksiestyl die belangrikste aspekte van taalontwikkeling ondersteun, terwyl direkte negatief gestereotipeer is (Schieffelin & Ochs, 1986; Klein & Brgiss, 1987; Hoff-Ginsberg, 1991). Interessant en in teenstelling met voorafgaande, lewer meer onlangse navorsing bewys daarvan dat babas met ontwikkelingsagterstande, meer baat vind by direkte interaksiestyle (Smith et al., 1996). Dit blyk dus dat die tradisionele beskouing aangaande direktiwiteit nie sekere aspekte rakende moeder-kind kommunikasie interaksie in aanmerking geneem het nie, wat ontoepaslike afleidings tot gevolg gehad het.

Alhoewel direkte interaksionele patrone van moeders in die verlede met vertraagde taal en sosiale ontwikkeling geassosieer is, bevind Smith et al (1996) dat die relatiewe proporsie gedragsdirektiewe nie betekenisvol verband hou met die moeder se responsiwiteit op die kind se kommunikasie gedrag nie. Die outeurs wys daarop die problematiek verbonde aan die neiging om interaksionele gedrag in terme van 'n eenvoudige positiewe of negatiewe dimensie te beskou, daarin geleë is dat direktiwiteit verwar word met 'n spesifieke taaloriënteerde styl van interaksie. Diesulke afleidings aangaande direkte gedrag tydens moeder-kind kommunikasie interaksie, het 'n belangrike effek gehad op die wyse waarop die styl van moeders verkeerdelik gekonseptualiseer is. Smith et al (1996) voer aan dat gedrag dikwels buite konteks geïnterpreteer is, wat die onderskeiding van individue uit sekere omgewings tot gevolg gehad het, terwyl die feit geïgnoreer is dat die struktuur en betekenisvolheid van gedrag nie konstant is oor tyd en fases van die kind se ontwikkeling nie. Pine (1992) is van mening dat dit meer akkuraat sou wees om te onderskei tussen taaloriënteerde en gedragsoriënteerde aktiwiteite eerder as 'n tipe interaksie styl. Dit blyk dus van waarde te wees om in gedagte te hou dat verskillende vorme van direkte gedrag, verskillende tipes kommunikasie intensies reflekteer wat weer verskillende ontwikkelingsvaardighede op verskillende wyses positief beïnvloed.

Die gebruik van direkte tydens moeder-kind interaksie strek tot voordeel van veral die pre-linguistiese kind (Salmon, Rowan & Mitchell, 1988). Die verwerwing van woordeskat sowel as die aanleer van versoeke en intensionele kommunikasie kan, na die mening van die genoemde outeurs, klaarblyklik hierdeur bevorder word. Ter bevestiging van die standpunt noem Smith et al (1996) dat direkte wat aangewend word om 'n jong kind se fokus van aandag te rig, verwant is aan woordeskatgroei. Hierbenewens word daarop gewys dat moeders se gebruik van direkte kommunikasie gedrag gerig is om vokale, verbale en nie-verbale response van jong kinders te ontlok en dat dié direkte vroeë of bevelstrukture meer suksesvol is as responsiewe gedrag. (Caissie & Cole, 1993; Rabain-Jamin & Sabeau, 1997). 'n Bykomende voordeel van direktiwiteit is dat navorsingsbevindings aandui dat 'n moeder se direkte taalgedrag, selfs ondersoekende spel kan fasiliteer (Smith et al., 1996). Buiten die aard van direkte gedrag wat in ag geneem behoort te word, noem Caissie en Cole (1993) dat die kommunikasie vaardighede van die kind ook 'n rol speel tydens die interpretering van direkte gedrag. Na die mening van hierdie outeurs kan direktiwiteit 'n fasiliterende funksie vir diegene met 'n kommunikasie afwyking of risiko daarvoor, vervul. Dit impliseer dus dat die ontmoediging van die gebruik van alle vorms van direkte gedrag, soos gevind in intervensieprogramme, van naderby ondersoek behoort te word.

Ten spyte van die gemelde gunstige effek wat direkte gedrag op veral jong kinders se woordeskatgroei uitoefen, behoort daar egter gewaak te word teen oorveralgemenings en die konteks van die moeder- of versorger se kommunikasie gedrag eers deeglik bestudeer behoort te word. Klein en Briggs (1987) stel dit duidelik dat spraak-taalterapeute en oudioloë noukeurige ondersoek behoort in te stel veral na die gebruik van nie-direktiewe of responsiewe gedrag van ouers of versorgers. Sou moeders of versorgers min of geensins op hul kinders se vokalisering of ongemakseine reageer óf nie geleenthede vir beurtname verskaf nie, kan dit as 'n negatiewe interaksie patroon beoordeel word, wat nie kommunikasie ontwikkeling steun nie.

Die oorgrote meerderheid literatuur in die negentiger jare huldig ooreenstemmende standpunte rakende die potensiële voordele van direkte gedrag tydens moeder-kind kommunikasie interaksie. Plaaslik blyk 'n soortgelyke 'nuwer' benadering tot die beskouing van die gebruik van direkte, vroeë intervensie programme te kenmerk, ten einde stereotipe afleidings, veral ten

opsigte van lae sosio-ekonomiese kontekste, te verhoed. So 'n beskouing behoort die kommunikatiewe vermoë en ouderdom van die kind, die aard, doel van direkte gedrag asook die konteks waarin dit plaasvind, in aanmerking te neem.

Die konteks waarin die moeder-kind kommunikasie interaksie voorkom, met spesifieke verwysing na sosio-ekonomiese status, behoort die raamwerk te wees waarvolgens afleidings aangaande die verbale stimulasie van moeders en gevolglik ook taalverwerwing, gemaak word. Die ondersoek na die unieke konteks van interaksie is relevant, aangesien die responsiewe gedrag van moeders of versorgers, hulle opvoedkundige vlak asook kulturele agtergrond reflekteer (Richman et al 1992, Harkness, 1990; Pine, 1992; Seeff & Bortz, 1994; Brinker, et al 1994). Suid-Afrika word gekenmerk deur 'n multi-kulturele en multi-linguistiese populasie wat die hele spektrum van sosio-ekonomiese status verteenwoordig, met 'n beduidende persentasie persone behoorend tot die lae sosio-ekonomiese klas.

Alvorens ondersoek ingestel word na die verband tussen die invloed van sosio-ekonomiese deprivasie en moeder-kind kommunikasie interaksie sowel as die plaaslike toepassingswaarde, word die konsep sosio-ekonomiese status as omgewingsrisiko beskryf.

2.4 Sosio-ekonomiese status as 'n omgewingsrisiko vir moeder-kind kommunikasie interaksie

Die risikofaktore wat babas en jong kinders vir afwykende of agterstande in kommunikasie vaardighede kan vertoon, word onderskei as biologiese, bevestigende risiko's en omgewingsrisiko's. Laasgenoemde risikofaktor, wat ondermeer armoede, lae opvoedingspeil en tienerswangerskappe behels, is eweneens bepalend vir ontwikkeling en kan ook die vroeë vestiging van positiewe versorger-kind interaksie patrone ondermyn (Klein & Briggs, 1987; Hughes, 1992; Hertzman & Wiens, 1996; Leyendecker et al., 1997). In Suid-Afrika kom 'n verhoogde prevalensie van kinders met 'n risiko vir kommunikasie afwykings voor, wat gedeeltelik aan die hand van derde wêreld toestande wat in sekere lae sosio-ekonomiese omgewings voorkom, verklaar kan word (Pickering, et al 1998). Ten einde moeder-kind kommunikasie interaksie in sodanige lae sosio-ekonomiese omgewings in perspektief te beskou,

word die verwantskap tussen 'n kind se omgewing en sy of haar linguistiese ontwikkeling as volg uiteengesit.

Die vroeë ervarings waaraan babas en jong kinders blootgestel word, is uiters bepalend vir hulle ontwikkeling op verskeie terreine (Hughes, 1992; Rossetti, 1996). Ten opsigte hiervan toon Hess et al., (1997) toon aan dat babas wat aan 'n omgewing blootgestel word wat nie fasiliterend en ondersteunend van aard is nie, minder uitinge van toegeneëndheid, responsiewe interaksie sowel as minder stimulerende speelgoed ontvang. Hierbenewens dui Oren en Ruhl (1997) aan dat die fisiese konteks betreffende speelmateriaal, meubels, beskikbare ruimte asook die bereidheid en tyd wat versorgers afstaan om kinders te stimuleer, 'n relevante bydrae tot die ontwikkeling van ouderdomstoepaslike vaardighede lewer. Bykomende faktore wat die sosio-ekonomiese omgewing ook omskryf, is die bepaalde gemeenskap se kinderopvoedingspraktyk, blootstelling aan boeke, voorskoolse onderrig en die beskikbaarheid van radio en televisie (Coetzee, 1996 in Buitendag, 1996).

Jong kinders vanuit lae sosio-ekonomiese omstandighede, vertoon derhalwe 'n groter risiko vir ontwikkelings-, gedrags- en opvoedingsagterstand vertoon as diegene uit die middelklas (Lequerica, 1997). Hierdie fenomeen kan daaraan toegeskryf word dat kinders vanuit lae sosio-ekonomiese agtergrond 'n verlaagde weerstand teen endogene en eksogene 'bedreiging' in hulle ontwikkeling toon. (Lequerica, 1997). Klaarblyklik is die literatuur dit eens dat lae sosio-ekonomiese toestande die ontwikkeling van jong kinders kan beperk, alhoewel die verwysing na die spesifieke dinamiek onderliggend aan die verwantskap tussen sosio-ekonomiese status en moeder-kind interaksie soms vaag en onduidelik is. Gevolglik word sosio-ekonomiese status as sulks meer breedvoerig bespreek.

Sosio-ekonomiese status word sosiaal gedefinieer in terme van bepaalde veranderlikes, onder andere inkomste, beroepstatus, opvoedingspeil, lewensmiddels, tuisomgewing en eiendomsbesit (Buitendag, 1997; Leyendecker et al., 1997). Die gesinslewe en huislike organisasie, opvoedingspeil van die moeder en die kwaliteit en kwantiteit van stimulasie wat die kind gevolglik ontvang, is, aldus Buitendag (1997), selfs 'n belangriker voorspeller van die kind se taal en kognitiewe ontwikkeling as inkomste. Persone behoorend tot 'n laer sosio-ekonomiese klas is

egter nie 'n homogene groep nie, en geen enkele hipotese kan alle moeders vanuit lae sosio-ekonomiese agtergrond beskryf nie. Dít impliseer dat veralgemening sowel as die vereenvoudiging van die invloed wat bepaalde parameters van sosio-ekonomiese status op taalverwerwing uitoefen, nie sondermeer kan plaasvind nie. Vervolgens word die verbandhoudende 'interne' faktore wat by die versorger waargeneem word, asook die implikasies daarvan op die interaksie met taalverwerwing van jong kinders, uiteengesit.

2.4.1 Sosio-ekonomiese deprivasie en bepaalde kenmerke van die versorger

Die opvoedkundige vlak, ouderdom en huwelik status van moeders, tesame met die houding en persepsies jeens kinderopvoeding, speel 'n betekensvolle rol tydens die bestudering van kommunikasie interaksie tussen moeders of versorgers en kinders (Altman & Mills, 1990; Cleaver, 1994).

2.4.1.1 Opvoedingspeil van die versorger

Die opvoedingspeil van die moeder word beskou as die belangrikste bepaler van die tipe opvoedingsmilieu waarin die kind ontwikkel sowel as die kwaliteit en kwantiteit van linguistiese en kognitiewe stimulasie wat verskaf word (Adler, 1990; Richman et al., 1992; Owens, 1995). Formele opleiding, wat die versorger voorsien van verbale vaardighede en modelle vir kommunikasie, kan 'n sosialiseringsagent wees wat persepsies aangaande kinderopvoedingspraktyke vorm (Richman et al., 1992). 'n Resente plaaslike studie toon 'n verwantskap tussen gebrekkige taalleergeleenthede deur ouers voorgehou en swakker akademiese prestasie later (Buitendag, 1997). In dié opsig reflekteer latere onderprestasie nie noodwendig taalleergestremdheid nie, maar eerder leergeremdheid weens lae vlakke van opvoedings wat ouers en versorgers openbaar. Alhoewel daar tans teenstrydige bevindinge en gevolgtrekkings rondom die verwantskap tussen die moeders se opvoedingspeil en skoolgaande kinders se akademiese prestasie bestaan, dui 'n uitgebreide literatuurbasis wel 'n verhouding met jong kinders se ontwikkeling aan (Crane, 1996; Duncan, et al., 1994; Rossetti, 1996).

Meer spesifiek, bestaan daar 'n verband tussen 'n moeder se opvoedingspeil en die frekwensie en inhoud van verbale interaksie. 'n Studie onderneem deur Duncan, et al (1994) het bevind dat moeders uit die hoër middelklas, wat tersiêre opleiding ontvang het, 'n groter hoeveelheid verbale interaksie vertoon. Die bevinding dat moeders uit die hoër en middelklas in teenstelling met dié uit die laer klas geneig is om 'n groter hoeveelheid verbale uitinge en gevolglik ook 'n wyer verskeidenheid woordeskat te gebruik, word ook bevestig deur Richman et al (1992). Sosiale klasverskille is veral ten opsigte van woordeskat waarneembaar. Benewens die verskille wat ten opsigte van die inhoud, frekwensie van gebruik en gesprekstruktuur van versorgers se spraak waargeneem word, blyk die duur van interaksie ook oor die kontinuum van sosiale klasse heen te varieer (Hoff-Ginsberg, 1991). Die variasies wat met betrekking tot die verbale kommunikasie van moeders vanuit lae sosio-ekonomiese omgewings waargeneem word, sal waarskynlik ook verskille in die gebruik en aard van hulle responsiewe gedrag impliseer.

Verbale responsiwiteit van moeders is vir 'n geruime tyd geassosieer met hul opvoedingspeil. Cleaver (1994) wys daarop dat 'n moeder se onvermoë om haar kind se kommunikasie intensie korrek te interpreteer of toepaslike response te ontlok, 'n beperkende uitwerking op die spontaniteit van die kind se vokale of verbale gedrag kan hê. Outeurs soos Richman et al (1992); Harkness (1990) en Hoff-Ginsberg (1991) maak melding daarvan dat die spraak van moeders met 'n laer opvoedingspeil meerendeels direktief van aard is en dat hulle oor die algemeen minder responsief optree. Resente navorsing deur Leyendecker et al (1997) lewer verder bewys dat hoë opvoeding positief verband hou met 'n groot aantal vokaliseringe, responsiewe uitinge sowel as 'n toename in vokalisering by babas waargeneem. Soos vroeër aangedui, is die voorkoms van responsiwiteit en die daaropvolgende effek op kindertaalverwerwing nie simplisties nie. Die spraak-taalterapeut oudioloog, behoort dus, alvorens aannames aangaande responsiwiteit by moeders van lae sosio-ekonomiese status gemaak word, individualisties en objektief ondersoek in te stel.

Studies wat responsiwiteit in moeders se spraak ondersoek, meet responsiewe uitinge in terme van die proporsie geïnisiëerde uitinge wat response van die moeder ontvang het. Sodanige interpretasie is, aldus Hoff-Ginsberg (1992), problematies, aangesien daar variasie met betrekking tot spraaksamheid tussen sosio-ekonomiese klasse voorkom. Kommentaar hierop

gelewer deur Pine (1992), dui aan dat 'n beskrywing van die kwalitatiewe verskille tussen moeders met 'n gemiddelde en lae opvoedingspeil tot misverstand aanleiding kan gee. Navorsers en klinici kan derhalwe foutiewelik die afleiding maak dat lae sosio-ekonomiese klas moeders se spraak, in vergelyking met middelklas moeders, meer direktief is, terwyl hulle nie noodwendig meer direktiewe gebruik nie, maar minder praat en dus nie soveel ander spraaktipes vertoon wat direktiewe kan 'kamoefler' nie. Buiten kulturele en individuele variasies waargeneem by beide moeder en kind, speel die konteks waarin moeder-kind interaksie geskied, 'n betekenisvolle rol in die interpretering van die responsiewe en direktiewe gedrag van moeders (Seeff & Bortz, 1994). Navorsing wat moeders met onderskeidelik 'n lae en hoë opvoedingspeil as proefpersone benut het, toon dat versorgingsaktiwiteite by beide klasse 'n meer direktiewe gesprekstyl ontlok, maar dat spel by die middelklas moeders minder direktief voorgekom het (Hoff-Ginsberg, 1991).

Dit blyk derhalwe van belang te wees om ondersoek in te stel na die onderliggende sosio-ekonomiese faktore wat die moeder as fasiliteerder van ontwikkeling, kan beïnvloed, veral in die lig van die plaaslike konteks waar lae sosio-ekonomiese omgewings algemeen voorkom. Dit is egter van belang om op te merk dat die unieke situasie waarin 'n jong kind, sy of haar familie en hul huislike organisasie hul tydens die jong kind se eerste lewensjaar bevind, nie alleenlik met verbale stimulasie en responsiwiteit verband hou nie, maar ook met kognitiewe vermoëns van die kind (Bee et al., 1982, Hoff-Ginsberg, 1991).

Twee bykomende interne eienskappe van versorgers wat die moeder-kind kommunikasie interaksie kan beïnvloed, en tydens die interpretering van resultate verkry, inaggeneem behoort te word, is die ouderdom en huwelikstatus van die moeder.

2.4.1.2 Ouderdom en getroude status van die moeder

Die kwaliteit van ouerskap hou verband met die ouderdom van die moeder (Clever, 1994). Jonger moeders van tussen 18-20 jaar kan as 'n risikogroep beskou word aangesien hulle onder andere minder selfvertroue en ondervinding vertoon, maar dikwels meer frustrasie ondervind weens faktore soos byvoorbeeld enkelouerskap, gebrekkige ondersteuning, finansiële beperkings of staking van skoolloopbaan.

Enkelouerskap, wanneer dit gepaardgaan met armoede en gebrekkige sosiale en morele ondersteuning, is spanningsvol en word ook met wanaanpassing van kinders geassosieer (Skuy, Koeberg, & Fridjhon 1997). In die besonder, dui Duncan et al (1994). aan dat die hoeveelheid asook aard van sosiale ondersteuning wat aan moeders met jong babas gebied word, noue verwantskappe met die kommunikasie gedrag wat hulle teenoor hul kinders gebruik In families met jong enkelmoeders, wat kenmerkend is van laer sosio-ekonomiese klasse, is die waarneming gemaak dat die inwoning van 'n ouma op 'n hoër kwaliteit van ouerskap dui (Chase-Lansdale, Brooks-Gun & Zamsky, 1994). Oumas blyk meer responsief as tienermoeders te wees en gevolglik maak laasgenoemde outeurs die afleiding dat sodanige huishoudings meer effektief is in die bevordering van sosio-emosionele gesondheid. Leemtes betreffende 'n ondersteuningsnetwerk impliseer, volgens Chase-Lansdale et al (1994), 'n hoër spanningsvlakke vir diégene wat weens 'n laer beroepstatus of werkloosheid 'n laer of geen konstante inkomste ontvang.

Tydens 'n plaaslike navorsingstudie is bevind dat ouer moeders en diegene met 'n hoër tersiêre opvoedingsvlak, 'n hoër kwaliteit interaksie vertoon as wat die geval met enkel en geskeide moeders is (Cleaver, 1994). Finansiële spanning, sosiale druk en die verantwoordelikheid wat kindgrootmaak meebring, word waarskynlik meer intensief ervaar deur moeders wat die broodwinners en enkelouers is.

Dit wil voorkom asof jong, enkel moeders vanuit lae sosio-ekonomiese groepe met geen tersiêre opleiding die hoogste risiko vertoon vir minder positiewe interaksiepatrone. Die Kleurlinggemeenskap in die breet word, soos Buitendag (1997) aantoon, juis gekenmerk deur 'n hoër insidensie van tienerswangerskappe, wat spanning op jong ongetroude moeders plaas en waarskynlik hul houdinge en responsiwiteit teenoor hulle kinders beïnvloed. Die verskille ten opsigte van interaksiestyle wat tussen sosiale klasse aangetref word, reflekteer enersyds, soos reeds aangetoon, die interne eienskappe van die versorger, maar andersyds ook die eksterne omstandighede soos armoede. Vervolgens word lig gewerp op families in ekonomies gedepriveerde gebiede, terwyl die gepaardgaande spanning wat die moeder-kind interaksie van lae inkomste groepe affekteer, ook vermeld word.

2.4.2 Eksterne faktore: Lae inkomste en moeder-kind-kommunikasie interaksie

Die verband tussen armoede en die kommunikasie interaksie tussen moeders en hul kinders, is kompleks. Navorsing onderneem deur Chase-Landsdale et al (1994), dui aan dat armoede die kwaliteit van moeder-kind interaksie kan ondermyn. Moeders behoorend tot lae sosio-ekonomiese groepe ondervind betekenisvolle hoër vlakke van spanning en depressie wat die vermoë van moeders om ondersteunend op te tree, kan beperk (Brinker et al., 1994). Spanning wat oor 'n lang tydperk ondervind word, gaan dikwels met depressie gepaard en verklaar die negatiewe emosies en gemoedstoestande wat by lae sosio-ekonomiese klasse geïdentifiseer word (Jackson, 1994). Hierbenewens is bevind dat lae inkomste en enkel moeders van voorskoolse kinders, in vergelyking met middel en hoë inkomste moeders met of sonder ondersteuning, 'n hoër risiko vir depressie vertoon (Chase-Landsdale et al., 1994). Interessant, toon 'n plaaslike studie uitgevoer deur Cleaver (1994), dat negatiewe emosies rondom kinders deur beide hoë en lae inkomste moeders ervaar word, maar dat persone van laer sosio-ekonomiese status dit as meer sosiaal aanvaarbaar beskou om uiting aan gevoelens van woede en frustrasie te gee. Hierdie feit benadruk weer eens dat spraak-taalterapeute oudioloë oordeelkundige en toepaslike afleidings behoort te maak wanneer hulle die kommunikasie gedrag van moeders uit minder gegoede omgewings beskryf.

Positiewe korrelasies tussen ouers se inkomste en kommunikasie interaksie met hul kinders, word deur 'n aantal navorsingstudies aangedui. In vergelyking met versorgers wat 'n hoë inkomste verdien, word 'n laer frekwensie van uitinge tydens moeder-kind interaksie by groepe met 'n laer inkomste, opgemerk (Cleaver, 1994). Smith et al (1996) voeg hierby dat moeders wat in armoede leef en premature of siek babas het, minder responsief sal optree weens die sinergistiese effek wat armoede en spanning op versorging het. 'n Standpunt word deur Hashima & Amato (1994) gehuldig wat aanvoer dat versorgers en moeders, indien hulle finansiële posisies verswak, hul responsiewe en ondersteunende gedrag sal verminder, terwyl daar tegelykertyd 'n toename in direkte en kontrolerende style kan wees. Hierdie bevinding kan ook van toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks gemaak word. Meer spesifiek dui Buitendag (1997) aan dat daar by die Kleurlinggemeenskap, wat die Eersterus woongebied insluit, oor die algemeen 'n laer vlak van inkomste en werkloosheid voorkom. Die implikasies wat ekonomiese deprivasie op

taalverwerwing uitoefen, blyk as volg: Babas en jong kinders behoorend tot lae sosio-ekonomiese klasse en swak versorgende omgewings, verwerf spraak en taal stadiger (Hess et al., 1997). Dié bevindings dui ook op swakker taal en akademiese vaardighede wanneer hierdie kinders se formele onderrig in aanvang neem.

Inkomste en sosiale klas is egter nie sinonieme begrippe nie. Die duur, intensiteit en potensiele invloed asook bykomende aspekte soos die toeganklikheid van hulpbronne in 'n familie se woonbuurt, speel 'n bepalende rol. Die verhouding tussen inkomste en ontwikkelingsgevolge word meerendeels beïnvloed deur die eienskappe van die moeder en haar gedrag aangesien ekonomiese deprivasie nie net kinders affekteer nie, maar ook 'n psigologiese invloed op versorgers uitoefen. Benewens die stremmende finansiële posisie waarin moeders of versorgers hulle kan bevind, oefen die swakker ekonomiese toestande wat huidiglik in Suid-Afrika heers, ook 'n invloed uit aangesien beskikbaarheid en befondsing van dienslewering gebrekkig is.

Teen die raamwerk van eksterne faktore soos armoede, die gesinslewe en huislike organisasie in totaliteit gesien, blyk die opvoedingsvlak van die moeder, en daarmee saam die linguïstiese stimulasie wat 'n kind ontvang, die mees betekenisvolle voorspeller van taal en kognitiewe ontwikkeling te wees, aldus Coetzee (1996 in Buitendag, 1997).

Vanuit die beskrywing rakende die aspekte wat moeder-kind kommunikasie interaksie affekteer, het dit duidelik geblyk dat sosio-ekonomiese status 'n bepalende rol speel. Daar is aangedui dat omgewings risikofaktore soos lae opvoedingspeil, inkomste en die situasie waarin die familie hulle bevind, die moeder-kind interaksie in so 'n mate kan beïnvloed dat dit normale kindertaalverwerwing kan beperk. Inaggenome daarvan dat sosio-ekonomiese toestande meer prevalent in Suid-Afrika, en in die besonder by 'n minderheidsgroep soos die Kleurlinggemeenskap voorkom, word Eersteruswoongebied as bron van data vir hierdie studie geselekteer. Vervolgens word die voorkoms van potensiele omgewings risikofaktore binne hierdie konteks, geïnterpreteer.

2.5 Die kleurlinggemeenskap en moeder-kind kommunikasie interaksie

Die Kleurlinggemeenskap as minderheidsgroep, maak 10% van die Suid-Afrikaanse bevolking uit en alhoewel Kleurlinge in 'n enkele bevolkingsgroep ingedeel word, word hulle gekenmerk deur 'n hoë mate van heterogeniteit (Skuy, et al 1997). Laasgenoemde outeurs wys daarop dat die Kleurlinggemeenskap se sosio-kulturele waardes en norme meerendeels ooreenstem met dié van die Blanke gemeenskap en Westerse wêreld, maar dat hulle weens onder andere 'n geskiedenis van ongunstige sosio-politiese omstandighede, sosio-ekonomies swakker daaraan toe is. In die Kleurlinggemeenskap bestaan daar 'n definitiewe patroon van stratifikasie wat 'n sterk klasbewustheid, gegrond op inkomste, beroep en woongebied, tot gevolg het (Scheffer, 1993; Buitendag, 1997). Hoë sosio-ekonomiese groepe maak 20 % van die gemeenskap uit terwyl die middel en lae sosio-ekonomiese groepe onderskeidelik 40% is. Die inkomstepatroon van die Kleurlingbevolking kan met dié van Blankes vergelyk word, alhoewel dit in geheel laer is. Van der Merwe (1999) dui aan dat die waarneming aangaande die vlak van inkomte in die Kleurlinggemeenskap, ook van toepassing is op die Eersterus gemeenskap waar werkloosheid algemeen is en 95 % van die proefpersone tydens gemelde studie se inkomste gemiddeld laag was. Die sosio-ekonomiese problematiek van die Kleurlingbevolkingsgroep in die Eersterus woongebied word vervolgens oorsigtelik beskryf.

2.5.1 Die sosio-ekonomiese problematiek van die Kleurling gemeenskap te Eersterus

Die opvoedingspeil van die Kleurlinggemeenskap in Eersterus is, soos Buitendag (1997) aandui, oor die algemeen laag. Persentasiegewys het 'n gemiddeld van 8% van die breë Kleurlinggemeenskap matriek en tersiêre opleiding ontvang. Aangesien die moeder die sterkste bindende faktor in hierdie gemeenskappe is, word daar hoë eise aan kinderopvoeding gestel. Die gevolge van die moeder se lae opvoedingspeil is, soos reeds aangetoon, geleë in die linguïstiese en kognitiewe ontwikkeling van die jong kind. Hierbenewens dui Lequerica (1997) aan dat moeders se vlak van opvoeding positief korreleer met vroeë identifikasie van ontwikkelingsagterstande of afwykings. Dit is ook relevant in Eersterus waar onkunde aangaande die risikofaktore vir kommunikasie afwykings of agterstande waargeneem word (Van der Merwe, 1999).

'n Verdere implikasie van die lae opvoedingspeil is dat daar 'n wesenlike behoefte aan pre-primêre taalverryking bestaan. Alhoewel bewaarskole redelik algemeen is, word 'n tekort aan opgeleide kleuterskoolonderwyseresse in Kleurlinggemeenskappe ondervind (Buitendag, 1997). Die leemte met betrekking tot pre-primêre onderrig, het waarskynlik 'n nadelige uitwerking op voorskoolse kinders se skoolgereedheid en gevolglike akademiese funksionering. Outeurs soos Alant (1984) en Buitendag (1997) merk bevestigend op dat voorskoolse en skoolgaande Kleurlingkinders in Eersterus 'n relatiewe hoë voorkoms van spraaktaalpatologie en gehoorverliese vertoon.

Sosio-ekonomiese status word nie op opvoedingspeil alleen gebaseer nie, maar ook na gelang van inkomste as weerspieëling van beroepstatus. Onder die Kleurlingbevolking is die beroepstruktuur laag en die oorgrote meerderheid persone bevind hulle in laaggeskoolde en ongeskoolde beroepe wat tot armoede aanleiding gee (Skuy et al., 1997). Hierdie outeurs dui aan dat armoede, werkloosheid, oorbewoning en swak behuising wel positief korreleer met die algemene voorkoms van tienerswangerskappe in die Kleurlinggemeenskap.

Die insidensie van tienerswangerskappe, buite-egtelike swangerskap en geboortes tussen in Eersterus is, aldus die bevindings van Buitendag (1997), hoog. Weinig vaders van kinders wat in hierdie omstandighede gebore word, aanvaar verantwoordelikheid of verskaf sosiale en finansiële ondersteuning. Die gebrekkige ondersteuning van vaders het wanaanpassing van kinders op sosiale en emosionele vlak tot gevolg (Skuy et al., 1997). Derhalwe is die vrouedominante gesinstipe opvallend wat, buiten die afwesigheid van vaders, vanuit 'n sameloop van maatskaplike omwenteling, onrus en disorganisasie tot stand gekom het (Buitendag, 1997). Drankmisbruik, wat as kenmerkende eienskap van veral lae inkomste groepe in die Kleurlinggemeenskap beskryf word, kom toenemend meer by vroue voor en dra veral by tot problematiek rondom kinderontwikkeling en opvoeding (Skuy et al., 1997).

In hierdie woongebied word omgewings risikofaktore soos tienerswangerskap, enkelouerskap, 'n lae vlak van geskooldheid en inkomste, gebrekkige voorskoolse stimulasie, otitis media ensomeer, geïdentifiseer (Van der Merwe 1999). Aangesien slegs 'n beperkte aantal studies wat spesifiek

verwys na die omgewings risikofaktore en moeder-kind kommunikasie interaksie, tot op hede in Eersterus uitgevoer is, word vir hierdie studie ook gesteun op bevindings rakende die kleurlinggemeenskap in Suid-Afrika.

2.6 Gevolgtrekking

Die konteks waarin moeder-kind kommunikasie interaksie geskied is omvattend, maar ook bepalend van die taalverwerwingsproses. Spesifieke aspekte van moeder-kind interaksie wat verband hou met die ontwikkeling van ouderdomstoepaslike kommunikasie vaardighede en daarom aandag geniet het, was die moeder of versorger se gebruik van responsiwiteit. Ten spyte van die teenstrydighede wat in die literatuur tussen responsiewe, direkte gedrag van moeders en hulle lae sosio-ekonomiese status aangetref word, is dit fundamenteel dat verantwoordbare gevolgtrekkings rakende moeders se interaksiestyl ook ander bydraende faktore van die kind se omgewing in aanmerking neem. Hierdie voorstel blyk veral relevant te wees in die lig van die betekenisvolle hoë frekwensie van persone afkomstig vanuit laer sosio-ekonomiese groepe in Suid-Afrika.

2.7 Opsomming

Vroeë kommunikasie intervensie in Suid-Afrika vertoon weens betreklik min studies tot op hede asook 'n gebrekkige diensleweringmodel aan die populasie in geheel, 'n behoefte aan die uitbreiding van spraak-taalterapeut oudioloë se kennis, vaardighede en hulpbronne. Kennis aangaande die direkte en indirekte omgewing van die familie wat die proses van intervensie deurloop, kan as bepalende faktor vir die sukses van dienslewering beskou word. Spraak-taalterapeut oudioloë benodig kennis en insig rakende die sosio-kulturele agtergrond van 'n bepaalde spraakgemeenskap ten einde die omgewing as raamwerk te benut waarteen die moeder se interaksionele styl geïnterpreteer word. Benewens die vernaamste doel van vroeë kommunikasie intervensie, naamlik die voorkoming van 'n potensiële kommunikasie afwyking en of die bevordering van effektiewe kommunikasie vaardighede met moeder-kind interaksie geteiken as agent van verandering, is die bestudering en hantering van die familie se omgewing en sosiale konteks ewen eens van primêre belang. Dié spesifieke behoefte blyk toenemend meer

dringend te wees namate die kulturele, linguistiese en sosio-ekonomiese verskeidenheid plaaslik erken en aanpassings gemaak moet word.

HOOFSTUK 3

Navorsingsmetodologie van moeder-kind kommunikasie interaksie

DOEL

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n uiteensetting te verskaf van die navorsingsmetodiek wat gevolg is tydens die beskrywing van die kommunikasie interaksie tussen moeders en hulle pre-verbale kinders afkomstig uit lae sosio-ekonomiese omstandighede.

3.1 Inleiding

Vroeë intervensie is sedert die negentigerjare wêreldwyd in 'n oorgangsperiode waarvolgens programme wegbeweeg van die tradisionele kindgesentreerde benadering na 'n familiegesentreerde benadering (Minke & Scott, 1995). 'n Sisteembenadering vir dienslewering aan multi-risiko families en families met hoë risiko babas noodsaak die identifisering van die unieke eienskappe en bevoegdhede van versorgers. Hiermee saam is 'n beskrywing van hul omstandighede belangrik ten einde begrip te ontwikkel van hoe die verskillende elemente van die sisteem die moeder se interaksie met haar kind beïnvloed. Vroeë kommunikasie intervensie gerig op dié populasie is egter meerendeels gebaseer op studies wat Blanke, middelklas, intakte gesinne insluit. Dienste is tradisioneel op bevoorregte stedelike Blankes gerig terwyl plattelandse gemeenskappe, minderheids- en ander etniese groepe, afgeskeep is (Tuomi, 1994; Van der Merwe, 1999).

In Suid-Afrika blyk daar 'n leemte in kultuur en sosio-ekonomiese toepaslike vroeë intervensie programme te wees weens 'n tekort aan plaaslike navorsingstudies wat persone vanuit diverse omgewings betrek (Cleaver, 1994). Dienslewering kan dus nie as effektief en verantwoordbaar vir alle kultuur en sosiale groepe beskou word nie. Die implementering van kultuur en sosiale klas toepaslike dienste kan egter nie geskied alvorens genoegsame kennis aangaande moeder-kind kommunikasie interaksie in verskeie kontekste ingewin word nie. Tersaaklike inligting behels

onder meer die eksterne omgewing soos behuisingstoestande, kinderopvoedingspraktyke sowel as die beskikbaarheid van mediese en opvoedkundige hulpdienste, terwyl interne faktore soos die moeder se vlak van opvoeding, die grootte van die familie en ondersteuning ook aangeteken behoort te word (Haney & Klein, 1993). Die bestudering van die interaksie patrone wat by moeders en hul babas of jong kinders waargeneem word, behoort deur sodanige inligting aangevul te word ten einde 'n breë perspektief rakende die moeder-kind kommunikasie interaksie in die besondere spraakgemeenskap te ontwikkel.

Die inwinning van beide die kommunikatiewe gedrag en die betrokke omgewingsrisikofaktore kan slegs ekologies geldig wees deur direkte onderhoudvoering en waarneming van interaksiepare (Oren & Ruhl, 1997). Gevolglik sal 'n *beskrywende navorsingsontwerp* toepaslik wees aangesien so 'n ontwerp die verkryging en omskrywing van gedragseienskappe asook die peiling van proefpersone se persepsies, moontlik maak (Dane, 1990). Salmon et al (1998) noem dat die vroeë kommunikasie literatuur meestal gebruik maak van die beskrywende ontwerp om gevallestudies te ondersoek en word as 'n bruikbare en toepaslik metode beskou om navorsingsvrae te beantwoord. Dit wil derhalwe voorkom of die noukeurige beskrywing van die onderskeie sterk en swak punte van moeders of versorgers se gedrag, sowel as die maak van aanbevelings, meer effektief bewerkstellig word deur beskrywende gevallestudies.

Die beskrywende ondersoek betreffende moeders of versorgers se kommunikatiewe gedrag kan waardevol wees in die ontwikkeling van 'n kultuur en sosio-ekonomiese toepaslike databasis vir gebruik deur vroeë intervensie terapeute tydens kommunikasie intervensie. Vir hierdie doel is 'n data-insamelingsprotokol saamgestel wat gebruik kan word om relevante inligting rakende die moeder se kommunikasie gedrag en haar omgewing aan te stip.

Die doel van hierdie studie is om 'n omskrywing te verskaf van die prosedures wat gevolg is om inligting aangaande moeder-kind kommunikasie interaksie in 'n lae sosio-ekonomiese omgewing te versamel. In 'n poging om relevante inligting bruikbaar aan te wend, is die volgende doelstellings geformuleer.

3.2 Doelstellings

Die **hoofdoelstelling** van hierdie studie is om die kommunikasie gedrag wat Kleurling moeders teenoor hul pre-verbale kinders gebruik, aan die hand van bepaalde parameters te beskryf.

Die volgende subdoelstellings is onder twee hoofde gesorteer ten einde aan die hoofdoel te beantwoord naamlik 'n beskrywing van die verbale en nie-verbale kommunikasie gedrag van die *proefpersoon* moeders sowel as 'n omskrywing van hulle persepsies aangaande kommunikasie met hul pre-verbale kinders.

3.2.1 *Subdoelstelling 1 : Om die kommunikasie gedrag van moeders te beskryf, ten opsigte van:*

- *Die frekwensie en die aard van die moeders se uitinge tydens interaksionele roetine aktiwiteite en semi-gestruktureerde spel teenoor hul pre-verbale kinders:*

Verskeie studies lewer bewys van positiewe verwantskappe tussen die kwantiteit en inhoud van spraak aan kinders gerig en hul semantiese en sintaktiese ontwikkeling (Cole & St. Clair-stokes, 1984; Schieffelin & Ochs, 1986). Verskille in spraaksamheid sowel as die inhoud van kindgerigte spraak hou egter ook verband met sosiale klas (Hoff-Ginsberg, 1991; Pine, 1992).

- *Die verhouding tussen die frekwensie van die moeders se uitinge en die inisiërings van hul pre-verbale kinders:*

Die verhouding tussen die frekwensie telling van gespreksontlokkende tipe uitinge en die totale frekwensie telling sal waarskynlik 'n beduidende bydrae met betrekking tot die moeder se spraaksamheid en direktywiteit lewer. Miguel (1995) toon aan dat die moeder se kommunikasie gedrag, spesifiek verwysende na oormatige direkte verbaliserings of beurtnaam struktuur ook negatief beskou kan word aangesien dit e kwaliteit van spel kan beperk.

- *Die aard van en die mate waartoe die moeders se verbale en nie-verbale responsiewe-gedrag teenoor hulle pre-verbale kinders voorkom met verwysing na:*
 - fasilitering van kommunikasie interaksie
 - wyse van stimulasie
 - reaksie op baba se vokaliserings
 - reaksie op die ongemakseine van baba

Sensitiwiteit teenoor die jong kind se behoeftes asook die responsiewe interaksiestyle wat ouers openbaar, word algemeen in die literatuur beskou as ondersteunend en kommunikasie fasiliterend (Moseley, 1990; Harkness, 1990; Richman et al., 1992). Buiten inkomste, word die opvoedingspeil van die moeder as die belangrikste bepaler van die kwaliteit en kwantiteit van linguistiese en kognitiewe stimulasie wat verskaf word, beskou (Owens, 1995). Gevolglik kan die beskrywing van die responsiewe kommunikasie gedrag waaraan die babas wat as proefpersone opgetree het, blootgestel is, relevant wees vir die ontwikkeling van databasisse wat bykomend ook insig in die opstelling van opleidingsprogramme kan verskaf.

3.2.2 Sudoelstelling 2: Om die persepsies van moeders betreffende hul kinders se kommunikasievermoë te beskryf, verwysende na:

- *Taalverwerwing van hulle kinders:*

Die aard van 'n betrokke spraakgemeenskap se beskouing aangaande taalverwerwing hou direkte implikasies in vir die wyse waarop daar met kinders in interaksie getree word. Katz en Scapati (1995) benadruk die belang daarvan dat die spraak-taalterapeut oudioloog kennis dra van die onderliggende beskouings, houdings, verwagtings en waardes wat versorgers motiveer om op spesifieke wyses in interaksie te tree. Dié kennis kan aangewend word in die ondersoek na betekenis van gedrag wat tydens moeder-kind interaksie waargeneem word.

- *Interaksie met hul pre-verbale kinders aan die hand van:*
 - voorkoms en aard (vorm en inhoud) van kommunikasie gedrag,
 - voorkoms en waarde van spel
 - voorkoms en waarde van gesamentlike boeklees

Spel en vroeë sosiale roetines, wat 'n sosiale en semantiese konteks vir taalverwerwing skep, word as van groot waarde vir die ontwikkeling van die jong kind beskou (Capone et al., 1995). Versorgers se houding jeens die waarde van spel met hulle babas, net soos in die geval van die aard van kommunikatiewe gedrag, toon variasies tussen en binne kultuurgroepe en sosiale klasse. Die waarde wat versorgers aan spel heg sal waarskynlik ook hulle gedrag tydens spelinteraksie beïnvloed.

Navorsings studies lewer bewys dat gesamentlike boeklees die ontwikkeling van taalvaardighede bevorder weens die aard van dié roetine aktiwiteit (Rather, Parker & Gardner, 1993). Na die mening van Schieffelin en Ochs (1986), verskil spraakgemeenskappe egter met betrekking tot die literatuurtypes wat hulle alledaagse lewe kenmerk. Benewens kulturele variasies, hou opvoedingpeil en in besonder die leerstrategieë van die moeder, verband met die kwantiteits- en kwaliteitsverskille wat tydens gesamentlike boeklees waargeneem word (Peralta de Mendoza, 1995). Deur ondersoek in te stel na proefpersone se houding en waardebeoordeling ten opsigte van gesamentlike boeklees, word 'n indruk gevorm boeklees as addisionele taalfasiliterende hulpmiddel waaraan die kind blootgestel word, of nie tot sy of haar beskikking het nie.

3.3 Navorsingsontwerp

Die doel van 'n navorsingsontwerp is om die studie te beplan en te struktureer ten einde die geldigheid van die bevindinge te verhoog (Leedy, 1997). Die keuse van 'n tipe navorsingsontwerp is afhanklik van die wyse waarop die data versamel en ontleed word. Gevolglik is 'n beskrywende navorsingsontwerp vir die huidige studie geselekteer wat die versameling van omvattende inligting rakende moeders se kommunikatiewe gedrag moontlik

maak. Die beskrywende studie het die formaat van 'n kleingroep gevallestudie aangeneem en drie moeder-kind pare is as proefpersone vir die kleingroep gevallestudie geteiken. Gevallestudies is kwalitatief van aard en behels die inwin, intensiewe bestudering en gedetailleerde beskrywing van data (Leedy, 1997). Beskrywende gevallestudies word ook onderneem om interaksie, houdings en eienskappe te identifiseer en te interpreteer ten einde dit te begryp en moontlike verklarings te ontwikkel. Die data-insamelingsprotokol wat met die oog op ontleding en beskrywing van moeder-kind kommunikasie gedrag saamgestel is, is aangewend om inligting sistematies in te win.

Die doel van beskrywende navorsing word deur Dane (1991) verwoord as die poging om 'n spesifieke fenomeen te meet of te definieer deur die intensiteit daarvan te bepaal. Die 'fenomeen' wat tydens hierdie studie bestudeer is, is die responsiewe aard van moeders se kommunikatiewe gedrag teenoor hulle pre-verbale kinders. Die beskouinge en persepsies van moeders is deur middel van onderhoudvoering bepaal en is met die waargenome kommunikasie interaksie tussen moeders en hulle babas in verband gebring.

Weens die aard en doel van beskrywende gevallestudies, word waarneming van gedrag in die mees natuurlike omgewing waarin dit voorkom, vereis (Leedy, 1997). Die klem in die beskrywende navorsingsontwerp val dus op die opname, analise en indiepte beskrywing van gedrag binne 'n spesifieke konteks. Die data-insameling vir hierdie studie is met die hulp van video-opnames tuis uitgevoer. Leedy (1997 p. 138) beskryf hierdie proses soos volg:

“Watching people in their own territory and interacting with them in their own language on their own terms.”

'n Kenmerkende eienskap van sodanige ontwerp is dat die navorser gedrag waarneem op 'n sistematiese wyse, maar hom of haarself daarvan weerhou om gedrag te manipuleer. Die navorser is nie-deelnemend en slegs 'n situasiegenoot, hoewel sy of haar identiteit wel aan die proefpersoon bekend is (Leedy, 1997). Afgesien van die toepaslikheid van die beskrywende navorsingsontwerp as keuse vir hierdie studie, bestaan daar bepaalde leemtes en slaggate waarvan die navorser bewus behoort te wees. Subjektiewe beoordelings kan 'n belemmerende invloed op beskrywende studies uitoefen en is derhalwe aan potensiële sydigheid onderworpe.

'n Tweede evalueerder is in die huidige studie ingesluit, ten einde die betroubaarheid van die resultate te verhoog om sodoende vir sydigheid te kompenseer. 'n Uiteensetting van die gebruik van sodanige 'n eksterne analiseerder as 'n betroubaarheidskontrole volg later in Hoofstuk 4. Die geldigheid en betroubaarheid van 'n beskrywende studie is, volgens Dange (1991) 'n direkte weerspieëling van die kontrole oor die wyses waarop data opgeteken en geanaliseer word 'n Verdere beperking van die beskrywende gevallestudie navorsingsontwerp, is dat so 'n tipe studie hom nie tot veralgmening van resultate leen nie. Dit word inherent egter nie as leemte beskou nie, aangesien vergelyking tussen proefpersone in laer sosio-ekonomiese groepe nie beoog word nie. Die leemtes van hierdie studie word in Hoofstuk 5 meer breedvoerig uiteengesit. Inaggenome van genoemde beperkinge, blyk dié ontwerp die mees geskikste te wees om die doelstellings van die studie te beantwoord.

3.4 Proefpersone

Drie moeder-kind interaksie pare van lae sosio-ekonomiese status, is geteiken en gevolglik is drie moeders en hul babas van 9-10 maande woonagtig in 'n Eersterus woongebied, as proefpersone geselekteer.

3.4.1 Kriteria vir seleksie van proefpersone

Die volgende kriteria is aangewend vir die seleksie van proefpersone:

3.4.1.1 Proefpersone A: Moeders

- Moedertaal

Die proefpersone moes Afrikaans as moedertaal praat. Alhoewel 'n Afrikaans-Engelse kodewisseling algemeen onder die Kleurling bevolking voorkom, is die Kleurling gemeenskap in Gauteng 83 % Afrikaans-eentalig (Buitendag, 1997). Afrikaanssprekendes is dus ingesluit, aangesien Afrikaans meerendeels as die Kleurlinge se voertaal in Eersterus beskou word, terwyl eenvormigheid die vergelyking tussen die drie moeder-kind interaksie pare sal vergemaklik.

Hierbenewens is die navorser se moedertaal Afrikaans, wat geleentheid tot optimale ontleding en beskrywing bied.

- **Bevolkingsgroep**

Die proefpersone moes van Kleurling herkoms wees aangesien hierdie bevolkingsgroep as teikengroep geselekteer is. Die rede vir sodanige seleksie spruit voort daaruit dat plaaslike literatuur (Alant, 1984) aandui dat Kleurlingkinders 'n relatiewe hoë voorkoms van kommunikasie afwykings vertoon. Die tekort aan spraak, taaltherapeutiese en oudiologiese voorkomende dienste in dié gemeenskappe wat, gedeeltelik weens sosio-politiese en ekonomiese faktore, nie beskikbare en bekostigbare dienslewering ontvang het nie, maak deel uit van die motivering vir seleksie van Kleurling proefpersone. Die Eersterus gemeenskap kategoriseer onder gemeenskappe wat tradisioneel nie voordeel uit dienslewering getrek het nie (Buitendag, 1997; Van der Merwe, 1999). Hierbenewens speel die relatief beperkte aantal navorsingstudies, veral met betrekking tot moeder-kind interaksie teen die agtergrond van lae sosio-ekonomiese omstandighede, 'n bepalende rol in die motivering van hierdie teikengroep.

- **Geografiese ligging**

Die proefpersone moes inwoners van Eersterus, 'n oorwegend kleurling gemeenskap in Pretoria, wees. Dié spraakgemeenskap het tradisioneel, soos reeds gemeld, ook nie spraak-
taaltherapeutiese en oudiologiese dienste ontvang nie, wat die betrekking van proefpersone woonagtig in dié gebied toepaslik maak (Buitendag, 1997). Die geredelike beskikbaarheid van die geskikte proefpersone in die nabygeleë Eersterus het bygedra tot die gerieflikheid van die seleksie en data-insamelingsprosedures.

- **Sosio-ekonomiese status**

Proefpersone vanuit laer sosio-ekonomiese status moes by die studie ingesluit word, aangesien hierdie studie die bestudering van kommunikasie interaksie tussen moeders met lae opvoedingspeil en inkomste en hulle kinders, ten doel gestel het. Na die mening van Coetzee

(1996, in Buitendag, 1997) speel sosio-ekonomiese status ook 'n beduidende rol in taalverwerwing wat die aard van verbale stimulasie betref. Lae sosio-ekonomiese omstandighede is kenmerkend van 'n betekenisvolle persentasie van die Kleurlinggemeenskap wat as minderheidsgroep tradisioneel nie spraakdienslewering ontvang het nie (Buitendag, 1997). Die sosio-ekonomiese status van Kleurling moeders is 'n relevante faktor aangesien die omgewing 'n insiggewende konteks vorm waarin hierdie beskrywende studie plaasvind. Proefpersone uit lae sosio-ekonomiese groepe is derhalwe geteiken.

3.4.1.2. *Proefpersone B: Kinders*

- *Ouderdom*

Die kronologiese ouderdom van die drie proefpersone babas moes wissel tussen 9, 0 - 9, 3 maande. Die ouderdomme van babas moes ooreenstem, sodat 'n eenvormige geheelindruk van interaksie tussen moeders en babas van genoemde ouderdom verkry kon word. Dit was noodsaaklik ten einde 'n indiepte gevallestudie van kommunikasie interaksie moontlik te maak.

Die aard van babas van 9-10 maande se fisiese, sosiale, kognitiewe en kommunikasie ontwikkeling het die keuse vir dié ouderdomsgroep motiveer. Met verwysing na kommunikasie, begin nege maande oue babas reeds om intensies op preverbale wyse deur middel van natuurlike gebare en vokaliserings uit te druk (Louw, 1990). Hierbenewens vertoon babas van dié ouderdom toenemend meer vaardighede om 'n verskeidenheid klanke, redupliserende babbelpatrone, maar veral die ritme en intonasie van spraak, na te boots (Proctor, 1989). Hierdie gedrag gee daartoe aanleiding dat die reaksie van moeders op babas se vokaliserings, beskryf kan word. Normale babas van hierdie ouderdom vertoon ook ander ontwikkelingsvaardighede, wat die oorweging van insluiting van die ouderdomsgroep ondersteun het.

'n Baba van nege maande beskik ondermeer oor die vermoë om sonder ondersteuning vir 'n lang periode te sit en om uit te reik na speelgoed wat hy ondersoek en manipuleer (Fewell & Vadasy, 1983) Dit, tesame met die sosiale en kognitiewe ryping, stel hom in staat om tydens spel as gespreksvenoot te funksioneer, wat op 'n prakties uitvoerbare wyse waargeneem kan

word. 'n Pre-verbale baba van dié ouderdom is volgens die normale ontwikkelingsmylpale dus in staat om in spel en kommunikasie interaksie te tree waaruit betekenisvolle afleidings gemaak kan word. Dit maak die waarneming en beskrywing van moeders se responsiewe gedrag op die verbale (vokaliserings) en nie-verbale kommunikasie gedrag van hulle babas moontlik.

- Geslag

Die proefpersone kon van beide geslagte wees sodat 'n verteenwoordigende beeld van interaksie tussen moeders en hulle babas geskep kon word. Betrekking van albei geslagte kan moontlike tiperende interaksiepatrone of ontwikkelingsverskille tussen seuns en dogters as veranderlike uitskakel. Aldus Best, House, Barnard en Spicker (1994), bestaan daar verskille met betrekking tot die inhoud van spraak wat aan seuns en dogters gerig word, wat as 'n funksie van die betrokke kultuur voorkom. 'n Studie wat die houding en persepsie van werkende enkelmoeders teenoor hulle kinders ondersoek, bevind dat seuns meer negatief ervaar word (Jackson, 1994). Sodanige persepsies teenoor seuns is veral deur moeders met hoë spanningsvlakke en lae opvoedkundige vlakke vertoon. Die kinders uit genoemde studie was egter ouer (drie jaar) as die kinders wat proefpersone in hierdie studie was en gevolglik kan afleidings rondom die proefpersone se houding en gedrag nie sondermeer gemaak word nie.

Die doel van die seleksie van kinders uit beide geslagte was dus om sover moontlik 'n verteenwoordigende beeld van die interaksie tussen moeders en hulle babas van genoemde ouderdom in dié besondere konteks, te skep. Twee seuns en een dogter is as proefpersone geteiken.

- Normale kommunikasie ontwikkeling

Proefpersone babas moes oor normale kommunikasie vaardighede of voorlopers vir verbale kommunikasie beskik. Die vereiste van ouderdomstoepaslike kommunikasie ontwikkeling is noodsaaklik omrede interaksiepatrone van moeders met normaal ontwikkelende pre-verbale kinders ondersoek word. Bykomende veranderlikes, kenmerkend aan kinders wat 'n

agterstand of afwyking in kommunikasie ontwikkeling vertoon, en wat die interaksie kan beïnvloed, moes sover moontlik uitgeskakel word.

- Gehoor

Om soortgelyke redes as wat tydens normale kommunikasie ontwikkeling gestel is, moes babas oor normale gehoor beskik. Normale gehoor is imperatief aangesien 'n gehoorverlies, selfs gering, tot 'n agterstand of afwykende kommunikasie ontwikkeling aanleiding kan gee (Musselman & Churchill, 1993; Hugo & Pottas, 1997).

- Visie

Die babas wat as proefpersone opgetree het, moes oor normale visie beskik. Die belang van akkurate visie en fokus word duidelik in die literatuur aangedui (Snow, in Schieffelin & Ochs, 1986). Die jong kind wat visueel gestremd is, is nie in staat om die spraak wat die versorger aan hom rig in verband te bring met die omgewing waarin die spelinteraksie plaasvind nie. Visueel gestremde babas sal dit ook moeilik vind om gesamentlike fokus van aandag, wat noodsaaklik vir taalverwerwing is, te verkry. Genoemde outeurs wys verder daarop dat die afwesigheid van oogkontak en gesamentlike aandaggewing, die inisiëring en handhawing van vroeë interaksionele roetines tot 'n minimum beperk. Dit kan derhalwe 'n bydrae tot 'n agterstand in taalverwerwing lewer en moes as potensiële 'bedreiging' vir normale kommunikasie ontwikkeling uitgeskakel word.

- Algemene ontwikkeling

Soos aangedui tydens die bespreking van kriteria vir normale kommunikasie ontwikkeling, gehoor en visie, moes babas normale ontwikkelingsmylpale vertoon. Enige afwyking of agterstand in motoriese, kognitiewe en/of kommunikasie vaardighede kan 'n negatiewe invloed op die moeder-kind interaksie patroon uitoefen, aangesien dit inbreek maak op die wedersydse ontvangs en stuur van boodskappe (Rossetti, 1996). Ten einde aan die doel van hierdie studie, by name die beskrywing kommunikasie van moeders gerig aan normale pre-verbale babas, te

beantwoord, is normale ontwikkeling as voorwaarde waaraan die proefpersoon babas moes voldoen, gestel.

3.4.2 *Seleksieprosedure*

Die prosedures wat gevolg is tydens die seleksie van proefpersone, word vervolgens beskryf:

- 'n Klinieksuster werksaam in die Eersterus Baba Kliniek, het op versoek van die navorser 'n aanduiding van die ligging van lae sosio-ekonomiese woonbuurte in Eersterus verskaf.
- Die lae sosio-ekonomiese woonbuurt is besoek, waartydens inwoners met jong kinders persoonlik genader is ten einde inligting rondom moeders van babas wat in die betrokke ouderdomskategorie sou val, in te win. Die seleksie van proefpersone was nie-ewekansig en doelbewus aangesien dit gerig was op die verkryging van spesifieke individue. Die nadeel aan dié spesifieke seleksieprosedure is dat resultate nie veralgemeen kan word nie en dat die steekproeffout nie bepaal kan word nie (Dane, 1990)
- Drie van die voorgestelde moeder-kind pare is genader waartydens bekendstelling plaasgevind het en die doel asook prosedures van die studie uiteengesit is. Die proefpersone het na inwilliging, mondelikse toestemming verskaf waarna die navorser dit duidelik gestel het dat deelname op 'n vrywillige basis geskied en dat anonimiteit verseker is.
- Met behulp van die *Sosio-Ekonomiese Deprivasie Vraelys* (Van den Berg, 1991), wat tydens 'n onderhoud met moeders gebruik is, is proefpersone en die omgewing tuis geïdentifiseer as behoorend tot lae sosio-ekonomiese status (Sien Bylae B).
- Die ontwikkelingskaal *Developmental Assessment Schema* (Anderson, Nelson & Flower, 1978), is tydens die onderhoudvoering gebruik om te verseker dat kinders wat ingesluit is wel ouderdomstoepaslik ten opsigte van die onderskeie ontwikkelingssterreine toets. Sien

Bylae C). Moeders is tydens die oueronderhoud uitgevra rondom hul babas se visie, gehoorvermoë geskiedenis van otitis media asook vorige gehoortoetsing by die kliniek

- Hiertydens is 'n geskikte datum vir video opname (twee weke binne die datum waarop die baba die verlangde ouderdom bereik het) vasgestel. 'n Stel speelgoed sowel as 'n video van moeder-kind interaksie na afloop van die opname, is ter motivering en waardering voorgehou.
- Opvolgbesoeke sowel as telefoniese skakeling deur middel van bure se telefoonnommers is onderneem ter herinnering en bevestiging van vasgestelde datum.
- 'n Waarnemer of videokamera kan selfbewustheid, gespannedheid en angstigheidsverhoog, wat die natuurlikheid van die interaksie en veral uitinge van genot tydens interaksie verlaag (Cole & St. Clair-Stokes, 1984). Om dié rede is proefpersone op voorafbepaalde datums in die verloop van die oggend tuis besoek waartydens die navorser tyd spandeer het om 'n informele en gemaklike atmosfeer vir die opname daar te stel.
- Die onderhoud en video opnames van dertig minute (spel en roetine interaksies) het vervolgens in aanvang geneem.

3.4.3 Beskrywing van die proefpersone

Die agtergrondsinsigting van die drie moeders, hul babas en die sosio-ekonomiese omstandighede, kan as volg omskryf word:

3.4.3.1 Moeders:

'n Sistematiese beskrywing van die proefpersone wat vir hierdie studie benut is, is 'n essensiële komponent van die navorsingsmetodiek (Leedy, 1997). Tabel 3.1 verskaf 'n opsommende beskrywing van die moeders wat as proefpersone vir die studie geselekteer is.

TABEL 3.1: BESKRYWING VAN MOEDERS AS PROEFPERSONE TYDENS MOEDER-KIND INTERAKSIE (N =3)

<i>KENMERKE VAN MOEDERS</i>	<i>PROEFPERSONE</i>		
	1.	2.	3.
Huistaal	Afr	Afr	Afr
Ouderdom	17	22	19
Opvoedingspeil	St. 9	St. 8	St. 9
Werkend / nie werkend	Skool	Nie werkend	Skool
Ure tuis daaglik	Halfdag	Voldag	Halfdag
Ouerskap	Beide ouers, Ongetroud	Enkel ouer	Enkel ouer
Versorger wanneer ma werk, Gesins en familie opset	Ouma Uitgebroid	Self Uitgebroid	Ouma Uitgebroid
Bevolkingsgroep	Kleurling	Kleurling	Kleurling
Geografiese ligging	Eersterus	Eersterus	Eersterus

Vanuit Tabel 3.1 blyk al drie moeders verteenwoordigend van die plaaslike Kleurlinggemeenskap te wees. Moeders wat as proefpersone optree, se *huistaal* is Afrikaans. Buitendag, (1997) noem dat die Engelssprekende Kleurlinge meerendeels tot die middelklas behoort, terwyl Afrikaanssprekende Kleurlinge in die hoë, middel sowel as lae klasse verteenwoordig word. Alhoewel die resultate van hierdie en soortgelyke ander studies (Scheffer, 1983) nie veralgemeen kan word nie, is dit aanduidend van 'n algemene tendens dat Afrikaanssprekende Kleurlinge sosio-ekonomies minder goed daaraan toe is.

Die moeders se *ouderdom* tydens die geboorte van hulle babas het gewissel van 17 – 22 jaar waarvan proefpersoon een en drie se swangerskappe as tienerskapswangerskap beskou kon word. Dit stem ooreen met bevindinge uit die literatuur wat daarop wys dat daar 'n hoër insidensie van tiener en buite-egtelike swangerskappe en geboortes in die Kleurlinggemeenskap voorkom (Skuy et al., 1997). Volgens dié outeurs, hou dit verband met armoede, werkloosheid en

bevolkingsdigtheid. Tienerswangerskappe en lae inkomste is kenmerkend aan die woongebied in Eersterus waaruit die proefpersone afkomstig is (Van der Merwe, 1999).

Die *opvoedingspeil* van die moeders, wat 'n bepaler van sosio-ekonomiese status is, is met betrekking op proefpersoon een en drie betreklik laag. Verskeie outeurs dui aan dat die opvoedingspeil van die moeder as een van die belangrikste veranderlikes in die taalontwikkeling van die kind geag kan word, omrede dit die bepaler is van die tipe opvoedingsmilieu waarin die kind opgroei is (Adler, Hayes, Nolan & Lewin, 1991; Wolfram 1993; Owens, 1995). Die waargenome tienerswangerskap het by skoolgaande proefpersone voorgekom. Buitendag (1997) wys daarop dat die opvoedingspeil van die Kleurlinggemeenskap laer is in vergelyking met Blanke persone, wat ook laer inkomste impliseer. Die Sentrale Statistiekdiens (1991 in Buitendag, 1997) van die Kleurlinggemeenskap kwalifikasies van matriek en hoër het, teenoor die 45% van die Blanke gemeenskap.

Betreffende die *ure wat die primêre versorger daagliks tuis spandeer*, dui Tabel 3.1 aan dat buiten vir proefpersoon twee wat voldag tuis is, skoolgaande moeders (proefpersoon een en drie) die versorging vir ten minste ses ure aan die grootmoeder oorlaat. Ten spyte daarvan dat die twee grootmoeders gedurende skooltyd as versorger optree, is moeders as proefpersone geselekteer aangesien hulle tydens meeste van die kind se wakker ure (insluitend naweke en vakansies) die versorger, opvoeder, spel en gespreksvenoot is. Hierbenewens aanvaar die proefpersoon moeders die primêre verantwoordelikheid vir versorging. Die benutting van die moeders as proefpersoon is bykomend toepaslik aangesien die studie dit ten doel stel om die interne eienskappe van die primêre versorger soos ouderdom (implikasies van jong en onervare moeders), opvoedingspeil, enkelouerskap, armoede (genereer nie self 'n inkomste nie) en die gepaardgaande spanning wat dit meebring, te omskryf, in 'n poging om begrip aangaande die konteks van kommunikasie interaksie te ontwikkel. Die moeders wat as enkelouers in hierdie studie deelgeneem het, se ouerskap is egter ondersteun deur hulle eie moeders. Ander inwonende gesinslede is veral broers en susters van die moeders, terwyl manlike familielede soos grootvaders en ooms afwesig is. Die uitgebreide familie opset waarin die moeders hulle bevind, is kenmerkend van laer sosio-ekonomiese groepe (Chase-Lansdale et al., 1994) asook

die Kleurlinggemeenskap (Scheffer, 1983). Met betrekking tot *ouerskap*, is twee van die drie moeders is enkelouers. Die ouers van proefpersoon baba een is in gereelde kontak, alhoewel ongetroud. Enkelouerskap is, aldus Buitendag (1997) eweneens 'n algemene tendens in die Kleurlinggemeenskap en behoort dus ook op hierdie gebied in Eersterus van toepassing te wees. Die gevolg van die gebrekkige ondersteuning van vaders, veral in die lig van finansiële bystand, dra by tot ekonomiese deprivasie en gevolglike spanning by die moeder wat as dominante ouer aan hoë eise ten opsigte van kinderopvoeding moet voldoen. Die moeders wat as proefpersone volgens die kriteria geselekteer is, kom derhalwe as verteenwoordigend van die lae sosio-ekonomiese groepe in die Eersterus gemeenskap voor.

3.4.3.2 Kinders

In Tabel 3.2 word 'n opsommende beskrywing van die drie kinders wat as proefpersone vir die studie geselekteer is, uiteengesit.

TABEL 3.2: BESKRYWING VAN KINDERS AS PROEFPERSONE TYDENS MOEDER-KIND INTERAKSIE (N = 3)

<i>KENMERKE VAN KINDERS</i>	<i>PROEFPERSONE</i>		
	1.	2.	3.
Kronologiese ouderdom	9, 0 mnd	9, 1 mnd	9, 0 mnd
Geslag	Vroulik	Manlik	Manlik
Duur van swangerskap	Voltermyn	Voltermyn	Voltermyn
Prenatale risikofaktore	Alkohol	Geen	Rook
Perinatale risikofaktore	Biologies (Lae gb.gewig)	Geen	Geen
Geboortegewig	Laag: 2,5 kg	Gemid: 3,3 kg	Gemid: 3,1 kg
Voedingsprobleme (suig, sluk of beide)	Geen	Geen	Geen
Gehoor	Normaal	Normaal	Normaal
Middeloorontsteking:	1x	2x	1x
Vantevore Huidig	Geen	Geen	Geen
Visie	Normaal	Normaal	Normaal
Algemene ontwikkeling	Normaal: ↓ RT	Normaal	Normaal

Volgens Tabel 3.2 blyk dit dat die twee seuntjies en een dogtertjie wat as proefpersone opgetree het, binne die bepaalde *ouderdoms*interval (9,0 - 9,3 maande), val. Die ooreenstemmende ouderdomme maak wedersydse vergelyking moontlik aangesien soortgelyke vaardighede van al drie babas verwag word. Die wyse waarop moeders op hulle babas se preverbale kommunikasie reageer, kan toepaslik interpreteer word teen 'n breë, dog kenmerkende raamwerk.

Die *swangerskappe en geboortegesiedenis* van die proefpersone dui aan dat al drie proefpersone voltermyn babas was. Die *prenatale risikofaktore* wat by beide proefpersoon babas een en drie geïdentifiseer is, was alkohol en rook, terwyl slegs proefpersoon een bykomend ook lae geboortegewig as biologiese risikofaktor vertoon het. Rossetti (1996) noem dat die gevolge van alkohol inname tydens swangerskap op 'n kontinuum beskou kan word wat strek vanaf 'n geringe afname in geboortegewig tot Fetale Alkohol Sindroom. Rook tydens swangerskap word ook geassosieer met 'n verlaging in geboortegewig (Rossetti, 1996). Drankmisbruik is egter 'n tendens in Kleurlinggemeenskappe (Scheffer, 1983), terwyl dit in ieder geval meer algemeen onder lae sosio-ekonomiese groepe soos dit waaruit die proefpersone afkomstig is, voorkom. Oningeligtheid kan, in ag genome daarvan dat twee moeders sodanige risikofaktore tydens swangerskap vertoon het, ook in verband gebring word met lae opvoedingspeil. Die drie babas wat as proefpersone benut is, het geen voedingsprobleme postnataal ondervind wat met oraal-motoriek of spraakontwikkelings geassosieer kan word nie. Derhalwe voldoen die babas aan die vereiste van geen perinatale risikofaktore vir ekspressiewe kommunikasie vaardighede.

Die belang van normale *gehoor* tydens die kritiese periode van taalaanleer word algemeen in die literatuur aangetoon (Crago, 1992; Hugo & Pottas, 1997). Die proefpersoon babas het volgens direkte waarneming, oueronderhoudvoering en roetine ondersoek deur 'n klinieksuster, voldoen aan die kriteria en oor normale visie asook gehoor beskik. Al drie proefpersone het egter voorheen minstens een maal otitis media gehad. 'n Gehoorverlies het nie 'n rol in proefpersoon babas se kommunikasie ontwikkeling of moeder-kind kommunikasie interaksie gespeel nie.

Proefpersoon babas twee en drie het ouderdomsooreenstemmend presteer ten opsigte van die onderskeie *ontwikkelingsterreine* soos deur die *Development Assessment Schema* (Anderson,

Nelson & Flower, 1978) bepaal. Proefpersoon baba een presteer, aldus sy moeder, nie op 'n 9 maande vlak van reseptiewe taalontwikkeling nie. Genoemde proefpersoon het 'n prenatale (alkohol) sowel as biologiese perinatale risikofaktor (lae geboortegewig) vertoon. Proefpersoon baba een het slegs 'n uitval met betrekking tot reseptiewe taal vertoon en aangesien dit tiperend van kinders uit lae sosio-ekonomiese gemeenskap kan wees en na die mening van die outeur nie die omskrywing van die moeder se responsiwiteit betekenisvol sou affekteer nie, is sy wel ingesluit as proefpersoon.

Die drie proefpersoon babas wie se prenatale risikofaktore tiperend van lae sosio-ekonomiese gemeenskappe is, is betrek aangesien hulle wel andersins aan die kriteria wat gestel is, voldoen het.

3.4.3.3 Sosio-ekonomiese omstandighede

Tabel 3.3 verskaf 'n aanduiding van die sosio-ekonomiese omstandighede van die proefpersone soos deur die *Sosio- Ekonomiese Deprivasie Vraelys* (Van den Berg, 1991) bepaal.

TABEL 3.3: BESKRYWING VAN PROEFPERSONE SE SOSIO-EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE (N = 3)

<i>KENMERKE VAN SOSIO- EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE</i>	<i>PROEFPERSONE</i>		
	<i>1.</i>	<i>2.</i>	<i>3.</i>
Aantal inwonende persone	7	5	6
Ontvang salaris of pensioen	Nee	Ja	Ja
Elektrisiteit of gas beskikbaar	Ja	Nee	Ja
Warm water	Nee	Nee	Nee
Spoeltoilet	Ja	Ja	Nee
Yskas	Ja	Nee	Nee
Aantal kamers in huis	4	4	3
Mediese en/ of gesondheidsorg	Ja	Ja	Ja
Persone in slaapkamer waar kind slaap	4	3	2
Voldoende geklee	Ja	Ja	Ja

<i>KENMERKE VAN SOSIO- EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE</i>	<i>PROEFPERSONE</i>		
	<i>1.</i>	<i>2.</i>	<i>3.</i>
Twee maaltye per dag	Ja	Ja	Ja
Speelgoed ter waarde van R50	Nee	Nee	Nee

Tabel 3.3 dui aan dat die drie moeder-kind pare se ekonomiese omstandighede in die breë ooreenstem.

Die fisiese en finansiële situasie waarin proefpersone, hulle bevind word as volg uiteengesit. Die *aantal inwonende persone* per onderskeidelik drie- en vier-kamer huise dui aan dat die digtheid veral met betrekking tot die aantal persone wat saam met die kind 'n slaapkamer deel (twee tot vier), relatief hoog is. Twee van die drie moeders ontvang onderskeidelik salaris en pensioen terwyl die *inkomste* van proefpersoon drie onbekend is. Die grootte van die inkomste wat maandeliks ingewin word deur hetsy salaris of pensioen, is nie gepeil nie. Alhoewel twee moeders aangedui het dat hulle 'n vaste inkomste ontvang, blyk daar nie 'n direkte verband te wees met beskikbare geriewe soos *elektrisiteit, warm water, spoeltoilet en yskas* nie. Die huise waarin twee moeder-kind interaksiepare woonagtig is, is voorsien van elektrisiteit en/of gas terwyl die ander paar nie toegang tot 'n spoeltoilet in die huis het nie, maar wel 'n buite-toilet gebruik. Hierdie omgewingsfaktore, veral met verwysing na digtheid en geriewe, tipeer laer sosio-ekonomiese groepe (Lequerica, 1997). Dié beskrywing bevestig lae sosio-ekonomiese omstandighede waaraan die proefpersone deelagtig is.

Die sorg wat die kinders ontvang met betrekking tot *voeding, kleding en toegang tot gesondheidsdienste*, is voldoende. Die *speelgoed* wat die kinders besit, oorskry, volgens waarneming, nie die waarde van Vyftig Rand nie, soos in vraelys gevra. Alhoewel die aantal en tipe *speelgoed en boeke* van die kinders kan nie as enigste bepaler van die stimulerende kwaliteit van die tuisomgewing beskou kan word nie, kan dit wel 'n aanduiding van die opvoedkundige blootstelling wat die kind ontvang, verskaf. Die laer vlakke van stimulasie en ondersteuning wat die huislike omgewing van kinders uit lae sosio-ekonomiese agtergrond kenmerk, speel volgens Watson, Kirby, Kelleher en Bradley (1996) die grootste rol in ontwikkelingsagterstande. Ten spyte daarvan dat moeders en grootouers volgens waarneming in

hul babas se basiese behoeftes voorsien, skyn ouderdomstoepaslike stimulasie en verwagtinge, leemtes te vertoon. Gebrekkige kennis en vaardighede word veral met opvoedingspeil geassosieer.

3.5 Voorstudie

Die data-insamelingsprotokol wat deur die navorser uit bestaande meetinstrumente saamgestel is, moes ten opsigte van die praktiese uitvoerbaarheid van die beoogde prosedures met behulp van 'n voorstudie bepaal word. Die voorstudie is dus noodsaaklik ten einde ondersoek in te stel na die bruikbaarheid en doelstreffendheid van die uiteindelijke instrument (Leedy, 1997). Hierbenewens maak die voorstudie ook die identifisering en uitskakeling van potensiële metodologiese probleme moontlik

3.5.1 Doelstellings

Die volgende doelstellings is vir die voorstudie geformuleer:

- Om vertrouwd te raak met die video-opname prosedures met betrekking tot die posisionering van voorstudie proefpersoon interaksiepaar, rangskikking van die toerusting wat deur die navorser gebruik word sowel as die duur van opname;
- Om te bepaal of die kwaliteit van klank en beeld wat die oudio- en video-opnames verskaf, effektief tydens die hoofstudie gebruik sal kan word;
- Om te beoordeel wat die toepaslikheid van die seleksie van speelgoed wat vir die ontlokking van kommunikasie interaksie verskaf is, sou wees;
- Om te bepaal of verbale interaksie wel tydens die beoogde waarnemingsituasies voorkom;

- Om te bepaal wat die funksionaliteit van die data-insamelingsprotokol vir die optekening van die verkreeë resultate, sou wees;
- Om te beoordeel wat die bruikbaarheid van vrae uit die *Sosio-Ekonomiese Deprivasie Vraelys* (Van den Berg, 1991) sou wees ten einde proefpersone uit 'n lae sosio-ekonomiese groep te identifiseer.

3.5.2 Proefpersone

'n Beskrywing van die proefpersone wat vir die uitvoering van die voorstudie geselekteer is, word onderskeidelik in Tabel 3.4 en 3.5 weergegee.

TABEL 3.4: BESKRYWING VAN MOEDER AS PROEFPERSONOON TYDENS MOEDER-KIND INTERAKSIE VIR DIE VOORSTUDIE

<i>KENMERKE VAN MOEDER</i>	<i>VOORSTUDIE PROEFPERSONOON</i>
Huistaal	Afrikaans
Ouderdom	18
Opvoedingspeil	St. 9
Werkend / Nie-werkend	Nie-werkend
Ure tuis spandeer	Voldag
Ouerskap	Enkel ouer
Versorger wanneer ma werk	Self
Bevolkingsgroep	Kleurling
Geografiese ligging	Eersterus

Hierdie moeder was Afrikaanssprekend, behoorend tot die Kleurling bevolkingsgroep en woonagtig in Eersterus. Sy was 18 jaar oud en haar huwelikstatus ongetroud. Haar opvoedingspeil (st. 9) was betreklik laag. Aangesien sy nie skoolgaande of werkend was nie, het sy voldag as primêre versorger van haar baba opgetree.

Tabel 3.5 verskaf 'n uiteensetting van die kenmerke van die baba wat as voorstudie proefpersoon geselekteer is.

TABEL 3.5: BESKRYWING VAN KIND AS PROEFPERSON TYDENS MOEDER-KIND INTERAKSIE VIR DIE VOORSTUDIE

<i>KENMERKE VAN KIND</i>	<i>VOORSTUDIE PROEFPERSON</i>	
Kronologiese ouderdom	9, 2 mnde	
Geslag	Manlik	
Duur van swangerskap	Voltermyn	
Prenatale risikofaktore	Geen	
Perinatale risikofaktore	Geen	
Geboortegewig	Gemiddeld	
Voedingsprobleme (suig, sluk of beide)	Geen	
Gehoor	Normaal	
Middeloortfunksionering	Vantevore Nee	Huidiglik Nee
Visie	Normaal	
Algemene ontwikkeling	Normaal	

Dié 9,2 maande oue baba seun was 'n voltermyn baba met 'n gemiddelde geboortegewig en het geen pre- of perinatale risikofaktore vertoon nie. Hy het hierbenewens geen voedingsprobleme ondervind nie. Volgens waarneming deur sy moeder en roetine gedragsobservasie deur klinieksuster asook die navorser, beskik hy oor normale gehoor en visie. Geen geskiedenis van middeloortontsteking vantevore of ten tyde van voorstudie is vermeld of opgemerk nie. Hierdie baba vertoon volgens die *Developmental Assessment Schema* (Anderson, Nelson & Flower, 1978) ontwikkelings mylpale wat in ooreenstemming met sy ouderdoms norm is.

'n Beskrywing van die voorstudie proefpersone se sosio-ekonomiese status volg in Tabel 3.6

TABEL 3.6: BESKRYWING VAN PROEFPERSONE SE SOSIO-EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE VIR DIE VOORSTUDIE

<i>KENMERKE VAN SOSIO EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE</i>	<i>VOORSTUDIE PROEFPERSOON</i>
Aantal inwonende persone	4
Ontvang salaris / pensioen	Ja
Elektrisiteit of gas beskikbaar	Ja
Warm water	Ja
Spoeltoilet	Ja
Yskas	Ja
Aantal kamers in huis	4
Mediese en of gesondheidsorg	Ja
Persone in slaapkamer	2
Voldoende geklee	Ja
Twee maaltye per dag	Ja
Speelgoed ter waarde van R50	Ja

Die sosio-ekonomiese omstandighede waarin hierdie moeder-kind paar hulle bevind, kan as volg beskryf word: Daar woon insluitend die moeder en kind, vier persone in die vier-kamer huis waarvan ten minste een salaris of pensioen ontvang. Die nodige fassiliteite is beskikbaar en die baba ontvang voldoende sorg.

3.5.3 Apparaat en Materiaal

Die apparaat en materiaal wat vir die opname en analise van die geselekteerde voorstudie proefpersone se moeder-kind interaksie benut is, word as volg in Tabel 3.7 uiteengesit.

TABEL 3.7: APPARAAT EN MATERIAAL

<i>APPARAAT</i>	<i>GEBRUIK</i>
Bandopnemer: Sanyo TRC 1128 Kasette: TDK 60 Videokamera: Panasonic RX1 Videokasette: TDK VHS/C EC-45 HS	Vir die maak van opnames van moeder-kind interaksie tydens spel en interaksionele roetine vir latere verbatim transkripsies.
<p><i>SPEELGOED:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • “Rattle Stacker” – Gekleurde ringe wat opmekaar gestapel word met balletjies in onderste ring (3-36 mnde). • “My little farmhouse” – Aktiwiteitsbord met ‘draai windmeule’, ‘roterende beertjie’ ‘draai horlosie’ en ‘swaai klok’ (6 mnde) • “Little Turtle” – Klein telefoon draai-ring, roterende ‘kop’ en spieëltjie • Rubberbal • Ratel • Baba-boekie (plastiek) 	Vir die ontlokking van kommunikasie gedrag tydens semi-gestruktureerde spelsituasie: <ul style="list-style-type: none"> • Fyn motoriese aktiwiteit en klankstimulasie • Motoriese manipulasie en klankstimulasie • Motoriese manipulasie, visuele stimulasie en waarneming van weerkaatsing. • Oog volgbewegings, taktiele stimulasie en interaksionele spel met beurtname • Klankstimulasie • Benoeming van prente, gesamentlike fokus van aandag
Videomasjien: Phillips VR 453 Televisieskerm: Phillips 51 cm kleurskerm	Vir die transkribering, ontleding en analisering van data.
Data-insamelingsprotokol saamgestel uit <i>Observation of Communication Interaction</i> (Klein & Briggs, 1987); <i>Mother Infant Communication Screening</i> (Raack, 1989); <i>Infant Todler Home Inventory</i> (Caldwell & Bradley, 1984) en	Vir die beskrywing en kodering van die spesifieke kommunikatiewe gedrag soos waargeneem uit proefpersone se moeder kind-interaksie.

<i>APPARAAT</i>	<i>GEBRUIK</i>
<i>Childmate</i> (Oren, Capone & Nesworth, 1995) (sien Bylae A)	
Vrae opgestel uit <i>Sosio-Ekonomiese Deprivasie Vraelys</i> (RGN: Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing) (Sien Bylae B)	Vir die informele bepaling van sosio-ekonomiese status
Ontwikkelingskaal: <i>Developmental Assessment Schema</i> (Anderson, Nelson & Fowler, 1978) (sien Bylae C)	Vir die peiling van proefpersone se ontwikkelingsouderdomme in onderskeie areas.

3.5.4 Data-insamelingsprosedures

- Die Eersterus Baba Kliniek is telefonies gekontak om 'n skakelpersoon te identifiseer wat behulpsaam kon wees in die verkryging van toestemming vir toegang tot pasiënte leërs. Die leërs sou gebruik word vir bepaling van geskikte proefpersone.
- 'n Klinieksuster het die aansoek om toestemming verwys na die Departement van Gesondheidsdienste, Pretoria.
- Die Direkteur Primêre Gesondheidsorg Dienste het voorwaardelike toestemming verskaf om asiënte by die kliniek te nader mits proefpersone vrywillig toestemming tot die navorsingstudie gee . Toestemming om inligting uit kliënte leërs by die Baba Kliniek in te samel, is egter nie verleen nie.
- Die Eersterus Baba Kliniek is besoek waartydens moontlike persone wat aan die kriteria voldoen, persoonlik genader is. 'n Moeder-kind paar wat as proefpersone vir die voorstudie kon optree, is by 'n volgende besoek geïdentifiseer en mondelingse toestemming tot vrywillige deelname is verkry. Die proefpersoon is verseker van

anonimiteit. Die verkryging van dié proefpersoon paar kan as 'n gerieflikheidsseleksie prosedure beskou word.

- Die proefpersone se adres is verkry en 'n geskikte datum vir die video-opname is afgespreek. 'n Stel speelgoed sowel as 'n video van moeder-kind interaksie na afloop van die opname, is hiertydens ter motivering en waardering voorgehou.
- Op 'n afgespreekte datum is proefpersone in die verloop van die oggend tuis besoek waartydens die prosedures soos die duur van die opname, plasing van die kind en die voorgestelde interaksionele roetine verduidelik is.
- Die oueronderhoud ter inwinning van beskrywende inligting rakende die proefpersone se omstandighede, gewoontes en beskouings het gevolg. Wanneer daarvan onderhoude gebruik gemaak word, bestaan daar geen waarborg waarvolgens dit wat gemeld word 'n weerspieëling van gedrag in die realiteit is nie (Leedy, 1997). Dié potensiële swakheid is aangespreek deur die moeder se rapport met semi-gestruktureerde waarnemings van moeder-kind interaksie, aan te vul.
- Na afloop van die oueronderhoud het die ouer se interaksie met haar kind met behulp van die video-opname plaasgevind. Die ouer-ouderhoud is afgesluit deur die volgende instruksie aan die moeder te gee : *“Ek wil graag hê dat jy met (kind se naam) speel net soos wat jy altyd doen. Ek sal vir jou sê wanneer ons klaar die video opgeneem het”*.
- 'n Eenmalige video-opname van dertig minute het gevolg. Dit het twee spelsituasies van tien minute elk, onderskeidelik met speelgoed wat voorsien is en hul eie, asook voeding as interaksionele roetine ingesluit en het op die vloer van die familie se woonkamer plaasgevind. Folie & Richey (1990), wys daarop dat alhoewel die videokamera ook 'n steurende effek op die kwantiteit sowel as die kwaliteit van moeder-kind interaksie kan uitoefen, dit gedeeltelik oorkom kan word deur aanvanklike oriëntering en vestiging van rapport.

3.5.5 Resultate en Aanbevelings van voorstudie

Na afloop van die voorstudie is die data-insamelingsprotokol en prosedures van video-opname beoordeel, waarvolgens toepaslike wysigings, soos aangedui in Tabel 3.8, aangebring is.

TABEL 3.8: BEVINDINGS EN AANPASSINGS UIT VOORSTUDIE

<i>BEVINDINGS</i>	<i>AANPASSINGS</i>
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Posisionering van proefpersone voor die videokamera bepaal die duidelikheid van waarneming van moeder-kind kommunikasie gedrag tydens spel en roetine aktiwiteite. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Plasing van proefpersone op die vloer teen hoek van 45° – 90°, effens na mekaar gedraai maak suksesvolle video waarnemings moontlik
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die lokaliteit waarin interaksies plaasvind asook tyd van die dag speel 'n aansienlike rol in die kwaliteit van die video-opname 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die proefpersone se woon-of sitkamer beskik oor voldoende ruimte en beligting veral gedurende die oggend
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Tydens die interaksionele roetine aktiwiteit, voeding, is opgemerk dat die baba min na geen spontane of responsiewe vokaliserings vertoon nie 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die frekwensie telling van die responsiewe uitinge van moeders tydens voeding is uitgelaat en so ook die frekwensie van babas se inisiërings
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Steurnisse soos inwonende persone, bure en besoekers het die ouditiewe kwaliteit van die opname negatief beïnvloed 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Steurnisse is tydens die hoofstudie sover moontlik beperk deur stilte te versoek alvorens die opname in aanvang neem.
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Aaneenlopende video-opname van die drie tipe kommunikasie interaksies is geskik vir die insameling en verwerking van data. Die aandagspan van die baba blyk voldoende te wees. 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Eenmalige video-opname van dertig minute is gemaak waarvan die twee tien minute spelinteraksies direk gevolg is deur 'n roetine aktiwiteit. Miguel (1995) meen dat 'n tien minute opname voldoende is om 'n verteenwoordigende

<i>BEVINDINGS</i>	<i>AANPASSINGS</i>
	<p>beeld van diadiese interaksie te verskaf terwyl aaneenlopende video-opnames as die beste prosedure vir analisering van interaktiewe gedrag beskou word.</p>
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die moeder het meer op haar gemak voorgekom tydens spel met bekende speelgoed. Dit het dus as oriënteringsperiode en natuurlike oorgang na spel met onbekende speelgoed gedien. Die keuse van 'n roetine aktiwiteit as derde van die dertig minute opname blyk ook toepaslik te wees aangesien die interaksie nie soveel kommunikatiewe eise aan die toenemend moeër baba stel nie. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Spelinteraksie met bekende speelgoed is gevolg deur spel met speelgoed wat verskaf is. Hierna is 'n interaksionele roetine aktiwiteit opgeneem. Klaarblyklik oefen die volgorde van interaksionele kontekste 'n betekenisvolle invloed op die familairiteit met die video kamera en prosedure uit.
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die vaslegging van voorstudie data op die data-insamelingprotokol is subjektief ondersoek met betrekking tot vinnige, maklike, akkurate en ondubbelsinnige optekening van data 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die wysigings het bewoording, weglating en byvoeging van subitems behels en is na afloop van die video-opname en in konsultasie met 'n spraak-taalterapeut en oudioloog, gemaak
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die aanvanklike beplanning van evaluering van gesamentlike boeklees is in heroorweging gebring aangesien 'n indiepte studie in die Eersterus gemeenskap in 1998 uitgevoer is rakende moeders se boekleespraktyke en vaardighede (Pieterse, 1998). 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die ondersoek na gesamentlike boeklees is beperk tot die ouer onderhoud wat die ouers se houding en boeklees gewoontes bepaal het .Die vrae rondom die hoeveelheid kinder- of baba boeke wat beskikbaar is, is vervang met die 'tipe' boeke' (prente,

<i>BEVINDINGS</i>	<i>AANPASSINGS</i>
	storie) waarneembaar. 'n Kwalitiewe teenoor 'n kwantitatiewe antwoord gee enersyds 'n beter aanduiding van die moeder se ingesteldheid op ouderdomstoepaslike stimulasie en andersyds blyk daar in ieder geval nie 'n kriteria vir 'hoeveelheid boeke beskikbaar' te wees nie. Die waarneming van gesamentlike boeklees is uitgelaat ten einde die duplisering van navorsingsresultate te verhoed. 'n Baba-boekie het wel deel uitgemaak van die speelgoedstel wat beskikbaar gestel is tydens waarneming van spel interaksie.

Bostaande resultate en die aanpassings was van waarde vir die opname sowel as optekening en analisering van data wat tydens die hoofstudie verkry is.

3.6 Hoofstudie

Die apparaat en materiaal wat tydens die hoofstudie benut is, kan as volg beskryf word.

3.6.1 Apparaat

Dieselfde apparaat wat tydens die voorstudie gebruik is, is sonder wysigings in die hoofstudie gebruik (sien 3.8.3). Video-opnames word algemeen gebruik vir evaluering en intervensie doeleindes op die terrein van vroeë intervensie. Die video analise prosedure word deur Cole en St. Clair-Stokes (1984) beskou as die mees toepaslike metode om moeder-kind interaksie vas te lê, aangesien dit spesifieke gedrag van beide die moeder en kind op 'n sistematiese wyse

ondersoek. Die gebruik van video-opnames verhoog die objektiwiteit en gevolglik die betroubaarheid en geldigheid van 'n studie (Bless & Achola, 1990). Ten spyte van die voordele wat video-opnames inhou, maak hierdie outeurs ook melding daarvan dat die teenwoordigheid van 'n waarnemer of instrumentasie 'n nadelige effek op die spontaniteit van die moeder-kind interaksie kan uitoefen.

Ten einde hierdie probleem van skuheid voor 'n video-kamera te oorkom of gedeeltelik te beperk, is besluit om die opname in 'n natuurlike omgewing uit te voer en die proefpersone deur familiarisering met die apparaat bekend te maak. Die gebruik van die natuurlike omgewing is as bydraend tot die vermindering van die vreemdheid van die situasie beskou. In 'n poging om proefpersone met die waarnemingsprosedure bekend te maak, is opeenvolgende besoeke en duidelike instruksies beplan. Bykomend is die tweede vyf minute-sessie van die tien minute spelinteraksie opname vir ontleding gebruik, aangesien moeders waarskynlik oor verloop van tyd minder gespanne en meer natuurlik optree (Cole & St. Clair-Stokes, 1984). Kommunikasie interaksie waartydens die moeder op haar gemak is en onbewus van die waarnemer en apparaat in spel betrokke raak, is meer ooreenstemmend met natuurlike moeder-kind interaksie tuis.

Tydens die video-opnames is gepoog om die apparaat en prosedures op die mins 'bedreigendste' wyse aan proefpersone bekend te stel sodat die resultate sover moontlik verteenwoordigend en betroubaar is.

3.6.2 *Materiaal*

Die data-insamelingsprotokol (sien Bylae A) is saamgestel met die doel om eiesoortige inligting aangaande die proefpersone in te win asook die besondere aard van moeder-kind kommunikasie interaksie na aanleiding van die doelstellings geformuleer, te omskryf. Bestaande interaksie skale is aangepas ten einde inligting aangaande die sosio-ekonomiese agtergrond sowel as responsiwiteit in te sluit. Hierdie protokol wat deur middel van die voorstudie verfyn is, is ook gebruik om die gespreksdata te organiseer, te ontleed en te kodeer. 'n Beskrywing van die data-insamelingsprotokol, met betrekking tot die bronne benut in samestelling, motivering van keuses en kategorieë wat daaronder sorteer, volg in Tabel 3.9.

Dane (1990) noem dat die gebruik van 'n *onderhoud* 'n doelstreffende navorsingsmetode is om inligting direk van die navorsingsdeelnemers te verkry om sodoende aan die eis wat aan 'n kwalitatiewe studie gestel word, te voldoen, naamlik die bekrywing van 'n variasie van konsepte. 'n Omvattende agtergrondsgeskiedenis van die proefpersoonpaar, die moeder se persepsie van interaksie met en stimulasie van haar baba is deur middel van vroeë en waarneming tydens 'n onderhoud, vasgestel. Die onderhoud het gedeeltelik gestruktureerd daarna uitgesien aangesien voorafopgestelde vroeë gebruik is, alhoewel die navorser buigbaar was met betrekking tot die volgorde van vroeë asook die gebruik van opvolg vroeë.

TABEL 3.9: BRONVERWYSING, MOTIVERING VAN KEUSE EN BESKRYWING VAN DATA-INSAMELINGSPROTOKOL

<i>BRONNE BENUT</i>	<i>BESKRYWING EN MOTIVERING</i>
<p>Observation of Communication Interaction (OCI) (Klein & Briggs, 1987)</p>	<p>Dié skaal is 'n informele waarnemingsmetode wat ontwerp is om kommunikasie interaksie strategieë wat tussen 'n moeder en haar baba plaasvind, te beskryf. Dit is gebaseer op die sosiaal-interaksionele benadering wat fokus op die ontwikkeling van spesifieke versorger-kind interaksie strategieë. Hierdie strategieë blyk 'n positiewe invloed op die ontwikkeling van kommunikasie vaardighede by 'n kind te hê. Dié meetinstrument berus op die aanname dat ouers op hulle baba se kommunikasie leidrade reageer en neem die volgende gedrag tydens moeder-kind interaksie waar:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toepaslike stimulasie • Moeder se sensitiwiteit teenoor haar baba • Aanpassing van ekstra-linguistiese eienskappe • Moeder se graad van genot tydens moeder-kind interaksie <p>Die OCI word klinies nuttig aangewend om kwalitatiewe metings van moeder-kind interaksie patrone te verkry deur die relatiewe sterk- en swakpunte in die interaksie patrone uit te lig (Klein & Briggs, 1987). Die waarde van die gebruik van hierdie skaal is geleë in die identifisering van problematiese moeder-kind interaksie patrone, met verwysing na spesifieke kommunikasiestrategieë wat responsiwiteit reflekteer.</p>
<p>Mother / Infant Communication Screening (MICS) (Raack, 1989)</p>	<p>Dit is 'n funksionele meetinstrument wat as siftingsinstrument ontwerp is om moeder-kind interaksie patrone, wat 'n moontlike risiko vir kommunikasie ontwikkeling inhou, te bepaal. Volgens Raack (1989) kan problematiese moeder-kind interaksie patrone 'n negatiewe invloed op beide die moeder en baba hê naamlik:</p> <ul style="list-style-type: none"> ~ invloed op emosionele, sosiale, algemene en intellektuele ontwikkeling van die baba; ~ invloed op moeder se selfbeeld en vermoë om as versorger op te tree;

<i>BRONNE BENUT</i>	<i>BESKRYWING EN MOTIVERING</i>
	<p>~ invloed op natuurlike moeder-kind interaksie</p> <p>Die subkategorieë van kontekste waarin moeder-kind interaksie waargeneem word is: Taal en sinkronisasie; Ongemak; Voeding; Spel / neutrale toestande asook Rus. Hiertydens word gelet op die moeder se sensitiwiteit teenoor die baba, haar graad van genot, aanpassing van ekstra-linguistiese eienskappe sowel as stimulasie. Gevolglik is dié meetinstrument bruikbaar in die ondersoek na responsiwiteit en stimulasie en dui minder optimale interaksie patrone aan.</p>
<p>Infant/Todler Home Inventory (Caldwell & Bradley, 1984)</p>	<p>Die doel van dié inventaris is om moeder-kind interaksionele patrone, familie- gewoontes en lewenspatrone, te ondersoek asook 'n aanduiding te gee van die waargenome stimulerende kwaliteit van die tuisomgewing. Die HOME inventaris word algemeen beskou as die mees betroubare en geldige instrument vir gebruik in die peiling van die kwaliteit van 'n kind se tuisomgewing (Crane, 1996). Die outeurs (Caldwell & Bradley, 1984) noem dat tellings behaal op die HOME inventaris positief korreleer met kinders se potensiaal en akademiese prestasie. Die inventaris bestaan uit die volgende subskale:</p> <p>Responsiwiteit; Aanvaarding; Organisering; Leermateriaal, Betrokkenheid en Variëteit. Die items van genoemde subskale wat by die opstelling van die data-insamelingsprotokol ingesluit is, het 'Responsiwiteit', 'Leermateriaal' en 'Variëteit' verteenwoordig. Dié drie subskale is geselekteer aangesien sekere items relevant is vir die ondersoek na die responsiwiteit wat moeders openbaar. Hiervolgens het die items wat onderskeidelik die moeder se reaksie op kind se vokalisering en positiewe houding jeens haar kind peil (responsiwiteit), 'n bydrae gelewer in die beskrywing van die moeder kind interaksie terwyl die tipe spegoed (leermateriaal) en boekleesaktiwiteit (variëteit) 'n beeld verskaf het van die stimulasie waaraan die kind blootgestel is.</p>

<i>BRONNE BENUT</i>	<i>BESKRYWING EN MOTIVERING</i>
<p>CHILDMATE – Materials for Appraising The Ernvironment (Capone, Oren & Nesworth, 1995)</p>	<p>Hierdie handleiding is ontwerp om aan persone wat met jong kinders te werk van hulp te wees in die evaluering van kontekste wat spel fassiliteer en ondersteun. Deur implementering van dié riglyne kan 'n omgewing geskep wat ontwikkelingstoepaslik is (Capone, Oren & Nesworth, 1995). CHILDMATE is verdeel in drie kategorieë: Baba jare (0-12 maande); kleuterjare (12-36 maande); voorskoolse jare (36-60 maande).</p> <p>Elke kategorie sluit die volgende aspekte in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Oorsig oor die ontwikkelingsperiode • Drie kontrolelyste met betrekking tot versorger aktiwiteite, speelgoed en materiaal asook eienskappe van die tuisomgewing • Riglyne vir versorgers ten opsigte van aanmoediging van spel en meer optimale geleenthede vir leer. Laasgenoemde riglyne aan versorgers wat ook as kontrolelys dien, was betekenisvol in die opstelling van die data-insamelings vorm. Items gerig op verskaffing van stimulasie aan die kind deur middel van spel, kon doeltreffend ingesluit word.
<p>Developmental Asesement Schema (DAS) (Anderson, Nelson & Fowler, 1978)</p>	<p>Hierdie skaal word klinies as meetinstrument aangewend met die doel om kinders van (0-60 maande) se ontwikkelingsouderdomme van verskeie domeine te peil. Met intervalle van drie maande word die volgende areas evalueer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Persoonlik-sosiale vaardighede • Kognitief-perseptuele vaardighede • Selfhelp vaardighede • Growwe motoriese vaardighede • Fyn motoriese vaardighede • Ekspressiewe taalvaardighede • Reseptiewe taalvaardighede <p>Hierdie skaal is toegepas om te verseker dat daar nie ontwikkelingsagterstande by die proefpersoon babas teenwoordig wat, wat moontlik 'n invloed op moeder-kind interaksie kon uitoefen nie.</p>

<i>BRONNE BENUT</i>	<i>BESKRYWING EN MOTIVERING</i>
<p>Sosio-Ekonomiese Deprivasie Vraelys <i>(RGN: Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing)</i> (Van den Berg, 1991)</p>	<p>Die doel van die SED - vraelys is om 'n indeks vir sosio-ekonomiese deprivasie vir 'n kind te bepaal. Die vraelys word voltooi deur ouers indirek uit te vra en, of deur direkte waarneming van die kind en sy huislike omgewing. Die vraelys bestaan uit 22 items wat onder die volgende subkategorieë sorteer:</p> <ul style="list-style-type: none">• Fasiliteite beskikbaar in huis• Aantal en tipe woonkamers• Opvoedingsgeskiedenis van ouers• Gesondheidsorg, psigiese welstand, voeding en kleding van kind• Stimulasie (boeke en speelgoed)• Besoldiging aan ouers of familie <p>Aangesien proefpersone volgens die seleksie kriteria, die lae sosio-ekonomiese klas moes verteenwoordig, is items uit bogenoemde vraelys geselekteer vir gebruik in die identifisering van sodanige persone. Dié inligting is nuttig aangewend in die beskrywing van die konteks waarin proefpersone hulle bevind.</p>

Die kategorieë wat in die data-insamelingsprotokol gedek is, is gerig op die bereiking van die subdoelstellings. Tabel 3.10 verskaf 'n uiteensetting van die aspekte wat tydens die oueronderhoud gedek is.

TABEL 3.10 BESKRYWING VAN DIE OUERONDERHOUD

<i>KATEGORIE</i>	<i>ITEM</i>	<i>BESKRYWING</i>
A. Agtergrondsgeskiedenis van moeder	• Ouderdom van moeder tydens geboorte	Die moeder se ouderdom tydens die geboorte van haar kind kan 'n potensiële risikofaktor wees, veral by jong moeders (Mikanowicz, Nichol森, Olsen & Wang, 1992; Rossetti, 1996). Tiernmoeders is meer geneig om aan babas met lae geboortegewig geboorte skenk (Rossetti, 1996). Hierbenewens kom lae inkomste en gebrekkige opvoedingspeil meer algemeen onder tiernmoeders voor. Faktore soos armoede en lae opvoedingspeil kan 'n risiko vir kommunikasie ontwikkeling inhou, terwyl dit negatief op vroeë moeder-kind interaksie patrone kan inwerk.
	• Opvoedingspeil van moeder	Opvoedingspeil verskaf tesame met inkomste 'n betroubare aanduiding van sosio-ekonomiese status. Die mortaliteit syfer van pasgeborenes toon 'n verlaging met verhoogde vlakke van onderrig waaroor moeders beskik (Rossetti, 1996). Na die mening van Altman en Mills (1990) bestaan daar 'n positiewe verband tussen die opvoedingspeil van moeders en die aard van haar groei fasiliterende gedrag wat die ontwikkeling van verskeie vaardighede by die jong kind ondersteun. 'n Hoër vlak van onderrig kan volgens Jackson (1994) ook die moeder se hantering van spanning wat dikwels met armoede en enkelouerskap gepaardgaan verbeter. Die insluiting van van die moeder se opvoedingspeil is toepaslik aangesien dit die die omgewingsmilieu waaraan 'n kind blootgestel word en gevolglik die kwaliteit en kwantiteit van die linguistiese en kognitiewe stimulasie wat wat verskaf word, bepaal (Owens, 1995)
	• Tyd tuis spandeer en versorger indien moeder werk	Die vraag na die hoeveelheid ure wat die werkende of nie-werkende moeder daaglik met haar baba spandeer, verskaf breedweg 'n aanduiding van die kwantiteit tyd wat gesamentlik spandeer word. Die subjektiewe afleiding wat ten opsigte hiervan gemaak kan word sal met die hoeveelheid en aard van stimulasie asook gehegtheid tydens moeder-kind interaksie verband hou. Studies uitgevoer deur Jackson (1994) beklemtoon die belang van ure wat moeders van aangesig tot aangesig met kinders spandeer, verwysende na die kognitiewe ontwikkeling van 'n kind.
	• Ouerskap	Tiener en buite-eglike swangerskappe kom algemeen in Kleurlinggemeenskappe voor (Skuy et al., 1997) Die psigologiese spanning met enkelouerskap geassosieer kan daartoe lei dat moeders minder responsief optree (Watson et al., 1996). Die verband tussen interne en eksterne omgewing verbreed insig aangaande responsiwiteit

<i>KATEGORIE</i>	<i>ITEM</i>	<i>BESKRYWING</i>
	• Gesinsgrootte en inwonende persone	Die huislike omstandighede kan, soos reeds genoem, die moeder se houding en gemoedstoestand sodanig beïnvloed dat dit ook deursypel na die interaksie tussen haar en haar baba. Indien die bykomende verantwoordelikhede, finansiële druk en gevolglike spanning wat ander kinders en uitgebreide familie kan meebring, inaggeneem word, blyk dit asof die ondersoek na gesinsgrootte belangrik is in die beskrywing van die konteks van proefpersone.
B. Agtergrondsgeskiedenis van kinders	• Prenatale risikofaktore	Die ontwikkelende embrio kan gedurende die prenatale tydperk ontvanklik wees vir faktore soos rook, dwelmmiddels, medikasie en alkohol (Rossetti, 1996). Volgens Rossetti (1996) is daar 'n direkte verband tussen voldoende prenatale sorg en sosio-ekonomiese status naamlik dat moeders van laer sosio-ekonomiese status minder dikwels prenatale sorg aanvrae. Onvoldoende prenatale sorg en nutrisie kan die risiko vir lae geboortegewig en mortaliteit verhoog. Inaggenome daarvan dat voldoende prenatale sorg verband hou met die voorkoming van faktore wat bydrae tot ontwikkelingsafwykings, is dit relevant aangesien moeder-kind interaksie met normaal ontwikkelende babas beskryf is.
	• Perinatale risikofaktore	Die perinatale periode strek vanaf sewe maande swangerskap tot een maand na geboorte. Hiertydens kan verskeie risikofaktore latere ontwikkeling strem en word verdeel in biologiese, omgewings en bevestigende risikofaktore waarvan prematuriteit en lae geboortegewig die mees algemeenste en ingrypendste is. Plaaslik vertoon die meerderheid van babas met prenatale risiko faktore, buiten biologiese, ook omgewingsrisikofaktore weens ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede (Kritzinger, Louw & Hugo, 1995). Prematuriteit word volgens gestasietydperk geklassifiseer in geringe (37-38 weke), matige (31-36 weke) en ekstreme prematuriteit (22-30 weke). Lae geboortegewig wat gedefinieer word as 'n geboortemassa van minder as 2 500g, word geassosieer met 'n risiko vir ontwikkelingsagterstande wat 'n kommunikasie afwyking kan impliseer (Henning, 1993; Rossetti, 1996). Benewens genoemde risikofaktore wat vroeë gehegtheid en moeder-kind kommunikasie interaksie kan belemmer, is voedingsprobleme ook ingesluit as potensiele risikofaktor. Die rasionaal hiervan blyk uit die literatuur waarvolgens negatiewe gevoelens van die moeder tydens voeding met interaksiepatrone kan inmeng (Raack, 1989).

<i>KATEGORIE</i>	<i>ITEM</i>	<i>BESKRYWING</i>
	• Gehoer	Ondersoek is ingestel na proefpersone se geskiedenis van otitis media sowel as huidige gehoorvermoë aangesien normale gehoor en gesonde middelloorfunksionering 'n essensiële komponent van normale kommunikasie ontwikkeling is (Hugo & Pottas, 1997). 'n Gehoorverlies, selfs tydelik, kan 'n beduidende invloed op 'n kind se pre-linguistiese en verbale ontwikkeling uitoefen terwyl moeder-kind interaksie ook geaffekteer kan word (Tanksley, 1993)
	• Algemene ontwikkeling	Die bepaling van proefpersone se vlak van algemene ontwikkeling was kardinaal ten einde enige ontwikkelingsagterstande te peil. Proefpersone se motoriese, self-help, persoonlik-sosiale, perseptuele-kognitiewe vermoë asook reseptiewe en ekspressiewe is deur middel van die Developmental Assessment Schema (Anderson, Nelson & Flower, 1978) ondersoek. Die motivering vir die gebruik hiervan is die volgende: Enige ontwikkelingsabnormaliteit wat 'n invloed op moeder-kind kommunikasie interaksie kon uitoefen, uitgeskakel moes word. Die rol van normale visie betreffende oogkontak, staar na voorwerpe en die volg van beweging speel 'n sleutelrol in die analisering van verbale asook nie-verbale kommunikatiewe interaksie.
C. Moeder se persepsie van interaksie en stimulasie van baba	• Persepsie van taalverwerwing	Om moeders se houding en persepsies rondom taalverwerwing te peil, is 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer betreffende kommunikasie ontwikkeling en verbale stimulasie. Die inhoud van die vrae met betrekking tot aanleer van spraak is verkry uit 'n plaaslike moeder-kind kommunikasie interaksie (Seeff & Bortz, 1994). Ouers se bekouing aangaande taalverwerwing is afhanklik van kulturele verskille. Kennis van die onderliggende houdings en verwagtinge is imperatief in die ondersoek na die betekenis van gedrag tydens moeder-kind kommunikasie interaksie
	• Vorm & inhoud van kommunikasie interaksie	Die aard van en geleentede waartydens kommunikasie interaksie plaasvind, is ondersoek om 'n indruk aangaande die besondere verbale omgewing waaraan babas blootgestel word, te verkry. Die kommunikatiewe uitinge wat aan babas en jong kinders gerig word, weerspieël die versorger se sosiale klas sowel as die betrokke kultuur se siening van die gespreksstatus van die kind (Fernald & Morikawa, 1993). Die ontwikkelingsvlak en ouderdom van die kind oefen eweneens kontrole uit oor die modifikasies wat versorgerstydens babagerigte spraak vertoon.

<i>KATEGORIE</i>	<i>ITEM</i>	<i>BESKRYWING</i>
	<ul style="list-style-type: none"> • Persepsie van spel interaksie 	<p>Spel en vroeë sosiale roetines wat 'n sosiale en semantiese konteks vir taalverwerwing skep, word van groot waarde vir die ontwikkeling van die jong kind beskou (Hoff-Ginsberg, 1991). Om die waarde wat die moeders aan spel toeskryf, te peil, is vroeë aangaande tipe speelgoed, die noodsaaklikheid en hoeveelheid tyd wat aan spel spandeer word, gestel. Die waarde wat versorgers aan spel heg beïnvloed gedrag tydens interaksie in 'n mindere of meerder mate (Hoff-Ginsberg, 1991). Waargenome speelgoed is beskou in dig lig van ouderdomstoepaslikheid soos aangedui deur Capone, Oren en Nesworth (1995). Verskafde speelgoed vir die opnames is op grond van ouderdom asook maksimale ontlokking van verbale interaksie ns geselekteer. Die waarneming van speelgoed bied 'n breë omskrywing van stimulasie en leergeleenthede waaraan die kind blootgestel word.</p>
	<ul style="list-style-type: none"> • Frekwensie en aard van boeklees 	<p>Verskeie studies bevind dat persone van laer sosio-ekonomiese klasse, veral laer opvoedingspeil, min of geen tyd aan 'Gesamentlikeboeklees' spandeer nie (Anderson-Yockel & Haynes, 1994; Peralta de Mendoza, 1995). Die gesamentlike boeklees roetines wat met behulp vanvrae aan die proefpersone, ondersoek is, behels: Waarde, die aanvang, frekwensie en tipe geskrewe materiaal. 'n Oopvraag na die afwesigheid van boeklees is ingevoeg. Gesamentlike boeklees bevorder taalontwikkeling aangesien die vaslegging van voorspelbare verbale en nie-verbale gedrag en aandaggewing en semantiese uitbreiding, hiertydens plaasvind. (Ratner et al., 1993). Die relevansie van proefpersone se houding en waardebeoordeling van gesamentlike boeklees blyk duidelik.</p>
	<ul style="list-style-type: none"> • Genot tydens interaksie 	<p>'n Moeder se persepsie van haar baba vind weerspieëling in haar kommentaar tydens interaksie en kan in 'n mate die kwaliteit van moeder kind kommunikasie interaksie voorspel (Klein & Briggs, 1987). 'Genot tydens interaksie' is waargeneem na gelang van moders se houding heens haar baba. Verbale uitinge soos om kind positief te beskryf sowel as teenwoordigheid van bestraffing en beperking van die kind, word aange-teken. Gesigsuitdrukkings word bykomend waargeneem. Aspekte soos gemoedstoestand, enkelouerskap en finansiële druk dra by tot spanning wat die 'genot van interaksie' op verbale en nie-verbale wyse kan affekteer.</p>

In Tabel 3.11 word die inhoud van die interaksieprofiel en responsiewe gedrag wat waargeneem is, omskryf.

TABEL 3.11: BESKRYWING VAN DIE INTERAKSIEPROFIEL EN RESPONSIEWE GEDRAG

<i>KATEGORIE</i>	<i>ITEM</i>	<i>BESKRYWING</i>
A. Interaksieprofiel volgens frekwensie tellings	• Frekwensie van uitinge tydens spel en interaksionele roetines	<p>Die frekwensie van gespreksontlokkende uitinge waaronder kommentaar, vrae en bevele sorteer is bepaal na gelang van die volgende definisies en kriteria:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Uiting: Beoordeel as 'n oafhanklike deel van diskoers wat intensionaliteit oordra waarvolgens onderstaande kriteria toegepas is: <ul style="list-style-type: none"> Vokaliserings en uitroepe wat in isolasie geuiter is, is as afsonderlike uitinge getel, andersins as deel van ander uitinge; : Stereotipe uitinge sonder kommunikasie waarde wat nie betrekking op die kind het nie, is nie getel nie (bv. Okay, daar's hy) en so ook onvolledige sinne : Selfkorrigering, selfherhaling of parafrasering is as 'n uiting beskou : Uitinge wat mekaar met meer as 3 sekondes opvolg is as afsonderlike uitinge beskou. Indien minder as 3 sekondes verloop tussen uitinge, maar daar sprake is van verskillende kommunikasie funksies wat in die gegewe konteks vervul word, is uitinge afsondelik getel. Die subjektiewe oordeel van die navorser was bepalend. - Kommentaar: Vokale en verbale gedrag van moeders wat intensie vertoon om betekenis te kommunikeer deur aandag te rig of inligting te verskaf (Salmon et al., 1998). Uitinge soos 'ja', 'nee', 'uhu' en klanknabootsing is as kommentaar beskou. - Vrae en bevele: Intensionele kommunikasie gedrag wat objek of handeling versoek of kommunikasie aanmoedig (Salmon et al., 1998). Direkte sowel as retoriese vrae is ingesluit. Sou uitinge wel 'n bevelstruktuur (bv. 'opdragte' aan speelgoed) vertoon, maar nie aan die kind gerig is nie, is dit as kommentaar beskou.

KATEGORIE	ITEM	BESKRYWING
		<p>'n Uiting soos 'kom' is in nie-funksioneel toepaslike kontekste as aandagvestiging en dus 'kommentaar' eerder as 'bevel' beskou</p> <ul style="list-style-type: none"> - Onderwerp afhanklike terugvoer (<i>Topic continuing replies</i>): intensionele kommunikasie van die moeder as respons op voorafgaande vokalisering van die kind (Salmon et al., 1998). Die interaksionele roetine soos voeding het dié meting nie ingesluit nie - Inisiërings van die baba: Spontane kommunikasie soos intensionele vokalisering in die afwesigheid van 'n direk voorafgaande handeling of verbalisering van die versorger (Salmon et al., 1998). <p>Die hoeveelheid spraak gemeet, in terme van frekwensie van uitinge beïnvloed die jong kind se linguïstiese ontwikkeling.</p>
E Responsiwiteit		<p>In 'n poging om moeders se responsiewe gedrag te bestudeer, is soortgelyke items wat responsiwiteit reflekteer, uit die OCI (Klein & Briggs, 1987) en MICS (Raack, 1989) geselekteer en gegroepeer. Verbale en nie-verbale is as afsonderlike entiteite beskou en het bygedra het tot die logiese ordening van data asook vergemakliking van die analisering van data.</p>
		<p>Responsiwiteit is beoordeel na gelang van die definisie soos verskaf deur MacDonald en Carrol (1994) naamlik enige toepaslike respons op 'n kommunikasie vennoot se onmiddelik voorafgaande bydrae wat binne gesamentlike aktiwiteit voorkom. Die frekwensie van sodanige gedrag is beoordeel volgens die afleiers 'Dikwels' (meer as 3 maal voorgekom), 'Somtyds' (1-3 maal voorgekom) en 'Nooit' (nie waargeneem: hetsy situasie hom daartoe geleen het, al dan nie). Die volgende subafdelings bevat items wat die versorger se responsiwiteit met betrekking tot die ontlokking van en reaksie op kommunikasie reflekteer:</p>
	<ul style="list-style-type: none"> • Fassilitering van nie-verbale kommunikasie interaksie 	<p>Die items wat hieronder sorteer beskryf die mate waartoe die versorger op nie-verbale wyse die baba as gespreksgenoot aanvaar en wedersydse interaksie wil aanmoedig. Daar word ondersoek ingestel na die pogings wat versorgers aanwend om die gesig en liggaam van die kind so aan te pas ten einde die mees geskikte posisie vir oogkontak te verkry. Hierbenewens dui die voorkoms</p>

KATEGORIE	ITEM	BESKRYWING
		<p>die situasies waarin die versorger in kongruensie met dit wat die baba doen, responsafhanklik glimlag, nie net op responsiwiteit nie, maar ook op 'genot van ineraksie'. Beide die items 'vestig baba se aandag op die voorwerp van bespreking' en 'gebruik van geanimeerde gesigsuitdrukkings' vervul, volgens outeurs van die genoemde skale, die funksie van aandagverkryging en aanmoeding van interaksie. Aangesien 'beurtnaam' 'n essensiële vroeë kommunikasievaardigheid is (Miguel, 1995), is die versorgers se benutting van geleenthede om dit hetsy verbaal of nie-verbaal te bewerkstelling, bepaal.</p>
	<p>• Fassilitering van verbale kommunikasie interaksie</p>	<p>Die aard van kindgerigte spraak wat gebruik word, is omskryf aangesien sodanige aanpassings die bewustheid en responsiwiteit van die versorger teenoor die behoefte van jong kinders aan gemodifiseerde spraakinsette, verduidelik (Fernald & Morikawa, 1993). Ekstra-linguistiese gedrag waaronder variasies in intonasiepatrone sorteer, die vorm asook inhoud van versorgers se uitinge is gepeil omrede dit aandag behou sowel as spraakpersepsie en taalbegrip fasiliteer.</p>
	<p>• Versorger se wyse van stimulasie: Nie-verbaal</p>	<p>Die wedersydse uitruiling van kommunikasie deur nie-verbale handeling vind plaas lank voordat soortgelyke intensies verbaal oorge-dra word (Fewell & Vadasy, 1983). Die voorkoms van die versorger se gedrag wat daarop gerig is om die baba taktiel, motories en sintuiglik te stimuleer, is waargeneem in die lig van die aanname dat sodanige perseptuele insette die onderliggende basis van die ontwikkelende baba se eerste linguistiese konsepte vorm.</p>
	<p>• Versorger se wyse van stimulasie: Verbaal</p>	<p>Die kommunikasie strategieë deur versorgers gebruik om hul babas in respons op belangstelling verbaal te stimuleer het ten doel om taal aan te leer en tergelyke tyd die baba bewus te maak van sy of haar omgewing (Manolson, 1992). Die items wat geselekteer is om dié gedrag aan te teken, het aspekte soos kommentaar oor sintuiglike gewaarwordinge in die omgewing, toekomsgebeure, die kind se belangstellingsveld tesame met rympies en liedjies, behels. Omrede die frekwensie van voorkoms van sodanige gedrag nie soveel bruikbare inligting sou verskaf het nie, is genoemde gedrag beoordeel na gelang van die die benutting van beskikbare geleenthede.</p>



<i>KATEGORIE</i>	<i>ITEM</i>	<i>BESKRYWING</i>
	• Reaksie op baba se vokalisering: Nie-verbaal	Die responsiewe gedrag wat die moeder op vokalisering van haar baba openbaar, hou direk verband met die vorming van die beginsel van intensionaliteit (Moseley, 1990; MacDonald & Carrol, 1994). Wanneer nie-verbale handeling soos die volgende deurlopend waargeneem word tydens die eerste lewensjaar, blyk dit 'n betroubare voorspeller van algehele sensitiwiteit op 'n baba se leidrade te wees: gesigsuitdrukking, vermindering of staking van eie spraak
	• Reaksie op baba se vokalisering: Verbaal	Die aard en frekwensie van versorgers se verbale reaksie op hul babas se vokalisering, verrig 'n betekenisvolle rol in die stimulering van van taal en spraakontwikkeling. Verbale uitinge van moeders waartydens babas se vokalisering opgevolg word deur beantwoording of nabootsing, versterk nie net die babbelpatroon nie, maar moedig verder vokale gedrag aan wat die beurtname struktuur uitbrei (Klein & Briggs, 1987). Die voorkoms hiervan weerspieël, volgens Broerse en Elias (1994), verhoogde sensitiwiteit en gesofistikeerde gebruik van responsiewe kommunikasie strategieë.
	• Reaksie op baba se ongemakseine: Nie-verbaal	'n Moeder se repons op haar baba se ongemak word volgens Klein en Briggs (1987) beskou as basis vir die voorsiening van haar baba se basiese noodsaaklikhede en oorlewing. Genoemde outeurs dui ook aan dat hierdie gedrag algemeen waargeneem word tydens moeder-kind interaksies, maar dat dit meerendeels nie-verbaal voorkom. Die volgende gedragsbeskrywings is waargeneem: 'Herposisioneer baba', 'verminder eie aktiwiteit' en 'staak eie aktiwiteit'.
	• Reaksie op baba se ongemakseine: Verbaal	Die mate waartoe versorgers hulle interaksie styl verbaal modifiseer wanneer hul baba ongemak of ontveredenheid vertoon, is 'n bykomende aanduiding van sensitiwiteit asook verbale stimulasie. Daar is spesifiek gelet op die wyse van verbalisasie soos om sagter te praat of toonhoogte te verander tesame met die inhoud van verbale uitinge soos om kommentaar oor die baba se ongemak te lewer.

3.6.3 *Data- insamelingsprosedure*

- Nadat tyd spandeer is om die vertrouensverhouding met die moeder te versterk, is prosedures betreffende die plasing van die kind, voorgestelde interaksionele roetine en duur van die opname verbaal uiteengesit.
- Die oueronderhoud ter inwinning van agtergrondsgeskiedenis en persepsies van interaksie met hulle babas, het na afloop hiervan met behulp 'n vraelys plaasgevind.
- Die oueronderhoud is afgesluit waarna die proefpersone ingelig is dat die video-opname na opstelling van die apparaat sou plaasvind.
- Die opname het twee spelsituasies van tien minute elk, onderskeidelik met eie speelgoed en speelgoed wat voorsien is, asook voeding as interaksionele roetine (tien minute) ingesluit en het op die vloer van die proefpersone se woon of slaapvertrek plaasgevind.
- Die prosedures wat die navorser konsekwent gevolg het, was as volg:
 - Die videokamera is 2 – 3 m voor die fokuspunt van opname, die vloer van die vertrek, op die driepoot staander geplaas
 - Die moeder-kind paar is versoek om die baba se eie speelgoed te bring en hulle op die kombes te posisioneer, na vore in die rigting van die videokamera gedraai
 - Die navorser het die volgende instruksies verskaf:

“Ek wil graag hê dat jy met(kind se naam) speel net soos wat jy altyd doen. Ek sal vir jou sê wanneer ons klaar die video opgeneem het”.
 - Die bandopnemer is aangeskakel
 - Die videokamera is aangeskakel en daar is op die moeder-kind interaksiepaar gefokus
 - Na afloop van 'n tien minute opname is die video-apparaat afgeskakel en die verskafte speelgoed is met dieselfde instruksies aan proefpersone gegee, waarna die opname hervat, is
 - Direk na afloop van die tweede tien minute opname van spelinteraksie, is die videokamera afgeskakel en die proefpersoon is versoek om met voorgestelde interaksionele

roetine voort te gaan

- Die videokamera is aangeskakel en die opname van die interaksionele roetine is uitgevoer.

3.6.4 Data-optekening

- Van die dertig minute video opname is twintig minute gebruik om die proefpersone se kommunikatiewe gedrag verbatim te transkribeer. Die eerste vyf minute van die twee spel interaksies is uitgelaat aangesien die proefpersone aan die opname gewoon moes raak om sodoen- de die video-effek te verminder (Miguel, 1995). Die roetine interaksie van tien minute is ingesluit omrede proefpersone enersyds toe reeds vir twintig minute aan die opname prosedure blootgestel is en andersyds aangesien die roetine aktiwiteit as geheel beskou moes word en nie onderbreek kon word nie. Met verwysing na die frekwensie tellings is die eerste vyf minute vir vergelyking met spelinteraksie gebruik.
- Die video-opnames tesame met die transkripsies is gebruik om die data op die data- insamelingsprotokol aan te teken en te kodeer.

3.7 Betroubaarheid

Wanneer daar gebruik gemaak word van subjektiewe beoordeling in die analise van gedrag, blyk interbeoordelaar beoordeling die mees toepaslike metode te wees om te verseker dat waarnemings akkuraat is en prosedures herhaal kan word (Dane, 1990). Interbeoordelaar betroubaarheid verwys na die konstantheid waarmee waarnemings onafhanklik beoordeel word. Aldus Leedy (1997), sal dit die wetenskaplikheid van die studie verhoog.

'n Tweede evalueerder, 'n gekwalifiseerde spraak-taaltherapeut en oudioloog, is versoek om drie vyf- minute interaksies (een van elke proefpersoon) te beoordeel nadat sy bekendgestel is aan die data-insamelingsprotokol. Dié spraak-taaltherapeut oudioloog beskik oor tien jaar ondervinding in hospitaal, kinderleidingskliniek en privaatpraktyk en is gemoeid met die evaluering en hantering van die vroeë intervensie populasies.

Die data is geëvalueer met betrekking tot die akkuraatheid van transkripsies vanaf die video-opnames sowel die beoordeling van die frekwensie en aard van proefpersoon moeders se uitinge. Die betroubaarheidskontrole wat uitgevoer is ten einde die herhaling van data-insameling en dataverwerkingsprosedures moontlik te maak (Dane, 1990), het op die volgende gedui:

- Die transkribering van die drie proefpersoon moeders se uitinge tydens drie verskillende tipe interaksies van vyf minute elk het twee verskilpunte aangedui.
- Die beoordeling van die aard van die uitinge was soortgelyk alhoewel twee verskillende frekwensiestellings van uitinge, weens transkriberingsverskille, voorgekom het. Die beoordeling het egter meerendeels ooreengestem, wat op 99% geskat is.

Inaggenome van die groot mate van ooreenstemming tussen die evalueerders se beoordelings, kan die resultate van die studie as betroubaar aanvaar word.

3.8 Data-analise en data-verwerking

Tydens die beskrywende opname is die data hoofsaaklik deur onderhoudvoering en waarneming van gedrag verkry, wat die minimale toepassing van dataverwerkingsprosedures noodsaak. Leedy (1997) wys daarop dat die doel van dataverwerkingsprosedures daarin geleë is om die rou data te organiseer en sistematies aan te bied sodat geldige en akkurate gevolgtrekkings gemaak kan word. Die mees toepaslike data-analise prosedure vir dié studie is beskrywende statistiek met die doel om die proefpersone se realiteit te rekonstrueer (Dane, 1990). Die analise vir beskrywende navorsing neig, veral met betrekking tot kleingroep gevallestudies, om statisties eenvoudig te wees, wat die navorser in staat stel om die data wat versamel is, op te som (Leedy, 1997).

Die prosedures wat aangewend is om die data te analiseer en te verwerk nadat dit ingesamel en opgeteken is, word in Tabel 3.12 weergegee.

TABEL 3.12: DATA-ANALISE VAN INLIGTING VERKRY MET BEHULP VAN DATA-INSAMELINGSPROTOKOL

<i>KATEGORIEë VAN INLIGTING</i>	<i>DATA-ANALISE</i>
• Agtergrondsgeskiedenis van moeder en baba	Die data is deur middel van beskrywende statistiek beskryf om 'n beeld van elke proefpersoonpaar te verskaf
• Moeder se persepsie van interaksie met en stimulasie van baba	Antwoorde verkry op beide geslote en oop vrae is in ooreenstemming met onderskeie subafdelings gesorteer om beskrywend te bespreek
• Interaksie profiel volgens frekwensie tellings	Na afloop van transkripsies en ontleding is uitinge beoordeel volgens die funksie wat dit vervul en die tipe uitinge se frekwensie is bereken
• Responsiwiteit	Proefpersone se kommunikasie is beoordeel na aanleiding van die definisies van uitinge en gedrag. Dié data is deur middel van beskrywende statistiek volgens relatiewe frekwensie van voorkoms omskryf en in tabelle weer-gegee
• Sosio-Ekonomiese Deprivasie Vraelys (Van den Berg, 1991)	Die inligting van wat moeders verkry is, is volgens die onderskeie vrae bespreek.

Die resulterende data is nie statisties ontleed nie, aangesien die monstergrootte nie statistiese ontleding regverdig nie. Die data wat kwalitatief ontleed en bespreek is, is grafies voorgestel op 'n figuur en frekwensie tabelle wat die resultate verteenwoordig. Die verkreë resultate is kwalitatief omskryf vir moontlike verklarings en aanbevelings omrede dit as die mees toepaslike wyse beskou word waarop beskrywende studies hanteer word (Leedy, 1997).

3.9 Formaat van die data-insamelingsprotokol

Die items in die vraelys wat tydens oueronderhoud gebruik is, is ingesluit met die doel om die feite, opinies en gedrag van die proefpersone te bepaal. Selektiewe riglyne vanuit die literatuur is tydens die bewoording en samestelling van die vrae gebruik en kan soos volg aangedui word:

- ~ Die items is duidelik, spesifiek, objektief bewoord sodat elke item net een antwoord vereis (Guy, Edgley, Arafat, Allen, 1987).
- ~ Vrae wat handel oor soortgelyke onderwerpe is saamgegroepeer in kategorieë. Leedy (1997) noem dat dit 'n logiese verloop verseker en ook analisering vergemaklik.
- ~ Sensitiwiteit is behou in die bewoording van direkte vrae aan proefpersone met betrekking tot hulle persepsie van interaksie met en stimulasie van baba in 'n poging om verleentheid en/of skuldgevoelens te beperk.
- ~ Vrae is neutraal bewoord ten einde proefpersone nie na 'n spesifieke antwoord te lei nie (Guy et al., 1987).

Die vraagformaat wat oorwegend gebruik is, was geslote vrae omrede dit vinnig is om te beantwoord en te kodeer (Dane, 1990). Die vraagtipies wat hieronder sorteer is:

- Nominale skaaltipe behels die bepaling van die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n spesifieke eienskap in wedersydse uitsluitende kategorieë, aldus Dane (1990). Vrae 4, 6, 7, 8, 11-15, 19, 24, 31, 33 en 35 is voorbeelde hiervan. Ja / Nee vraag tipe sorteer ook onder dié skaaltipe en is tydens vrae 5, 16-18, 21, 28, 32, en 36 gebruik.
- Ordinaal skaaltipe is na die mening van bogenoemde outeur meer as die blote peiling van die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n eienskap, maar identifiseer die relatiewe intensiwiteit van 'n eienskap. Dit reflekteer egter nie enige vlak van absolute intensiwiteit nie. Die toepassing van vergelykings tussen ordinale waardes is beperk alhoewel in 'n mindere mate as met nominale skaaltipe. Vrae 34 en 44 –52 kenmerk die ordinaal skaaltipe.

Oop vrae wat tot 'n minimum beperk is om tyd te bespaar (Dane, 1990) is aangewend in die beskrywing van die proefpersone se persepsie van kommunikasie met hul baba.



3.10 Gevolgtrekking

Die beskrywende gevallestudie navorsingsontwerp kon doeltreffend aangewend word om inligting in te win wat kwalitatief in Hoofstuk 4 uiteengesit word. Die agtergrond, leefwyse en gedrag kenmerkend aan die moeder-kind interaksiepare is betreklik akkuraat dog subjektief deur middel van oueronderhoude en waarnemings gepeil. Dié ondersoek is in 'n semi-natuurlike situasie uitgevoer ten einde gedrag binne konteks op die data-insamelingsprotokol aan te teken en interpreteer. Stappe is sover moontlik geneem om betroubaarheid en geldigheid van die optekening en verwerking van resultate te verseker.

3.11 Opsomming

Hoofstuk drie verskaf 'n uiteensetting van die prosedures wat tydens die navorsingsmetodiek aangewend is. Die doel van dié ondersoek is om die kommunikasie gedrag wat Kleurling moeders teenoor hulle pre-verbale nege maande oue babas gebruik, te omskryf. Die onderskeie subdoelstellings wat uit die hoofdoelstelling voortgevloei het, soos die aard van stimulasie, fasilitering van interaksie asook responsiwiteit, is voorgehou. Moeder-kind interaksiepare afkomstig van 'n lae sosio-ekonomiese woonbuurt in Eersterus is na aanleiding van bepaalde seleksie kriteria geselekteer. Die apparaat en materiaal wat onderhewig was aan aanpassings, soos uit die voorstudie geblyk het, is in die vorm van die data-insamelingsprotokol breedvoerig bespreek. Ten slotte is die data-insamelings, analise en verwerkingsprosedures weergegee.

HOOFSUK 4

Resultate en bespreking van moeder-kind kommunikasie interaksie in 'n lae sosio-ekonomiese konteks

DOEL

Hoofstuk vier het ten doel die uitleg van die bevindings rakende die moeder-kind kommunikasie interaksie van moeders en hulle pre-verbale kinders behoorend tot 'n lae sosio-ekonomiese woongebied in Eersterus. Hierdie resultate word as 'n beskrywende gevallestudies voorgehou en kontekstueel geïnterpreteer.

4.1 Inleiding

Die ondersoek na die kommunikasie gedrag van moeders wat hulle in minder gegoede sosio-ekonomiese omstandighede bevind, is waardevol weens die behoefte aan plaaslike databasisse wat vroeë kommunikasie intervensie dienslewering kan bevorder. Navorsing op hierdie terrein is ook betekenisvol aangesien die beskikbaarheid en kwaliteit van vroeë kommunikasie intervensie verband hou met die kennis en vaardighede van spraak-taaltherapeute oudioloë nodig vir verantwoordbare diensverskaffing (Moodley, 1999).

Die resultate wat met behulp van 'n beskrywende navorsingsontwerp hanteer is, is verkry deur oueronderhoude en ontleding van video-opnames van moeder-kind kommunikasie interaksie. Die ondersoek na die aard van moeder-kind interaksie in lae sosio-ekonomiese families is in die vorm van doelstellings geformuleer en resultate word aan die hand daarvan beskryf. Die bevindinge is georganiseer en onder twee hoofde sorteer, naamlik die *Kommunikasie gedrag van moeders* en *Persepsies van moeders* soos in Figuur 4.1 aandui.




FIG 4.1 VOLGORDELIKE UITLEG VAN DIE ANALISE EN INTERPRETERING VAN DATA AAN DIE HAND VAN SUBDOELSTELLINGS

Ten einde die uiteensetting van resultate te vergemaklik, word 'n bondige opsomming van die agtergrond en rasionaal van die studie verskaf.

Kinders in lae sosio-ekonomiese omstandighede word, volgens navorsingstudies, aan minder responsiewe interaksies en stimulerende leerervaringe blootgestel (Oren & Ruhl, 1997). Die omgewingsrisiko's wat relevant in die Eersterus Kleurling gemeenskap is en 'n invloed op taalverwerwing kan uitoefen, is verlaagde opvoedingspeil en gebrekkige inkomste. Die kommunikasie gedrag en persepsies wat van proefpersoon moeders verkry is, is teen die raamwerk van omgewingsrisiko's, kenmerkend aan sodanige lae sosio-ekonomiese gemeenskappe, beskou en resultate behoort begrip vir hantering van sodanige families te fasiliteer, wat aanpassings in die voorkoming, evaluering en behandeling van kommunikasie afwykings sal vergemaklik. Navorsing aangaande die spesifieke aard van die kommunikasie gedrag wat hierdie moeders en hulle pre-verbale kinders kenmerk, is dus nodig sodat toepaslike beginsels gerig op lae sosio-ekonomiese families, in intervensieprogramme geïmplementeer kan word.

Die doel van hoofstuk vier is om inligting wat aangaande die *proefpersone* se kommunikasie interaksie ingewin is, kwalitatief te beskryf. Hiertydens word gepoog om die kommunikasie gedrag van die moeder-kind interaksie pare aan die hand van die betrokke sosio-ekonomiese omstandighede te interpreteer. Ten einde 'n breë perspektief betreffende dié resultate te ontwikkel, is dit ook met plaaslike literatuurstudies in verband gebring. Die verkreeë resultate word vervolgens voorgehou.

4.2 Resultate

Die bevindinge word aan die hand van die gestelde subdoelstellings georden en uiteengesit.

4.2.1 *Moeders se kommunikasie gedrag teenoor hulle babas*

4.2.1.1 *Frekwensie en aard van moeders se uitinge tydens versorgingsaktiwiteite en semi – gestruktureerde spel*

Die totale frekwensie van moeders se uitinge, frekwensie van gespreksontlokkende uitinge waar-

onder kommentaar, vrae en bevele sorteer, sowel as die frekwensie van responsafhanklike uitinge is in drie verskillende kontekste bepaal. Die kontekste, wat deur middel van video-opnames waargeneem en ontleed is, was 'n versorgingsaktiwiteit soos bad, aantrek, voeding of doekomruil, spel met eie speelgoed en daarna spel met verskafde speelgoed. Die frekwensies van uitinge en persentasies word in Bylae D uiteengesit.

• 1 FREKWENSIE VAN MOEDERS SE UITINGE TYDENS VERSORGINGS AKTIWITEITE

Die totale frekwensie en aard van gespreksontlokkende uitinge wat by *proefpersoon* moeders tydens versorgingsaktiwiteite waargeneem is, word in Figuur 4.2 voorgestel.




FIG 4.2 FREKWENSIE VAN MOEDERS SE UITINGE TYDENS VERSORGINGS-AKTIWITEITE

Die frekwensie tellings van responsafhanklike uitinge van moeders tydens versorgingsroetines is nie ingesluit by die tipe uitinge nie, aangesien dit tydens die voorstudie waargeneem is dat die baba, weens die aard van dié konteks, bykans geen spontane of responsiewe vokaliserings vertoon nie.

Proefpersoon moeder een het voeding en doekomruil as konteks van versorgingsaktiwiteit aangebied. Die persentasie frekwensie van 'kommentaar' (64 %) het dié van 'bevele' (36 %) oorskry terwyl 'vrae' nie voorgekom het nie. Gedurende die twee spelinteraksies is 'n betreklik ooreenstemmende verhouding tussen die moeder se 'kommentaar' en 'bevele' opgemerk. *Proefpersoon* moeder twee se voedingsinteraksie met haar baba is opgeneem as versorgingsaktiwiteit, maar dit het slegs vyf minute geduur omrede sy na dié periode die roetine gestaak het. Tydens die voedingsinteraksie het 'bevele' (52 %) meer as 'kommentaar' (48 %) voorgekom, terwyl 'vrae', soos in die geval van *proefpersoon* moeder een, nie waargeneem is nie. *Proefpersoon* moeder drie se versorgingsaktiwiteit het bad en aantrek behels waartydens die volgende tipe uitinge waargeneem is: 'Kommentaar' het 58 % van hierdie moeder se uitinge uitgemaak, terwyl 'bevele' en 'vrae' onderskeidelik 25 % en 17 % van die uitinge uitgemaak het.

Navorsingstudies dui aan dat moeders meer tyd spandeer om te gesels en te sosialiseer tydens alledaagse versorgingsaktiwiteite (Smit et al., 1996). Die aanvangswoordeskat ontwikkel uit daaglikse roetines weens die assosiasie tussen verbale kommunikasie en mense, objekte of gebeure wat gedurig beklemtoon en herhaal word. Alhoewel die literatuur (Miguel, 1995), nie onderskeid aantoon tussen die tipe en frekwensie van uitinge gedurende voeding teenoor ander versorgingsaktiwiteite (bad, doekomruil) nie, blyk resultate op 'n verband tussen uitinge tydens voeding en spel te dui. Genoemde assosiasie word egter na afloop van die bespreking van die frekwensie van uitinge tydens spel verduidelik.

Ten spyte daarvan dat die outeurs soos Broerse en Elias (1994) 'n hoë frekwensie van verbalisering tydens versorgingsaktiwiteite soos voeding meld, dui resultate op 'n laer frekwensie uitinge, in vergelyking met spel. Bykomend is teenstellende waarnemings betreffende die moeders se terugvoer aangaande die hoeveelheid spraak tydens verskillende aktiwiteite, opgemerk. Beide *proefpersoon* moeders een en drie het aangedui dat hulle meestal tydens badtyd en ete gesels terwyl die frekwensie van uitinge tydens spel hoër was. Ten opsigte van die tipe uitinge wat moeders tydens die versorgingsaktiwiteite gebruik, is waargeneem dat vrae in die minderheid was. Dié verskynsel kan heel moontlik in die lig van die doelgerigte eerder as stimulerende funksie wat die interaksie vervul, verstaan word. Die spesifieke aard van versorgingsroetines, naamlik dat die moeder die baba se gedrag rig, het vermoedelik 'n meer direkte styl tot gevolg. In kontras met

dié verwagting, het moeders bevel minder as kommentaar gebruik. Alhoewel die responsiwiteit van moeders laag was, bevestig die waargenome gebruik van 'kommentaar' die aanname aangaande die fasilitering van taalontwikkeling tydens versorgingsaktiwiteite, soos aangetoon. Die insluiting van versorgingsaktiwiteite blyk relevant te wees wanneer vroeë kommunikasie intervensie onderneem of nagevors word (Conti-Ramsden & Dykins, 1991).

• 2 **FREKWENSIE VAN MOEDERS SE UITINGE TYDENS SEMI-GESTRUKTUREERDE SPEL: EIE SPEELGOED**

Die verbale gedrag van moeders, met verwysing na gespreksontlokkende en responsafhanklike uitinge, is tydens 'n tien minute opname van spelinteraksie met eie speelgoed bepaal. Die frekwensie inisiërings van babas word ook in Tabel 4.1 aangedui alhoewel die bespreking daarvan na afloop van die beskrywing van spel met verskafde speelgoed, gesamentlik voorgehou sal word.

Proefpersoon moeder een se uitinge was tydens die spelinteraksie grootliks gespreksontlokkend (92,3 %), wat 'kommentaar' (56,3 %), 'vrae' (22,9 %) en 'bevele' (20,8 %) behels het. Responsafhanklike uitinge (7,7 %) het die minderheid van dié moeder se uitinge uitgemaak en was gerig op nie-verbale handeling van haar kind aangesien hierdie proefpersoon baba geen vokale inisiërings vertoon het nie. Die uitinge van *proefpersoon* moeder twee in hierdie konteks, was slegs gespreksontlokkend (100 %) van aard en geen responsafhanklike uitinge is opgemerk nie. Gebrekkige reponsafhanklike uitinge kan moontlik met die afwesigheid van haar baba se inisiëring geassosieër word (Klein & Briggs, 1987) Dié proefpersoon moeder het egter ook geen responsiwiteit op die nie-verbale gedrag van haar baba openbaar nie. 'n Analise van die gespreksontlokkende uitinge toon dat 'kommentaar' (49,3 %) die meeste voorgekom het, terwyl 'bevele' (46,6 %) minder as kommentaar, maar heelwat meer as 'vrae' (4 %) was. *Proefpersoon* moeder drie se uitinge was oorheersend gespreksontlokkend (94,9%) waarvan 'bevele' (56,6 %) die meerderheid uitgemaak het en 'kommentaar' (30,6 %) en 'vrae' (13,3 %) die oorblywende uitinge. Afgesien van die verminderde gebruik van 'kommentaar' wat tradisioneel met die bevordering van taalontwikkeling verband hou (Schieffeling & Ochs, 1986), was die frekwensie van responsafhanklike uitinge (5,1 %) in verhouding met die totale aantal

uitinge meer as *proefpersoon* moeder een se reponsafhanklike uitinge. Die responsiwiteit van *proefpersoon* moeder drie was gerig op haar baba se inisiërings en ander responsiewe vokale en nie-vokale gedrag.

TABEL 4.1: FREKWENSIE VAN MOEDERS EN BABAS SE UITINGE TYDENS SPEL MET EIE SPEELGOED

Frekwensie (aantal kere wat gedrag waargeneem is) van moeders en baba se uitinge tydens Spel a	Pp 1	Pp 2	Pp 3
<i>Totale frekwensie van moeders se uitinge</i>	52 uitinge	75 uitinge	158 uitinge
<i>Gespreksontlokkende uitinge van moeders:</i>	48 (92,3 %) uitinge	75 (100 %) uitinge	150 (94,9%) uitinge
<i>Vrae</i>	22,9 %	4 %	13,3 %
<i>Bevele</i>	20,8 %	46,6 %	56,6 %
<i>Kommentaar</i>	56,3 %	49,3 %	30,6 %
<i>Responsafhanklike uitinge van moeders:</i>	7,7 %	NW	5,1 %
<i>Frekwensie van baba se inisiërings:</i>	Spel a: NW Spel b: sien Tabel 4.2 Versorgings-aktiwiteit: NVT	Spel a: NW Spel b: sien Tabel 4.2 Versorgings-aktiwiteit: NVT	Spel a: 6 uitinge Spel b: sien Tabel 4.2 Versorgings-aktiwiteit: NVT

SLEUTEL: *Spel a* - Spel met eie speelgoed
Spel b - Spel met verskafde speelgoed
Pp - Proefpersoon
NW - Nie waargeneem (spesifike uiting nie waargeneem nie)
NVT - Nie van toepassing (Uitinge nie tydens versorgingsaktiwiteit opgeteken)

Die verhouding tussen gespreksontlokkende teenoor responsiewe uitinge word deur Seeff en Bortz (1994) in 'n soortgelyke plaaslike studie aangedui as 4:1 oftewel 80% gespreksontlokkend. Alhoewel die tipe uitinge wat 'n moeder teenoor haar kind gebruik uniek is, omrede dit kultuur, opvoedingspeil, aard van interaksie en ouderdom van kind weerspieël, stem dié bevinding betreklik ooreen met verkreë resultate. Die waargenome leemte in die gebruik van responsafhanklike uitinge kan, soos in literatuur aangetoon, 'n beperkende invloed op die kwaliteit van spel interaksie en spoed van taalverwerwing by pre-linguistiese kinders impliseer (Spencer & Gutfreund, 1990; Fewell et al., 1996). Die persentasie uitinge wat as 'bevele' ontleed is, stem by twee proefpersone ooreen met studies se bevindinge aangaande moeders se verbale

kommunikasie teenoor hulle kinders, naamlik dat bevele of instruksies bykans die helfte van die uitinge uitmaak (Seeff & Bortz, 1994).

Die hoë frekwensie van gebruik van 'kommentaar' teenoor 'bevele' en 'vrae' wat by moeders se gespreksontlokkende uitinge waargeneem is, kan opsigtelik minder direktief en meer kommunikasief fasiliterend voorkom, maar by nadere ondersoek blyk dit egter nie die geval te wees nie. Eerstens is die tydsduur wat moeders na afloop van hetsy 'kommentaar', 'vrae' of 'bevele' vir 'n respons van die baba afstaan, ontoepaslik kort. Uitinge volg mekaar vinnig op en babas kry nie geleentheid om te reageer of te inisieer nie, dus moedig kommentaar, in vergelyking met vrae en bevele, nie méér kommunikasie interaksie of deelname aan nie. Die inhoud van die kommentaar het meerendeels vanuit die moeders se 'agenda' of leiding gespruit en was nie noodwendig gerig op die belangstellingsvlak van die kind sodat hy of sy daaruit betekenisvolle assosiasies kon ontwikkel nie.

Die verhouding tussen die frekwensie tellings van moeders se gespreksontlokkende tipe uitinge en die frekwensie tellings van responsafhanklike uitinge tydens die twee spelinteraksies is vergelyk om 'n relatiewe aanduiding van hulle responsiwiteit te verkry. Buiten die waarneming dat gespreksontlokkende uitinge, ten koste van responsiwiteit, oorheersend voorkom, blyk die inhoud van responsiwiteit by proefpersoon moeder een en twee ook nie inisiërings of beurtname noodwendig mee te help nie. Die voorkoms van responsafhanklike uitinge wat as persentasie uitgedruk word, behoort egter die proporsionele verhouding tot die totale uitinge in aanmerking te neem aangesien 'n wanpersepsie kan ontstaan. Die aard van responsiwiteit is egter meer betekenisvol as die relatiewe hoeveelheid daarvan.

• 3 **FREKWENSIE VAN MOEDERS SE UITINGE TYDENS SEMI-GESTRUKTUREERDE SPEL: VERSKAFDE SPEELGOED**

Tydens 'n tien minute opname van spelinteraksie met verskafde speelgoed, is moeders se verbale gedrag betreffende die frekwensie en tipe uitinge bepaal. Die verkreeë resultate word persentasiegewys in Tabel 4.2 opgesom.

TABEL 4.2: FREKWENSIE VAN MOEDERS EN BABAS SE UITINGE TYDENS SPEL MET VERSKAFDE SPEELGOED

Frekwensie (aantal kere wat gedrag waargeneem is) van moeders en baba se uitinge tydens Spel b	Pp 1	Pp 2	Pp 3
<i>Frekwensie van moeders se uitinge:</i>	27 uitinge	48 uitinge	92 uitinge
<i>Gespreksontlokkende moeders se uitinge:</i>	27 (100 %) uitinge	49 (100 %) uitinge	88 (95,6 %) uitinge
<i>Vrae</i>	33,3 %	26,5 %	18,1 %
<i>Bevele</i>	25,9 %	18,4 %	43,1 %
<i>Kommentaar</i>	40,7 %	55,1 %	38,6 %
<i>Responsafhanklik uitinge van moeders:</i>	NW	NW	4,3% (van uitinge)
<i>Frekwensie van baba se inisiërings:</i>	Spel b: 1 uiting Spel a: sien Tabel 4.1 Versorgings-aktiwiteit: NVT	Spel b: NW Spel a: sien Tabel 4.1 Versorgings-aktiwiteit: NVT	Spel b: 8 uitinge Spel a: sien Tabel 4.1 Versorgings-aktiwiteit: NVT

SLEUTEL: *Spel a* - Spel met eie speelgoed
Spel b - Spel met verskafde speelgoed
Pp - Proefpersoon
NW - Nie waargeneem (spesifieke uiting nie waargeneem nie)
NVT - Nie van toepassing (Uitinge nie tydens versorgingsaktiwiteit opgeteken)

Gedurende die tweede spel interaksie, naamlik spel met speelgoed wat verskaf is, was *proefpersoon* moeder een se uitinge slegs gespreksontlokkend (100 %) van aard. Geen responsafhanklike uitinge het voorgekom nie, ten spyte daarvan dat haar baba gedurende die vyf minute interaksionele ontleding een keer vokalisasie geïnisieer het. Die verspreiding van die tipe gespreksontlokkende uitinge wat by hierdie moeder waargeneem is, was soortgelyk aan die bevindinge gemeld tydens spel met eie speelgoed, naamlik ‘kommentaar’ (40,7 %), ‘vrae’ (33,3 %) en ‘bevele’ (25,9). Die moeder wat as die tweede *proefpersoon* opgetree het, se uitinge was, ooreenstemmend met die eerste spelinteraksie, gespreksontlokkend (100 %). Geen responsafhanklike uitinge is opgemerk nie, alhoewel vokale gedrag by haar baba, veral tydens ongemak en frustrasie, voorgekom het. Dié *proefpersoon* vertoon ook, soos tydens die eerste

spelinteraksie waargeneem, 'n hoër frekwensie van 'kommentaar' (58,3 %) terwyl 'vrae' (41,6 %) egter meer as 'bevele' (18,7 %) opgemerk is.

Die uitinge van *proefpersoon* moeder drie was meerendeels gespreksontlokkend (95,6 %) wat ook meer bevele (43,1 %) as 'kommentaar' (38,6 %) en 'vrae' (18,1 %) behels het. Soortgelyk aan die eerste spelinteraksie, was betreklik min van die uitinge responsafhanklik (4,3 %), alhoewel die frekwensie, in vergelyking met die ander moeders, hoër was.

'Vrae', 'bevele' en 'kommentaar' het 'n eenvoudige taalstruktuur aangeneem, is vinnig en opeenvolgend herhaal en was kontekstueel toepaslik. Tog was dit skynbaar nie effektief in terme van ontlokking of uitbreiding van interaksie nie. Dit kan heel moontlik verband hou met die mate waartoe response verwag is en geleentheid vir beurtname geskep is. Hierdie drie tipe gespreksontlokkende uitinge het ook die verkryging en behouding van aandag ten doel gehad, waarin dit meer suksesvol was. Wanneer 'n jong kind aan meer 'kommentaar' as 'vrae' blootgestel word, soos uit dié spelinteraksie blyk, ontvang hy modelle van wat hy kan en behoort te doen terwyl 'vrae' 'n kind eerder toets as rig (MacDonald & Carrol, 1994). Hierteenoor word die waarde van direktiwiteit deur Smith et al (1996) beklemtoon, deur aan te toon dat, alhoewel dit voorkom asof direkte gedrag soos 'vrae' en 'bevele', nie kommunikasie ontlok nie, dit tog die kind op nie-verbale wyse rig ten opsigte van wat van hom verwag word. Direktiwiteit beïnvloed dus verskillende ontwikkelingsvaardighede op verskillende wyses en veral tydens verskillende ouderdomme, hetsy positief of negatief. Dit blyk dus essensieel om die konteks waarin dit voorkom, volledig te beskryf en daarvolgens te interpreteer. Sou die moeder byvoorbeeld haar kind tydens spel aan 'n leersituasie blootstel en reaksies verwag, sal die frekwensie van bevele waarskynlik hoër wees.

Die waarneming dat die frekwensie van responsafhanklike uitinge uiters laag is, kan moontlik aan beperkte 'volg van baba se belangstelling' asook gebrekkige aanpassingsvermoë van moeders toegeskryf word. Hierbenewens kom dit voor asof moeders nie in so 'n mate by spel betrokke is dat ondersoekende spel aangemoedig is nie. Onderzoekende spel wat by babas vanaf sewe maande ontwikkel, speel 'n kritiese rol in die ontwikkeling van sensories-motoriese intelligensie (Capone et al., 1995). Interessant, word die hoeveelheid ondersoekende spel waarby kinders betrokke raak, positief met selfvertroue en die gemak waarmee hulle nuwe situasies en materiaal en

apparaat benader, geassosieer (Oren & Ruhl, 1997). Daar blyk 'n wederkerige verhouding tussen babas se vokale gedrag en moeders se gespreksontlokkende en responsafhanklike uitinge te bestaan. Enersyds is die waarneming gemaak dat spel met die onbekende speelgoed minder totale uitinge by moeders ontlok het, wat waarskynlik verminderde inisiëring van die proefpersoon babas reflekteer. Min vokale gedrag by babas kan egter ook 'n laer verwagting van moeders jeens hulle pre-verbale kommunikasie vaardighede tot gevolg hê (Conti-Ramsden & Dykins, 1991). Andersyds kan die babas se beperkte vermoë om die interaksie venoot by die ondersoekende spel situasie te betrek deur byvoorbeeld inligting of objek te versoek, sy moeder demotiveer om spontane verbaliserings te verskaf (Moseley, 1990).

Uit gemelde resultate blyk dit asof al drie *proefpersoon* moeders in 'n mindere of meerdere mate leiding tydens die interaksie geneem het en heelwat meer gespreksontlokkende uitinge as responsafhanklike uitinge of verbale uitbreiding vertoon het. Die lae frekwensie van responsafhanklike uitinge wat by moeders waargeneem is, kon beurtnaam en gevolglik inisiërings van hul babas, geïnhibeer het. Dié aanname kan 'n geldige afleiding wees aangesien *proefpersoon* moeder drie, wat oor die twee spelinteraksies meer responsafhanklike uitinge vertoon het, se baba ook meer spontane inisiërings gedemonstreer het, wat bevorderlik vir die kommunikasie interaksie was.

4.2.1.2 Verhouding tussen die frekwensie van moeders se uitinge en inisiërings van hul pre-verbale kinders

Die frekwensie van inisiërings wat die baba vertoon, is bereken deurdat alle spontane kommunikasie handeling soos vokalisering, in die afwesigheid van 'n direk voorafgaande handeling of verbalisering van die volwassene opgeteken is. Dié vokale gedrag wat tydens die twee spelinteraksies met en sonder bekende speelgoed waargeneem is, word in Tabel 4.2 verskaf.

Gedurende spel met eie speelgoed het die baba van *proefpersoon* een geensins 'n onderwerp van bespreking of voorwerp versoek of 'n vraag deur middel van vokalisering geïnisieer nie. Vokale en nie-vokale gedrag het min, maar soms wel in respons op die moeder se kommunikasie voorgekom. Hierdie baba het tydens spel met verskafde speelgoed 'n enkele keer vokaal

geïnisieer, alhoewel haar moeder nie reponsief daarop reageer het nie. Met betrekking tot *proefpersoon* moeder twee het haar baba tydens die spelinteraksie met hul eie speelgoed geen inisiërings of ander vokale gedrag in respons op uitinge vertoon, waarop sy as moeder weer responsafhanklik kon reageer nie. Gedurende die tweede spelinteraksie het hy wel gevokaliseer, alhoewel die uitinge nie kommunikatief gerig was nie, en dus nie as inisiëring beskou is nie. In teenstelling met die vorige twee, het die baba van *proefpersoon* drie 6 inisiërings asook ander responsiewe vokale en nie-vokale gedrag gedurende die vyf minute spelinteraksie met eie speelgoed vertoon. Meer geïnisieerde uitinge (8x) is gedurende dié interaksiepaar se spel met die verskafde speelgoed opgemerk. Gevolglik het sy moeder ook meer responsafhanklike uitinge hiertydens vertoon.

Soos die resultate aandui, het babas meer vokale gedrag tydens spel met verskafde speelgoed openbaar. Dié bevinding kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die hoeveelheid uitinge van moeders tydens die tweede interaksie minder was, wat meer geleentheid vir die baba gebied het om te vokaliseer. Die verhouding tussen versorgers se uitinge en baba se inisiërings word in soortgelyke studies as 80 % van die totale uitinge wat voorgekom het, aangedui (Seeff & Bortz, 1994). Die hoë persentasie gespreksontlokkende uitinge teenoor responsiwiteit word, na die mening van Seeff en Bortz, aan gebrekkige spontaniteit aan die kant van babas toegeskryf. Die oorsaaklike en verbandhoudende faktore skyn egter nie simplisties beskou nie. Lae vlakke van responsiwiteit word algemeen in die literatuur met onder andere opvoedingspeil in verband gebring (Richman et al., 1992; Leyendecker, 1997). 'n Multifaktoriale wederkerige verbandskap tussen moeder en kind kan hoogstens hieruit afgelei word. Kastan (1999) merk op dat die invloed van 'n moeder of versorger op die kind én wedersyds so interverweef is dat hulle interaksie style moeilik van mekaar onderskei of geïsoleer kan word.

Die self-geïnisieerde uitinge wat die babas tydens spel vertoon het, was betreklik min en somtyds afwesig. Die moontlike verbandhoudende faktore is genoem, maar die implikasies daarvan naamlik dat dit 'n agterstand in ouderdomstoepaslike vaardighede aandui, behoort in gedagte gehou te word. Die direkte en indirekte gevolge en latere invloed op die taal en sosiale vaardighede sal in Hoofstuk 5 bespreek word.

4.2.1.3 Moeders se verbale en nie-verbale responsiewe gedrag gerig aan hulle pre-verbale kinders

• 1 FASILITERING VAN KOMMUNIKASIE INTERAKSIE

Versorgers kan die kommunikasie interaksie van hul babas aanhelp en versterk deur 'n verskeidenheid alledaagse gedragsvorme. Die verbale en nie-verbale gedrag van *proefpersoon* moeders wat as fasiliterend tot babas se ontwikkelende kommunikasie vaardighede aangeteken en ontleed is, word beskryf. *Proefpersoon* moeders se nie-verbale gedragseienskappe lei vervolgens die bespreking in.

• FASILITERING VAN KOMMUNIKASIE INTERAKSIE OP NIE - VERBALE WYSE

Die onderskeie gedragseienskappe wat die fasilitering van kommunikasie op nie-verbale wyse reflekteer, word in Tabel 4.3 gelys, tesame met 'n beskrywing van die relatiewe voorkoms daarvan by die drie *proefpersoon* moeders.

• *Posisioneer baba vir oogkontak*

Proefpersoon moeder een het nie haar baba geposisioneer vir oogkontak tydens enige van die drie situasies nie. Die oorspronklike posisionering voor die videokamera is konstant gehandhaaf, behalwe tydens spel met verskafde speelgoed toe sy haar baba laat 'stap' het, op haar maag neergesit het en in die lug opgegooi het. Die posisionering in 'n 90° hoek is min of meer behou, maar min oogkontak is deur die moeder ontlok of gehandhaaf. Die voorkoms van oogkontak skyn nie voldoende te wees om kommunikasie beurte aan te moedig of te ontlok nie. In die geval van *proefpersoon* moeder twee is toepaslike posisionering of herposisionering vir oogkontak nie tydens spel met eie speelgoed en voeding opgemerk nie. Posisionering vir oogkontak het egter by spel met verskafde speelgoed voorgekom, alhoewel die moeder haarself meerendeels verskuif het om in haar baba se gesigsveld te kom. Dit wil voorkom asof geleenthede om 'n beter aangesig tot aangesig posisie tussen moeder en kind te bewerkstellig, nie benut is nie.

TABEL 4.3: FASILITERING VAN MOEDERS SE KOMMUNIKASIE INTERAKSIE: NIE-VERBAAL

Nie verbale gedrag van moeders	Pp 1			Pp 2			Pp 3		
	Spel Interaksie a	Spel Interaksie b	Roetine Interaksie	Spel interaksie a	Spel Interaksie b	Roetine interaksie	Spel interkasië a	Spel interaksie b	Roetine interaksie
Kontak van waarneming →									
Posisioneer vir oogkontak	NW	NW	NW	NW	Somtyds	NW	Dikwels	Somtyds	NW
Glimlag respons-aftandik	Somtyds	NW	NW	NW	Somtyds	Somtyds	Somtyds	NW	NW
Oordrewe gesig-uitdrukking	Somtyds	NW	NW	NW	Somtyds	NW	Dikwels	Dikwels	Dikwels
Fokus haba se aandag op voorwerp van bespreking	Dikwels	Dikwels	Somtyds	Dikwels	Somtyds	Somtyds	Dikwels	Dikwels	Dikwels

Sleutel: *Spel interaksie a* - spel met eie speelgoed
Spelinteraksie b - spel met verskafde speelgoed
Roetine interaksie - voeding, doekomruil; bad

Die waarneming is gemaak dat *proefpersoon* moeder drie gereeld van posisionering vir oogkontak gebruik gemaak het tydens die twee spelinteraksies. Dié moeder benut oogkontak suksesvol as kommunikasie medium, aangesien sy na afloop van haar uitinge aan hom gerig, oogkontak maak en van hom 'n reaksie verwag wat sodoende beurtname aanmoedig. *Proefpersoon* moeders een en twee nie daarin geslaag het om oogkontak op 'n deurlopende basis te verkry of te behou nie. Dit het gelyk asof dié moeder en kind interaksie pare só betrokke by die objekte van spel en versorgingsaktiwiteite was dat oogkontak nie van belang geag is nie. Die afleiding word gemaak dat die moeders nie ingestel is op aangesig tot aangesig kommunikasie nie en derhalwe nie geleentheid skep of benut nie. Verder is waargeneem dat beide *proefpersoon* moeders een en twee se babas min na geen pogings tot oogkontak aangewend het nie, wat die moeder se motivering om oogkontak te bewerkstellig, beïnvloed het. Dié verskynsel kan moontlik aan die hand van die wederkerige verhouding wat daar tussen die gedrag van interaksiepare bestaan, verklaar word. Die voorkoms van oogkontak soos deur babas geopenbaar hou dus waarskynlik verband met die frekwensie van moeders se gebruik.

Posisionering van babas vir oogkontak gedurende kommunikasie interaksie is noodsaaklik aangesien dit oogkontak bevorder en wedersyds versterk. Deur oogkontak raak die baba bewus daarvan dat daar 'n respons van hom verwag word wat opsigself beurtname sal fasiliteer (Klein en Briggs (1987) bevestig die belang van posisionering deur die mening te lug dat dit 'n wesentliche komponent in kommunikasie tussen die moeder en haar baba is, veral gedurende die eerste weke en maande van 'n baba se lewe. Oogkontak word beskou as die eerste ontwikkelde kommunikatiewe gedrag wat in vroeë sosiale roetines voorkom en as die basis vir alle kommunikasie interaksie dien (Hoff-Ginsberg, 1991; Richman et al., 1992; MacDonald & Carrol, 1994). Die waarneming dat toepaslike en gereelde oogkontak grootliks in gebreke by genoemde interaksiepare gebly het, vorm tesame met ander faktore 'n spesifieke gedragspatroon aanduidend dat interaksionele vaardighede nie genoegsaam gefasiliteer word nie.

- *Glimlag responsafhanklik*

Die waarnemings aangaande responsafhanklike glimlag was as volg. *Proefpersoon* moeder een het minimaal *responsafhanklik geglimlag* tydens spel met haar baba se eie speelgoed, terwyl dit

nie tydens spel met verskafde speelgoed of voeding en doekomruil opgemerk is nie. Die moeder wat as tweede *proefpersoon* opgetree het, het somtyds gedurende voeding en die tweede spelsituasie geglimlag in reaksie op wat haar baba doen. *Proefpersoon* moeder drie het enkele kere tydens spel met eie speelgoed geglimlag in respons op haar baba se gedrag. Responsafhanklike glimlag het die minimum by al drie *proefpersoon* moeders voorgekom. Hierdie aspek van die moeder se gedrag kan 'n beeld van die moeder se bewustheid en ingesteldheid op haar baba se vokale en nie-vokale gedrag verskaf, terwyl dit andersyds ook bydra tot die waarneming betreffende haar genot van interaksie (Raack, 1989). Interaksionele uitruilings soos oogkontak en veral glimlag, word tydens moeder-kind interaksie as kritiese ondervinding vir die baba beskou aangesien dit hom of haar leer hoe om met ander in interaksie te tree en 'n verhouding op te bou (Oren & Ruhl, 1997). Afgesien daarvan dat die verlaagde voorkoms van responsafhanklike glimlag 'n verminderde nie-verbale ingesteldheid op babas aandui, kan dit ook stremming van sosial-interaktiewe vaardighede vir die ontwikkelende kind impliseer (sien 'Genot van interaksie').

- *Oordrewe en geanimeerde gesigsuitdrukings*

Die gebruik van *oordrewe en geanimeerde gesigsuitdrukings* deur *proefpersoon* moeder een het in 'n geringe mate gedurende spel met eie speelgoed voorgekom, maar is nie tydens voeding, doekomruil of spel met verskafde speelgoed waargeneem nie. *Proefpersoon* moeder twee het ook nie tydens hulle versorgingsaktiwiteit of spel met bekende speelgoed sodanige gesigsuitdrukings vertoon nie. Dit wil voorkom asof dié moeders tydens die versorgingsaktiwiteit doelgerig optree het en die aktiwiteit as bloot funksioneel beskou het. Gevolglik kan dit die geval wees dat *proefpersoon moeders* nie-verbale gedrag soos geanimeerde gesigsuitdrukings wat hul babas se aandag van voeding kan aflei, onbewustelik beperk.

In teenstelling met *proefpersoon* moeders een en twee se nie-verbale gedrag, het *proefpersoon* moeder drie gereeld van geanimeerde gesigsuitdrukings gebruik gemaak tydens al drie interaksies. Dit is opvallend om op te merk dat dié bevinding raakpunte met die waarneming dat die meerderheid van haar uitinge en gedrag genot van interaksie weerspieël, vertoon.

Hierteenoor word die ander proefpersoon moeders se 'genot van interaksie' laer gepeil. Die beperkte voorkoms van oordrewe en geanimeerde gesigsuitdrukking kan tesame met ander gedragsvorme of interaksie style as aanduider van verlaagde 'genot van interaksie' optree. Die moontlikheid dat die skynbaar gespanne en minder natuurlike situasie spontane gedrag soos geanimeerde en oordrewe gesigsuitdrukking kon beperk, word egter nie uitgesluit nie. 'n Verdere afleiding wat gemaak is, is dat die verlaagde voorkoms van gesigsuitdrukking by twee proefpersoon moeders, aandag nie suksesvol behou nie én positiewe emosies moontlik ook nie op so 'n wyse oorgedra word nie. Na die mening van die navorser, is genoemde proefpersoon moeders minder geneig om geleentheid vir fasilitering van kommunikasie interaksie nie-verbaal te benut of te skep. Dít opsigself kan nadelige gevolge vir die pre-verbale kind inhou aangesien die nie-verbale kommunikasie wat deur moeders aan hul babas gerig word, latere verbale kommunikasie vaardighede aanmoedig (Spencer & Gutfreund, 1990; Broerse & Elias, 1994). Hierbenewens voer Halliday en Leslie (1986) aan dat die dinamiese rol wat nie-verbale kommunikasie soos gesigsuitdrukking tydens vroeë interaksionele roetines speel, latere verbale kommunikasie fasiliteer en aanmoedig.

• *Fokus baba se aandag op voorwerp van bespreking*

Proefpersoon moeder een het dikwels tydens beide die twee spelsituasies haar baba se *aandag op die voorwerp van bespreking* gefokus, alhoewel in 'n mindere mate tydens voeding. *Proefpersoon* moeder twee maak ook gebruik van aandagfokus, veral tydens spel met haar baba se eie speelgoed, terwyl dié gedrag net somtyds waargeneem is gedurende voeding en spel met verskafde speelgoed. *Proefpersoon* moeder drie fokus haar baba se aandag deurlopend op voorwerpe van bespreking ten einde die verbale boodskap met die voorwerp te assosieer en in konteks te plaas.

Buiten die individuele verskille wat tussen proefpersoon moeders betreffende die fokus van hulle babas se aandag op voorwerp van bespreking opgemerk word, blyk die eiesoortige situasie ook die voorkoms van dié gedrag te bepaal. Proefpersoon moeders een en twee openbaar verlaagde voorkoms van aandagvestiging binne die roetine aktiwiteit, moontlik omrede hulle, soos reeds genoem, die doel van versorging wil handhaaf en sodoende die afleiding van aandag wil beperk

Die versorgingsaktiwiteit van bad en aantrek waarin die derde proefpersoon interaksiepaar betrokke was, het egter situasioneel verskil van die ander twee interaksiepare. Hierdie moeder wou haar baba, wat ongemaklik en huilerig was, se aandag aflei van dié aktiwiteit na 'n speelding. Volgens waarneming toon proefpersoon moeders wel gedrag wat hulle babas se aandag vestig, hoewel 'n hoër frekwensie gebruik daarvan aangemoedig kan word.

Die fokus asook behouding van die baba se aandag op die voorwerp van bespreking is, veral tydens spel, krities, aangesien dit die baba kognitief en interaksioneel rig om betekenis uit spel as leermedium te onttrek (Fewell & Vadasy, 1983). Die jong kind word op sy omgewing ingestel ten einde hom in staat te stel om die stimulasie effektief te hanteer en voordeel daaruit te trek. Smith et al (1996) bevind dat hoër vlakke van aandagbehouding met beter begripstaal asook kognitiewe ouderdomstellings geassosieer word. Dit wil voorkom asof die uitbreiding van *proefpersone* se aandagsbehoudingsvaardighede die baba interaksioneel sal rig, en dat dit, tesame met ander nie- verbale gedragsvorme, van waarde sal wees wanneer intervensieprogramme, wat die fasilitering van pre-verbale babas se kommunikasievaardighede ten doel stel, saamgestel word.

- **BEURTNAMEN AS FASILITERING VAN KOMMUNIKASIE VAARDIGHEDE:
VERBAAL EN NIE-VERBAAL**

'n Bykomende gedragseienskap van moeders wat onder die versterking van kommunikasie vaardighede sorteer, is beurtname. Die benutting van geleenthede waartydens *proefpersoon* moeders responstyd aan hul babas hetsy deur verbale of nie-verbale kommunikasie gedrag afstaan, word in Tabel 4.4 saamgevat en omskryf.

Proefpersoon moeder een het sommige van die geleenthede wat tydens die twee spelsituasies tot haar beskikking was, benut om haar baba by die interaksie te betrek. Haar uitinge het hiertydens vinnig opmekaar gevolg en sy het, veral met betrekking tot vrae en bevele, nie die verlangde responstyd verskaf nie. Dit wou voorkom asof dié moeder nie 'n respons van haar baba verwag nie. Geen geleenthede is egter tydens die voedingsinteraksie gebruik om beurtname aan te

moedig nie. Betreffende nie-verbale beurtgewing, soos om deur middel van oogkontak of afwagende gesigsuitdrukking aan die baba geleentheid te gee om te reageer, het dit net somtyds

TABEL 4.4: BEURTNAME: VERBAAL EN NIE-VERBAAL

Benutting van geleenthede om beurtname te bewerkstelling	Verbaal gedrag		Nie-verbaal gedrag	
	<i>Meeste geleenthede benut om beurtname te bewerkstellig</i>	Pp 1	NVT	Pp 1
	Pp 2	NVT	Pp 2	NVT
	Pp 3	Bad/aan trek Spel a Spel b	Pp 3	Spel b
<i>Sommige geleenthede benut om beurtname te bewerkstelling</i>	Pp 1	Spel a Spel b	Pp 1	Voeding Spel a Spel b
	Pp 2	Voeding Spel a Spel b	Pp 2	Voeding Spel a
	Pp 3	NVT	Pp 3	Bad/aan- trek Spel a
<i>Geen geleenthede benut om beurtname te bewerkstellig</i>	Pp 1	Voeding	Pp 1	NVT
	... Pp 2	NVT	... Pp 2	Spel b
	... Pp 3	NVT	... Pp 3	NVT

SLEUTEL: *Spel a* - Spel met eie speelgoed
Spel b - Spel met verskafde speelgoed
NVT - Nie van toepassing

in die drie kontekste voorgekom. Meeste van die geleenthede wat tot *proefpersoon* moeder een se beskikking was om beurtname by haar baba te ontlok, is nie verbaal óf nie-verbaal aangegryp nie. Gebrekkige pogings tot interaksionele beurtname en gevolglike fasilitering van haar baba se kommunikasie vaardighede, verklaar moontlik die waargenome geringe ekspressiewe agterstand

wat hierdie proefpersoon baba openbaar en sal waarskynlik toenemend kommunikasie ontwikkeling strem.

Proefpersoon moeder twee het tydens voeding en spel met eie asook verskafde speelgoed net sommige van die geleenthede benut om verbaal aan haar baba beurtname oor te dra. Die baba is min geleentheid gebied om te vokaliseer of die verlangde aktiwiteit uit te voer. Dit kan moontlik aan die hand van haar vinnige en oorhaastige spraakspoed toegeskryf word, hoewel *proefpersoon* moeder drie 'n soortgelyke spraakspoed gehandhaaf het en tog geleenthede vir beurtname gebruik het. Nie-verbale beurtgewing het by *proefpersoon* moeder twee net somtyds voorgekom. Verbale beurtgewing kom in 'n meerdere mate as nie-verbale beurtgewing voor, maar blyk, inaggenome van betreklik min vokaliseringe wat haar baba vertoon, nie voldoende te wees nie.

Die derde *proefpersoon* moeder het die meeste van die geleenthede tydens die spel en die versorgingsaktiwiteite benut om op verbale wyse aan haar baba beurte te verskaf. Hierdeur het sy geleenthede vir pogings op verbale reaksie en dus beurtname bewerkstellig. Opvallend toon *proefpersoon* moeder drie se baba ook meer vokaliseringe en inisiëringe soos aangedui in 4.2.2. Dit het voorgekom asof daar 'n natuurlike 'gespreksvloei' tussen moeder en kind was, soos in die wedersydse beurtname struktuur gereflekteer. Die nie-verbale beurtgewing van *proefpersoon* moeder drie het, in vergelyking met verbale beurtgewing, minder voorgekom. Moontlik beskou sy onbewustelik verbale beurtgewing as meer suksesvol in pogings om haar baba kommunikatief te betrek. Vanuit die waarneming blyk dit dat dié moeder ingestel is op die ontlocking van kommunikasie vaardighede by haar baba.

Verbale en nie-verbale beurtname het, ten opsigte van al drie *proefpersoon* moeders, meerendeels soortgelyke voorkoms van gebruik aangetoon. Twee van die drie *proefpersoon* moeders het kenmerkend minder geleenthede as wat beskikbaar was, benut om voldoende responstyd af te staan ten einde hul babas aan te moedig om aan die kommunikasie interaksie deel te neem. Dit blyk asof die vinnig opeenvolgende uitinge en onvoldoende responstyd afgestaan, soos by *proefpersone moeders* een en twee opgemerk, met verminderde responsiwiteit op die baba se vokale en nie-vokale gedrag verband kan hou (sien Tabel 4.2). 'n

Verklaring wat vir die verhoogde verbaliteit van die moeder aangebied word, is dat dit 'n onbewustelike poging is om vir die lae responsiwiteit van haar baba te kompenseer (Butcher, Kalverboer, Minderaa, Van Doormaal & Ten Wolde, 1993). Wanneer die lae frekwensie van inisiërings van dié twee *proefpersoon* babas inaggeneem word, blyk dié aanname van toepassing te wees. 'n Aanvullende interpretasie van dié waarneming is dat die moeders nie beheer oor kommunikasie beurte oorgee nie weens 'n direkte styl. Alhoewel die literatuur direktiwiteit nie ooreenstemmend beskou direktiwiteit nie, word die handhawing van 'n direkte beurnamestruktuur deur outeurs soos Miguel (1995) as negatief beskou aangesien dit die kwaliteit van spel verlaag (sien ook Hoofstuk 2).

Die benutting van beurname is 'n belangrike kommunikasie vaardigheid vir pre-verbale babas wat tydens vroeë interaksies aangemoedig kan word om kommunikasie interaksie te fasiliteer (Ramey & Ramey, 1989). Die potensiële voordele wat die fasilitering van 'n beurname struktuur vir kinders van wie die ouers interaktiewe venote is, inhou, is na die mening van MacDonald en Carrol (1994) die volgende: Dit veroorsaak 'n verskuiwing van passiewe na aktiewe rol in die interaksie proses; die kind ontwikkel 'n verwagting van kommunikasie en is meer gemotiveerd om self daaraan te voldoen; hy leer om responsief te reageer en derhalwe word interaktiewe sukses ervaar wat bykomend tot ryper sosiale vaardighede bydra. Die bespreking van die resultate dui aan dat die waargenome nie-verbale gedrag van die proefpersoon moeders tesame met verbale en nie-verbale beurname, kommunikasie vaardighede nie genoegsaam aanmoedig nie. Die voorkoms van verbale gedrag wat kommunikasie vaardighede aanmoedig, word vervolgens uiteengesit.

- **DIE FASILITERING VAN KOMMUNIKASIE INTERAKSIE: VERBAAL**

Verskeie outeurs beskryf die wyse waarop versorgers hulle spraak en taal by babas en jong kinders aanpas asook die proses waartydens pre-verbale babas se kommunikasie vaardighede op 'n verbale wyse fasiliteer word (Richman et al., 1992; Pine, 1992; Cole & St. Clair-Stokes, 1984; Hoff-Ginsberg, 1991). Sogenaamde aanpassing van die moeder se verbale uitinge is, vir die doel van hierdie studie, verdeel in die gebruik van ekstra-linguistiese gedrag, waaronder variasie van prosodiese eienskappe sorteer, die vorm sowel as die inhoud van spraak. Dit word, volgens

Kastan (1999) veronderstel dat hierdie kenmerkende interaksiestyl spraakdiskriminasie vergemaklik wat gevolglik ook die waarskynlikheid verhoog dat die baba op sy moeder se spraak ingestel sal wees en op kommunikasie stimulasie sal reageer. Tabel 4.5 toon hoe proefpersoon moeders kommunikasie interaksie verbaal ontlok en aangemoedig het.

- *Prosodiese eienskappe van moeders se spraak*

Die prosodiese eienskappe wat *proefpersoon* moeders se spraak gekenmerk het en ondersoek is, was oordrewe intonasie patrone, wisselende toonhoogte en stadiger spraakspoed. Alhoewel 'n wisseling in stemluidheid voorgekom het, is 'n stadiger spraakspoed egter nie waargeneem soos verwag is nie. In teendeel, *proefpersoon* moeders het almal 'n betreklik vinnige spraakspoed vertoon. Die waargenome vinnige spraakspoed kan moontlik verband hou met 'n eiesoortige Kleurlingspraakwyse by proefpersone opgemerk, terwyl die video-opname ook bydraend tot dié spraakwyse kan wees aangesien die situasie as gespanne en onnatuurlik deur die proefpersone beleef kon word. *Proefpersoon* moeder een het dikwels gedurende spel met haar baba se eie speelgoed en net somtyds gedurende die ander kontekste variërende toonhoogte in stem vertoon, terwyl *proefpersoon* moeder twee tydens al drie genoemde kontekste soms stembuigings gedemonstreer het. By *proefpersoon* moeder drie is toonhoogteverskille gereeld tydens dié interaksies opgemerk. Die proefpersoon moeders maak in 'n mindere of meerdere mate van oordrewe intonasie patrone gebruik wanneer hulle met hul babas kommunikeer.

Die suprasegmentele aspekte van spraak bevorder onder andere aandag en luistervaardighede wat die kommunikasie ontwikkeling by die pre-verbale kind ondersteun (Hess et al., 1997). Babas leer gedurende hul eerste lewensjaar om sekere intonasie patrone in spraak met onderwerpe en gebeure te assosieer, waardeur betekenis aan woorde geheg word (Louw, 1990). Die babas in hierdie studie kon deur die blootstelling aan die oordrewe intonasie patrone, interaksionele voordeel trek asook linguistiese stimulering wat as kommunikatief fasiliterend beskou word. Die prosodiese elemente van die *proefpersoon* moeders se spraak was telkens situasioneel toepaslik en geen noemenswaardige frekwensie verskille betreffende intonasiewisselings het tussen die tipe interaksies by enige van die proefpersone voorgekom nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat hul babas baat gevind het by die gebruik van oordrewe intonasie patrone veral om aandag te verkry, spraak te beklemtoon of te troos.

TABEL 4.5: FASILITERING VAN KOMMUNIKASIE INTERAKSIE: VERBAAL

Verbale gedrag van moeders	Pp 1			Pp 2			Pp 3			
	Voorkoms van gedrag →	Dikwels	Somtyds	NW	Dikwels	Somtyds	NW	Dikwels	Somtyds	NW
Varieer prosodiese eienskappe	Spel a	Spel b Voeding	NVT	NVT	Spel a, b Voeding	NVT	Spel a, b Bad/aantrek	NVT	NVT	NVT
Vorm:										
• Volwasse taalgebruik	• NVT	Spel a, b Voeding	NVT	• NVT	Spel b	Spel a Voeding	• Spel a Bad/aantrek	Spel b	NVT	NVT
• Kindgerigte spraak	• Spel a, b Voeding	NVT	NVT	• Spel a, b Voeding	NVT	NVT	• Spel a, b Bad/aantrek	NVT	NVT	NVT
• Spontane vokaliserings	• NVT	Spel a, b Voeding	NVT	• NVT	Spel a, b Voeding	NVT	• Spel a, b Bad/aantrek	NVT	NVT	NVT
• Spontane verbalisering	• Spel a, b Voeding	NVT	NVT	• Spel a, b Voeding	NVT	NVT	• Spel a, b Bad/aantrek	NVT	NVT	NVT
Aard:										
• Prys die baba	• NVT	Spel a, b Voeding	NVT	• NVT	NVT	Spel a, b Voeding	• NVT	Voeding	Spel a, b	
• Benoeming van voorwerpe	• NVT	Spel a, b	Voeding	• Spel a	NVT	Spel b Voeding	• Spel b Bad/aantrek		Spel a	
• “Baba taal”	• NVT	Spel a, b Voeding	NVT	• Spel a, b Voeding	NVT	NVT	• Spel a, b Bad/aantrek	NVT	NVT	
• Identifiseer persone of aktiwiteite/aksies in omgewing	• NVT	NVT	Spel a, b Voeding	• NVT	NVT	Spel a, b Voeding	• NVT	NVT	Spel a, b Voeding	
• Vra vrae	• Spel a, b Voeding	NVT	NVT	• Spel b	Spel a	Voeding	• Spel a, b Bad/aantrek	NVT	NVT	
• Gee bevele	• Spel a, b Voeding	NVT	NVT	• Spel a, b Voeding	NVT	NVT	• Spel a, b Bad/aantrek	NVT	NVT	

SLEUTEL: *Spel a - Spel met eie speelgoed*
Spel b - Spel met verskafde speelgoed

Moeders se spraak teenoor jong kinders varieer nie bloot prosodies of paralinguisties nie, maar hul maak ook aanpassings betreffende die strukturele, semantiese, en sintaktiese kompleksiteit van hul uitinge (Hoff-Ginsberg, 1991).

• *Die vorm wat moeders se verbale kommunikasie aanneem*

Die strukturele aard van spraak wat versorgers teenoor babas en jong kinders gebruik, behoort, indien ooreenstemmend met die ontwikkelende linguistiese vermoëns van die kind, tot voordeel van sy of haar kommunikasie vaardighede te strek. Die unieke vorm wat die *proefpersoon* moeders se spraak aanneem, is ondersoek deur na hul taalgebruik te let. Volwasse taalgebruik tydens die interaksie is ondersoek aan die hand van sinslengte, sinkonstruksie en woordgebruik.

Die gebruik van die volwasse taalvorm is net somstyd by *proefpersoon* moeder een waargeneem. *Proefpersoon* moeder twee het min volwasse taalgebruik tydens spel met verskafde speelgoed vertoon, terwyl dit geensins gedurende voeding of eerste spel met eie speelgoed waargeneem is nie. Betreffende die derde *proefpersoon* moeder het dit meermale voorgekom, veral tydens die versorgingsaktiwiteite en spel met eie speelgoed.

In teenstelling met die resultate verkry, het die eerste twee moeders tydens die oueronderhoud aangedui dat hulle wel van volwasse taal gebruik maak. Dié kontrasterende bevinding kan moontlik daaraan toegeskryf word dat genoemde *proefpersoon* moeders nie bewustelik kan onderskei tussen volwasse en kindgerigte taal nie. Andersyds word die moontlikheid dat *proefpersoon* moeders 'n 'beter' beeld wou skep deur die 'wenslike' antwoord te gee, nie uitgesluit nie. *Proefpersoon* moeder drie het beide volwasse en kindgerigte taal as kommunikasiestyl genoem, wat ooreenstemmend is met dit wat van haar waargeneem is.

Die waarneming van volwasse taalvorm het tussen die moeders asook oor die verskillende kontekste van interaksie gevarieer. Die veronderstelling kan moontlik, hoewel met versigtigheid, gemaak word dat die baba van die derde *proefpersoon* moeder meer voordeel sal trek uit die verbale kommunikasie aan hom gerig omrede hy blootgestel word aan meer uitgebreide

woordeskat asook langer en meer kompleks taal. Dié baba word egter ook voorsien van kindgerigte spraak, wat veral nabootsing fasiliteer, soos vervolgens sal blyk.

Kindgerigte spraak word onder andere gekenmerk deur verkorte sinslengte, herhalings, eenvoudiger woordeskat, hoër fundamentele frekwensie van gebruik van woorde asook langer pouserings tussen uitinge (Pine, 1992). Die spesifieke aanpassing in *proefpersoon* moeders se spraak wat as kindgerigte spraak aangeteken is, was die voorkoms van korter sinne, herhaling van woorde en vokaliserings. Kindgerigte spraak van *proefpersoon* moeders is dikwels tydens beide die spelinteraksies en versorgingsaktiwiteite waargeneem. Spontane vokaliserings, verbaliserings soos klanknabootsings en uitroepe het by al drie *proefpersoon* moeders voorgekom, alhoewel meer dikwels by *proefpersoon* moeder drie. Ook hiertydens het dit geblyk asof die voorkoms van kindgerigte spraak tussen die drie kontekste meerendeels ooreenstem. Daar kon geen onderskeid ten opsigte van die frekwensie of aard van die onderskeie kontekste opgemerk word nie. Opvallend, het langer pouserings tussen uitinge nie voorgekom nie, maar dit was intendeel uiters kort soos uitinge mekaar vinnig opgevolg het. Die waarneming van 'n vinnige spraakspoed, soos na verwys by 'prosodiese eienskappe', kan met hierdie kort pouserings tussen uitinge verband hou. Die betreklike hoë voorkoms van gebruik van dié aanpassing in die moeders se spraak kan insinier dat dit van linguistiese waarde vir hul pre-verbale babas is.

Kindgerigte spraak word aangedui as instrumenteel tot die fasilitering van taalverwerwing aangesien die woordeskat en sinsamestelling hiertydens vereenvoudig is, terwyl dit ook gekontekstualiseer is en die baba se aandag behou (Kastan, 1999). Na die mening van die navorser, word dié spraakpatroon toepaslik deur *proefpersoon* moeders benut, en kan dit waardevol in ontlokking en behouding van aandag wees asook as taalstimuleringsmedium optree. Dit word bykomend gemeen dat die pre-verbale baba meer kommunikatiewe voordeel uit moeders se spraak trek indien dit beide volwasse én kindgerigte spraak bevat.

- *Die aard van moeders se verbale kommunikasie*

Die aard van die moeders se verbale kommunikasie soos aan hul babas gerig, is ondersoek deur die

inhoud van proefpersoon moeders se uitinge aan te teken. Dié gedragsvorme sluit in: prys, benoeming van voorwerpe, babataal, identifisering van persone of aksies in die omgewing, vrae en bevele. *Proefpersoon* moeder een het enkele kere gedurende voeding asook die twee spelinteraksies haar baba geprys, terwyl *proefpersoon* moeder twee nie sodanige gedrag vertoon het nie. Die derde moeder wat as proefpersoon opgetree het, demonstreer ook nie 'prys' of 'beloning' van haar baba nie, buiten 'n eenmalige waarneming tydens die versorgingsaktiwiteit. Dié resultate aangaande 'prys' of 'beloning' behoort egter nie in isolasie nie, maar tesame met ander gedragsvorme betreffende byvoorbeeld die moeder se genot van interaksie beskou te word, alvorens afleidings jeens die moeder se ingesteldheid teenoor haar baba gewaag word.

Betreffende die 'benoeming van voorwerpe', benoem *proefpersoon* moeder een tydens beide spelinteraksies met eie en verskafde speelgoed. *Proefpersoon* moeder twee benoem egter slegs wanneer daar met die baba se eie speelgoed gespeel word. Die benoeming van voorwerpe gedurende voeding is nie waargeneem nie, maar word 'tradisioneel' nie as konteks vir verbale stimulasie beskou nie, moontlik omrede *proefpersone meer* ingestel is om die taak so spoedig en effektief moontlik af te handel. Die derde *proefpersoon* moeder maak gereeld van benoeming van voorwerpe tydens die twee spelsituasies en versorgingsaktiwiteite gebruik. Inaggenome van die lae voorkoms van benoeming, kom dit voor asof daar 'n beperkte mate van modelering en gevolglik woordeskatverryking by veral *proefpersoon* moeders een en twee se stimulering van hulle babas is.

Die gebruik van 'babataal,' wat onder andere kenmerkende babawoordeskat (bv. ba, ta, da) en verkleiningsvorme behels, is by al drie *proefpersoon* moeders opgemerk. Die voorkoms daarvan was by *proefpersoon* moeder een minder dikwels tydens die drie interaksies terwyl dit by beide *proefpersoon* moeders twee en drie deurentyd dikwels voorgekom het. Hierdie bevinding stem egter nie ooreen met dit wat verkry is tydens die oueronderhoud met *proefpersoon* moeders een en twee ten opsigte van die kommunikasie styl wat hulle teenoor hulle babas gebruik nie (sien 4.2.4). Die navorser is van mening dat die gebruik van 'babataal' asook verkleinwoorde en troetelname by die tweede en derde proefpersoon moeders nietemin as waardevol vir die baba se kommunikatiewe en sosio-emosionele ontwikkeling beskou kan word. Ter ondersteuning vanuit die literatuur merk Rossetti (1996) op dat babataal die versorger se aanpassing by die kind se

reseptiewe taalvlak reflekteer en 'n belangrike eienskap van taalfasiliterende moeder-kind interaksie is.

Die 'identifisering van persone, aktiwiteit of aksies in die omgewing' is by geeneen van die drie *proefpersoon* moeders in die onderskeie kontekste waargeneem nie. Alhoewel dit nie tydens die getranskribeerde opname voorgekom het nie, is dit wel by *proefpersoon* moeder drie tydens die eerste vyf minute van spel opgemerk. Die afwesigheid van hierdie gedragsvorm kan as 'n leemte beskou word aangesien die betrekking van die baba se aandag by sy onmiddellike omgewing van stimulerende waarde kan wees.

Ten opsigte van die gebruik van 'vrae' en 'bevele' is dit gereeld by *proefpersoon* moeder een waargeneem. Daar was nie 'n noemenswaardige verskil ten opsigte van die hoeveelheid vrae en bevele wat oor die drie kontekste heen voorgekom het nie. *Proefpersoon* moeder twee demonstreer ook die gebruik van 'vrae' en 'bevele' buiten vir die eerste spelinteraksie waartydens minder vrae in vergelyking met ander kontekste waargeneem is. By *proefpersoon* moeder drie is 'vrae' en 'bevele' dikwels opgemerk gedurende al drie die interaksies. In aggenome van *proefpersoon* moeder drie se responsiewe gedrag en wyse van stimulasie, wat in vergelyking met *proefpersoon* moeder een en twee hoër is, wil dit egter voorkom asof die tradisionele assosiasie wat tussen 'n hoë frekwensie gebruik van vrae en bevele en direktiwiteit bestaan (Schieffelin & Ochs, 1986) dus nie hier van toepassing is nie. Die voorkoms van 'vrae' en 'bevele' wat algemeen deur moeders met pre-verbale babas waargeneem word, struktureer waarskynlik die interaksies. Dit blyk eerder ander kommunikasie gedrag soos beperkte beurtname en verlaagde responsiwiteit te wees wat direktiwiteit weerspieël, soos later duidelik sal blyk.

Die wysiging van interaktiewe gedrag word, soos pas bespreek, na aanleiding van die onderskeie faktore, hoog op prys gestel aangesien dit die baba van insette voorsien wat by sy of haar beperkte inligtingsproseseringsvermoë aangepas is (Papousek & Papousek, 1987). Die vorm en aard van *proefpersoon* moeders se spraak was tiperend van moeders se kindgerigte spraak soos aangedui in die literatuur (MacDonald & Carrol, 1994; Rosseti, 1996; Kasten, 1999). Dit gee daartoe aanleiding dat die besondere wyse waarop hulle in interaksie met hulle babas getree het,

as ondersteunend tot hulle kommunikasie ontwikkeling beskou kan word. Opvallend, vertoon proefpersoon moeders meer toepaslike verbaal fasiliterende gedrag as nie-verbaal. Na die mening van die navorser kan die geïntegreerde en gekomplimenteerde gebruik van beide verbale en nie-verbale aspekte van kommunikasie interaksie tydens oueropleiding daartoe bydra dat ouers as meer suksesvolle taalfasiliteerders beskou sal kan word. Die verwagting van 'n gunstige effek wat sogenaamde 'suksesvolle taalfasiliteerders' op die kommunikasie ontwikkeling van pre-verbale kinders uitoefen, sal egter slegs bepaal kan word indien laasgenoemde se taal en latere akademiese vaardighede deurgaans gemonitor word.

• 2 MOEDERS SE WYSE VAN STIMULASIE

Die mate waartoe die drie *proefpersoon babas* toepaslike kommunikasie stimulasie ontvang het, is ondersoek deur te let na hul moeders se verbale sowel as nie-verbale kommunikatief gerigte gedrag. Dié bevindinge het insae in die vaardighede en beskouinge van *proefpersoon* moeders verskaf.

• MOEDERS SE NIE -VERBALE WYSE VAN STIMULASIE

Die wyse waarop *proefpersoon* moeders hul nie-verbale gedrag rig om die pre-verbale kind kommunikatief te stimuleer, is in Tabel 4.6 getabuleer en word vervolgens beskryf.

TABEL 4.6: MOEDERS SE NIE-VERBALE WYSE VAN STIMULASIE

Nie-verbale gedrag van moeders	Proefpersoon 1			Proefpersoon 2			Proefpersoon 3		
	D	S	NW	D	S	NW	D	S	NW
Voorkoms van uitinge →									
<i>Verskaf toepaslike kinestetiese en taktiele stimulasie</i>	NVT	Spel a Spel b	Voeding	NVT	Spel b Spel a	Voeding	NVT	Spel a Bad/aantrek	Spel b
<i>Verskaf geleentheid vir baba om na objekte uit te reik</i>	NVT	Spel a Spel b	Voeding	NVT	Spel a Spel b	Voeding	Spel a Spel b	Bad/ aantrek	NVT
<i>Verskaf geleentheid om objekte te manipuleer</i>	NVT	Spel b	Spel a Voeding	NVT	Spel a Spel b	NVT Voeding	Spel b	Spel a	Bad/ Aantrek
<i>Verskaf ouditiewe stimulasie</i>	Spel a	Spel b	Voeding	Spel a	Spel b	Voeding	Spel a	Spel b	Bad/ Aantrek
<i>Volg baba se belangstelling op met intensionele aksie</i>	NVT	Spel a Spel b	Voeding	NVT	Spel a Spel b	Voeding	Spel a Spel b Bad/aantrek	NVT	NVT

SLEUTEL: *Spel a - Spel met eie speelgoed*

D - Dikwels waargeneem

Spel b - Spel met verskafde speelgoed

S - Somtyds waargeneem

NVT - Nie van toepassing

• *Toepaslike kinestetiese en taktiele stimulasie*

Die *proefpersoon* moeders is bevind om al drie gebruik te maak van taktiele en kinestetiese stimulasie, alhoewel die voorkoms betreklik laag is. *Proefpersoon* moeder een verskaf somtyds taktiele stimulasie tydens die twee spelinteraksies deur aan haar baba te vat, te druk of haar op te tel, terwyl dit nie tydens voeding en doekomruil opgemerk is nie. *Proefpersoon* moeder twee vertoon nie taktiele of kinestetiese stimulasie tydens voeding of spelinteraksie met eie speelgoed nie, dog is dit enkele kere tydens spel met verskafde speelgoed gedemonstreer. In teenstelling met *proefpersoon* moeder een en twee verskaf *proefpersoon* moeder drie wel genoemde gedrag gedurende die versorgingsaktiwiteit asook gedurende spel met eie speelgoed. Die versorgingsaktiwiteit waarin *proefpersoon* moeder drie haar bevind verskil egter kontekstueel van voeding, aangesien die gebruik van fisiese kontak geïmpliseer is. Opvallend, dui waarnemings aan dat *proefpersoon* moeder drie se genot van interaksie en ander positiewe interaksiestyle, soos onder andere die gebruik van responsafhanklike glimlag en beurtname, ook meer duidelik te blyk. Hoewel *proefpersoon* moeders een en twee betreklik min van die geleenthede beskikbaar benut om taktiele en kinestetiese stimulasie te verskaf, kan veralgemenings rakende die aard van hul nie-verbale stimulasie nie sondermeer gemaak word nie.

Die waarde van sodanige stimulering is daarin geleë dat sagte aanraking as hoofbron van taktiele stimulasie, ontwikkelingsvoordele vir die jong baba inhou, asook 'n kalmerende uitwerking het (Klein & Briggs, 1987; Rossetti, 1996). Fisiese kontak, in die besonder aanraking, is 'n algemene respons van die versorger op die jong baba se oorlewingsbehoefte, wat slegs die beginpunt van die kontinuum van responsiewe kommunikasie verteenwoordig. Die aanmoediging van kontak en beweging as stimulering van jong kinders se emosionele en sensoriese ontwikkeling kan deel vorm van 'n vroeë kommunikasie opleidingsprogram aan hierdie moeders gerig.

• *Geleenthede verskaf om na objekte uit te reik*

Die verskaffing van geleenthede van moeders aan hul babas om na objekte uit te reik en vas te hou, is somtyds tydens die twee spelinteraksies by beide *proefpersoon* moeders een en twee opgemerk. Dié gedrag is egter nie gedurende voeding en doekomruil opgemerk nie, moontlik weens die doelgerigte en 'haastige' houding. Hierdie aspek van stimulasie het meer dikwels tydens die spelinteraksies tussen *proefpersoon* moeder drie en haar baba voorgekom asook gedurende bad en aantrek, hoewel in 'n mindere mate. *Proefpersoon* moeder drie is tydens dié versorgingsaktiwiteit waarskynlik meer ingestel op haar baba se belangstelling, soos uit die bespreking onder die 'Volg baba se belangstellingsveld' sal blyk.

Die bevinding dat *proefpersoon* moeders een en twee nie sodanige gedrag tydens voeding vertoon nie, stem ooreen met studies vanuit die literatuur. Smith et al (1996) maak daarvan melding dat die versorger tydens spel, inteenstelling met voeding, meer geleentheid aan die kind bied om sy of haar omgewing te ondersoek en 'n aktiewe rol as leerder te speel, wat leer gevolglik bevorder. Inaggenome van genoemde bevindings, kan moeders daarop attent gemaak word dat die verskaffing van geleenthede wat ondersoekende spel fasiliteer, asook die wysiging van hulle vooropgestelde 'agenda', wel interaksionele voordele vir hulle babas kan inhou.

• *Geleenthede verskaf om objekte te manipuleer*

Tesame met die verskaffing van geleenthede om na objekte uit te reik wat, aldus Fewell en Vadasy (1983), motoriese en perseptuele stimulasie aanmoedig, is manipulering van objekte ook onder die soeklig geplaas. *Proefpersoon* moeder een bied tydens spel met verskafde speelgoed, min geleentheid aan haar baba om objekte te hanteer en te manipuleer, terwyl dit geensins tydens spel met eie speelgoed of voeding waargeneem is nie. Dié geleentheid het, in die geval van *proefpersoon* moeder twee, wel somtyds tydens al die interaksies voorgekom. Meer geleentheid om objekte te manipuleer, word deur die derde *proefpersoon* moeder aan haar baba gebied, veral tydens spel met verskafde speelgoed. Dit wil egter voorkom asof *proefpersoon* moeders een en twee, algemeen gesproke, in 'n mindere mate geneig is om tyd en aanspraak op

aktiwiteite soos deur hul kinders bepaal, af te staan. 'n Meer direkte interaksiestyl kan uit sodanige gedrag wat dié *proefpersoon* moeders openbaar, afgelei word. Hierdie aanname kan ook in verband gebring word met bevindings met betrekking tot moeders se beurtgewing asook die navolg van hul babas se belangstellingsveld (sien 'Volg baba se belangstellingsveld').

- *Verskaffing van ouditiewe stimulasie aan die baba*

Die aanbieding en skep van geleentheid om die baba ouditief te stimuleer is, in vergelyking met genoemde ander faktore wat nie-verbale stimulasie aandui, meer dikwels waargeneem. Interessant, blyk die verspreiding van voorkoms van dié gedrag identies by al drie *proefpersoon* moeders te wees. Die *proefpersoon* moeders verskaf dikwels ouditiewe stimulasie tydens spel met eie speelgoed, terwyl dié tipe stimulasie in 'n mindere mate voorgekom het tydens spel met verskafde speelgoed. Bykomend is die waarneming gemaak dat ouditiewe stimulasie geensins gedurende die versorgingsaktiwiteite voorgekom het nie. Dit kan waarskynlik daarmee verband hou dat laasgenoemde aktiwiteite meer doelgeoriënteerd is en stimulasie dus sekondêr is. Ouditiewe stimulasie kom toepaslik en genoegsaam by *proefpersoon* moeders voor, wat voordele vir hul babas inhou, aangesien blootstelling aan 'n verskeidenheid ouditiewe stimuli die baba se diskriminasie vermoë stimuleer asook die verwerwing van taalvaardighede steun (Fewell & Vadasy, 1983).

- *Volg baba se belangstellingsveld*

Verwysende na die volg van babas se belangstellingsveld, het *proefpersoon* moeders as volg reageer: *Proefpersoon* moeder een volg haar baba se belangstelling somtyds op met 'n intensionele aksie wat slegs in sommige gevalle gedurende spel aangeteken is. Die tweede *proefpersoon* moeder reageer op soortgelyke wyse betreffende die relatiewe frekwensie (sometyds) binne die onderskeie kontekste. 'n Groter voorkoms van sodanige gedrag is by *proefpersoon* moeder drie, wat dikwels, oor al die kontekste heen haar baba se belangstellingsveld volg, opgemerk. Buiten die gedrag wat *proefpersoon* moeder drie openbaar, blyk dit dat moeders in 'n mindere mate ingestel is op hul babas se fokus van aandag en dat dié babas waarskynlik minder toepaslike nie-verbale stimulasie ontvang.

Die waarde daarvan dat moeders hul babas se belangstelling behou en uitbrei, hou na die mening van Smith et al (1996), verband met die ontwikkeling van kommunikasie asook sosiale vaardighede. 'n Baba of jong kind blyk meer gemotiveerd te wees om later sy idees te kommunikeer indien die kommentaar van volwassenes met sy of haar belangstelling ooreenstem (Smith et al., 1996). Die ingesteldheid wat 'n moeder vertoon met betrekking tot haar baba se belangstelling word volgens verskeie outeurs (Klein & Briggs, 1987; Raack, 1989; Rosetti, 1996) ook beskou as 'n aanduiding van aanvaarding, warmte, sensitiwiteit en besorgdheid. Dit blyk dus geensins toevallig te wees dat *proefpersoon* moeder drie se baba klaarblyklik op 'n hoër vlak van ekspressiewe kommunikasie ontwikkeling funksioneer nie, veral inaggenome van die betreklik hoë voorkoms van inisiërings en responsiewe vokalisering (sien 4.2.2 'Frekwensie van inisiërings van babas').

Die resultate aangaande *proefpersoon* moeders se nie-verbale wyse van stimulasie dui, afgesien van individuele verskille, 'n relatiewe lae voorkoms van toepaslike nie-verbale stimulasie gedrag aan. Die veronderstelling kan gemaak word dat babas meer voordeel uit interaksie behoort te trek indien moeders meer geleenthede benut om interaksionele en kommunikatiewe vaardighede op nie-verbale wyse by hulle babas aan te moedig. Onvoldoende nie-verbale stimulasie gedrag reflekteer moontlik ook beperkte responsiwiteit, aangesien moeders op hulle babas ingestel behoort te wees alvorens toepaslike stimulasie verskaf kan word. Moeders se nie-verbale gedrag gaan dikwels gepaard met verbale kommentaar wat as linguistiese stimulasie dien. 'n Uiteensetting van die verbale stimulasie wat *proefpersoon* moeders aan hulle babas bied, word vervolgens gedoen.

- **MOEDERS SE VERBALE WYSE VAN STIMULASIE**

Die kommunikasie strategieë wat deur moeders aangewend word om hulle babas verbaal te stimuleer, vervul verskeie funksies soos om taal aan te leer of die baba bewus te maak van sy of haar omgewing (Manolson, 1992). Die ondersoek wat ingestel is na die verbale stimulasie wat babas ontvang, word bondig in Tabel 4.7 saamgevat, waarna 'n bespreking sal volg.

TABEL 4.7: MOEDERS SE VERBALE WYSE VAN STIMULASIE

Moeders se verbale wyse van stimulasie	Pp 1			Pp 2			Pp 3		
	MGB	SGB	NW	MGB	SGB	NW	MGB	SGB	NW
Voorkoms van uitinge →	MGB	SGB	NW	MGB	SGB	NW	MGB	SGB	NW
Kommentaar: sintuiglike waarneming in omgewing	NVT	Spel a Voeding	Spel b	NVT	Voeding	Spel a Spel b	NVT	Spel a Spel b Bad/aantrek	NVT
Kommentaar: baba se belangstelling in omgewing	NVT	Spel a Spel b	Voeding	NVT	Spel a Spel b	Voeding	Spel a Spel b Bad/aantrek	NVT	NVT
Beskrywing van huidige of toekomstige aktiwiteite	NVT	Spel a Spel b Voeding	NVT	NVT	Voeding	Spel a Spel b	Bad/ Aantrek	Spel a Spel b	NVT
Rympies, liedjies en ander roetine speletjies	Spel a	Spel b	Voeding	Spel a	Spel b Voeding	NVT	NVT	Spel a Bad / Spel b aantrek	

SLEUTEL: MGB - Meeste geleentede benut
SGB - Sommige geleentede benut
NW - Nie waargeneem

Spel a - Spel met eie speelgoed
Spel b - Spel met verskafde speelgoed
NVT - Nie van toepassing nie

• *Kommentaar oor baba se sintuiglike waarneming*

Die wyse waarop *proefpersoon* moeders hulle babas verbaal stimuleer, is bepaal deur te let na die relatiewe benutting van geleentede wat tot hulle beskikking was. Kommentaar oor sintuiglike waarneming in die omgewing, naamlik wat gesien, gehoor, geruk en geproe word, is enkele kere by *proefpersoon* moeder een gedurende hul spel met eie speelgoed en voeding waargeneem. Dit het dus geblyk dat slegs sommige van die geleentede wat *proefpersoon* moeder een tot haar beskikking gehad het, gebruik is. *Proefpersoon* moeder twee het in 'n mindere mate diesulke kommentaar tydens die voedingsinteraksie vertoon, terwyl geen geleentede tydens die spelinteraksies gebruik is nie. *Proefpersoon* moeder drie het binne al drie kontekste kommentaar oor haar en haar baba se sintuiglike waarneming gelewer, hoewel die meerderheid van die geleentede wat beskikbaar was, nie aangewend is nie. Na die mening van die navorser kan *proefpersoon* moeders attent gemaak word op geleentede gedurende spel en versorgingsroetines waartydens hul babas op die omgewing fokus en ook aangemoedig word om vokaal of nie-verbaal 'n onderwerp te inisieer oor die sensoriese gewaarwordinge in die omgewing.

- *Kommentaar oor baba se belangstelling*

Bykomend tot die ondersoek na die kommentaar aangaande die omgewing waarin die interaksiepaar hulle bevind, is die voorkoms van kommentaar ten opsigte van die baba se belangstelling in die omgewing aangeteken. Hieruit blyk dit dat *proefpersoon* moeder een slegs sommige van die geleenthede wat tydens die spel situasies teenwoordig was, gebruik het om verbaal op haar baba se belangstelling te reageer. 'n Soortgelyke waarneming is rakende *proefpersoon* moeder twee gemaak. *Proefpersoon* moeder drie het meer dikwels die geleenthede beskikbaar benut, en gevolglik is 'n groter hoeveelheid kommentaar oor hoe die omgewing ervaar word, verskaf. In teenstelling met die ander *proefpersoon* moeders is responsiewe kommentaar in al drie die interaksies opgemerk. Buiten genoemde *proefpersoon* moeder drie, blyk dit dat *proefpersoon* moeders nie genoegsaam van geleenthede gebruik maak om hulle babas tydens spel en versorging verbaal te stimuleer nie.

Opvallend, stem die voorkoms van geleentheidsbenutting sowel as die kontekste waarin dié twee moeders dit aanwend, ooreen met bevindinge rakende 'Volg baba se belangstelling op met intensionele aksie' (sien 2.1). Die verbale en nie-verbale stimulasie tree klaarblyklik in dié geval bevestigend op met verkreeë resultate betreffende responsiwiteit. Dit wil voorkom asof sommige van die *proefpersoon* moeders nie primêr op hulle babas se aandag ingestel is nie en dat taalstimulasie gevolglik nie doelgerig toegepas word nie.

- *Beskrywing van baba se aktiwiteite*

Die beskrywing van huidige of toekomstige aktiwiteite tydens spel en versorgingsaktiwiteite het addisioneel bygedra tot die peiling van moeders se verbale stimulering aan hul babas. *Proefpersoon* moeder een maak somtyds gebruik van die beskrywing van haar of die baba se aksies. Daar kon nie onderskeid getref word tussen dié gedrag en die tipe interaksie waarin dit voorgekom nie. Wat *proefpersoon* moeder twee betref, is daar, buiten gedurende die versorgingsaktiwiteit, nie kommentaar aangaande haar baba se aktiwiteite gelewer nie. Dit is by *proefpersoon* moeder drie wel tydens spel, maar in 'n groter mate tydens hul versorgingsaktiwiteit aangetref. Dié bevinding vergelyk ook met afleidings gemaak jeens dié moeder se kommentaar op haar baba se omgewing en belangstelling, naamlik dat sy meer

geleentheid benut om verbaal op haar baba en die konteks te reageer ten einde taalontwikkeling te fasiliteer.

- *Rympies, liedjies en ander roetine speletjies*

Die voorkoms van rympies, liedjies en ander roetinespeletjies was betreklik hoog onder al drie *proefpersone*. Roetinespeletjies het dikwels tydens spel met eie speelgoed, maar minder gereeld tydens spel met verskafde speelgoed, by *proefpersoon* moeder een voorgekom. Liedjies sowel as roetinespeletjies is ook by *proefpersoon* moeder twee tydens die bekende spelsituasie opgemerk, terwyl dit minder opvallend tydens die ander interaksies was. *Proefpersoon* moeder drie het roetine speletjies en 'n rympie aan haar baba voorgehou wanneer hulle in 'n spelsituasie betrokke was. Alhoewel dié moeders somtyds van die geleentheid gebruik gemaak het om roetine speletjies met hulle babas te speel, kan hulle aangemoedig word om dit meer dikwels te doen, veral ook tydens versorgingsaktiwiteite. Die insluiting van roetine speletjies, rympies en liedjies is betekenisvol weens die waarde wat dit inhou betreffende interaksionele kommunikasie vaardighede asook linguistiese stimulasie. Snow (1986) merk in dié verband op dat interaksionele roetines fundamenteel tot kommunikasie ontwikkeling staan aangesien dit linguistiese insette aan die kind voorhou waartydens spraak voorspelbaar en herhalend ontvang, geïnterpreteer en met versterking geoefen word.

Die moeders wat as *proefpersone* vir hierdie studie benut is, veral *proefpersone* moeders een en twee, lewer betreklik min inhoudelike taalinsette en laat geleentheid vir kognitiewe en taalstimulering verbygaan. Beperkte stimulering is waarskynlik 'n weerspieëling van 'n onderliggende beperkte ingesteldheid op die baba se fokus van aandag, maar kan ook weens moeders se ontoepaslike lae verwagting van hulle babas se vaardighede toegeskryf word. Verbale stimulasie word in die literatuur as krities vir die kommunikasie ontwikkeling van pre-verbale kinders aangedui. Ten einde deurlopende taalstimulasie te fasiliteer, stel Manolson (1992) voor dat die baba se gedrag deur die versorger geverbaliseer word. Hess et al (1997) wys daarop dat die ontwikkelende kind toepaslike stimulasie en ondervinding benodig om neurologiese 'paaie' vir kommunikasie te vorm, waarsonder hy 'n risiko vir linguistiese sowel as kognitiewe agterstand kan vertoon. Inteenstelling hiermee, vertoon *proefpersoon* moeder drie

meer ouderdomstoepaslike verwagting van haar kind en benut sy meer situasies om hom te 'leer'. Opvallend, is hy, in vergelyking met die ander twee proefpersoon babas, beter in staat om ontwikkelingsooreenstemmende aksies uit te voer, byvoorbeeld om alleen te staan, aan 'n interaksiespeletjie deel te neem, objekte uit te wys en aksies na te boots. Dié baba trek skynbaar, in vergelyking met die ander twee proefpersoon babas, meer linguistiese voordeel uit die verbale stimulasie wat sy moeder aan hom voorhou.

• 3 **RESPONSIWITEIT OP BABA SE VOKALE GEDRAG**

Die tempo van kinders se pre-linguistiese ontwikkeling korreleer met die mate waartoe moeders hulle eie kommunikasie gedrag baseer op die vokalisering en nie-verbale kommunikasie van babas (Spencer & Gutfreund, 1990). Moeders reageer verbaal, nie verbaal of beide verbaal en nie-verbaal op hulle babas se vokalisasies. Ter bevestiging van die belang van nie-verbale kommunikasie, dui Miguel (1995) aan dat die nie-linguistiese insette wat moeders gebruik, 'n gelykwaardige rol speel in die fasilitering van kommunikasie en gevolglik ook interaksie struktureer vir die baba. Derhalwe word die, dikwels onderskatte, nie-verbale reaksies wat moeders teenoor hulle babas openbaar, eerstens uitgelig.

• **MOEDERS SE NIE -VERBALE REAKSIES OP BABAS SE VOKALISERING**

Die nie-verbale reaksies wat *proefpersoon* moeders op enige vokale gedrag van hul babas demonstreer het, soos die verandering van gesiguitdrukking of beeindiging van aktiwiteite of verbale kommunikasie, word in Tabel 4.8 aangedui.

TABEL 4.8: REAKSIES OP BABA SE VOKALISERING: NIE-VERBAAL

Moeders se nie-verbale reaksies op babas se vokalisering:	Voorkoms van gedrag	Pp 1	Pp 2	Pp 3
<i>Geanimeerde gesiguitdrukking of aanraking binne 2 sekondes nadat baba gevokaliseer het</i>	- Dikwels - Somtyds - NW	- NVT - NVT - Spel a, b Voeding	- NVT - Voeding - Spel a, b	- NVT - Spel a - Spel b IR
<i>Staak eie aktiwiteit wanneer baba vokaliseer</i>	- Dikwels - Somtyds - NW	- NVT - NVT - Spel a, b Voeding	- NVT - Voeding - Spel a, b	- NVT - Spel b - Spel a IR
<i>Staak eie vokalisering /verbalisering as baba vokaliseer</i>	- Dikwels - Somtyds - NW	- NVT - Spel a - Spel b Voeding	- NVT - Voeding - Spel a, b	- Spel a, b - NVT - NVT IR

SLEUTEL: *Spel a - Spel met eie speelgoed*
Spel b - Spel met verskafde speelgoed
NW - Nie waargeneem
IR - Interaksionele roetine (bad / aantrek)
NVT - Nie van toepassing

- *Geanimeerde gesigsuitdrukking of aanraking in respons op vokalisering van baba*

'n Geanimeerde gesigsuitdrukking of aanraking binne twee sekondes na afloop van vokalisering is nie by *proefpersoon* moeder een tydens enige van die interaksies waargeneem nie. *Proefpersoon* moeder twee het enkele kere gedurende voeding dié nie-verbale responsiewe gedrag getoon terwyl dit ook net somtyds by *proefpersoon* moeder drie gedurende die versorgingsroetine sowel as spel met eie speelgoed voorgekom het. Die waarneming van *proefpersoon* moeders se gebruik van gesigsuitdrukings en aanrakings in respons op hul babas se vokaliserings wissel van geen tot minimale gebruik. Ten spyte van die betreklik min vokale gedrag wat babas openbaar, kon moeders beskikbare geleenthede meer effektief aangewend het om responsief te reageer en sodoende onder andere ook beurtname aan te moedig.

- *Staa aktiwiteit in respons op vokalisering van baba*

Die nie-verbale gedrag van 'staak eie aktiwiteit wanneer baba vokaliseer', is nie by die eerste *proefpersoon* moeder nie, maar wel by *proefpersoon* moeder twee tydens voeding opgemerk. Die derde *proefpersoon* moeder onderbreek haar handeling slegs enkele kere tydens spel met verskafde speelgoed en die versorgingsaktiwiteit. Opvallend, stem hierdie gedrag meerendeels ooreen met die voorkoms van geanimeerde gesigsuitdrukings en aanraking, soos reeds aangedui. Die afleiding wat aangaande dié waarnemings gemaak kan word, is dat die moeders in 'n mindere mate bereid en ingestel daarop is om hulle eie handeling ter syde te stel sodat vokale gedrag by die baba uitgebrei kan word. Hierdie waarneming weerspieël verlaagde responsiwiteit wat, veral met betrekking tot die afsien van die moeder se eie 'agenda' tydens opleidingsprogramme (Manolson, 1992) aangespreek behoort te word.

- *Staaik vokalisering of verbalisering in respons op vokalisering van baba*

In teenstelling met voorafgenoemde nie-verbale gedragsvorme, het die ‘staking van die moeder se eie vokalisering of verbalisering wanneer hul babas vokaliseer’ wel by *proefpersoon* moeder een voorgekom tydens spel met hul eie speelgoed. Gedurende die voedingsinteraksie het *proefpersoon* moeder twee haarself slegs enkele kere in reaksie op haar baba se vokalisering onderbreek. In kontras met die gedrag wat *proefpersoon* moeder drie op die vorige twee items demonstreer het, het die onderbreking van haar eie vokalisering of verbalisering meer dikwels oor die verloop van al drie kontekste voorgekom. Dié resultate van *proefpersoon* drie is ook meer bevestigend van ander responsiewe gedragsvorme wat by dié moeder waargeneem is.

Die gevolgtrekking rondom moeders se nie-verbale reaksies op hul babas se vokalisering blyk dat hulle minder geneig is om hulle eie gedrag aan te pas of te staaik wanneer vokalisering voorkom, wat aanduidend van beperkte responsiewe vaardighede kan wees. Hierdie aanname blyk veral van toepassing op *proefpersoon* moeders een en twee te wees. Individuele verskille waargeneem kan enersyds moontlik aan die hand van verskillende vlakke van responsiwiteit en andersyds aan die hand van spesifieke kontekstuele faktore verklaar word. Nie-verbale responsiewe gedrag op die baba se vokalisasies behoort uitgebrei te word, inaggenome daarvan dat dit pre-verbale kommunikasie pogings versterk en ook as motivering vir verdere probeerslae dien (Fewell et al., 1996)

Moeders se gebruik van verbale responsiewe gedrag op babas se vokalisering lewer eweneens ook ’n betekenisvolle bydrae in die ontwikkeling van kommunikasie vaardighede by die pre-verbale kind.

- **MOEDERS SE VERBALE REAKSIES OP BABAS SE VOKALISERING**

Die aard en graad van die moeders se verbale reaksie op babas se vokalisering vervul belangrike funksies. Responsafhanklike verbale gedrag op ’n toepaslike vlak moedig nie net die baba aan tot verdere vokalisering om sodoende die beurtname vol te hou nie, maar stimuleer ook taal en

spraakontwikkeling deur vokalisasies en babbelpatrone te versterk en uit te brei (Manolson, 1992; Broerse & Elias, 1994). Die verbale responsiewe gedrag van moeders is ondersoek deur die relatiewe voorkoms van die volgende gedragsvorme waar te neem: 'Beantwoord vokalisasie binne twee sekondes', 'onderbreking / oorvleueling met baba se vokalisering', 'boots baba se vokalisasie na' en 'uitbreiding van baba se babbelpatrone'. Die bevindinge is saamgevat in Tabel 4.9.

TABEL 4.9: REAKSIE OP BABAS SE VOKALISERING: VERBAAL

Moeders se verbale reaksies op babas se vokaliserings:	Voorkoms van gedrag	Pp 1	Pp 2	Pp 3
<i>Beantwoord baba se vokalisering binne 2 sekondes</i>	- Dikwels - Somtyds - NW	- Spel a - Voeding - Spel b	- NVT - Voeding - Spel a, b	- Spel a IR - Spel b - NVT
<i>Onderbreking of oorvleueling met baba se vokalisering</i>	- Dikwels - Somtyds - NW	- NVT - Spel a, b Voeding - NVT	- NVT - Spel a - Spel b Voeding	- NVT - Spel a, b IR - NVT
<i>Boots baba se vokalisering na</i>	- Dikwels - Somtyds - NW	- NVT - Spel a - Spel b Voeding	- NVT - NVT - Spel a, b Voeding	- NVT - NVT - Spel a, b IR
<i>Uitbreiding van babbelpatrone van baba</i>	- Dikwels - Somtyds - NW	- NVT - NVT - Spel a, b Voeding	- NVT - NVT - Spel a, b Voeding	- NVT - NVT - Spel a, b IR

SLEUTEL: Pp - Proefpersone
 Spel a - Spel met eie speelgoed
 Spel b - Spel met verskafde speelgoed
 NW - Nie waargeneem
 IR - Interaksionele roetine (bad en aantrek)
 NVT - Nie van toepassing

• *Beantwoording van babas se vokaliserings*

Proefpersoon moeder een het haar baba se vokaliserings verbaal beantwoord binne twee sekondes nadat hy gevokaliseer het. Dit is relatief dikwels waargeneem tydens spel met eie speelgoed, terwyl dit net soms tydens voeding voorgekom het. Hierdie gedragsvorm is soms gedurende die voedingsinteraksie by *proefpersoon* moeder twee opgemerk, alhoewel dit nie tydens enige van die twee spelsituasies voorgekom het nie. Die derde *proefpersoon* moeder het

meer dikwels haar baba se vokalisering beantwoord tydens spel met eie speelgoed en die versorgingsroetine, hoewel in 'n mindere mate tydens spel met verskafde speelgoed.

Dit wil voorkom asof die responsafhanklike uitinge van dié moeders verband hou met hul babas se vokale gedrag (sien 4.2.1). Die afwesigheid van die baba se responsiewe gedrag, veral betrekking tot proefpersoon twee, kan daartoe aanleiding gee dat die moeder met minder versterking moet poog om die interaksie proses suksesvol te maak, omrede wedersydse responsiwiteit belangrik is vir die instandhouding van resiprokale responsiewe gedrag (Butcher, 1993). Dié bevinding is aanduidend daarvan dat versorgers nie net bewus gemaak behoort te word van hul babas se vokale gedrag nie, maar ook hoe om toepaslik daarop te reageer.

- *Onderbreking of oorvleueling van babas se vokalisering*

Ten tyde van die betreklik min vokale gedrag wat die baba van *proefpersoon* moeder een openbaar, is die waarneming gemaak dat die moeder se verbalisering of vokalisering wel somtyds die baba s'n oorvleuel of onderbreek. Dit was van toepassing op die drie kontekste waarvan opnames gemaak is. Die tweede *proefpersoon* moeder onderbreek ook enkele kere haar baba se vokalisering, spesifiek tydens spel met eie speelgoed, terwyl dit ook somtyds by *proefpersoon* moeder drie gedurende spel en versorgingsaktiwiteite opgemerk is. Na die mening van die navorser kan dié verlaagde voorkoms van 'onderbreking van vokale gedrag' wat deur die baba geïnitieer is of wat in respons op die moeder geuit is, die ontwikkeling van interaksionele vaardighede soos beurtname strem. Sodanige gedrag van moeders behoort ontmoedig te word, terwyl die belang van beurtname en toepaslike responsiewe gedrag tegelykertyd gefasiliteer behoort te word.

- *Nabootsing van babas se vokalisering*

Bykomend is gelet op die *proefpersoon* moeders se nabootsing van hul babas se vokalisering. Hiertydens is vasgestel dat *proefpersoon* moeder een in 'n geringe mate tydens die interaksiepaar se spel met eie speelgoed, haar baba se vokalisering nageboots het. Nabootsing van vokalisering is egter geensins by *proefpersoon* moeder twee opgemerk nie en hou in dié geval moontlik

verband met die verminderde voorkoms van vokale gedrag geopenbaar deur haar baba. *Proefpersoon* moeder drie vertoon, soortgelyk aan *proefpersoon* moeder twee, ook nie nabootsing van haar baba se vokalisering tydens enige van die drie interaksies nie. Ten spyte daarvan dat *proefpersoon* moeder drie, in vergelyking met die ander twee *proefpersoon* moeders, wel vokalisering responsief beantwoord, word dit nie nageboots nie. Bewusmaking van die waarde geleë in die nabootsing van babas se vokale gedrag kan dus by hierdie moeders toepaslik wees.

- *Uitbreiding van babas se babbelpatrone*

Ter afsluiting van hierdie subafdeling is ondersoek ingestel na die mate waartoe die *proefpersoon* moeders hul babas se babbelpatrone uitbrei. Die uitbreiding van babbelpatrone is egter nie by een van die drie *proefpersoon* moeders aangeteken nie. Alhoewel die *proefpersoon* moeders soms toepaslik reageer op hulle babas se vokalisering en dit wel kommunikatief interpreteer, vind uitbreiding nie plaas nie. Hierdie bevinding kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Die leemte ten opsigte *proefpersoon* moeders een en twee se uitbreiding van babbelpatrone kan moontlik verklaar word aan die hand daarvan dat hul babas andersyds min ware babbelpatrone vertoon of nie situasie-spesifiek vokaliseer nie, en andersyds aan gebrekkige ingesteldheid op vokale gedrag. Die waarneming wat ten opsigte van verminderde beurtgewing gemaak is, kan moontlik ook hiermee verband hou, aangesien die *proefpersoon* moeders se verwagting van hul babas se response laag was en hul voorbereiding daarop dus beperk. Aangesien die uitbreiding van babbelpatrone deur dié moeders afwesig is, behoort die kritiese belang van verbale responsiwiteit en stimulasie aangespreek te word.

Babas se vroeë kommunikasie vaardighede soos geluide, vokalisering en babbel word versterk wanneer versorgers daarop reageer deur dit na te boots, wat later die baba sal aanmoedig om sy eie vokalisering of verbalisering te gebruik wanneer hy sy eie boodskap wil oordra (MaDonald & Carrol, 1994; Rossetti, 1996); . Klein en Briggs (1987) beweer dat wanneer bogenoemde gedrag by moeders waargeneem word, dit verhoogde sensiwiteit en gesofistikeerde gebruik van responsiewe kommunikasie strategieë weerspieël. Met betrekking tot *proefpersoon* moeders een en twee kan die afleiding gemaak word dat verlaagde bewustheid van en derhalwe responsiwiteit

op kommunikasie pogings, die voorkoms van inisiërings van hul babas reeds huidiglik (sien 4.2.1 Tabel 4.2) asook toekomstig gaan affekteer. Dit wil voorkom asof *proefpersoon* moeder drie 'n groter bewustheid van kommunikasie pogings toon en alhoewel haar baba se vokalisering nie altyd betekenisvol is nie, word dit as sodanig geïnterpreteer. *Proefpersoon* moeders se verbale reaksies toon dus individuele variasies wat op 'n kontinuum van responsiwiteit beskou kan word. Globaal gesproke, blyk dit dat moeders in 'n mate op hul babas se vokalisering reageer alhoewel bykomende stimulering van die vokale gedrag ontbreek.

• 4 RESPONSIWITEIT OP BABA SE ONGEMAKSEINE

Die mate waarin, asook die wyse waarop, moeders reageer wanneer hulle babas ongemak of frustrasie ervaar, is gepeil aangesien dit nie slegs 'n weerspieëling is van sensitiwiteit nie, maar ook te make het met hulle ingesteldheid om kinders verbaal te stimuleer, soos byvoorbeeld blyk uit verwoording van emosies of simpatieke uitinge oor ongemak. Die moeder se reaksie teenoor haar baba in dié situasie kan egter enersyds deur die aard en omvang van die baba se gedrag en andersyds deur haar eie gemoedstoestand bepaal word (Goldberg, 1990).

• DIE VERBALE EN NIE-VERBALE REAKSIE VAN MOEDERS OP BABAS SE ONGEMAKSEINE

Die verbale sowel as nie-verbale reaksies wat die *proefpersoon* moeders in respons op hul babas se ongemakseine openbaar, word verbaal beskryf in Tabel 4.10, terwyl die relatiewe frekwensies in Bylae D verskaf word. *Proefpersoon* moeder een se baba was oor die verloop van die drie kontekste nie gefrustreerd of huilerig nie. Geleenthede om haar baba te herposisioneer, aktiwiteit te staak of te verminder, asook die wyse of inhoud van verbaliserings aan te pas, het dus nie voorgekom nie. Geen afleidings kon aangaande die mate van responsiwiteit wat dié moeder openbaar, gemaak word nie.

In reaksie op die ongemaksvokalisering herposisioneer *proefpersoon* moeder twee haar baba en wel tydens hulle spel met onbekende speelgoed. Die herposisionering het egter nie op 'verwagte' wyse geskied nie. Wanneer die baba deur middel van vokale gedrag aan sy frustrasie uiting gee, lag en terg sy en stoot hom verder van haar. Die fisiese verskuiwing is moontlik daarop gemik

om sy aandag te herlei. Sy vertoon egter nie 'n vermindering of staking van eie aktiwiteit nie, maar reageer op haar baba se vokaliserings deur sy liggaamshouding te verander deur hom te help om regop te staan. Dit wil voorkom asof sy wel in staat is om sy gedrag as betekenisvol te interpreteer hoewel sy net somtyds daarop reageer. Hierbenewens verwoord sy nie haar baba se emosies verbaal nie, maar pas wel haar spraak aan hom, met betrekking tot wyse (verlaagde stemluidheid) en inhoud (vertroostende bevel: "Nee, moenie huil nie), aan. Dit is somtyds gedurende voeding en spel met verskafde speelgoed opgemerk.

Ten tyde van die drie interaksionele kontekste het die derde *proefpersoon* moeder beide herposisionering en vermindering van haar eie aktiwiteit gebruik wanneer haar baba ongemakseine ervaar, hoewel die voorkoms daarvan betreklik laag was. Betreffende die verbale reaksie op haar baba se ongemakseine, kom verandering ten opsigte van die wyse sowel as inhoud van verbalisasie dikwels voor, hoewel in 'n mindere mate tydens spel met verskafde speelgoed. In teenstelling met *proefpersoon* moeders een en twee wat enkele kere verbaal en nie-verbaal op hulle babas se frustrasie reageer het, reageer *proefpersoon* moeder drie meer gereeld en meerendeels verbaal. Dié resultate betreffende hierdie moeder se verbale gedrag stem ook ooreen met ander bevindinge rakende toepaslike reaksie op vokaliserings asook voldoende verbale stimulasie.

In aggenome van genoemde resultate aangaande *proefpersoon* moeders se responsiwiteit op hul babas se ongemakseine, blyk daar, soos ook tydens hul reaksie op vokaliserings opgemerk, 'n leemte te bestaan betreffende die aandag en ingesteldheid op hul babas se gedrag. Die ontwikkeling en uitbreiding van responsiewe strategieë, insluitend die verskaffing van kommentaar, kan by diesulke moeders aangemoedig word ten einde hulle ingesteldheid op hul babas se ongemakseine te verfyn

TABEL 4.10: MOEDERS SE NIE VERBALE EN VERBALE REAKSIE OP HULLE BABAS SE ONGEMAKSEINE

Nie verbale gedrag van moeders		Pp 1	Pp 2	Pp 3	Verbale gedrag van moeders		Pp 1	Pp 2	Pp 3
• Herpasioneer babo	◦ D ◦ S ◦ NW	◦ NVT ◦ NVT ◦ Spel a, b Voeding	◦ NVT ◦ Spel b ◦ Spel a, Voeding	◦ NVT ◦ Spel a, IR ◦ Spel b	• Verander wyse van verbalisasie	◦ D ◦ S ◦ NW	◦ NVT ◦ NVT ◦ Spel a, b, Voeding	◦ NVT ◦ Voeding ◦ Spel a, b	◦ Spel a, IR ◦ Spel b ◦
• Verminder eie aktiwiteit	◦ D ◦ S ◦ NW	◦ NVT ◦ NVT ◦ Spel a, b Voeding	◦ NVT ◦ Spel b ◦ Spel a, Voeding	◦ NVT ◦ Spel b, IR ◦ Spel a	• Verander inhoud van verbalisasie	◦ D ◦ S ◦ NW	◦ NVT ◦ NVT ◦ Spel a, b Voeding	◦ NVT ◦ Spel b, voe ◦ Spel a,	◦ Spel a, IR ◦ Spel b ◦ NVT
• Staak eie aktiwiteit	◦ D ◦ S ◦ NW	◦ NVT ◦ NVT ◦ Spel a, b Voeding	◦ NVT ◦ Spel b ◦ Spel a Voeding	◦ NVT ◦ NVT ◦ Spel a, b, I	NVT NVT NVT		NVT NVT NVT		

SLEUTEL: PP - Proefpersone
 D - Dikwels
 S - Somtyds
 NW - Nie waargeneem

Spel a - Spel met eie speelgoed
 Spel b - Spel met verskafde speelgoed
 IR - Interaksionele roetine (bad / aantrek)
 NVT - Nie van toepassin

Opsommendergewys, is die resultate aanduidend dat die fasilitering van kommunikasie interaksie van proefpersoon babas soos by hul moeders waargeneem, beperkend is. Die voorkoms van verbale gedrag wat as fasiliterend beskou is, was meer opvallend as nie-verbale gedrag. Die gedrag wat proefpersoon moeders ten opsigte van stimulering of uitbreiding van hul kommunikasie vaardighede vertoon het, het beide verbaal en nie-verbaal as onvolledig voorgekom. Die leemte ten opsigte van *proefpersoon* moeders een en twee se uitbreiding van babbelpatrone kan moontlik verklaar word aan die hand daarvan dat die babas enersyds min ware babbelpatrone vertoon het of nie situasie-spesifiek gevokaliseer het nie, en andersyds aan gebrekkige ingesteldheid op vokale gedrag. Die waarneming wat ten opsigte van verminderde beurtgewing gemaak is, kan moontlik ook hiermee verband hou, aangesien *proefpersoon* moeders se verwagting van hul babas se response laag was en hul voorbereiding daarop dus beperk. Hierdie afleiding word gerugsteun deur die beginsel van wedersydse invloed wat tussen die kommunikasie gedrag van die moeder en die baba teenwoordig is. Die gevolgtrekking wat hieruit voortvloei, is dat *proefpersoon* moeders eerstens nie geleenthede tot hul beskikking oordeelkundig aanwend om kommunikasie ontwikkeling te ondersteun nie. Tweedens blyk dit, na die mening van die navorser, dat dié moeders ook minder geneig is om hulle eie 'agenda' sodanig aan te pas sodat die baba voordeel uit die moeder se veranderende gedrag kan trek. Derhalwe bestaan die vermoede dat *proefpersoon* moeders een en twee in 'n beperkte mate kommunikatief responsief optree en meerendeels direktief voorkom. Die literatuur dui egter aan dat die verhouding tussen moeder-kind gespreksinteraksie en taalverwerwing steeds onduidelik en onvolledig vir normale kinders is. Gevolglik dien die aannames wat rakende hierdie bevindinge gemaak is, as blote beskrywing van die moeder-kind kommunikasie interaksie, terwyl daar slegs verwys word na die moontlike gevolge wat kindgerigte spraak vir die ontwikkelde kind kan inhou.

In 'n poging om te bepaal of subjektiewe waarnemings en beoordelinge van die moeders se gedrag tydens kommunikasie interaksie ooreenstemmend is met hulle persepsie daarvan, is moeders se mening hieromtrent ingewin. Die persepsie wat moeders betreffende die aard van hulle interaksie en stimulasie van hul babas het, sal vervolgens bespreek word.

4.2.2 *Moeders se persepsie en voorkoms van interaksie met hul babas*

Die houdings en sienings wat moeders met betrekking tot taalverwerwing, spel en gesamentlike boeklees openbaar, is gepeil deur direkte vrae tydens onderhoudvoering aan die drie *proefpersoon* moeders te stel (sien Bylae D). Dié bevindinge word beskrywend uiteengesit.

4.2.2.1 *Moeders se persepsie van taalverwerwing*

Die navorser het gepoog om *proefpersoon moeders* se mening rondom taalverwerwing vas te stel deur aan hulle te vra hoe kinders leer praat. Hiervolgens het *proefpersoon* moeders aangedui dat die ontwikkeling van taalvaardighede verband hou met die kommunikasie van die moeder. *Proefpersoon* moeder een het daarop gewys dat kinders leer praat deur na kommunikasie te luister: “Hulle luister wat sê jy”. *Proefpersoon* moeder twee het op die vraag na taalverwerwing genoem dat sy nie weet hoe kinders leer praat nie. Alhoewel die waarneming gemaak is dat hierdie moeder nie die geleentehede tot haar beskikking maksimaal benut om toepaslike verbale stimulasie en responsiwiteit (sien 4.2.3) te verskaf nie, verskil haar interaksionele gedragsvorme nie van *proefpersoon* moeder een wat ’n sogenaamde groter bewustheid van taalontwikkeling vertoon nie. Die ontwikkeling van spraak deur nabootsing is deur *proefpersoon* moeder drie uitgelig as die wyse waarop taal verwerf word: “Soos jy vir hom sê probeer hy namaak”. Twee van die drie *proefpersoon* moeders het, hoewel gedeeltelik en simplisties, ’n mening uitgespreek wat ooreenstemmend is met die literatuur aangaande taalverwerwing binne versorger-kind interaksie (Schieffelin & Ochs, 1986; Harkness, 1990; Fewel et al., 1996).

Hierdie bevinding van *proefpersoon* moeders se beskouing jeens taalverwerwing stem ooreen met plaaslike navorsing uitgevoer deur Seeff en Bortz (1994). Dié studie, wat moeder-kind interaksie en persepsies van taalverwerwing in ’n plattelandse gemeenskap in Suid-Afrika ondersoek het, bring aan die lig dat die meerderheid versorgers van mening is dat dit belangrik is vir kinders om te praat wat hulle leer deur interaksie met ander. ’n Toepaslike beskouing van taalverwerwing blyk egter nie noodwendig ’n fasiliterende, stimulerende of meer responsiewe interaksie styl te verseker nie, aangesien die resultate aandui dat *proefpersoon* moeder een nie genoegsaam kommunikasie pogings van haar baba ontlok het, responsief opgetree het of

taaluitbreiding gestimuleer het nie (sien 4.2.3). Die response van *proefpersoon* moeders verkry dui daarop dat hulle persepsies wissel van geen na gedeeltelik voldoende kennis betreffende taalontwikkeling. Onvoldoende kennis behoort aangespreek te word ten einde die waarde van kommunikasie binne die van moeder-kind interaksie by *proefpersoon* moeders te benadruk.

Na aanleiding van die vraag aan *proefpersoon* moeders gestel of dit van belang is om met 'n pre-verbale kind te gesels, het al drie bevestigend geantwoord. Die opmerking van ouers is ooreenstemmend met wat versorgers aangedui het tydens die genoemde soortgelyke studie van Seeff en Bortz (1994). Klaarblyklik bestaan daar, desnieteenstaande kulturele en sosiale klasverskille, 'n universele beskouing aangaande die waarde geleë in die verbale voorbeeld wat aan jong kinders voorgehou word. Die opvolg vraag na die ouderdom van hul babas toe verbale kommunikasie aan hulle gerig, in aanvang geneem het, sowel as hulle rede waarom verbale stimulasie van waarde is, is egter verskillend deur die *proefpersoon* moeders beantwoord. *Proefpersoon* moeder een, wat op 6-7 maande begin het om met haar baba te gesels, het vaag en onduidelik reageer op die vraag hoekom verbale stimulasie belangrik is: "Miskien verstaan... kan nie terug kommunikeer met jou nie". Hierdie moeder se persepsie rondom taalverwerwing blyk gedeeltelik met dit wat in literatuur gestel word, ooreen te stem, aangesien verbale kommunikasie met 'n preverbale kind nie slegs taalbegrip fasiliteer nie. Dié beskouing word ook weerspieël in die ontoepaslike 'laat' aanvang van verbale stimulasie van haar baba, soos deur haar aangedui.

Die tweede *proefpersoon* moeder wat aangedui het dat haar baba ongeveer 3 maande oud was toe sy met hom begin praat het, was van mening dat dit voordele inhou om met 'n kind wat nog nie kan praat nie, te gesels omrede dit leer fasiliteer: "Sodat hy kan leer". Dié algemene en vae verduideliking ten opsigte van belang van verbale kommunikasie blyk hierdie moeder se vorige respons, waar sy aangedui het dat sy nie weet hoe kinders leer praat nie, te bevestig. Die ouderdom waarop die derde kind se moeder met hom begin gesels het, was ook 3 maande, en die rede wat aangevoer is, is soortgelyk aan dié van *proefpersoon* moeder twee, naamlik dat die baba deur kommunikasie leer om te kommunikeer: "Dis juis sulke tyd hy leer om te praat". Die afleiding rakende wat dié twee moeders met die term 'leer' bedoel, is onduidelik aangesien dit beide leer om te verstaan en leer om na te boots kan impliseer en dus die aanmoediging van

taalbegrip asook ekspressie kan veronderstel. Nietemin word dié menings vanuit die literatuur bevestig deur daarop wys dat die jong pre-verbale kind die taal van sy versorger gebruik ten einde betekenis uit sy omgewing te onttrek, wat die ontwikkeling van beide ekspressiewe en reseptiewe taalvaardighede bevoordeel (Harkness, 1990; Hoff-Ginsberg, 1991; Hess et al., 1997).

Proefpersoon moeders beskik skynbaar nie oor voldoende kennis rakende die belang daarvan om in verbale interaksie met pre-verbale kinders te tree nie. Afgesien van die onkunde wat hulle openbaar, weerspieël hulle gedrag in ieder geval nie hul siening betreffende die aanvang van verbale stimulasie nie. Sodanige beskouing wat moeders huldig, is moontlik weens 'n ontoepaslike ouderdomsverwagting jeens die vermoë van jong babas wat onderliggend aan onkunde en 'n lae opvoedingspeil toegeskryf kan word. Die tydspanne wat verloop alvorens die kinders interaksioneel en kommunikatief ingestel word, kan dus bydraend tot traë kommunikasie ontwikkeling wees en gevolglik behoort versorgers tydens so spoedig moontlik gedurende die post-natale periode attent daarop gemaak te word.

4.2.2.2 *Die vorm en inhoud van kommunikasie interaksie soos deur moeders aangedui*

Die beskouings van *proefpersoon* moeders rakende hulle interaksie met en stimulasie van hulle babas is gepeil deur onderhoudvoering. Vrae rondom die spesifieke spraakwyse, die optimale geleentheid asook onderwerp van bespreking is aan *proefpersone* gerig en word in Tabel 4.11 saamgevat, waarna 'n beskrywing sal volg:

Die spesifieke spraakwyse wat volgens *proefpersoon* moeders een en twee voorrang geniet, is volwasse taalgebruik, terwyl *proefpersoon* moeder drie aandui dat sy beide baba- en volwasse taal gebruik. Alhoewel *proefpersoon* moeders een en twee volwasse taalgebruik aangedui en vertoon het, het hulle 'babataal' onderskeidelik 'somyds' (*proefpersoon* moeder een) en 'dikwels' (*proefpersoon* moeder drie) waargeneem. Die opmerking van *proefpersoon* moeder drie, naamlik dat sy beide baba en volwasse taal gebruik, is egter meer in ooreenstemming met waargenome gedrag (sien 4.2.1).

TABEL 4.11: VORM EN INHOUD VAN KOMMUNIKASIE INTERAKSIE VOLGENS MOEDERS

Vorm en inhoud van interaksie	Pp 1	Pp 2	Pp 3
• Gebruik babetaal, volwasse taal of beide	• Volwasse taal	• Volwasse taal	• Beide
• Wanneer word daar die meeste met baba gesels	• Saans	• "Heeltyd"	• Tydens badtyd
• Waaroor word daar met baba gesels	• "... as ek wil hê sy moet sleep of eet"	• "Enigiets"	• "Oor wat jy doen"

SLEUTEL: Pp - Proefpersoon

Aanvullend tot die peiling van moeders se persepsies, is *proefpersoon* moeders ook gevra om 'n aanduiding verskaf met betrekking tot watter tyd van die dag of tydens watter aktiwiteit hulle die meeste met hulle babas gesels. Al drie die moeders het verskillend op dié vraag reageer. *Proefpersoon* moeder een, wat skoolgaande is, het 'saans' aangedui as periode waartydens die hoogste frekwensie van taalgebruik voorkom, terwyl *proefpersoon* moeder twee 'heeltyd' as optimale tyd gemeld het. Alhoewel dié moeder nie 'n spesifieke aanduiding verskaf waartydens sy meestal verbaal kommunikeer nie, het die navorser egter opgemerk dat slegs sommige van die geleenthede benut is om kommunikasie te stimuleer. Alhoewel *proefpersoon* moeder drie spesifiek 'badtyd' as mees optimale verbale stimulasie geleentheid noem, was die frekwensie van uitinge tydens spel met eie speelgoed die hoogste.

Die temas of onderwerpe wat die kommunikasie interaksie tussen *proefpersoon* moeders en hul babas kenmerk, is ondersoek ten einde die beskrywing van die aard van verbale stimulasie aan te vul. *Proefpersoon* een noem dat sy gesels wanneer sy wil hê haar baba moet eet of slaap. In teenstelling met dié moeder se opmerking, verskil die voorkoms van uitinge tydens voeding nie beduidend met uitinge tydens spel met eie speelgoed nie, maar wel in vergelyking met spel met

verskafde speelgoed (sien 4.2.1). *Proefpersoon* moeder twee het, soos tydens die vorige vraag aangedui, vaag geantwoord met 'enigiets'. Die derde *proefpersoon* moeder het daarop gewys dat sy met haar baba gesels oor wat sy doen. Aangesien die onderwerpe waarvoor moeders kommunikeer nie spesifiek ondersoek en objektief beoordeel is nie, kon geen ooreenkomste met waarnemings getref word nie. Opvallend, het die derde *proefpersoon* moeder wel, in vergelyking met die ander *proefpersone*, meer geleentheid tydens interaksionele roetine aktiwiteite benut om huidige en toekomstige aktiwiteite te beskryf.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dat die response wat moeders op vrae verskaf het, dikwels nie ooreenstemmend met gedrag is nie, moontlik omrede die mees wenslike antwoord verskaf wil word. Afleidings gegrond op die voorkoms en aard van interaksionele gedrag soos deur *proefpersoon* moeders voorgehou, is derhalwe beperk.

4.2.2.3 *Die belang en aard van spelinteraksie soos deur moeders voorgehou*

In 'n poging om die waarneming van die twee spelinteraksies te ondersteun, is aspekte soos belang van spel, die tyd daaraan afgestaan asook die tipe stimulasie beskikbaar, tydens die oueronderhoud ondersoek (sien Bylae D). Tabel 4.12 dui die response van *proefpersoon* moeders se persepsies rakende spelinteraksie aan.

- *Tyd daagliks aan spel bestee*

Die vraag na die hoeveelheid tyd wat daagliks aan spel spandeer word het verskillende reaksies by die *proefpersoon* moeders ontlok. Terwyl *proefpersoon moeders* een en drie elk onderskeidelik twintig en vyf tot tien minute van daaglikse spel aandui, het *proefpersoon* moeder twee genoem dat sy nie elke dag met haar baba speel nie, maar dat hy self speel. Wanneer die hoeveelheid tyd deur *proefpersoon* een gemeld, vergelyk word met die tien minute opname waartydens betreklik

TABEL 4.12: AARD VIE AARD VAN AN SPELINTERAKSIE VOLGENS MOEDERS

PERSEPSIE VAN SPELINTERAKSIE	Pp 1	Pp 2	Pp 3
• Hoeveel tyd daaglik aan spel spandeer	20 minute	"Speel nie elke dag...speel self"	5 tot 10 minute
• Belangrik om met baba te speel	Ja	Ja	Ja
• Tipe speelgoed waarmee gespeel	"Rattle, teddy bear, clown, bekertjie, hasie"	"Rattle, hondjie"	"Teddy bears"
• Waarneming van tipe speelgoed beskikbaar:			
- Stoot / trek speelgoed	NW	NW	NW
- Geraasmakers of baba speelgoed	Ja	Ja	NW
- Kinderspeelgoed (karretjies, poppe)	Ja	Ja (fluitjie)	Ja (bal)
- Sagte speelgoed	Ja	Ja	Ja
- Blokkies, vormbord	NW	NW	NW
- Houers, lepels, potte, koppies	Ja	NW	Ja

SLEUTEL: Pp - *Proefpersoon*
NW - *Nie waargeneem*

min verbale stimulasie gedrag voorgekom het, skyn die rapport van die moeder nie bevestigend van haar gedrag te wees nie. Dit behoort egter ook in gedagte gehou te word dat dié peiling subjektief en moontlik onderhewig is aan 'n 'gunstige beeld' wat geskep wil word. *Proefpersoon* moeder twee het egter op hierdie vraag eerlike respons verskaf deur te noem dat sy nie daaglik tyd aan spel spandeer nie. Dit blyk veral die geval te wees wanneer die relatiewe beperkte gebruik van kommunikatief stimulerende of fasiliterende uitinge inaggeneem word.

Die oorsaaklike of bydraende faktore wat met die betreklik min tyd wat aan spel bestee word, geasosieer word, kan moontlik aan 'n besige skedule, sosio-ekonomiese stressors of beide toegeskryf word. Navorsingstudies ondersteun dié bevinding deur daarop te wys dat moeders vanuit 'n lae inkomste klas minder tyd spandeer in wedersydse spel en ook minder praat in vergelyking met middelklas moeders (Hoff-Ginsberg, 1991). Sodanige bevinding uit die waarnemings en literatuur blyk die aanname te bevestig, naamlik dat persone behoorend tot 'n laer opvoedingspeil, onkundig is aangaande die opvoedkundige waarde van gesamentlike spelinteraksie met 'n jong kind.

• *Belang van spel soos deur moeders voorgehou*

Ten spyte daarvan dat al drie *proefpersoon* moeders op die volgende vraag na die belang van spel positief geantwoord het dat dit wel waarde het, blyk die hoeveelheid tyd wat volgens die moeders daaraan bestee word, relatief min te wees. Plaaslike studies kom tot soortgelyke gevolgtrekkings. Seeff en Bortz (1994) noem dat alhoewel moeders in 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap dit as belangrik beskou om met hulle kinders te speel, kort en ongereelde spelinteraksies waargeneem is. Die *proefpersoon* moeders se beskouing van die waarde van spel kom egter duideliker na vore wanneer hulle response op die vraag na die rede waarom spel betekenisvol is, inaggeneem word.

Dit blyk, aldus *proefpersoon* moeder een, belangrik te wees om met 'n baba te speel aangesien dit hom of haar rig ten einde begrip aan te moedig: "Baba gevoel kry om te speel al verstaan die baba nog nie eintlik". Vanuit dié stelling rakende haar beskouing van die taalbegrip van 'n jong baba en indirek van die lae verwagting wat sy van haar kind koester, blyk haar siening ten opsigte van die waarde van spel ontoereikend te wees. *Proefpersoon* moeder twee beklemtoon 'n meer sosiaal-emosionele aspek van die spelinteraksie: "Aandag.. dat hy kan sien jy gee aandag aan hom". Hierdie antwoord wat haar ingesteldheid reflekteer, kan in verband gebring word met haar uitdrukking van toegeneëtheid van soen, troetelname ensomeer wat, in vergelyking met die ander *proefpersone*, meer voorgekom het. Nietemin blyk genoemde *proefpersoon* moeder se res-

pons vaag en onbeduidend te wees, en wil dit gevolglik voorkom of haar kennis betreffende spelinteraksie met jong kinders beperk is. Soortgelyk, verwys *proefpersoon* moeder drie nie na spesifieke voordele wat gesamentlike spelinteraksie inhou nie. Dié moeder merk slegs die volgende op, wat opsigself verskeie faktore kan impliseer: “Gewoond kan raak”. Uit bogenoemde response van die drie *proefpersone* moeders, blyk dit vir hulle moeilik te wees om ’n gespesifiseerde en grondige motivering te verskaf betreffende hoekom hulle in spel met hul babas betrokke raak.

Inaggenome van dié bevinding wil dit voorkom of die *proefpersoon* moeders nie spel uitsonder as betekenisvolle medium vir die ontwikkeling van kommunikasie en interaksionele vaardighede nie. Dit kan impliseer dat hul betrokkenheid, stimulering en responsiwiteit hiertydens beperkend sal wees en dat hulle nie noodwendig ’n ondersteunende funksie tussen die baba en die spelmateriaal vervul nie. Oren en Ruhl (1997) dui aan dat versorgers tydens ondersoekende spel ’n ondersteunende rol te speel het, ten einde hul baba in staat te stel om maksimum voordeel daaruit te trek. Spel bevorder onder andere ook die ontwikkeling van sensories-motoriese intelligensie, wêreldkennis en responsafhanklike gedrag. Gebrekkige ondersteuning van versorgers tydens spel kan dus die ontwikkeling van linguistiese en interaksionele gedrag by babas benadeel wat, na die mening van die navorser, ook op hierdie *proefpersoon* moeders en hulle pre-verbale kinders van toepassing gemaak kan word.

• *Tipe speelgoed in gebruik tydens spel en in omgewing waargeneem*

Die vraag na die tipe speelgoed wat in gebruik is asook die waarneming van speelgoed beskikbaar tydens die opname van spel met eie speelgoed, is vergelyk met ouderdoms- en ontwikkelingstoepaslike speelgoed soos deur Oren, Capone en Nesworth (1995) uitgestip. Die eerste *proefpersoon* moeder het aangedui dat hulle onder andere met ratels (geraasmakers), ’n bekertjie (funksionele huishoudelike voorwerpe), narre (kinderspeelgoed) en beertjies (sagte speelgoed) speel. Stoot of trek speelgoed wat motoriese spieraktiwiteit verg, en blokkies of vormbord wat oog-hand koördinasie en persepsie ontwikkel, is nie opgemerk nie. Die speelgoed waarmee *proefpersoon* moeder twee en haar baba in interaksie getree het was ’n ratel, ’n paar

sagte speelgoed asook 'n fluitjie. Geen growwe motoriese spieraktiwiteit of oog-hand koördinasie speelding of funksionele voorwerp is waargeneem nie. *Proefpersoon* moeder drie noem dat hulle met beertjies speel, terwyl 'n groot bal en bakkie en lepel ook opgemerk is tydens hulle spelinteraksie met eie speelgoed. Soortgelyk aan die *proefpersoon* baba een en twee besit *proefpersoon* baba drie ook nie growwe motoriese spieraktiwiteit en oog-hand koördinasie speelgoed nie.

Hierdie waarnemings dui aan dat babas van die *proefpersoon* moeders meerendeels aan geraasmakers, sagte-en kinderspeelgoed blootgestel word. 'n Leemte aan 'n vormbord en stoot of trek speelgoed wat ontwikkeling van perseptuele en motoriese mylpale stimuleer, is teenwoordig. Die aantal en verskeidenheid van speelgoed tot hulle beskikking weerspieël waarskynlik hulle sosio-ekonomiese status aangesien nie een van die *proefpersone* se speelgoed die waarde van R50-00 oorskry nie. Afgesien van finansiële beperkinge blyk dit dat daar waarskynlik 'n mate van oningeligtheid by moeders rakende die waarde van opvoedkundige speelgoed bestaan. Gevolglik kan voorligting met betrekking tot eenvoudige en bekostigbare tuisgemaakte speelgoed relevant wees by moeders vanuit dié gemeenskap. Bykomend is 'n gebrek aan kinderliteratuur opgemerk, wat vervolgens bondig bespreek sal word.

4.2.2.4 *Die voorkoms en persepsie van gesamentlike boeklees aktiwiteite*

Die voorkoms, aard asook moeders se persepsie van literatuur wat gelees word, is subjektief ondersoek deur inligting aangaande *proefpersone* se menings en gebruike tydens onderhoudvoering in te win. Die inligting wat verkry is, word in Tabel 4.13 vervat.

TABEL 4.13: KENMERKE VAN GESAMENTLIKE BOEKLEES VOLGENS MOEDERS

VOORKOMS EN AARD VAN BOEKLEE	Pp 1	Pp 2	Pp 3
• Lees of kyk saam met baba na boeke	Nee	Nee	Nee
• Indien 'nee', die rede aangevoer	"Sy's te klein"	"Sal dit skeur"	"Nog nie probeer nie"
• Beskou gesamentlike boeklees as waardevol	Ja	Ja	Ja
• Indien 'ja', die rede daarvoor aangevoer	"Dat hulle verstaan"	"Soos jy lees, hy verstaan nie, maar hy hoor jou, sal later verstaan"	"Leer en kan namaak, praat"
• Waarneming van tipe boeke beskikbaar (baba/kinderboeke)	Geen	Geen	Geen

SLEUTEL: Pp - Proefpersoon

Die *proefpersoon* moeders het al drie melding daarvan gemaak dat hulle nie saam met hul babas na boeke kyk nie. Die vraag na die ouderdom waarop hulle begin het met 'n gesamentlike boekleesaktiwiteit is dus uitgelaat, sowel as die vraag na die frekwensie van gebruik van verskillende tipes literatuur. Die redes wat deur die *proefpersone* verskaf is oor hoekom hulle nie gesamentlike boeklees vertoon nie, was as volg: *Proefpersoon* moeders een en twee het indirek verwys na die ouderdom en vermoëns van hul babas deur te noem dat die babas te jonk is of die boeke sal skeur. *Proefpersoon* moeder drie het op dié vraag reageer deur slegs te sê dat sy nog nie probeer het nie. Geen betekenisvolle afleiding kon vanuit haar respons gemaak word nie, aangesien haar beskouing oor die vermoë van haar kind nie duidelik na vore kom nie. Ten spyte daarvan dat geeneen van die *proefpersoon* gesinne baba en kinderboeke vertoon of boeklees as wyse van stimulasie gebruik nie, beskou hulle gesamentlike boeklees as waardevol. *Proefpersoon* moeders se response op genoemde vrae aan hulle gestel, stem ooreen met wat bevind is tydens onlangse navorsing in die Eersterus gemeenskap (Pieterse, 1998). Afgesien

daarvan dat die ouderdom van sommige babas in dié studie ouer was, is bevind dat ongeveer 75 % van moeders aangedui het dat hulle boeklees as waardevolle aktiwiteit beskou, terwyl net 55% dit toepas (Pieterse, 1999).

Die voordele wat gesamentlike boeklees vir 'n jong baba inhou, is deur die *proefpersone* as die volgende voorgedui: *Proefpersoon* moeder een huldig die mening dat boeklees belangrik is aangesien dit begrip ontwikkel. Die tweede *proefpersoon* moeder bring boeklees in verband met begrip, maar voel dat dit huidiglik nie die geval sou wees nie, hoewel dit van toekomstige waarde is. Die derde *proefpersoon* moeder het beide 'leer' en ekspressie met boeklees geassosieer, wat 'n meer volledige beskrywing van die waarde van gesamentlike boeklees is. Die literatuur is dit eens dat gesamentlike boeklees verskeie ontwikkelingsfasette van die pre-verbale kind fassiliteer. Manolson (1992) gaan van die uitgangspunt uit dat boeklees kommunikasie vaardighede kan aanmoedig en verbeter en as roetine kommunikasie aktiwiteit beskou behoort te word. Ter ondersteuning van dié beskouing merk Kritzinger en Louw (1997) op dat die vroeë ervaringe wat babas met boeke en geskrewe taal het, 'n sleutelrol in latere ontwikkeling speel, met spesifieke verwysing na die leesvermoë van die kind.

Alhoewel *proefpersoon* moeders nie daarvan bewus is dat jong pre-verbale kinders baat kan vind by gesamentlike boeklees aktiwiteite nie, vertoon hulle wel, interessant genoeg, die korrekte beskouing jeens die potensiële waarde van gesamentlike boeklees. Ten spyte van die teoreties korrekte sienings wat moeders handhaaf kan hulle babas egter nie linguistiese voordeel uit sodanige aktiwiteite trek nie, aangesien dit nie toegepas word nie.

Bykomend tot die persepsies van moeders rakende kommunikasie, spel en gesamentlike boeklees, is die genot van interaksie subjektief beskryf. Alhoewel nie as 'n doelstelling uitgestip, vervul dit 'n aanvullende funksie tot die omskrywing van die kommunikasie interaksie tussen proefpersoon moeders en hulle babas.

4.2.2.5 *Moeders se genot tydens interaksie*

Die mate waarin *proefpersoon* moeders genot tydens interaksie openbaar, is nie volgens 'n skaal opgeteken nie, maar kwalitatief beskryf deur te let na hulle houdings asook hul verbale en nie-verbale gedrag teenoor hulle babas. Verwysende na moeders se houding is daar onder andere aantekeninge gemaak ten opsigte van positiewe opmerkings oor hul babas tydens die onderhoud sowel as positiewe kommentaar en nie-verbale gedrag ten tyde van die interaksies opgeneem. Tesame hiermee is gelet op negatiewe kommentaar en beperkende nie-verbale gedrag. Dié waarnemings word in Tabel 4.14 uiteengesit en is volledig in Bylae D aangeteken.

Direktiwiteit, wat aldus Conti-Ramsden (1994) verwys na 'n interaksie styl waar taal primêr gebruik word om die kind se aandag en gedrag te beheer, het in dié konteks onder andere negatiewe uitinge, bestraffende of beperkende gedrag, fisiese manipulering, ensomeer behels. Die volgende is gedurende die drie kontekste by *proefpersoon* moeder een waargeneem, wat 'n aanduiding aangaande haar emosionele belewenis van die interaksie tussen haar en haar baba verskaf: Positiewe kommentaar is nie teenoor die navorser opgemerk nie, maar enkele geleenthede van prys en verkleiningsvorme van haar baba se naam is wel waargeneem. Hierteenoor het beperkende gedrag meermale voorgekom, onder andere wanneer sy nie wil hê haar baba moet 'n speelding in haar mond sit nie. Voorbeelde hiervan is “Moenie”, “Nee” en het gepaardgegaan met luider stem en negatiewe toonhoogte asook fisiese manipulering van die kind en haar omgewing. Glimlag, wedersydse lag en oogkontak het minimaal by hierdie moeder voorgekom. Die afleiding wat hieruit blyk, is nie slegs dat die moeder in 'n mindere mate die interaksie met haar baba geniet nie, maar dat sy moontlik 'n direkte gedragstyl openbaar waartydens sy haar eie 'agenda' en nie die baba se belangstellingsveld volg nie.

Die tweede moeder wat as *proefpersoon* opgetree het, het 'n groter mate van fisiese toegeneëndheid vertoon deur haar baba te soen en te lag, wat daarop dui dat sy haar baba geniet. Hierbenewens het sy 'n troetelnaam vir haar baba gehad. Ten spyte hiervan het sy negatiewe opmerkings teenoor haar baba en 'n 'ongeduldige' stemtoon vertoon, en sy was ook meerendeels direktyf tydens spelinteraksie. Pogings om oogkontak te verkry, sowel as behouding van wedersydse oogkontak, was min en wanneer dit voorgekom het, kort. Afgesien van positiewe ge-

TABEL 4.14 : GENOT VAN INTERAKSIE WAARGENEEM BY MOEDERS

POSITIEWE GEDRAGSVORME	<i>Pp 1</i>	<i>Pp 2</i>	<i>Pp 3</i>
• Positiewe opmerkings oor baba tydens onderhoud	Nie waargeneem	Nie waargeneem	Nie waargeneem
• Positiewe kommentaar gerig aan baba (troetelname, prys, aanmoediging)	Prys Verkleinwoord van haar naam	Troetelnaam	Verkleinwoord van naam, Troetelnaam, Terg
• Nie-verbale gedrag (glimlag, lag, oogkontak, gesigsuitdrukings)	Min oogkontak, Glimlag	Soen Min oonkontak	Gesamentlike lag Behou oogkontak
NEGATIEWE GEDRAGSVORME	<i>Pp 1</i>	<i>Pp 2</i>	<i>Pp 3</i>
• Negatiewe / beperkende kommentaar, 'ongeduldige' stemtoon, direkte fisiese manipulering (skuif, trek,)	Negatiewe bevelstruktuur, luiderstem, toonhoogteverandering en liggaam verskuiving	Ongeduldige stemtoon	Negatiewe bevel (1x) maar funksioneel, stemtoon vriendelik

dragsvorme word 'n mate van direktheid tydens spelinteraksie waargeneem. Somtyds het dit voorgekom of sy belangstelling verloor en onbetrokke is. Aanduidings van genot van interaksie impliseer dus nie noodwendig responsiwiteit nie. Dié betreklik verlaagde betrokkenheid wat by hierdie moeder opgemerk word, bevestig waarskynlik ook die beperkte tyd wat sy aan spel spandeer, soos tydens oueronderhoud bepaal (sien 4.2.6).

Die waarneming wat by *proefpersoon* moeder drie, betreffende genot van interaksie, gemaak is, is die volgende: Positiewe verbale gedrag soos blyk uit verkleinwoorde vir sy naam en troetelname, terg, asook nie-verbale gedrag soos lag in reaksie op sy gedrag, gesamentlike lag tydens liedjies, verhoogde voorkoms van oogkontak en vriendelike stemtoon was algemeen. Die verhouding tussen moeder en kind was gemaklik en spontaan ten spyte daarvan dat sy struktuur

verskaf het. Direktiewe gedrag is in 'n mindere mate tydens spel en die versorgingsaktiwiteit by dié moeder mate opgemerk. Dit kom voor asof *proefpersoon* moeder drie die interaksie met haar baba geniet, wat in beide haar verbale en nie-verbale gedrag gereflekteer word. Alhoewel geen formele vergelyking tussen genot van interaksie en ander resultate, bv. wyse van stimulasie, getref kan word nie, is die verband tog opvallend. Buiten 'n meer intense en positiewe interaksionele belewenis wat waargeneem is, vertoon *proefpersoon* moeder drie ook 'n hoër voorkoms van gedragsvorme soos die volg van haar baba se leiding en verskaffing van kommentaar aangaande haar baba se belangstellingsveld (sien 2.1 en 2.2).

Alhoewel hierdie item 'n aanduiding verskaf het van die genot waarmee die moeder in interaksie met haar baba tree, weerspieël dit volgens Klein en Briggs (1987) ook responsiwiteit. Dit hou waarskynlik daarmee verband dat *proefpersoon* moeder drie byvoorbeeld 'n groter bereidwilligheid getoon het om haar kind se leiding te volg, wat bygedra het tot haar genot van interaksie, wat ook meer duidelik waarneembaar was. Genot van interaksie en affek word, volgens Klein en Briggs (1987) egter meer met nie-verbale responsiwiteit as met verbale responsiwiteit geassosieer. Hierdie beskouing blyk ook van toepassing op dié studie te wees aangesien *proefpersoon* moeders wie se belewenis van hul interaksie as minder positief voorgekom het, meer negatiewe of 'direktiewe' nie-verbale gedrag soos beperkte oogkontak, stemtoonveranderinge ensomeer as direkte negatiewe kommentaar openbaar het.

Klein en Briggs (1987) beskou 'genot van interaksie', ten spyte van die subjektiwiteit daaraan verbonde, as 'n belangrike aanduier van die kwaliteit van moeder-kind interaksie. Die verband tussen die 'genot van interaksie' wat dié moeders openbaar en die kwaliteit van hul moeder-kind kommunikasie interaksie, kan egter nie simplisties hanteer word nie, en dus word geen afleidings gewaag nie.

4.3 Gevolgtrekking

Die interaksionele gedragsvorme by *proefpersoon* moeders waargeneem toon individuele variasies, terwyl verskille tussen die onderskeie kontekste ook opgemerk is. 'n Eiesoortige interaksie styl is egter telkens by *proefpersoon* moeders een en twee opgemerk, wat verskil het van die derde *proefpersoon* moeder. Dié studie leen hom egter nie tot 'n vergelyking tussen

proefpersone nie en dus is 'n groepsbeeldbeskrywing ontoepaslik. Daar is wel bevind dat die meeste interaksionele vaardighede wat moeders openbaar, aangemoedig en uitgebrei kan word ten einde ouderdomstoepaslike kommunikasie vaardighede suksesvol te ondersteun. Indien voorlopers van verbale kommunikasie gedrag gevestig is, sal dit waarskynlik verdere linguïstiese ontwikkeling asook skolastiese vordering bespoedig. Die bewusmaking en generering van fasiliterende kommunikasie gedrag by moeders sal dus 'n onontbeerlike komponent in die voorkoming van kommunikasie agterstande moet uitmaak. Hierbenewens het dit ook duidelik uit die resultate geblyk dat verbale en nie-verbale gedrag gesamentlik die beste geheeloorsig van die kommunikasie interaksie waaraan die pre-verbale kind blootgestel word, verskaf. Beide verbale en nie-verbale gedragsvorme in verskeie natuurlike kontekste behoort die omskrywing van moeder-kind kommunikasie interaksie te kenmerk.

4.4 Opsomming

Die data wat uit die onderhoude en opname van interaksies met die video-kamera verkry is, kon as resultate verwerk word en bruikbaar aangewend word in die beskrywing van die *proefpersone* se moeder-kind kommunikasie interaksie. 'n Breë perspektief is verkry van die wyses waarop moeders in verskillende situasies met hulle pre-verbale kinders kommunikeer, wat daartoe aanleiding gegee het dat 'n beeld van moeders se responsiewe kommunikasie gedrag duidelik geword het. Daar is telkens onderskei tussen die verbale en nie-verbale gedrag wat die *proefpersone*, met betrekking tot fasilitering en stimulasie van kommunikasie sowel as reaksie op vokalisasies, openbaar het. Dié resultate het afleidings en aanbevelings met betrekking op dienslewering in vroeë kommunikasie intervensie tot gevolg gehad.

HOOFSTUK 5

Vroeë kommunikasie intervensie binne die konteks van lae sosio-ekonomiese families: Gevolgtrekkings

DOEL

Hoofstuk vyf beskryf die kliniese en teoretiese implikasies van die verkreë resultate wat by moeders, in interaksie met hulle pre-verbale kinders, waargeneem is. Die benutting van dié data in die verskaffing van vroeë kommunikasie intervensie aan lae sosio-ekonomiese omgewings word voorgehou. Vanuit die implikasies is aanbevelings gemaak wat aanpassings in die inhoud, proses en model van plaaslike dienslewering behels. Die behoefte aan voortgesette navorsing wat op moeder-kind kommunikasie interaksie, dienslewering en omgewingsrisiko's toegespits kan word, is ook uitgelig ten einde kennis en vaardighede van die spraak-taaltherapeut oudioloog uit te brei.

5.1 Inleiding

Die Wêreld Gesondheidsorganisasie stel dit reeds in 1997 onomwonde dat 'n betekenisvolle hoeveelheid jong kinders in Suidelike Afrika, risiko faktore vir ontwikkelingsagterstande vertoon. Wanneer in ag geneem word dat 'n beraamde 61% van kinders plaaslik in armoede grootword, blyk die behoefte om vroeë intervensie dienste aan kindes in *lae sosio-ekonomiese omgewings* beskikbaar te stel, dringend te wees (Government Gazette, 1997 in Fair & Louw, 1999). Die veelvuldige beperkende invloede wat omgewingsrisiko's vir kinders in sodanige toestande kan inhou, impliseer dat primêre en sekondêre voorkoming van kommunikasie afwykings so vroeg moontlik, verkieslik by geboorte, in aanvang moet neem. Die fasilitering van normale kommunikasie ontwikkeling word ook deur ASHA (1991) geprioritiseer as primêre voorkomingsaktiwiteit aangesien kommunikasie agterstande, onder andere aanleiding kan gee tot latere skolastiese terugslae. Normale kommunikasie vaardighede vir die 0-3 jarige kind kan

egter slegs binne die konteks van moeder-kind kommunikasie interaksie aangespreek word, aangesien die moeder en ander betrokke familieledede die sleutelfigure tydens die proses van taalverwerwing is (Leyendecker, 1997).

Die tuisomgewing waaraan die pre-verbale kind blootgestel word, en meer spesifiek die familie met hul unieke kommunikasie wyses, word onder die soeklig geplaas te word ten einde te bepaal of dit taalverwerwing ondersteun of 'n *risikofaktor vir kommunikasie agterstand* inhou (Rossetti, 1996; Guralnick, 1997). Alhoewel die verhouding tussen die tuisomgewing en die kind se ontwikkeling reeds vir 'n geruime tyd in die Suid-Afrikaanse literatuur erken is, het ondersoek na die vroeë moeder-kind kommunikasie interaksie in lae sosio-ekonomiese omstandighede grootliks in gebreke gebly. Binne die spektrum van diverse kulturele, linguistiese en ekonomiese agtergronde op eie bodem, ontvang jong kinders met risiko's vir kommunikasie afwykings nie voldoende vroeë kommunikasie intervensie dienste nie (Fair & Louw, 1999). Die afleiding kan derhalwe gemaak word dat daar 'n wesenlike behoefte onder die breë publiek bestaan aan inligting betreffende die belang van vroeë kommunikasie intervensie, om kommunikasie agterstande effektief te hanteer.

Alvorens spraak-taalterapeute oudioloë inligting versprei en nuttig in betrokke spraakgemeenskappe aanwend, is die insameling van omgewingstoepaslike data 'n belangrike voorvereiste. Die omskrywing van die kind en sy of haar familie se omgewing, behoort nie net die 'wegspringplek' te wees nie, maar moet deurlopend in die dienslewingsproses geïntegreer te wees. 'n beskrywing van die verbale omgewing waaraan die kind vanuit 'n lae sosio-ekonomiese agtergrond blootgestel word en bepalend vir taalontwikkeling is, verskaf 'n raamwerk wat aanpassings in die dienslewingsmodel vir dié gemeenskappe toepaslik maak.

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om die resultate wat vanuit die Eersterus spraakgemeenskap verkry is, binne die eiesoortige lae sosio-ekonomiese konteks te interpreteer en die voortspruitende teoretiese, kliniese en navorsingsimplikasies vir die vroeë kommunikasie intervensie terapeut voor te hou. Ten einde die verkreeë resultate met relevante problematiek in die

lae sosio-ekonomiese gemeenskappe in verband te bring, asook hierdie inligting toepaslik aan te wend, is voorstelle en aanbevelings ten opsigte van ouerleidingsprogramme en dienslewering, gemaak. Bykomend word riglyne verskaf vir verdere navorsing om aan die behoefte aan 'n uitgebreide kennisbasis vir persone werksaam in Vroeë Intervensie, te voldoen en dus toenemend meer toepaslike dienste te verseker.

5.2 Teoretiese implikasies van bevindinge

Die bevindinge rakende die proefpersoon moeders se beperkte gebruik van responsiewe interaksionele vaardighede en die implikasies wat daaruit voortspruit, word beklemtoon aangesien dit die verwerwing van taal grootliks beïnvloed en aanpassings in ouerleidingsprogramme impliseer:

- Moeders het heelwat meer gespreksontlokkende as responsafhanklike uitinge of verbale uitbreiding vertoon. Die gebrek aan *responsafhanklike uitinge* is enersyds met verlaagde ingesteldheid en andersyds met min spontane inisiërings van die kind geassosieer. Hierdie waarneming ondersteun die aanname dat moeders 'n geneigdheid het om hulle eie 'agenda' te volg en nie op hul baba se leiding ingesteld te wees nie. Dit blyk asof dié moeders in 'n mindere mate bereid is om tyd en aanspraak op aktiwiteite soos deur hul kinders bepaal, af te staan. Dit kom dus voor asof moeders meerendeels die leiding geneem het. Dié waarneming vind ooreenstemming met die bevinding van Hoff-Ginsberg (1991) rakende moeders van lae sosio-ekonomiese status wat 'n groter geneigdheid tot direkte gedrag vertoon. Proefpersoon moeders het derhalwe in 'n beperkende mate geleentheid vir toepaslike konteks-sensitiewe verbale stimulasie raakgesien en benut, wat nadelige gevolge vir semantiese en sintaktiese ontwikkeling asook vir konseptualisering en wêreldkennis van die pre-verbale kind kan inhou (Smith et al., 1996).
- Die beperkte ingesteldheid wat moeders op hul babas se leiding openbaar, is ook ten opsigte van hulle *reaksies op babas se vokale gedrag* en ongemakseine opgemerk. Buiten beantwoording van babas se vokale gedrag, vind nabootsing en uitbreiding van babbelpatrone nie voldoende plaas nie. Die implikasie hiervan is dat die voorkoms van

vokale gedrag by die jong kind nie versterk word nie, wat die motivering vir verdere pogings beperk. Hierdie verminderde responsiwiteit op die baba se vokale gedrag kan ook die baba se persepsie van homself as interaksie venoot benadeel en sodoende, volgens Craissie en Cole (1993), die ontwikkeling van nie-verbale interaksionele vaardighede soos oogkontak en beurtname beïnvloed. Hierdie wederkerige verhouding is wel ook tydens die studie waargeneem. Lae vlakke van responsiwiteit wat by moeders waargeneem is, veronderstel dat jong kinders se interaksionele vaardighede en spraak, en oraal-motoriese gedrag later as verwag word, of selfs afwykend, kan ontwikkel (Salmon et al., 1988; Akhur et al., 1991; Conti Ramsden & Dykins, 1991).

- Moeders se vermoëns om hulle pre-verbale kinders op *verbale wyse te stimuleer*, kom eweneens eng voor, veral ten opsigte van die kommentaar wat hulle op hul babas se belangstelling lewer. Dit blyk dus of taalstimulasie nie doelgerig toegepas word nie, wat daartoe aanleiding gee dat linguistiese ontwikkeling waarskynlik nie volgens verwagting sal geskied nie. Hierdie aanname spruit voort uit die literatuur wat bevestig dat kinders van moeders wat minder verbaal stimulerende kommunikasie gedrag vertoon, swakker op ontwikkelingskale presteer (Jacobsen et al., 1988; Schiefelbusch & Pickar, 1984).
- Die *nie-verbale kommunikasie gedrag* van moeders betreffende die fasilitering van interaksionele vaardighede, het meer beperkend as ondersteunend voorgekom. Waarnemings van die nie-verbale gedrag van moeders is verder aanduidend daarvan dat oogkontak, responsafhanklike glimlag en oordrewe gesigsuitdrukkings betreklik min voorkom. Onvoldoende en ontoepaslike gebruik van nie-verbale kommunikasie gedrag ontmoedig nie slegs die ontwikkeling van ouderdomsooreenstemmende verbale kommunikasie vaardighede nie, maar kan ook sosio-emosionele ontwikkeling nadelig raak (Raack, 1989). Aangesien nie-verbale kommunikasie noodsaaklike aspekte soos aanvaarding en toegeneëtheid aan die baba oordra, impliseer dit die insluiting van nie-verbale wyse van kommunikasie stimulasie tydens ouerleidingsprogramme.
- Ander aspekte van moeders se nie-verbale stimulasie vermoë het ook tekort geskied. Moeders was in 'n mindere mate in staat om *die aandag van hulle kinders te verkry* en te

behou. Gevolglik word die kinders nie betekenisvol tydens die interaksie betrek nie en kan hulle nie effektief voordeel uit beskikbare verbale stimulasie trek nie. Dié verminderde ingesteldheid op verkryging van die baba se aandag en belangstelling hou tweeledige implikasies vir die taalverwerwende kind in. Volgens Fewell en Vadasy (1983) blyk dit dat geleenthede vir taalstimulasie tydens gedeelde aandag onderbenut word, wat verbale deprivasie in die hand werk. Tweedens, ontwikkel die jong kind se aandagspan nie genoegsaam nie, wat opsigself verreikende gevolge vir die vorming van byvoorbeeld skoolgereedheidsvaardighede inhou.

- *Beurtname*, wat 'n belangrike voorloper van kommunikasie vaardighede is en tydens vroeë moeder-kind kommunikasie interaksie behoort te ontwikkel, is nie deur die proefpersoon moeders effektief aangemoedig nie. Dit is waargeneem uit verminderde gebruik van geleenthede om verbale en nie-verbale beurtgewing oor te gee. Bee et al. het reeds in 1969 aangetoon dat moeders uit laer inkomste groepe onder andere meer rigiede beurtname struktuur handhaaf. Die belang van wedersydse beurtgewing is geleë in die ontwikkeling van luistervaardighede en om gesprekvoering vol te hou. Die implikasies hiervan hou negatiewe gevolge vir die ontwikkeling van belangrike vroeë interaksionele vaardighede in (Richman et al 1992'; Fewel et al., 1996; Harnish et al., 1995).
- Proefpersoon moeders se *persepsies* aangaande taalverwerwing, spel en gesamentlike boeklees kom betreklik ooreenstemmend met algemeen aanvaarde beskouings voor, alhoewel hulle beskouing van die gesprekstatus van die kind egter eng is. Meer spesifiek was die oueronderhoud aanduidend daarvan dat daar 'n relatief lang tydspanne vanaf geboorte verloop alvorens babas interaksioneel en kommunikatief ingestel word. Gevolglik word die baba op 'n later-as-wenslike ouderdom as volwaardige gespreksvenoot beskou, wat beteken dat vroeë geleenthede vir stimulasie nie gegun word nie en dus stadiger taalontwikkeling tot gevolg het. Gesprekstatus van kinders word met die betrokke kultuur van die spraakgemeenskap geassosieer (Harkness, 1990), terwyl sosio-ekonomiese status waarskynlik ook ouers se kennis en persepsies beïnvloed.

In teenstelling met wat moeders tydens die onderhoude rakende hulle kommunikasie gedrag voorgehou het, blyk waargenome gedrag tydens spel of gesamentlike boeklees nie hul persepsies te reflekteer nie. Dit wil voorkom asof moeders nie spel en gesamentlike boeklees as betekenisvolle medium vir die ontwikkeling van kommunikasie en interaksionele vaardighede beskou nie. Dié moeders sal derhalwe baat vind by riglyne ten opsigte van aanbieding, maar ook seleksie van tipe materiaal wat fasiliterend tot die nodige taalvaardighede waaraan hul kinders 'n leemte vertoon, is (Ratner et al., 1993).

Opsommendergewys, beskik proefpersoon moeders nie oor voldoende interaksionele, en veral responsiewe vaardighede nie. Opsigself kan dit beperkend inwerk op hul kinders se taalverwerwing. Dit kom verder voor asof die *proefpersoon* moeders nie primêr op hulle babas ingestel is nie en gevolglik word taalstimulasie nie doelgerig toegepas nie. Verbale deprivasie wat 'n beperkende invloed op die ontwikkeling van ouderdomstoepaslike kommunikasie vaardighede uitoefen, hou veral met onkunde en lae opvoedingspeil verband (Brinker et al., 1994; Duncan et al; 1994; Harnish et al 1995). In aggenome daarvan dat persone behoorend tot 'n laer opvoedingspeil, meer geneig om onkundig aangaande die opvoedkundige waarde van interaksie met 'n jong kind te wees, kan bewusmaking en bekendstelling van vroeë kommunikasie intervensie uitgesonder word as die aanbeveling wat die hoogste prioriteit behoort te geniet.

Alvorens voorstelle vanuit die kliniese implikasies aan die hand gedoen word om die inhoud en formaat van dienslewering aan te pas en in laer sosio-ekonomiese groepe voorkomend aan te spreek, is dit van belang om na die beginsels waarop vroeë kommunikasie intervensie geïmplementeer behoort te word, te verwys.

Plaaslike literatuur (Uys & Hugo, 1997) bevestig dat verandering in die benadering tot diensverskaffing nodig is, deur 'n model van transformasie voor te hou. Hiervolgens word die insluiting van families en betrokke professionele persone wat deel van 'n transdissiplinêre span vorm, sterk benadruk. Die noodsaaklikheid daarvan dat versorgers en ander persone betrokke by babas en jong kinders wat risikofaktore vir kommunikasie agterstande en afwykings vertoon, by die diensleweringproses betrokke raak, vind ook aansluiting by dit wat ASHA (1989) as

effektiewe vroeë kommunikasie intervensie vir alle vroeë kommunikasie populasies beskou. Hiervolgens word vier aspekte van belang geïdentifiseer, naamlik 'n *familie-* en *gemeenskapsgebaseerde* benadering wat *omvattend* en *gekoördineerd* is.

Die betrekking van *ouers of versorgers* het 'n meer omvattende doel as bloot die verbetering van die baba of jong kind se kommunikasie vaardighede as geïsoleerde entiteit op 'n gegewe moment in die ontwikkeling van die baba of jong kind. Primêre versorgers kan deur oerleidingsprogramme op ondersteunende wyse 'n wesenlike rol in die *voorkoming* van kommunikasie en ander ontwikkelingvaardighede vir al hulle kinders speel. Hierdeur kan dit ook die familie en die breë *gemeenskap* lei en bemagtig om, met die hulp van spraak- taalterapeut oudioloog as fasiliteerder, deel te vorm van die versterking van kommunikasie ontwikkeling, verbeterde skool en akademiese prestasie en uiteindelik 'n hoër sosio-ekonomiese generasie. Inligtings en opleidingsprogramme, gerig op ouers uit mindersheidsgroepe, kan hul beheer oor omstandighede en persoonlike effektiwiteit verhoog (Glanville & Tiller, 1991).

Indien *professionele persone* werksaam op die terrein van vroeë kommunikasie intervensie beoog om moeder-kind kommunikasie interaksie en indirek lae opvoedingspeil van moeders aan te spreek, moet begin word met ouer-kind stimulasie programme (Herzman, 1996; Hess et al., 1997, Ramey & Ramey, 1998). Die vertrekpunt is dus die ontwikkeling van geïndividualiseerde sosio-kulturele intervensie programme, wat veral van toepassing op minderheidsgroepe gemaak kan word.

So 'n uitgangpunt impliseer dat vroeë intervensie terapeute bekend moet wees met die *demografiese inligting van die gemeenskap* sowel as die unieke faktore wat moeder-kind interaksie in 'n spesifieke kultuur beïnvloed en tot 'n kommunikasie agterstand en afwyking aanleiding kan gee. Die bewuswording en verspreiding van inligting aan ouers en versorgers behoort dus verder te strek sodat dit die spesifieke spraakgemeenskap, algemene publiek en ander professionele persone kan insluit, wat gevolglik positief op die vroeë hantering van kinders met risiko's vir kommunikasie afwykings sal inwerk (Delpont, 1998).

Plaaslik word 'n gemeenskapsgebaseerde benadering reeds teoreties deur *owerhede* ondersteun. Die Nasionale Departement van Gesondheid het verandering van institusie- na gemeenskapsgebaseerde dienste, wat die behoefte van die totale populasië aanspreek, deurgevoer (Moodley, 1999). Hierdie beginsel van gemeenskapsgebaseerde dienslewering, hoewel dit tans in 'n beperkte mate prakties geïmplementeer word, sluit by die doelstellings van vroeë kommunikasie intervensie aan.

Jong kinders wat deel vorm van die populasië met risiko's vir kommunikasie agterstande of afwykings, vertoon dikwels ook risiko faktore vir ander ontwikkelingsagterstande en benodig uitgebreide intervensie en gesondheidsdienste (Fair & Louw, 1999). Aangesien daar van uitgangspunt gegaan word dat individue holosities beskou en benader word, behoort hul diverse behoeftes as sodanig aangespreek word. Vroeë intervensie dienste sluit dus onderskeie ontwikkelingssterreine in, in 'n poging om omvattende dienste aan jong kinders met risiko faktore te lewer (ASHA, 1989). Hierdie aspek van dienslewering noodsaak egter die intergrering van verskeie professies werksaam met die vroeë intervensie populasië, se kennis en vaardighede.

Dit is gevolglik van wesenlike belang dat spraak-taaltherapeutiese audiologiese, mediese asook paramediese dienste *gekoördineerd* moet wees. Sodanige professionele persone tesame met gemeenskapsgesondheidsorgwerkers word egter nie bloot geteiken vir inligtingverskaffing nie, maar ook as rolverdelers. Inaggenome van die verhouding tussen spraak-taaltherapeute audioloë en die populasië wat dienste benodig, geografie asook taalkwessies, kan rolverdelers die verantwoordelikheid van vroeë intervensie deel. Die literatuur beskou 'n transdisiplinêre spanbenadering waar uitruiling van kennis en vaardighede deur rolverdeling plaasvind as krities in die strewe na groter toeganklikheid van vroeë kommunikasie intervensie dienste vir kinders wie se kommunikasie ontwikkeling bedreig word. (Catlett, 1991; Dinebeil & Rule, 1994; Katz & Scarpati, 1995). Dit impliseer dat spraak-taaltherapeute audioloë hulself sal instel en voorberei om professionele 'rolle' oor te gee wat 'n uitdaging vir die tradisionele model van dienslewering is. Spraak-taaltherapeute audioloë sal, volgens Delpont (1998), hul professionele rolle toenemend meer moet rig op bekendstelling asook inisiatief moet neem in die opleiding en samewerking met ander ten einde die vroeë intervensie doelwitte te realiseer

Die *koördinerings* van dienste behoort egter wyer as die gemeenskap en betrokke professionele persone te kring. Dit kan gedoen word deur beleidsbepalers op streeks- en nasionale vlak te nader, voorleggings aangaande die waarde van vroeë identifisering te maak en befondsing te beding sodat vroeë kommunikasie intervensie by *Gesondheids- en Opvoedkundige Departemente* ingesluit kan word. Spraak-taalterapeute oudioloë kan deur SAVSTG as onderhandelingskanaal, die implementering van vroeë kommunikasie intervensie dienste in lae sosio-ekonomiese gebiede prakties bewerkstellig op 'n nasionale vlak.

Benewens teoretiese implikasies rondom die dienslewingsmodel in vroeë kommunikasie intervensie, het die bevindinge ook kliniese aanbevelings tot gevolg.

5.3 Kliniese implikasies

Klinies dui die gevolgtrekking van die resultate daarop dat spraak-taalterapeute oudioloë vroeë kommunikasie intervensie na die Eersterus woongebied behoort uit te brei. Dienste noodsaak egter aanpassings om toepaslik by die behoeftes van jong kinders en hul families behoorend tot hierdie laer sosio-ekonomiese omgewing, aan te sluit (Buitendag, 1997). Voorstelle vir rolverdeling word ook aangedui ten einde vroeë kommunikasie intervensie in Eersterus meer toeganklik te maak.

Die verkreeë resultate rakende moeder-kind kommunikasie interaksie in die Eersterus gemeenskap kan as vertrekpunt vir die ontwikkeling van oerleidingsprogramme aan lae sosio-ekonomiese gebiede dien, alhoewel die spraak-taalterapeut oudioloog tot versigtigheid betreffende breë veralgemening gemaak word. Van Kleeck (1992) wys daarop dat evaluasie data wat tydens moeder-kind interaksie ontlok word, nie sondermeer volgens Westerse evaluasie materiaal toegepas en vervolgens geïnterpreteer kan word nie. Insteede van kwantitatiewe analises, behoort die data aan die hand van verbandhoudende omgewingsrisiko's kwalitatief beskryf te word. Die evaluering van moeder-kind kommunikasie interaksie behoort faktore soos die opvoedingspeil van die versorger wat die meeste tyd aan die baba spandeer, hulle persepsies aangaande taalverwerwing en stimulasie asook die fisiese en sosiale eksterne omgewing soos inkomste, tyd en ruimte vir spel ingeruim, aan te teken (Crago, 1992; Van Kleeck, 1992).

Gebruikmaking van sodanige inligting kan waardevol wees in die sorgvuldige beplanning van 'n gespesifiseerde ouerleidingsprogram en intervensie strategieë.

Opleidingsprogramme vir ouers en of versorgers behoort uitkomsgebaseerd te wees, naamlik dat die kind se kommunikasie ontwikkeling afhanklik sal wees van onder andere, linguistiese stimulasie, styl van interaksie tussen versorger en kind asook ouderdomstoepaslike verwagtinge van die kind se kommunikasie vaardighede (Hess et al., 1997). Uitkomsgebaseerde intervensie is veral in hierdie omgewing relevant, aangesien beperkte interaksionele vaardighede soos waargeneem, geassosieer word met taalagterstande wat implikasies vir skoolgereedheid en gevolglik die kind se akademiese loopbaan inhou (Rossetti, 1996). Die opleidingsprogramme kan dus ook riglyne vir kommunikasie met ouer, verbale kleuters insluit. Vervolgens word inhoudelike aspekte wat tydens hierdie opleidingsprogramme gerig aan ouers en versorgers van lae sosio-ekonomiese status benadruk kan word, aangedui.

- Inaggenome van beperkte kennis, kwaliteit van interaksies en tyd **spandeer**, soos deur proefpersoon moeders gemeld en waargeneem, is die *bewusmaking* van onder andere normale ontwikkeling van kommunikasie vaardighede, aspekte en konteks wat dit ondersteun, asook ouderdomstoepaslike verwagtinge, 'n noodsaaklike oriëntering tydens ouerleiding. 'n Toepaslike beskouing van taalverwerwing blyk egter nie noodwendig 'n fasiliterende, stimulerende of meer responsiewe interaksie styl te verseker nie, veral weens die diskrepansie wat tussen die oueronderhoud en waargenome gedrag opgemerk is.
- Spraak-taalterapeute oudioloë behoort dus nie bloot *inligting* soos ouderdomstoepaslike kommunikasievaardighede te verskaf nie, maar ook van hulp te wees om *interaksionele vaardighede tydens spel en gesamentlike boeklees te demonstreer* en versorgers te lei om die vaardighede te versterk (Kritzinger & Louw, 1997). Positiewe interaksiepatrone betreffende die moeder se responsiwiteit op haar baba se gedrag, behoort aandag te geniet deur hulle bewus te maak van die baba se vokale gedrag sowel as hoe om toepaslik daarop te reageer. Moeders sal ook attent gemaak moet word om nie bloot tydens spel nie, maar ook enige tyd gedurende versorgingsaktiwiteite, kommunikasie te fasiliteer en aan te moedig. Demonstrasie van aanbevelings sal van waarde wees, byvoorbeeld waar leiding aan moeders en versorgers verskaf

word aangaande die gee en neem van *beurte* as belangrike voorloper vaardigheid vir kommunikasie ontwikkeling (Manolson, 1992). Beurtnaam hou weer verband met versorgers se ingesteldheid op hulle babas se belangstellingsveld en leiding aan moeders betreffende die beperking van hul eie kontrolerende of direkte styl sal van waarde wees.

- Die aanmoediging van die geïntegreerde gebruik van *verbale en nie-verbale kommunikasie* gedrag van die ouer of versorger behoort tydens opleidingsprogramme daartoe by te dra dat hulle meer suksesvolle fasiliteerders van veral voorloper kommunikasie vaardighede sal wees (Manolson, 1992).
- Voorligting en praktiese riglyne met betrekking tot *opvoedkundige stimulasie* behoort ook ingesluit te wees in ouerleidingsprogramme veral in hierdie gemeenskappe. Die skepping en benutting van eenvoudige en bekostigbare tuisgemaakte *speelgoed* kan relevant wees by moeders vanuit dié gemeenskap. Bykomend kan hulp ten opsigte van die seleksie van kinderliteratuur en gebruik van gesamentlike boeklees as interaksionele aktiwiteit gegee word (Kritzinger & Louw, 1997. Die ontwikkeling van 'n speelgoedbiblioteek waar speelgoed en boeke versamel en geskenk word, byvoorbeeld as voorgraadse projek, kan ook oorweeg word.
- Die betrekking van *betekenisvolle ander persone*, spesifiek die ouma, word ook as doelwit geteiken aangesien 'n uitgebreide familiestruktuur met die grootmoeder as gesinshoof, in hierdie konteks waargeneem is. Sosiale en morele ondersteuning vir tienermoeders en en hulle moeders kan ook sterk in oorweging gebring word, ten einde ondersteuningsnetwerke van ander persone uit die omgewing daar te stel, aldus Rossetti (1996). Verhoogde motivering vir die uitvoer van voorstelle asook selfvertroue kan waarskynlik bevorder word deur die betrekking van betrokke persone in die familie of vriende (Glanville & Tiller, 1991).
- Intervensie behoort in die families se *tuisomgewing* te geskied om sodoende meer natuurlike aanbevelings en aanpassings met beskikbare bronne moontlik te maak. ASHA (1989) dui aan dat faktore uit die omgewing, wat die tyd en konteks van interaksie strem, aanversorgers uitgewys en opgevolg word met sensitiewe voorstelle sodat die tuisomgewing so min

beperkend as moontlik vir die taalverwerwende kind is. So kan spraak-taalterapeute oudioloë, byvoorbeeld, as deel van hul konsulerende beroepsfunksie, saam met Primêre Gesondheidsorgwerkers in die gemeenskap tuisbesoeke bring. Moeders of versorgers wat die babaklinieke besoek, ontmoet en betrek kan word deur opvolg besoeke in groepies van moeder-kind interaksie pare tuis, voor te stel.

Betreffende die verspreiding van inligting en vaardighede stel Lombard 1991 (in Fair & Louw, 1999) voor dat die volgende stappe geneem word wanneer die *gemeenskap* van spesifieke leemtes en toepaslike bronne bewus gemaak word, naamlik, herkenning van die behoefte; indiepte bestudering van die situasie, feite bepaling, beplanning, uitvoering sowel as evaluering van die proses. Spraak-taalterapeute oudioloë se aandag behoort egter ook daarop gevestig te word dat daar teenstellende prioriteite in gemeenskappe kan bestaan, veral waar armoede, werkloosheid geweld ensomeer aan die orde van die dag is. 'n Gelyke vennootskap tussen die spraak-taalterapeut oudioloog as fasiliteerder, die sentrale koördineerder en die gemeenskap is essensieël om die komponente van vroeë intervensie, soos uiteengesit, doeltreffend toe te pas.

Die bevindinge van hierdie studie impliseer ook aanpassings in die dienslewingsmodelle met spesifieke verwysing na bekendstelling van die vakgebied vroeë kommunikasie intervensie asook die beroep aan ander professionele persone en die gemeenskap:

- Daar word voorgestel dat spraak-taalterapeute oudioloë vennootskappe vorm met medici veral verpleegkundiges en ander paramediese personeel werksaam in lae sosio-ekonomiese omstandighede, om transdissiplinêre spanwerk te bewerkstellig en sodoende vroeë kommunikasie intervensie te sterk. Die transdissiplinêre span model van dienslewering wat deur Briggs (1997) beskou word as die mees effektiewe wyse om dienslewering aan jong kinders met spesiale behoeftes te voorsien, stel voor dat een sentrale spanlid deur konsultasie met ander spanlede vroeë intervensie dienste verskaf. Alhoewel sodanige spanbenadering nie tans op plaaslike bodem funksioneer nie, kan gemeenskap verpleegkundiges en Kliniek verpleegkundiges by Primêre Gesondheidsorg babaklinieke (Delport, 1998), geteiken word vir opleiding en inligtingsverskaffing aangaande:
 - Identifisering van risikofaktore vir kommunikasie agterstande of afwyking by 0-3-jariges

- Bepaling van omgewings risikofaktore by moeders van babas
 - Sifting van kommunikasie vaardighede by hierdie populasie
 - Voorstelle aan versorgers deur te gee betreffende 'n positiewe kommunikatief ondersteunende interaksie styl soos onder andere oogkontak, beurtname, responsiwiteit en volg van die baba se leiding (Moodley, 1999).
- Inligtingsverskaffing by die Eersterus babakliniek in die vorm van plakate, pamflette en ander inligtings hulpmiddels wat saam met die roetine ondersoek gegee word (bv. riglyne vir die aanmoediging van kommunikasie vaardighede wat met die kliniekkartaat wat moeders saambring, uitgedeel kan word).
 - Die Eersterus babakliniek en ander klinieke kan as uitstekende gemeenskapsbron beskou word waarvandaan spraak-taaltherapeutiese dienste gelewer kan word. Onderhandelings met plaaslike gesondheidsorg owerhede kan die beskikbaarstelling van fasiliteite en lokale vir sodanige dienste, in die hand werk. Gesondheidsorg fasiliteite binne gemeenskappe word ook deur Fair en Louw (1999) beskou as potensiele 'afsetgebied' waarvandaan vroeë intervensiedienste ontwikkel en uitgebrei word.
 - Privaat praktiserende spraak-taaltherapeute oudioloë moet kennis dra van veranderende dienslewering en deur middel van voortgesette opleiding ondersteun word om hulle gespesialiseerde dienste in lae sosio-ekonomiese woongebiede, in hulle eie omgewing, kultureel en sosio-ekonomies aan te pas en beskikbaar te stel. Uys en Hugo (1997) stel dit duidelik dat gemeenskapsdiens een van die beroepsfunksies van die spraak- taaltherapeut oudioloog is.

Die kliniese implikasies van hierdie studie beklemtoon die betrekking van moeder-kind interaksie pare, maar ook gemeenskappe om 'gesonde' kommunikasie vaardighede by kinders onder drie jaar, wat in die teenwoordigheid van omgewingsrisiko's vir kommunikasie agterstande opgroei, te kweek. Dit benadruk die verantwoordelikheid van spraak-taaltherapeut oudioloë om tradisionele diensleweringmodelle, gebruik van bestaande programme en literatuur asook hulle beroepsfunksies te hersien. Suksesvolle bekendstelling van die professie sal nie net meer toeganklike dienste nie, maar ook verhoogde samewerking tussen professionele persone

moontlik maak (ASHA, 1993). In die besonder word verwys na die gebruik van baba- en familie gesondheidsklinieke om toegang tot risiko populasies te verkry. Omrede daar nie van die veronderstelling kan uitgaan dat verpleegkundiges of gesondheidsorgwerkers werksaam in dié klinieke oor die nodige kennis en vaardighede beskik nie (Delport, 1998; Moodly, 1999) moet gestruktureerde opleiding plaasvind ten einde van hulp te wees om versorgers te bereik. Deurdat versorgers begelei word om kommunikasie agterstande en afwykings te voorkom, kan die negatiewe siklus van lae sosio-ekonomiese status wat selfherhalend is, onderbreek word.

5.4 Kritiese evaluering van navorsingstudie

'n Kritiese beskouing van 'n studie waarin beperkings uiteengesit en die geldigheid en betroubaarheid van data bespreek word, is, volgens Dane (1990), 'n noodsaaklikheid. Die betroubaarheid en beperkinge van hierdie studie sal aangedui word, waarna die veronderstelde waarde daarvan saamgevat sal word.

Die betroubaarheidsmeting van hierdie studie het die betrekking van 'n tweede evalueerder behels, aangesien daar gebruik gemaak is van subjektiewe beoordeling in die analise van gedrag. Interbeoordelaar betroubaarheid verseker dat die waarnemings akkuraat is en prosedures herhaal kan word, wat sodoende die wetenskaplikheid van die studie verhoog (Dane, 1990; Leedy, 1997).

Ooreenstemming is met betrekking tot die transkripsies en die video-opname sowel as die ontleding van gedrag en optekening op die data-insamelingsprotokol verkry, wat die betroubaarheid van die resultate bevestig het. Tesame met betroubaarheid blyk die studie ook aan die vereistes van geldigheid te voldoen. Die studie maak aanspraak op ekologiese geldigheid en natuurlikheid aangesien die opnames in die bekendheid van die proefpersone se tuisomgewing geskied het (Crago, 1992) tydens bekende versorgingsaktiwiteite soos voeding, bad en aantrek asook natuurlike spelinteraksies met eie en ouderdomstoepaslike speelgoed.

Die beperkings van hierdie studie sowel as die veronderstelde waarde word as volg uiteengesit:

Die grootte van die steekproef was, om aan die doelstelling van gevallestudie beskrywing te voldoen, klein en veralgemenings van resultate is derhalwe onwenslik. Die huidige resultate kan dus slegs as algemene aanduiders dien, maar kan steeds met groot vrug in beide navorsing en kliniese praktyk aangewend word, vanweë die indiepte bestudering van die aspekte wat ondersoek is. Die steekproef kan in toekomstige navorsing vergroot word om meer gesinne in die laer sosio-ekonomiese omgewing van Eersterus in te sluit, ten einde meer omvattende kontekstsensitiewe inligting in te win en diensteverskaffing in dié gemeenskap meer verantwoordbaar te maak.

Onderhoudvoering as data-insamelingstegniek het diskrepansie tussen terugvoering van proefpersoon moeders en hulle gedrag aangetoon. Dié verskille waargeneem, kan moontlik daaraan toegeskryf word aan dat die mees wenslike antwoord verskaf is tydens die oueronderhoud. Gevolglik blyk afleidings rakende die voorkoms en aard van interaksionele gedrag soos deur proefpersoon moeders voorgehou is, beperk te wees. Waargenome gedrag is derhalwe in 'n meerdere mate gebruik in die beskrywing van proefpersone se kommunikasie gedrag as response wat tydens onderhoud verkry is. Terugvoering van proefpersoon moeders is wel in ag geneem, aangesien hulle response op vrae hul beskouings rakende kommunikasie interaksie met babas aangedui het. Oueronderhoude kan dus wel insiggewende inligting aangaande die spraakgemeenskap se persepsies verskaf (McNiel, 1990), maar vrae aangaande hulle gebruik van kommunikasie teenoor hul babas behoort nie sonder waarneming van interaksionele gedrag te geskied nie.

Kulturele aspekte soos die ouerskapstyl en leerstrategieë van die versorger en spraakgemeenskap se persesie van afwykings, is, soos Crago (1992) voorstel, nie in aanmerking geneem word tydens die interpretering van resultate nie. Vanweë die aard van die studie waar die fokus op sosio-ekonomiese status val, is die kulturele agtergrond van die Kleurlinggemeenskap nie ondersoek nie. Inagneming en korrekte interpretering van die linguïstiese spraakwyses kenmerkend aan die Kleurlinggemeenskap, kan in 'n meer omvattende studie betrek word, ten einde insig in die verbale kommunikasie van moeders te verbreed.

Die video opnames het in een lokaliteit plaasgevind met eenmalige posisionering voor die moeder-kindinteraksiëpaar, maar het waarskynlik die natuurlikheid van interaksie geaffekteer. Toekomstige opnames met 'n mobiele kamera sou waarneming in verskeie familêre situasies binne en buitenshuis moontlik maak, wat die konteks van interaksies ook meer geldig sou maak.

Data-insamelingsprotokol wat vir die doel van hierdie navorsingstudie ontwikkel is, is effektief aangewend om inligting aangaande moeder-kind kommunikasie interaksie op te teken, te orden en beskrywend te bespreek sodat afleidings van individuele proefpersoon moeders sinvol gemaak kon word. Vanweë die inhoudelike samestelling van dié protokol, verskaf dit indiepte beskrywende data van moeders se verbale en nie-verbale interaksiestyle wat derhalwe die gebruik vir toekomstige navorsingstudies vergemaklik. Deur verdere verfyning en aanpassings, byvoorbeeld 'n verkorte opsommende weergawe, sal hierdie protokol ook nuttig aangewend kan word deur spraak-taalterapeute oudioloë wat klinies werksaam is met jong kinders en hul families wat vroeë kommunikasie intervensie dienste benodig. Die data-insamelingsprotokol kan in die huidige formaat egter nie sonder video waarnemings, veral betreffende frekwensie tellings, uitgevoer word nie, aangesien dit as 'n navorsingsprotokol ontwerp is.

Die verkreeë resultate lewer om verskeie redes 'n relevante bydrae tot vroeë kommunikasie intervensie dienslewering. Eerstens impliseer dit dat die spraak-taalterapeut oudioloog die verantwoordelikheid neem om deur bekendstelling, inligtingsverskaffing en opleiding, die onkunde aangaande taalverwerwing en nie-fasiliterende interaksiestyle soos deur proefpersoon moeders vertoon, aan te spreek. Versorgers, familie, die betrokke spraakgemeenskap en breë publiek word geteiken om by die verspreiding van inligting rakende vroeë kommunikasie intervensie betrek te word (Lequerica, 1997). Die resultate beklemtoon tweedens ook die belang daarvan dat spraak-taalterapeute oudioloë se kennisbasis aangaande die spraakgemeenskap se omgewingsrisiko-faktore uitgebrei word om sodoende interaksie patrone van moeders toepaslik te interpreteer. Derdens dui die bevindinge van die navorsingstudie op 'n groot behoefte aan vroeë kommunikasie intervensie diensverskaffing spesifiek in die Eersterus woongebied.

Hierbenewens blyk dit egter ook duidelik dat verdere navorsing, met besondere verwysing na die aard van moeder-kind kommunikasie interaksie in minder gegoede omgewings, nodig is.

5.5 Navorsingsimplikasies

Vroeë kommunikasie intervensie literatuur beskik oor 'n omvangryke databasis aangaande moeder-kind kommunikasie interaksie in lae sosio-ekonomiese omstandighede in die Westerse wêreld. Literatuurbevindinge kan egter nie plaaslik van toepassing gemaak word nie en vanweë die beperkte aantal Suid-Afrikaanse studies, is daar tans leemtes en onbeantwoorde vrae wat dienslewering strem. Die navorser huldig die mening dat kennis van die volgende drie aspekte essensieël is om die vroeë intervensie populasie vanuit lae sosio-ekonomiese omgewings te ondersteun: Kennis aangaande die unieke konteks waarin die *familie* hulle bevind, is nodig ten einde te begryp hoe die verskillende elemente van die interne en eksterne konteks die moeder se verhouding met haar kind affekteer (Guralnick, 1997). Tweedens is kennis van die spesifieke *spraakgemeenskap* se persepsies en wyse van kommunikasie nodig om spraak-en taalafwykings of agterstande in perspektief te beskou. Bogenoemde twee areas waarin kennis behoort te ontwikkel, kan van waarde wees om vroeë intervensie programme aan te pas en dit in lyn te bring met die kulturele en linguistiese eienskappe van leerders en ander in hulle groter sosiale ekologie (Ramey & Ramey, 1998). Derdens is daar toenemend 'n behoefte aan nuwe kennis aangaande die *taalverwerwingsproses* binne die konteks waarin dit geskied. Insig in die taalverwerwingsproses is van belang ten einde jong kinders wat 'n abnormale linguistiese ontwikkeling of 'n agterstand in kommunikasie ontwikkeling vertoon, meer effektief te help om ouderdomstoepaslike kommunikasie vaardighede te ontwikkel deur gebruikmaking van die versorgers en die natuurlike tuisomgewing (Schieffelin & Ochs, 1986).

Gevolgluk is navorsingsstudies nodig om databasisse plaaslik toepaslik en relevant uit te brei. Areas wat vanuit hierdie navorsingstudie geïdentifiseer is, waardeur spraak-taaltherapeutiese en audiologiese dienslewering op die gebied van vroeë intervensie verbeter kan word, word vervolgens omskryf.

- Die bestudering van moeder-kind kommunikasie interaksie in die Eersterus gemeenskap, wat 'n groter steekproef betrek waartydens bevindinge verifieer en uitgebrei word, sal insiggewend wees, terwyl navorsing wat inter- en intraklasverskille ondersoek, ook vergelykende studies moontlik sal kan maak. Hierbenewens behoort moeders se interaksionele vaardighede in ander lae sosio-ekonomiese minderheidsgroepe en spesifieke kultuurgroepe bestudeer word in 'n poging om realistiese verwagtinge van en verantwoordbare hantering van sodanige gemeenskappe in die hand te werk. Samewerking met etnografiese navorsers (toepaslike Universiteitsdepartemente) kan, na die mening van Crago (1992), die spraak-taalterapeut audioloog se insig verbreed en 'n wesentlike bydrae tot die effektiewe behandeling van kinders met hoë risiko's vir kommunikasie agterstande en afwykings lewer.
- Indiepte analisering en hersiening van bestaande ouerleidingsprogramme sal nodig wees ten einde bevindinge rakende spraakgemeenskappe se sosio-ekonomiese status en kulturele kenmerke op 'n sinvolle wyse te inkorporeer om alle populasies te akkomodeer. Hierbenewens kan navorsingstudies wat effektiewe wyses vir die verskaffing van inligting en opleiding aan veral gesondheidsorgverpleegkundiges en ander mediese personeel (Delpont, 1998) werksaam in laer sosio-ekonomiese areas, ondersoek, die implementering van vroeë kommunikasie intervensie in hierdie kontekste bevorder.
- Om vroeë kommunikasie intervensie aan gemeenskappe, spanlede en beleidsbepalers te verantwoord en vroeë identifisering te motiveer, sal opvolg studies wat proefpersoon babas se latere taalontwikkeling op voorskoolse (skoolgereedheid) en skoolgaande ouderdom monitor, nodig wees. Addisioneel is dit ook noodsaaklik dat moeder-kind interaksiepatrone by babas en jong kinders wat, buiten omgewings risikofaktore, ook biologiese of bevestigende risikofaktore vir kommunikasie agterstande en afwykings vertoon, te ondersoek (Rossetti, 1996). Dit is veral relevant aangesien Suid Afrika, vanweë swakker ekonomiese omstandighede, vermoedelik 'n hoër populasie van babas met veelvuldige risiko faktore sal vertoon.

Die uitbreiding van vroeë intervensie terapeute se kennisbasis is krities vir die handhawing en verbetering van vroeë kommunikasie intervensie, wat die oorkoepelende doel van voorkoming en hantering van kommunikasie afwykings by risikopopulasies kan verwesenlik.

5.6 Gevolgtrekking

Die verkreeë resultate van die navorsingstudie het aangedui dat moeders se interaksionele vaardighede nie hul kinders se bestaande en ontwikkelende kommunikasie vaardighede effektief fasiliteer nie, en hou derhalwe omvattende implikasies vir plaaslike literatuur betreffende lae sosio-ekonomiese gemeenskappe in, asook vir spraak-taalterapeute oudioloë werksaam in die kliniese praktyk. Hierbenewens dui die resultate ook 'n behoefte aan verdere navorsing, gerig op die invloed van moeders en versorgers se interaksiepatrone op hulle pre-verbale kinders, uit families van laer sosio-ekonomiese status, aan.

Die leemtes wat tydens moeder-kind kommunikasie interaksie by proefpersoon moeders waargeneem is, impliseer die ontginning en uitbreiding van vroeë kommunikasie intervensie dienste na Eersterus en ander ontwikkelende gemeenskappe. Die voorstelle wat vir die gebruik van bestaande opleidingsprogramme sowel as die diensleweringmodel aan die hand gedoen is, behels die verspreiding van inligting en verskaffing van leiding aan versorgers, maar sluit ook die familie en lede van die span in, volgens die gemeenskapsbaseerde benadering. Bykomend word die inkorporering van die tuisomgewing as meer natuurlik en funksioneel benadruk, in 'n poging om korrekte interpretasies rakende omgewingsinvloede en waargenome moeder-kind kommunikasie interaksiepatrone te maak. Moeder-kind kommunikasie interaksie in soortgelyke lae sosio-ekonomiese gemeenskappe, dienslewering en akkomodering van persone van laer sosio-ekonomiese status asook transdissiplinêre samewerking binne primêre gesondheidsorg, is belangrike areas waaraan daar 'n behoefte aan toekomstige navorsing is. Ten spyte van beperkinge van hierdie studie, kan die resultate as waardevol en bruikbaar beskou word vir persone betrokke by vroeë kommunikasie intervensie sowel as vir toekomstige navorsingsstudies

5.7 Slot

Die onkunde rakende gesondheid en opvoeding wat in die literatuur met persone van laer ekonomiese status geassosieer word (Glanville & Tiller, 1991; Leyendecker, 1997), is plaaslik bevestig tydens die uitvoer van die navosingstudie. Die beperkte mate waartoe die moeders hulle kinders kommunikatief stimuleer, tesame met die beperkte beskikbaarheid en toeganklikheid van dienste tans, noodsaak spraak-taalterapeute oudioloë om die Eersterus asook ander gemeenskappe van hulp te wees in die fasilitering van normale kommunikasie vaardighede by jong kinders. Die dringendheid is daarin geleë dat vroeë intervensie dienste kan poog om die negatiewe siklus waaraan persone behoorend tot 'n lae sosio-ekonomiese status, blootgestel word, te onderbreek en sodoende 'n meer ingeligte en bemagtigde generasie van hulp te wees. Barton en Tomasello (1994: 109 uit Kastan, 1999) verwoord die van die verskaffing van toepaslike inligting aan ouers en versorgers wat onkundig is, as volg:

*“Just as children cannot learn to ride a bicycle by simply being given one,
they cannot learn to speak a language by simply being exposed to one.
In both cases, parents must provide some training wheels.”*

Die bekendstelling en verskaffing van vroeë kommunikasie intervensie in veral lae sosio-ekonomiese omstandighede, behoort dus ter voorkoming van taal en latere akademiese agterstande, prioriteit te geniet.

Die fasilitering van kommunikasie ontwikkeling by kinders vanuit minder goeie sosio-ekonomiese omstandighede, is egter afhanklik van die spraak-taalterapeut oudioloog se sosio-linguistiese kennis en vaardighede ten einde interaksionele vaardighede binne konteks te beoordeel en sodoende sodanige gemeenskappe effektief te bedien, asook na selfverwesenliking te lei. Dit impliseer dat elke spraak-taalterapeut oudioloog uitgedaag word om die veranderende beroepsfunksie van fasiliteerder en konsultant binne die gemeenskapsbaseerde model te aanvaar en hulself voor te berei om sosio-kultureel aanpassings betreffende die inhoud en formaat van vroeë intervensie programme te maak. Gemeenskapsgebaseerde intervensie word selde of ooit geïnisieer sonder 'n 'buitestaander' wat die gemeenskap bewus maak van behoeftes en leemtes

(Fair & Louw, 1999). 'n Groot mate van verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid word dus van vroeë intervensie terapeute, wat hulself beskikbaar wil stel vir die bemagtiging van gemeenskappe, geëis.

Eweneens bestaan daar 'n wesenlike behoefte aan die beskikbaarstelling van bekostigbare toeganklike dienste aan kinders uit minder bevoorregte gemeenskappe, wat risiko's vir kommunikasie afwykings vertoon. Die spraak-taalterapeut audioloog kan, vanweë tekort aan die aantal terapeute werksaam op die terrein van vroeë kommunikasie intervensie, slegs deur meer omvattende transdisiplinêre samewerking tussen professionele persone en beleidsbepalers, poog om kinders met risiko faktore vroegtydig te identifiseer. Betrekking van beleidsbepalers en insae in besluitneming op provinsiale en nasionale vlak is egter tans beperk, en vroeë kommunikasie intervensie maak volgens wetgewing en befondsing, nog nie deel uit van Primêre Gesondheidssorg nie.

Die vraagstukke en uitdagings wat huidig vroeë kommunikasie intervensie dienslewering binne die ontwikkelende konteks beperk, veronderstel dat dít voorrang moet geniet sodat meer kinders en hul gesinne na 'gesonde' kommunikasie vaardighede begelei kan word, terwyl die bestaansreg van vroeë kommunikasie intervensie Suid-Afrika ook hierdeur geregverdig kan word.

5.8 Opsomming

In hierdie hoofstuk is gevolgtrekkings vanuit die verkreë resultate gemaak en aanbevelings is aan die hand van teoretiese en kliniese implikasies uiteengesit. Aanpassings is voorgestel betreffende die inhoud, proses en model van plaaslike dienslewering. Die behoefte aan en areas van toekomstige navorsing is ook aangedui ten einde vroeë kommunikasie intervensie diensverskaffing in lae sosio-ekonomiese gemeenskappe uit te brei.

LITERATUURLYS

- Alant, E. (1984). Spraakterapie in 'n meertalige samelewing: 'n Oriëntasie. Simposiumreferate. Department Kommunikasiepatologie, Universiteit van Pretoria.
- Adler, R. Hayes, M. Nolan, M. & Lewin, T. (1991). "Antenatal Prediction of Mother-Infant Difficulties." Child-Abuse-and-Neglect. Vol. 15(4), pp. 351-361.
- Altman, J.S. & Mills, B. C. (1990). "Caregiver behaviours and adaptive behavior development of very young children in home care and day care." Early Childhood Development and Care. Vol. 62, pp. 87-96.
- American Speech Hearing and language Association. (1989). "The roles of speech-language pathologists in service delivery to infants, toddlers and their families." ASHA. May, pp. 31-34.
- American Speech Hearing and Language Association. (1991). "The Prevention of Communication Disorders Tutorial ." ASHA. Vol. 33, (Supplement 6), pp. 15-41.
- American Speech Hearing and Language Association. (1991). "Guidelines for Speech-Language Pathologists: Serving Persons with Language, Socio-Communicative, and/or Cognitive-Communicative Impairments." ASHA. Vol. 33, (Supplement 5), pp. 21-28.
- American Speech Hearing and Language Association. (1993). "Marketing." ASHA. August, pp. 36-51.
- Anderson, W.L. Nelson, R. & Fowler, M.M. (1978). "Developmental Assessment Schema." in Northcott, W.H. (Ed.): Curriculum Guide: Hearing Impaired Children (0-3 years) and their Parents. Washington, DC: The Alexander Bell Association for the Deaf.

- Anderson-Yockel, J. & Haynes, W.O. (1994). "Joint Book-Reading Strategies in Working-Class African American and White Mother-Toddler Dyads." Journal of Speech and Hearing Research. Vol. 37 June, pp. 583-593.
- Bee, H.L. Van Egeren, L.F. Streissguth, A.P. Nyman, B.A. & Leckie, M.S. (1969). "Social Class Differences in Maternal Teaching Strategies and Speech Patterns." Developmental Psychology. Vol 1(6), pp. 726-734.
- Bernicot, J. Comeau, J. & Feider, H. (1994). "Dialogues between French-speaking mothers and daughters in two cultures: France and Quebec." Discourse Processes. Vol. 18(1), pp. 19-34.
- Best, D.L. House, A.S. Barnard, A.E. & Spicker, B.S. (1994). "Parent-Child Interactions in France, Germany and Italy: The Effects of Gender and Culture." Journal of Cross-Cultural Psychology. Vol. 25(2), pp. 181-193.
- Blake, I.K. (1993). "The Social-emotional Orientation of Mother-Child Communication in African American Families." International Journal of Behavior Development. Vol. 16(3), pp. 443-463.
- Bless, C. & Achola, P. (1990). Fundamental of Social Research Methods: An African Perspective. Lusaka Government Printer.
- Brinker, R.P. Baxter, A. & Butler, L.S. (1994). "An Ordinal Pattern Analysis of Four Hypotheses Describing the Interactions between Drug-addicted, Chronically Disadvantaged, and Middle-Clas Mother-Infant Dyads." Child Development. Vol. 65, pp. 361-372.
- Brinker, R.P. Seifer, R. & Sameroff, A.J. (1994). "Relations Among Maternal Stress, Cognitive Development, and Early Intervention in Middle and Low-SES Infants With Developmental Disabilities." American Journal on Mental Retardation. Vol. 98(4), pp. 463-480.

- Broerse, J. & Elias, G. (1994). "Changes in the content and timing of mothers' talk to infants." British Journal of Developmental Psychology. Vol. 12, pp. 131-145.
- Buitendag, M.M. (1997). Die toepaslikeheid van die Afrikaanse Reseptiewe Woordeskat Toets vir 'n groep Afrikaanssprekende kinders. Proefskrif: Doctor Philosophiae, Departement Kommunikasiepatologie. Universiteit van Pretoria.
- Butcher, P.R. Kalverboer, A.F. Mindera, R.B. van Doormaal, E.F. & TenWolde, Y. (1993). "Rigidity sensitivity and quality of attachment: The role of maternal rigidity in the early socio-emotional development of premature infants". Acta Psychiatrica Scandinavica Supplementum. Vol. 88(375), pp. 234-268.
- Caissie, R. & Cole, E.B. (1993). "Mothers and Hearing Impaired Children: Directives Reconsidered." The Volta Review. Vol. 95, pp. 49-59.
- Caldwell, B. & Bradley, R (1984). Home Observation for Measurement of the Environment. Little Rock, AK: Centre for Child Development, University of Arkansas.
- Capone, A. Oren, T & Nesworth, J. (1995). PlayMate: Materials for Appraising The Environment. Unpublished manuscript, The Pennsylvania State University.
- Catlett, C. (1991). "ASHA's Early Intervention Projects.: ASHA. April, pp. 50-51.
- Chase-Lansdale, P.L. Brooks-Gunn, J. & Zamzky, E.S. (1994). "Young African American Multigenerational Families in Poverty: Quality of Mothering and Grandmothering. Child Development. Vol. 65, pp. 373-393.
- Cleaver, G. (1994). "Mothers and their pre-school children." Early Child Development and Care. Vol. 104, pp. 35-51.

- Cole, E.B. & St. Clair-Stokes, J. (1984). "Caregiver - Child Interactive Behaviors: A Videotape Analysis Procedure." The Volta Review. May, pp. 200-214.
- Conti-Ramsden, G. & Dykins, J. (1991). "Mother-child interactions with language-impaired children and their siblings." British Journal of Disorders of Communication. Vol. 26, pp. 337-354.
- Conti-Ramsden, G. (1994). "Language interaction with atypical language learners". In C.Gallaway and B.J. Richards (Eds.) Input and Interaction in Language Acquisition. Cambridge: Cambridge University Press, 8, pp. 183-192.
- Crane, J. (1996). "Effects of Home Environment, SES, and Material Test Score on Mathematics Achievement." The Journal of Educational Research. May/June, Vol, 89(5), pp. 305-313.
- Crago, M.B. (1992). "Ethnography and Language Socialization: A Cross-Cultural Perspective." Topics in Language Disorders. Vol. 12 (3), pp. 28-39.
- Dane, F.C. (1990). Research Methods. California: Brooks/Cole Company.
- Delport, J. (1998). "'n Diensleweringmodel van Vroeë Kommunikasie Intervensie op die Suid-Afrikaanse Platteland: Opleiding van Verpleegkundiges oor die Identifikaasie van Jong Kinders (0-3 jaar) met 'n Hoë Risiko vir Kommunikasieprobleme." Verhandeling: M.Kommunikasiepatologie, Departement Kommunikasiepatologie, Universiteit van Pretoria.
- Degangi, G.A. (1994). "The Impact of Culture and Socioeconomic Status on Family-Professional Collaboration: Challenges and Solutions." Topics in Early Childhood Special Education. Vol. 14(4), pp. 503-520.
- Dinnebeil, L.A. & Rule, S. (1994). "Variables That Influence Collaboration Between Parents and Service Coordinators." Journal of Early Intervention. Vol. 18(4) pp. 349-361.

- Duncan, G.J. Brooks-Gunn, J & Klabanov, P.K. (1994). "Economic Deprivation and Early Childhood Development." Child Development. Vol. 65, pp. 296-318.
- Fernald, A. & Morikawa, H. (1993). "Common Themes and Cultural Variations in Japanese and American Mothers' Speech to Infants." Child Development. Vol. 64, pp. 637-656.
- Ferring, C. & Lewis, M. (1981). Middle-class differences in the mother-child interaction and the child's cognitive development. In T.M. Field, A.M. Sostek, P. Vietze & P.H. Leiderman (Ed.). Culture and early interaction (pp. 63-90). Hillsdale, N.J: Lawrence Erlbaum Associates Inc.
- Fewell, R.R. Casal, S.G. Glick, M.P. Wheeden, C.A. & Spiker, D. (1996). "Maternal Education and Maternal Responsiveness as Predictors of Play Competence in Low Birth Weight, Premature Infants: A Preliminary Report." Developmental and Behavioral Pediatrics. Vol. 17(2), pp. 100-104.
- Fewell, R.R. & Vadasy, P.F (1983). Learning Through Play: A Resource Manual for Teachers and Parents: Birth to Three Years. Teachers Resources Corporation.
- Folie, R. & Richey, D. (1990). "Public Television and Video Technology for Rural Families with Special Needs Young Children: The ETIPS Model." Topics In Early Childhood Special Education. Vol. 10(4), pp. 45-55.
- Glanville, C.L. & Tiller, C.M. (1991). "Implementing and Evaluating a Parent Education Program for Minority Mothers." Evaluation and Program Planning. Vol. 14, pp. 241-245.
- Goldberg, B. (1991). "How soon should intervention start?" ASHA, (April), pp. 40-42.
- Guralnic, M.J. (1997). The effectiveness of early intervention. Baltimore: Brooks Company.

- Guy, R.F. Edgley, C.E. Arafat, I. & Allen, D.E. (1987). Social Research Methods: Puzzles and Solutions. Boston: Allyn and Bacon, Inc.
- Halliday, S. & Leslie, J.C. (1986). "A Longitudinal Semi-Cross-Sectional Study of the Development of Mother-Child Interaction." British-Journal-of-Developmental Psychology. Vol. 4(2) pp. 211-222.
- Haney, M. & Klein, M.D. (1993). "Impact of a Program to Facilitate Mother-Infant Communication in High-Risk Families of High-Risk Infants." Journal of Childhood Communication Disorders. Vol. 15(1), pp. 15-22.
- Harkness, S. (1990). "A Cultural Model of the Acquisition of Language." Developmental Psychobiology. Vol. 23(7), pp. 727-739.
- Harnish, J.D. Dodge, K.A. & Valente, E. (1995). "Mother-Child Interaction Quality as a Partial Mediator of the Roles of Maternal Depressive Symptomatology and Socioeconomic Status in the Development of Child Behavior Problems." Child Development. Vol. 66, pp. 739-753.
- Hashima, P.Y. & Amato, P.R. (1994). "Poverty, Social Support, and Parental Behaviour." Child Development Vol. 65, pp. 394-403.
- Henning, P.A. (1993). Die Onderzoek van die Pasgebore Baba. Eerste Uitgawe, Goodwood, Academica.
- Hess, L.J. Dohrman, K. & Huneck, B. (1997). "Communication Begins at Birth: Are Infants At-Risk for Delays Identified Early Enough?" Infant-Todler Intervention, The Transdisciplinary Journal. Vol. 7(2), pp. 111-122.
- Hoff-Ginsberg, E. (1991). "Mother-Child Conversation in Different Social Classes and Communicative Settings." Child Development. Vol, 62, pp. 782-796.

- Hoff-Ginsberg, E. (1994). "Influences of Mother and Child on Maternal Talkativeness." Discourse Processes. Vol 18, pp. 105-117.
- Hughes, S. (1992). "Serving Culturally Diverse Families of Infants and Toddlers with Disabilities." Infant-Toddler Intervention, The Transdisciplinary Journal. Vol. 2(3), pp. 169-177.
- Hugo, R. & Pottas, L. (1997). "Primêre Voorkoming van Kommunikasiegestremdheid as gevolg van Herhaalde Middelloorontsteking: 'n Inligtingstuk vir Ouers." Klinika: Toepassings in Kliniese Praktyk van Kommunikasiepatologie. Departement Kommunikasiepatologie, Universteit van Pretoria.
- Jackson, A.P. (1994). "The effects of role strain on single, working, black mothers' perceptions of their young children." Social Work Research. Vol. 18(1), pp. 36-40.
- Kastan, M. (1999). "Parentese: Towards an understanding of Mothers' and Fathers' Communicative Interactions with Language-Impaired and Non-Language-Impaired Children." Unpublished dissertation. Department of Logopaedics, University of Cape Town.
- Katz, L. & Scarpati, S. (1995). "A Cultural Interpretation of Early Intervention Teams and the IFSP: Parent and Professional Perceptions of Roles and Responsibilities." Infant-Toddler Intervention: The Transdisciplinary Journal. Vol. 5(2), pp. 177-192.
- Keltner, B. Finn, D. & Shearer, D. (1995). "Effect of family intervention on maternal-child interaction for mothers with developmental disabilities." Family & Community Health. Vol. 17(4), pp. 35-49.
- Klein, M.D. & Briggs, M.H. (1987). "Facilitating Mother Infant Communicative Interaction in Mothers of High-risk Infants." Journal of Childhood Communication Disorders. Vol. 10(2), pp. 95-106.

